# Ou Testament

Evangeliese Leer Onderwysers Handleiding



# Ou Testament

Evangeliese Leer Onderwysers Handleiding

Uitgegee deur
Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae
Salt Lake City, Utah

**Opmerkings en Voorstelle**

Jou opmerkings en voorstelle oor hierdie handleiding sal waardeur word. Stuur hulle asseblief aan:

Kurrikulum Beplanning
50 E. North Temple St., Rm. 2420
Salt Lake City, UT 84150-3220
VSA
E-mail: cur-development@ldschurch.org

Gee asseblief jou naam, adres, wyk, en ring. Wees seker om die titel van die handleiding te gee. Gee dan jou opmerkings en voorstelle oor die handleiding se sterk punte en die areas vir potensiale verbetering.

© 1996, 2001deur Intellectual Reserve, Inc.
Alle regte voorbehou
Gedruk in die Verenigde State van Amerika

Engelse goedkeuring: 01/01
Vertaling goedgekeur: 01/01
Vertaling van die *Ou Testament: Evangeliese Leer Onderwysers Handleiding*
Taal
35570 501

# Inhoud


| Les Nommer en Titel | | Bladsy |
|---|---|---|
| Hulp vir die Onderwyser | | v |
| 1 | "Dit Is My Werk en My Heerlikheid" (Moses 1) | 1 |
| 2 | "Jy Is Uitverkies Voor Jy Gebore Is" (Abraham 3; Moses 4:1–4) | 6 |
| 3 | Die Skepping (Moses 1:27–42; 2–3) | 10 |
| 4 | "As gevolg van My Oortreeding is My Oë Oop Gemaak" (Moses 4; 5:1–15; 6:48–62) | 13 |
| 5 | "As Jy Goed Doen Sal Jy Aanvaar Word" (Moses 5–7) | 18 |
| 6 | "Noag . . . Berei 'n Ark voor vir die Redding van Sy Huisgesin" (Moses 8:19–30; Genésis 6–9; 11:1–9) | 24 |
| 7 | Die Verbond van Abraham (Abraham 1:1–4; 2:1–11; Genésis 12:1–8; 17:1–9) | 28 |
| 8 | Om Regverdig te Leef in 'n Bose Wêreld (Genésis 13–14; 18–19) | 33 |
| 9 | "God Sal Homself, 'n Lam Voorsien" (Abraham 1; Genésis 15–17; 21–22) | 37 |
| 10 | Geboortereg Seëninge; Huwelik in die Verbond (Genésis 24–29) | 41 |
| 11 | "Hoe Kan Ek Hierdie Groot Boosheid Doen?" (Genésis 34; 37–39) | 47 |
| 12 | "Vrugbaar in die Land van My Beproewing" (Genésis 40–45) | 52 |
| 13 | Gebondenheid, Pasga, en Uittog (Exodus 1–3; 5–6; 11–14) | 57 |
| 14 | "Julle Sal 'n Besonderse Skat aan My Wees" (Exodus 15–20; 32–34) | 63 |
| 15 | "Kyk na God en Leef" (Numbers 11–14; 21:1–9) | 70 |
| 16 | "Ek Kan die Bevel van die Here Nie Oortree Nie" (Númeri 22–24; 31:1–16) | 75 |
| 17 | "Wees Bewus Voor Jy Vergeet" (Deuteronómium 6; 8; 11; 32) | 80 |
| 18 | "Wees Sterk en vol Moed" (Josua 1–6; 23–24) | 85 |
| 19 | Die Heerskappy van die Rigters (Rigters 2; 4; 6–7; 13–16) | 90 |
| 20 | "Die Hele Stadspoort . . . Weet Dat Jy 'n Deugsame Vrou Is" (Rut; 1 Samuel 1) | 96 |
| 21 | God Sal Hulle Eer Wie Hom Eer (1 Samuel 2–3; 8) | 100 |
| 22 | "Die Here Sien Die Hart Aan" (1 Samuel 9–11; 13; 15–17) | 105 |
| 23 | "Die Here Wees Tussen Jou en My Verewig" (1 Samuel 18–20; 23–24) | 112 |

| | | |
|---|---|---|
| 24 | "Skep in My 'n Skoon Hart" (2 Samuel 11–12; Psalm 51) | 116 |
| 25 | "Laat Elke Ding Wat Asem Haal Die Here Prys" (Psalms) | 122 |
| 26 | Koning Salomo; Man van Wysheid, Man van Dwaasheid (1 Konings 3; 5–11) | 128 |
| 27 | Die Invloed Van Bose en Regverdige Leiers (1 Konings 12–14; 2 Kronieke 17; 20) | 133 |
| 28 | "Na Die Vuur 'n Stil Sagte Stem" (1 Konings 17–19) | 139 |
| 29 | "Hy het . . . die Mantel van Elia Opgestel" (2 Konings 2; 5–6) | 145 |
| 30 | "Kom Na die Huis van die Here" (2 Kronieke 29–30; 32; 34) | 150 |
| 31 | "Gelukkig Is die Man Wat Wysheid Vind" (Spreuke and Prediker) | 157 |
| 32 | "Ek Weet Dat My Verlosser Leef" (Job 1–2; 13; 19; 27; 42) | 163 |
| 33 | Deel die Evangelie met die Wêreld (Jona 1–4; Miga 2; 4–7) | 167 |
| 34 | "Ek Sal Jou Aan My In Geregtigheid Verbind" (Hoséa 1–3; 11; 13–14) | 171 |
| 35 | God Maak Sy Geheime Aan Sy Profete Bekend (Amos 3; 7–9; Joël 2–3) | 175 |
| 36 | Die Glorie van Sion Sal 'n Beskerming Wees (Jesaja 1–6) | 180 |
| 37 | "U Het Wonderlike Dinge Vermag" (Jesaja 22; 24–26; 28–30) | 184 |
| 38 | "Buiten My Is Daar Geen Verlosser Nie" (Jesaja 40–49) | 188 |
| 39 | "Hoe Pragtig op die Berge" (Jesaja 50–53) | 192 |
| 40 | "Vergroot die Plek van Jou Tent" (Jesaja 54–56; 63–65) | 195 |
| 41 | "Ek Het Julle Hierdie Dag. . . soos 'n Yster Pilaar Gemaak" (Jeremia 1–2; 15; 20; 26; 36–38) | 199 |
| 42 | "Ek Sal Dit In Hul Harte Skryf" (Jeremia 16; 23; 29; 31) | 204 |
| 43 | Die Herders van Israel (Eségiël 18; 34; 37) | 207 |
| 44 | "Elke Ding Sal Leef Waar die Rivier Vloei" (Eségiël 43–44; 47) | 213 |
| 45 | "Indien Ek Sterf, Dan Sterf Ek" (Daniël 1; 3; 6; Ester 3–5; 7–8) | 217 |
| 46 | "'n Koninkryk Wat Nooit Vernietig Sal Word Nie" (Daniël 2) | 222 |
| 47 | "Laat Ons Op Staan en Bou" (Esra 1–8; Nehemia 1–2; 4; 6; 8) | 226 |
| 48 | "Die Groot en Vreeslike Dag van die Here" (Sagaria 10–14; Maleágii) | 232 |

# Hulp vir die Onderwyser

President Gordon B. Hinckley het gesê: "Ek hoop dat vir julle [wat die skrifture bestudeer] dit iets sal word wat meer genotvol sal wees, as net 'n plig; dat, dit eerder 'n liefdes verhouding met die woord van God sal word. Ek belowe julle dat soos wat julle lees, sal julle verstand verlig word en julle gees sal opgelig word" ("Die Lig in Julle," *Ensign*, Mei 1995, 99).

As 'n Evangeliese Leerstelinge onderwyser, het jy die geleentheid om die lede van jou klas te help om 'n liefde vir die Ou Testament aan te leer, en om die verligting wat President Hinckley belowe het, te vind. Soos wat jy klas gee, sal jy die voorbeeld van die Saligmaker volg, wie die skrifture lief gehad het en hulle gebruik het om sy dissipels te leer.

Net na Jesus se opstanding, het Hy die skrifture gebruik om twee dissipels kragtige waarhede te leer. 'n Dissipel genaamd Kleopas en sy metgesel het op die pad na Emmaus geloop en die nuus bespreek, wat hulle so pas gehoor het, dat Jesus se liggaam nie meer in die graf was nie. Terwyl hulle geloop het, het Jesus by hulle aangesluit, maar hulle het hom nie erken nie. Hy het hulle gevra waaroor hulle praat en hoekom hulle hartseer was, en hulle het hom vertel van die Kruisiging en van die Opstanding. Toe Jesus did hoor, het hy "uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het. (Lukas 24:27).

Kleopas en sy metgesel het Jesus gevra om saam met hulle te bly en terwyl hulle sit en eet, het hulle hom as die opgestaande Heer, erken. Hy het toe voor hulle oë verdwyn, en hulle het aan mekaar gesê," was ons harte nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?" (Lukas 24:32).

Die skrifte wat die dissipels se harte laat brand het was van die boeke van Moses en die profete— die skrifture wat ons as die Ou Testament ken. Soos wat jy hierdie selfde waarhede leer, sal die Heilige Gees aan jou klas, van hulle waarheid, getuig net soos wat hy aan Kleopas en sy metgesel gedoen het.

Studie van die Ou Testament sal klas lede se getuienis van die Saligmaker, en hul toewyding om die evangelie te leef, versterk. Gelei deur die Gees in hul studies, behoort klas lede saam met Job te kan getuig, "Ek weet dat My Verlosser leef en Hy sal in die laaste dae op die aarde staan." (Job 19:25).

**Leer deur die Gees**

Wanneer jy vir die Evangeliese Leerstellinge klas voorberei, is dit belangrik dat jy die inspirasie en leiding van die Gees van die Here soek. "Die Gees sal aan julle gegee word deur die gebed van die geloof," sê die Here, "en as julle nie die Gees ontvang nie, moet julle nie onderrig nie" (L&V 42:14). Onhou dat die Heilige Gees die onderwyser in jou klas is.

Die manier waarop jy die Gees soek is deur gebed, fas, daaglikse studie van die skrifture, en gehoorsaamheid aan die gebooie. Terwyl jy vir die klas voorberei, bid vir die Gees om jou te help om die skrifture te verstaan en die belange van

klas lede. Die Gees kan jou ook help om op betekenisvolle wyse die skrifture te bespreek en aan die hede toe te pas (1 Nefi 19:23). Met die hulp van die Gees sal jy ʻn effektiewe instrument in die hand van die Here word om sy woord aan sy kinders te leer.

Sekere voorstelle oor hoe om die Gees in jou klas in te nooi word hier onder aan gegee:

1. Nooi klas lede uit om aan die begin en aan die einde van die les ʻn gebed te offer. Gedurende die klas, bid in jou hart vir die Gees om jou te lei, om die harte van klas lede oop te maak, en om te getuig en te inspireer.
2. Gebruik die skrifture (sien "Fokus op die Skrifture" onder aan).
3. Getuig wanneer die Gees jou aanhits, nie net aan die einde van die les nie. Getuig van die Saligmaker. Nooi klas lede dikwels uit om hul getuienis te deel.
4. Gebruik die gesange, Primêre liedjies,en ander heilige musiek om klas lede se harte voor te berei om die Gees aan te voel.
5. Dui jou liefde vir klas lede, vir andere en vir Hemelse Vader en Jesus Christus aan.
6. Deel insigte, gevoelens, en ondervindinge wat betrekking het op die beginsels van die les. Nooi klas lede uit om dieselfde te doen. Lede kan ook vertel hoe hulle dit wat in vorige lesse bespreek of geleer is, toegepas het.

---

**Fokus op die Skrifture**

Voorbereiding vir Evangeliese Leerstellinge klas, verg toegewyde studie van die skrifture, gekoppel aan gebed. Die Here het beveel, "Moenie daarna streef om my woord te verkondig nie, maar streef eers daarna om my woord te verkry." Soos wat jy sy woord verkry deur daaglikse studie van die skrifture, belowe die Here dat "jou tong losgemaak sal word; dan, as jy dit begeer, sal jy my Gees en my woord hê, ja die krag van God ter oortuiging van mense" (L&V 11:21).

Hierdie handleiding is ʻn instrument om jou te help om die skrifture aan andere te leer. Moedig klas lede aan om hulle skrifture elke week klas toe te bring. Waar moontlik, gebruik die Heiliges van die Laaste dae uitgawes van die skrifture. Verwys na die uittreksels van die Joseph Smith Vertaling van die Bybel wat in die Bybel voetnotas, asook in die gedeelte na die Bybel Woordeboek, voorkom.

Gedurende klastyd, hou die bespreekinge gefokus op die skrifture. Wees verstandig in jou gebruik van kommentaar en ander nie-skriftelike bronne van informasie. Klas lede moet geleer word om kennis en inspirasie uit die geskrifte en die woorde van hedendaagse profete te soek.

Elke klas lid moet ʻn afskrif van die *Ou Testament Klas Lid Studie Gids* (34592) gegee word. Hierdie boekie verskaf opsommings en vrae wat klas lede sal help, om die skrifture beter te verstaan,te bepeins en hoe om hulle toe te pas, en hoe om vir klas besprekinge voor te berei. Moedig ouers aan om die studie gids in hul familie studie van die geskrifte te gebruik.

---

**Les Formaat**

Hierdie handleiding is geskryf vir jeug en volwasse Evangelie Leerstellinge klasse en sal elke vier jaar gebruik word. Die lesse is so ontwerp dat dit meer informasie bevat as wat jy moontlik in een klas periode sal kan gebruik. Soek die Gees van die Here wanneer jy die skriftelike gebeure, vrae en aktiwiteite kies, sodat dit klas lede se behoeftes die beste sal bevredig.

Elke les sluit die volgende dele in:

1. *Doel.* Die doel stelling gee die hoof ideë waarop jy moet fokus in jou voorbereiding, asook wanneer jy die les gee.
2. *Voorberieding.* Die eerste deel van hierdie seksie gee 'n opsomming van die skrif gedeelte in die les omlyning. Sommige lesse stel adisionele leeswerk voor, wat aan jou meer insig sal gee. In baie van die lesse sal hierdie deel ook ander voorbereidings insluit, soos materiale wat jy dalk klas toe wil bring.
3. *Aandag aktiwiteit.* Hierdie gedeelte bestaan uit 'n eenvoudige aktiwiteit, voorwerp les, of vrae om klas lede te help om voor te berei om te leer, deel te neem, en om die invloed van die Gees aan te voel. Of jy die handleiding se aandag aktiwiteit of een van jou eie gebruik, dit is belangrik om die klas lede se aandag aan die begin van die les te fokus. Die aktiwiteit moet kort wees.
4. *Skriftelike bespreking en toepassing.* Dit is die hoof deel van die les. Deur gebed, studeer die skrif gedeeltes sodat jy hulle effektief kan leer en bespreek. Gebruik die voorstelle in "Hulp vir die Leer van die Skrifture" (onder aan) om die manier waarop jy klas gee af te wissel en om klas lede se belangstelling te hou.
5. *Slotsom.* Hierdie gedeelte sal jou help om die les op te som en om klas lede aan te moedig om die beginsels te leef wat julle bespreek het. Dit herinner jou ook om jou getuienis te lewer. Maak seker dat jy genoeg tyd los vir die slotsom van elke les.
6. *Addisionele onderrig ideës.* Hierdie gedeelte sluit addisionele waarhede van die skrif gedeeltes in, alternatiewe onderrig ideës, aktiwiteite en ander voorstelle wat die les omlyning, aanvul. Jy mag dalk van hierdie ideës as deel van jou les wil gebruik.

---

**Hulp vir die Onderrig van die Skrifture**

Gebruik die volgende voorstelle om die skrif gedeeltes meer effektief en met groter verskeidenheid te leer.

1. Help klas lede om te verstaan wat die geskrifte van Jesus Christus leer, die Jehova van die Ou Testament, van wie se geboorte, aardse sending, tweede koms en milleniale heerskappy in die Ou Testament geprofiseër word.
2. Vra klas lede om aan spesefieke maniere te dink en dan te deel, oor hoe 'n skrif gedeelde in hulle lewens toegepas kan word.
3. Buiten die leerstellinge, beklemtoon ook die stories van die Ou Testament, veral die stories van geloof, en maak seker dat klas lede hulle verstaan en bespreek maniere wat hulle dit kan toe pas.
4. Laat klas lede soek vir woorde, frases, of ideës wat dikwels in 'n skrif gedeelte herhaal word, of wat 'n besonderse betekenis vir hulle het.
5. Skryf op die swartbord sekere frases, sleutel woorde, of vrae wat betrekking het op die skrif gedeelte. Lees of som dan die gedeelte op. Soos wat klas lede die frases, sleutel woorde of antwoorde op die vrae hoor, stop en bespreek dit.
6. Dwars deur die Boek van Mormon, word die frase "Dus sien ons" gebruik as inleiding tot 'n opsomming van die beginsel wat geleer word. Nadat 'n skrif gedeelte bespreek is, vra klas lede om die sin "dus sien ons" te voltooi, om sodoende die evangeliese beginsel wat geleer word, te verduidelik.
7. Kyk vir en bespreek simbole wat dwars deur die Ou Testament voorkom. By voorbeeld, die bruid en die Bruidegom stel Israel en die Saligmaker voor.

8. Let op hoe mense en gebeure met mekaar gekontrasteer kan word. By voorbeeld, jy kan Kain met Abel en Enog vergelyk (Moses 5–7); David en Batseba (2 Samuel 11) met Josef van Egipte en Potifar se vrou (Genesis 39:7–13); of die profeet Elia met die bose Koning Agab (1 Konings 16:29–33; 17–19).
9. Hou ʻn lesers teater en laat klas lede die woorde lees van die verskillende mense in die skrif gedeeltes.
10. Verdeel die klas in twee of meer groepe. Na die oorsig van die skrif gedeelte, laat elke groep die beginsel neer skryf wat in die gedeelte geleer is. Laat die groepe dan beurte neem om te bespreek hoe die beginsels in hul lewens toegepas kan word.
11. Nooi klas lede uit om ʻn potlood te bring om belangrike verse te merk soos wat julle dit bespreek.

---

**Moedig Klass Bespreking Aan**

Normaalweg moet jy nie preek nie, maar moet eerder probeer om klas lede te help om meningvolle bydraes te maak, wanneer die geskrifte bespreek word. Soos wat klas lede deel neem, leer hulle die geskrifte meer effektief en verstaan hulle beter hoe om die evangeliese beginsels toe te pas. Soek die Gees se leiding, wanneer jy besluit oor watter vrae om te vra, hoe om hulle te organiseer en hoe om hulle te ontwikkel. Klas bespreekinge moet op die dinge wat lede help om tot Christus te kom en om soos sy dissipels te leef, gesentreer wees. Herlei bespreekinge wat nie hierdie doel bereik nie.

Skrif verwysings word verskaf om jou en klas lede te help, om antwoorde op meeste van die vrae, in die skrifture te kry. Antwoorde op sommige vrae sal vanuit klas lede se ondervindinge kom.

Om al die les materiaal te dek is van minder belang, as om klas lede te help om die skrifture beter te verstaan en, om hulself tot vermeerderde dissipelskap te verbind. Indien klas lede besig is om te baat by ʻn goeie bespreeking, is dit soms helpvol om dit te laat voortgaan, eerder as om al die les materiaal te probeer dek.

Gebruik die volgende riglynne om klas bespreeking aan te moedig:

1. Vra ʻn vraag en gee dan die skrif verwysing, sodat klas lede die antwoord kan vind.
2. Vra vrae wat denke en bespreeking aanmoedig, eerder as net ja en nee antwoorde. Vrae wat met *hoekom, hoe, wie, wat, wanneer,* en *waar* begin, is gewoonlik die mees effektiefste, om bespreeking aantemoedig.
3. Moedig klas lede aan om hulle gevoelens te deel oor wat hulle van die skrifte geleer het. Moedig hulle ook aan om ondervindinge te deel, wat wys hoe skriftelike beginsels in die lewe toegepas kan word. Gee positiewe kommentaar oor hulle bydraes.
4. Wees sensitief teenoor elke klas lid se behoeftes. Alhoewel alle klas lede aangemoedig moet word om deel te neem aan klas bespreekings, mag sommige huiwerig wees om te antwoord. Jy mag dalk privaat met hulle wil praat, om uit te vind hoe hulle daaroor voel om hardop te lees of om in die klas deel te neem. Wees versigtig om nie iemand te vra wat dalk skaam sal voel nie.
5. Moedig klas lede aan om vir die klas voor te berei, deur die skrif gedeelte te studeer as ook die *Ou Testament Klas Lid Studie Gids* (34592). Hulle sal beter voorbereid wees om aan die bespreekings deel te neem. Stel voor dat klas lede die skrif gedeeltes en die lesse met hul families deel.

# "Dit Is My Werk en My Heerlikheid"

Les
1

*Moses 1*

**Doel**

Om klas lede te help om te verstaan dat (1) ons kinders van God is, (2) ons Satan se temptasies kan weerstaan, en (3) dat God se werk en heerlikheid is, om ons onsterflikheid en ewige lewe teweeg te bring.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, bestudeer die volgende geskrifte vanuit die Baie Kosbare Pêrel:

   a. Moses 1:1–11. Moses sien God en praat aangesig tot aangesig met hom. Moses leer dat hy 'n seun van God is in die ewebeeld van die Eniggeborene van die Vader. Let wel: Klas lede moet verstaan dat Jehova, nie Hemelse Vader, aan Moses in sy visioen verskyn het. Jehova was die vooraardse Jesus Christus en die God van die Ou Testament. Hy is een met sy Vader en verteenwoordig Hom in krag en gesag. Sy woorde is die van sy Vader, en somtyds, soos in Moses 1:6, waar hy in die eerste person vir die Vader praat. (Sien James E. Talmage, *Die Artikels van Geloof* 12 de uitgawe. [1924], 470–71.)
   b. Moses 1:12–23. Satan Konfronteer Moses; Moses gooi hom uit.
   c. Moses 1:24–39. God verskyn weer en leer hom van Sy werk en heerlikheid.

2. Studeer die les en besluit hoe om die skrif gedeeltes te leer. Omdat dit moeilik sal wees om elke vraag of elke punt in die les te dek, kies deur gebed, dié wat klas lede se behoeftes die beste sal dek. Jy mag dalk sommige vrae moet aanpas om by klas lede se omstandighede in te pas.

3. Kry 'n afskrif van die *Ou Testament Klas Lid Studie Gids* (34592) vir elke person in jou klas. (Die wyk behoort hierdie studie gidse as deel van die jaarlikse kurrikulum, te bestel; 'n lid van die bisdom sal dit vir die Sondag Skool presidentskap gee.)

4. Indien jy die tweede aandag aktiwiteit gebruik, kry 'n papier of materiaal sakkie en sit 'n paar elke dag voorwerpe soos 'n klip, kam, en potloot daarin.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Inleiding tot die Ou Testament

Die Ou Testament is 'n rekord van God se handelinge met sy verbonds mense vanaf die tyd van die Skepping tot en met 'n paar honderd jaar voor die geboorte van die Saligmaker. Die Ou Testament verskaf kragtige voorbeelde van geloof en gehoorsaamheid. Dit wys ook die gevolge wanneer hulle God vergeet, ongehoorsaam is, of Hom teenstaan. Die profisieë daarin getuig van die Messias se geboorte, sy verlossende offerhande, sy tweede koms, en milleniale heerskappy.

Buiten die Ou Testament, sluit hierdie kursus die boeke van Moses en Abraham, vanuit die Baie Kosbare Pêrel in. Hierdie boeke verskaf belangrike aanvulling en verduidelikings op sommige van die materiaal in die boek van Genésis. Die boek van Moses is 'n gedeelte van die Joseph Smith Vertaling van die Bybel. Die boek van Abraham is 'n vertaling wat die Profeet Joseph Smith gemaak het van sekere Egiptiese papirusse. Vir addisionele informasie oor die Joseph Smith Vertaling, sien "Joseph Smith Vertaling," Bybel Woordeboek, bladsy 717. Let ook dat ge-

deeltes van die Joseph Smith Vertaling, na die Bybel Woordeboek, ingesluit is in die Heiliges van die Laaste dae uitgawe van die Koning Jakobus Bybel.

Aandag Aktiwiteite

Jy mag dalk een van die volgende aktiwiteite (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin. Kies die aktiwiteit wat die beste geskik sal wees vir die klas.

1. Vra klas lede om in Moses 1:6, 20–22, 39 te kyk en belangrike waarhede te identifiseer, wat hier geopenbaar is. Antwoorde mag verskil. Verduidelik dat hierdie les,op die drie waarhede wat onder ″Doel″ op bladsy 1, gelys word, sal fokus.

2. Kies twee klas lede en gee die sakkie wat die elke dag items bevat, aan hulle (sien "Voorbereiding," bladsy 1). Vertel die deelnemers dat hulle 'n speletjie gaan speel,maar moenie instruksies of verduidelikings of die doel van die speletjie, gee nie. Vra die deelnemers om die sakkie oop te maak en te begin speel. Hulle sal verwag dat die inhoud van die sakkie die speletjie sal verduidelik. Maar die inhoud gee nie hierdie informasie nie, en die deelnemers sal wonder wat hulle veronderstel is om te doen.

   Wys daarop dat om 'n speletjie te verstaan moet ons die doel daarvan verstaan. Soortgelyk, om ons lewens op aarde te verstaan, moet ons die doel van ons lewens verstaan. Moses 1 help ons om dit te verstaan deur drie belangrike vrae te beantwoord:

   Wie is ons?
   Hoe kan ons die invloed van die teenstander oorkom?
   Wat is God se werk en heerlikheid?

---

Skrif Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe van toepassing kan wees. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel, wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe. Op die toepaslike tyd gedurende die les, gee die *Ou Testament Klas Lid Studie Gids* (34592) uit en moedig klas lede aan om dit te gebruik om hulle persoonlike en familie studie van die geskrifte te bevorder.

**1. God leer Moses dat hy 'n seun van God is.**

Leer en bespreek Moses 1:1–11.

- Wat het Moses geleer van God deur die gebeure wat in Moses 1:1–7 beskryf word? Wat het Moses van homself geleer? (Jy mag dalk klas lede daarop wil wys, hoeveel keer God na Moses as "my seun" verwys in hierdie verse.)
- Wat beteken dit dat Moses "in die ewebeeld" van die Saligmaker geskep is? (Moses 1:6). Watter verskil kan dit in ons lewens maak om te weet dat ons kinders van God is, in die ewebeeld van sy Seun?

  Ouderling Dallin H. Oaks het gesê: "Oorweeg die krag van die ideë wat in ons geliewe lied geleer word 'Ek Is 'n Kind van God'. . . . Hier is die antwoord tot een van die grootste vrae van die lewe,'Wie is ek?' Ek is 'n kind van God met 'n geestes lyn na hemelse ouers. Hierdie afkoms difineer ons ewige potentiaal. Hierdie kragtige ideë is 'n sterk gemoedsverligter. Dit kan elkeen van ons versterk sodat ons geregtige keuses kan maak en kan soek vir dit wat die beste is in onsself. Vestig in die verstand van 'n . . . persoon die kragtige ideë dat hy

of sy ‘n kind van God is, en jy het self respek en motivering gegee, om teen enige probleme van die lewe te staan (in Konferensie Raport, Okt. 1995, 31; of *Ensign*, Nov. 1995, 25).

- Deur herhaaldelik Moses as "my seun" aan te spreek en deur vir hom te sê dat hy "in die ewebeeld van die Eniggeborene" geskape is, het God aan Moses die vertroue en insig gegee van sy waarde. Hoe kan die volgende prinsiep, ons as ouers help? Hoe kan dit huwelike versterk? Hoe kan dit vriendskappe versterk?

  Stel voor dat in ‘n wêreld waar kritiek en negatiewe, afbreekende aanmerkings die orde van die dag is, moet ons die Here se voorbeeld volg en dinge sê wat andere sal help om hulself as kinders van God te sien met adelheid en waarde.

- Moses se belangrikheid en ewige potensiaal word in Moses 1:1–7 beklemtoon. Nietemin, na die nabyheid van God van Moses onttrek het, het Moses gesê, "Nou, om hierdie rede weet ek dat die mens niks is nie" (Moses 1:10). In watter opsig is albei konsepte waar? (God is oneindiglik wyser en meer kragtig as aardse mans en vrouens. Ons is niks sonder hom nie. Nieteenstaande, as sy kinders het ons die potensiaal om soos Hy te word.)

**2.Satan konfronteer Moses; Moses gooi hom uit.**

Leer en bespreek Moses 1:12–23.

- Toe Satan kom, wat het hy Moses beveel om te doen? (Sien Moses 1:12.) Hoekom dink jy het Satan Moses "seun van die Mens" genoem? (Satan wou gehad het dat Moses moet glo dat hy *nie* ‘n seun van God is nie.) Hoekom wil Satan hê dat ons moet twyfel of ignoreer dat ons kinders van God is? Hoe probeer hy om dit te doen?
- Hoe het Moses gereageer toe Satan hom "seun van die mens" genoem het? (Sien Moses 1:13.) Hoe kan ‘n sterk getuienis dat ons seuns en dogters van God is, ons help om temptasies te weerstaan?
- Hoeveel keer het Moses vir Satan gesê, gaan weg? (Sien Moses 1:16, 18, 20, 21.) Wat leer dit ons in verband met Satan se ywer?
- Hoe het Moses krag ontvang om die temptasies van Satan te weerstaan? (Sien Moses 1:18, 20–21.) Hoe het Moses, Satan gekry om weg te gaan? Hoe kan gebed ons versterk, sodat ons temptasies kan weerstaan? Wat anders kan ons ook doen om hierdie krag te kry?

**3. God verskyn weer en leer van Sy werk en Sy heerlikheid.**

Leer en bespreek Moses 1:24–39.

- Nadat Satan weggegaan het, het Moses die heerlikheid van God aanskou en is hy deur nog ‘n visioen die aarde en die inwoners daarvan, gewys (Moses 1:24–28). Watter twee vrae het Moses gevra toe hy die visioen gewys is? (Sien Moses 1:30.). Watter antwoorde het God gegee? (Sien Moses 1:31–32, 39.)
- Al het God ontelbare wêrelde en mense geskape, verseker hy Moses dat hy hulle almal ken (Moses 1:35). Hoe het jy al gevoel dat Hemelse Vader en Jesus Christus jou individueel ken en lief het? (Jy mag dalk wil getuig van ‘n tyd toe jy hulle liefde en besorgdheid vir jou gevoel het.)

- God se werk en heerlikheid is om "die onsterflikheid en die ewige lewe van die mens teweeg te bring" (Moses 1:39). Wat is onsterflikheid? Wie sal onsterlikheid ontvang? Wat is die ewige lewe? Wie sal die ewige lewe ontvang?

  Ouderling James E. Faust het gesê: "Daar is 'n onderskeiding tussen onsterflikheid, of 'n ewige bestaan, en ewige lewe, wat 'n plek in die teenwoordigheid van God is. Deur die genade van Jesus Christus, kom onsterflikheid na almal . . . geregtig of ongeregtig, regverdig of boos. Maar, ewige lewe is 'die grootste van al die gawes van God' (L&V 14:7). Ons verkry hierdie groot gawe, volgens die Here, 'indien julle my gebooie onderhou en tot die einde toe volhard.'Indien ons so volhard, is die belofte dat 'julle die ewige lewe sal hê' (L&V 14:7)" (in Konferensie Report, Okt. 1988, 14; of *Ensign*, Nov. 1988, 12).

- Hoekom is dit belangrik vir ons om te weet wat God se werk en heerlikheid is? Wat is sommige van die spesifieke maniere waarop ons hom kan bystaan in hierdie groot werk?

  President Gordon B. Hinckley het gesê: "Ons is hier om ons Vader by te staan in Sy werk en Sy heerlikheid,' om die onsterflikheid en ewige lewe van die mense' teweeg te bring. (Moses 1:39). Jou verpligting is so ernstig in jou area van verantwoordlikheid soos my verpligting in my area is. Geen roeping in hierdie kerk is klein of van minder belang nie. Elkeen van ons in die vervolging van ons plig, raak die lewens van andere. Aan elkeen van ons in ons onderskeie varantwoordelikhede het die Here gesê . . . ' Deur hierdie dinge te doen, sal jy die grootste goed aan jou medemens doen, en die heerlikheid van Hom wat jou Heer is, bevorder' (L&V 81:4)" (in Konferensie Report, Apr. 1995, 94; of *Ensign*, Mei 1995, 71; sien ook L&V 81:5–6).

Slotsom

Moses 1 leer ons die kragtige leerstelling dat ons seuns en dogters van God is. Nooi klas lede uit om te peins oor die betekenisvolheid van hierdie waarheid. Getuig dat ons Hemelse Vader elkeen van ons ken en lief het. Moedig klas lede aan om hulle gevoelens oor wat hulle van Moses 1 geleer het, met hulle families te deel.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiale is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van die ideës as deel van jou les wil gebruik.

**1. "Moses is alleen gelaat" (Moses 1:9)**

- Daar mag tye wees wanneer ons "alleen gelaat" word soos Moses— tye wanneer ons nie die Gees so sterk voel nie of wanneer ons baie beproewinge ondervind. Wat kan ons van Moses 1 leer wat ons sal help om deur hierdie tye te kom? (Antwoorde kan insluit: Sulke moeilike tye mag nie noodwendig wees omdat ons iets verkeerd gedoen het nie; God los ons nooit heeltemal alleen nie, soos gesien kan word in vers 15; en ons groei dikwels in krag wanneer ons ons beproewinge in die gesig staar, God aanroep, en ons geloof vermeerder.)

**2. Almal is kinders van God**

- Moses het die visie wat in Moses 1 voorkom ontvang voor hy die kinders van Israel uit Egipte uigelei het. Hoe dink jy het hierdie visie hom gehelp in sy pogings, veral wanneer hy mismoedig was as gevolg van die mense se gereelde rebellie en ongeloof? Hoe kan die wete dat ons almal kinders van God is, 'n onderwyser of leier help? Hoe kan hierdie kennis ons help in ons verhoudinge met familie lede, vriende en andere?

**3. Die Joseph Smith Vertaling van die Bybel**

Indien *Ou Testament Video Aanbieding* (53224) beskikbaar is, mag jy dalk "Die Krag van die Joseph Smith Vertaling," 'n vyf-minute gedeelte, as deel van die les will gebruik. Herinner klas lede dat die boek van Moses 'n uittreksel is vanuit die Joseph Smith Vertaling van die Bybel.

Les
# 2 "Jy Is Uitverkies Voor Jy Gebore Is"

*Abraham 3; Moses 4:1–4*

**Doel**

Om klas lede te help om die leerstelling van voorbestemming, en hulle eie verantwoordelikheid om die koningkryk van God op te bou en siele aan Christus te bring, te verstaan.

**Voorbereiding**

1. Deur gebed, bestudeer die volgende geskrifte vanuit die Baie Kosbare Pêrel en die Leer en Verbonde:

   a. Abraham 3:11–12, 22–23; Leer en Verbonde 138:53–57. Abraham praat met die Here van aangesig tot aangesig en leer dat daar in die vooraardse lewe "vele edel en goeie" siele was wat voorbestem was vir hulle aardse sending (Abraham 3:11–12, 22–23). President Joseph F. Smith leer meer oor die "edel en goeies "in 'n visie, van die Saligmaker se besoek aan die geestes wêreld, voor Sy Opstanding (L&V 138:53–57).

   b. Abraham 3:24–28; Moses 4:1–4. Abraham en Moses word in 'n visie gewys dat Jesus Christus in die Raadsvegadering in die Hemel, gekies is om ons Verlosser te wees en dat ons gekies het om hom te volg. Hulle word ook gewys dat Satan en die geeste wat hom gevolg het, uit die hemel gegooi is.

2. Addisionele leeswerk: Jesaja 14:12–15; Openbaring 12:7–9; Alma 13:3–5; Leer en Verbonde 29:36–39; en die res van Abraham 3 en Leer en Verbonde 138.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk een van die volgende aktiwiteite (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin. Kies die aktiwiteit wat die mees geskikste sal wees vir die klas.

Aandag Aktiwiteit

1. Wys daarop dat die skrifture meer betekenisvol word, wanneer ons hulle leerstellinge in ons lewens toepas. Om dit te doen, moet ons dikwels onsself in die plek van profete van ouds en hul volgelinge voorstel. Maar, in Abraham 3:22–28 hoef ons nie onsself in iemand anders se plek voor te stel nie, want hierdie verse handel oor belangrike gebeure waarin ons deel geneem het. Hierdie gebeure het gedurende ons vooraardse lewe plaas gevind.

2. Teken 12 leë spasies op die swartbord, om die 12 letters van die woord *voorbepaling, aan te dui.* Verduidelik dat die woord wat deur die spasies aangedui word, betrekking het op die vooraardse lewe.

   Gee klas lede 12 kanse om te raai watter letters die woord vorm. Wanneer hulle 'n korrekte letter kies, skryf dit op die regte spasie neer. Wanneer hulle 'n letter kies wat nie in die woord voorkom nie, skryf dit op die kant van die swartbord om herhaalings te vermy.

   Wanneer klas lede al die spasies ingevul het of die regte woord geraai het, help hulle dan om die betekenis daarvan te bepaal. (Voorbepaling is God se vooraardse bepaling van sy geestes kinders om sekere missies gedurende hulle aardse lewens te voltooi.) Verduidelik dat hierdie les oor die vooraardse lewe handel, toe baie geeste voorbepaalt was om belangrike dinge vir ons Hemelse Vader te doen.

**Skriftelike Bespreking en Toepassing**

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, berspreek hoe dit in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om gebeure te deel, wat betrekking het op die skriftelike prinsiep.

**1. Abraham leer dat in die vooraardse lewe, baie geeste voorbepaalt is tot hul aardse sending.**

Leer en bespreek Abraham 3:11–12, 22–23, en Leer en Verbonde 138:53–57.

- In die visie wat in Abraham 3, gegee word, wys die Here aan Abraham die Raadsvergadering in die Hemel, wat voor die skepping van die aarde plaas gevind het. (Let daarop dat hedendaagse profete daarop gewys het dat die Beraadslaging in die Hemel 'n reeks vergaderings was, eerder as net een vergadering. Wie was teenwoordig by hierdie raadsvergadering? (Hemelse Vader en sy geestes kinders.) Wat leer ons oor hierdie raadsbepaling van Abraham 3:22–23?
- Wie is die "edel en goeies" wat in Abraham 3:22–23 beskryf word? (Die profete en ander Kerk leiers.) Verduidelik dat President Joseph F. Smith in 1918, sommige van hierdie "edel en goeies" gesien het in 'n visie van die geestes wêreld. Wie het President Smith gesien? (Sien L&V 138:53; sien ook die tweede addisionele onderrig ideë.)
- Wat beteken dit dat Abraham "gekies is voor [hy] gebore is"? (Sien Abraham 3:23. Hy was voorbepaalt om 'n profeet te wees.) Wat beteken dit om voorbepaalt te wees? (Sien die definisie in die tweede aandag aktiwiteit.) Wat was die mense wat in Leer en Verbonde 138:53 genoem word voorbepaalt om te doen? (Sien L&V 138:53–56.)
- Het voorbepaaling gewaarborg dat, Abraham, Joseph Smith en andere, profete sou word? Wat is die verbandskap tussen voorbepaaling en agentskap? (Al is 'n persoon voorbepaalt tot 'n roeping, is daardie roeping afhanklik van die persoon se waardigheid en gewilligheid om dit te aanvaar.)
- Buiten die voorbepaaling van die profete tot hul roepinge, het God ook vele "ander verkose geeste" voorbepaal om te help om sy koningkryk op verskillende maniere op te bou. Wat mag ons dalk voorbepaal gewees het, om te doen? (Sien L&V 138:56.)

  President Ezra Taft Benson het geleer dat:

  "God het jou in reserwe gehou, om jou verskyning te maak in die finale dae voor die tweede koms van die Here. Sommige individue sal weg val; maar die koningkryk van God sal heel bly om die terugkoms van sy hoof—selfs Jesus Christus, te verwelkom. Terwyl ons generasie vergelykbaar is in boosheid aan die dae van Noag, toe die Here die aarde met 'n vloed gereinig het, is daar hierdie keer 'n groot verskil. Dit is dat, God vir die finale beurt, sommige van Sy sterkste kinders gespaar het,wie sal help om die konigkryk triomfantlik voort te bring. . . .

  ". . . Moenie 'n fout maak nie—julle is 'n gemerkte generasie. Daar was nog nooit so baie verwag van die gelowiges, in so 'n kort tydperk, as van ons nie." (*Die Leeringe van Ezra Taft Benson* [1988], 104–5).

- Hoe kan ons seker wees dat ons, ons voorbepaalde roeping vervul? (Antwoorde mag insluit deur die evangelie te leef, om ons patriargale seëning te lees, en om persoonlike openbaring te soek. Herinner klas lede dat om hierdie roepinge te vervul, moet ons gewillig en waardig wees. Sien ook L&V 58:27–28.)

**2. Jesus Christus was gekies in die Raadsbepaling in die Hemel om ons Verlosser te wees; ons het gekies om hom te volg. Lucifer(Satan) en die geeste wat hom gevolg het is uit die hemel gegooi.**

Leer en bespreek Abraham 3:24–28 en Moses 4:1–4.

- Verduidelik dat in die raadsbepaling in die Hemel, het Hemelse Vader sy plan van saligheid aan ons voorgelê en ʼn Verlosser vir ons gekies. Wie was die twee geeste wat geoffer het om ons Verlosser te wees? (Sien Abraham 3:27; Moses 4:1–2.) Hoe het hulle offers verskil? (Jesus wou Hemelse Vader se plan volg en vir hom al die heerlikheid gee. Lucifer wou sy eie plan volg en al die heerlikheid vir homself hou.) Hoekom het Hemelse Vader, Jesus Christus gekies om ons Verlosser te wees? (Sien Moses 4:2–3.)
- Wie het ons gekies om te volg in die Raadsbepaling in die Hemel? Hoe weet ons dat ons gekies het om Jesus Christus te volg? (Ons is op die aarde gebore om ʼn menslike liggaam te ontvang.)
- Wat beteken die term *eerste staat* en *tweede staat* in Abraham 3:26? (*Eerste staat* verwys na die vooraardse lewe, en die *tweede staat* verwys na ons aardse lewe. Ons het ons eerste staat behou deur te kies om Jesus Christus te volg in plaas van Lucifer.) Watter seëning het ons elkeen ontvang omdat ons, ons eerste staat behou het? (Die geleentheid om op die aarde gebore te word.) Watter seëninge sal ons ontvang indien ons, ons tweede staat behou? (Sien Abraham 3:26.) Hoe kan ons, ons tweede staat behou?
- Wat het gebeur met Lucifer(Satan) en diegene wat gekies het om hom te volg? (Hulle is uit die hemel gegooi en die geleentheid ontneem om ʼn menslike liggaam te hê. Sien Moses 4:3; Abraham 3:28; Openbaring 12:7–9; L&V 29:36–37.)
- Wat doen Satan en sy volgelinge nou? (Hulle probeer nogsteeds om ons agentskap te vernietig? Hulle is vandag op die aarde as bose geeste wat ons tempteer om te sondig. Sien Moses 4:4.) Wat is sommige van die maniere waarop Satan en sy volgelinge probeer om ons agentskap te beperk of te vernietig? Wat kan ons doen om hulle pogings te erken en te weerstaan?
- Hoe help dit jou om te weet dat jy gekies het om Jesus Christus te volg in die Raadsbepaling in die Hemel? Moedig klas lede aan om aan te hou om te kies om Christus te volg, soos wat hulle in die vooraardse toestand gedoen het.

---

Slotsom

Getuig van Jesus Christus en sy rol as ons voorbepaalde verlosser. Gee jou vertroue in klas lede se vermoë, om hul voorbepaalde missie om die koningkryk van God op te bou, te vervul.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiale is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van die ideës wil gebruik as deel van die les.

**1. "En Ons sal hulle hiermee beproef "**

- Abraham 3:24–25 spesifiseer een van die hoof doele waarvoor Jesus Christus, onder die leiding van Hemelse Vader, die aarde geskape het. Hoekom is die aarde geskape? Hoe help dit jou om te weet dat jy gekies het om aarde toe te kom, weetende dat jy hier beproef sal word?

**2. "Die groot en magtiges"**

- In sy visie wat in Leer en Verbonde 138 voorkom, het President Joseph F. Smith ook sommige van die "groot en magtiges" gesien, wat in die tyd voor Christus se geboorte, op die aarde gewoon het. Wie het President Smith gesien? (Sien L&V 138:38–49.) Jy mag dalk hierdie name op die swartbord wil skryf. Wys daarop dat klas lede van meeste van hierdie individue, deur die loop van die jaar in Sondag Skool, sal leer.

Les

# 3

# Die Skepping

*Moses 1:27–42; 2–3*

**Doel**

Om klas lede te help om dankbaarheid te voel omdat God alle dinge geskep het om ons te baat en dat ons in sy ewebeeld geskape is.

**Voorbereiding**

1. Deur Gebed, studeer die volgende skrifture vanuit die Baie Kosbare Pêrel:
   a. Moses 1:27–42. Moses sien 'n visie van God se skepping en is beveel om 'n rekord van die skepping van die aarde, te skryf.
   b. Moses 2:1–25; 3:1–14. Moses leer dat God die skepper is van alle dinge.
   c. Moses 2:26–31; 3:7, 15–25. Moses leer dat mans en vrouens in die ewebeeld van God geskape is.
2. Addisionele leeswerk: Abraham 4–5; Genesis 1–2.
3. Indien jy die tweede aandag aktiwiteit gebruik, bring klei of bord kryt.
4. Indien die volgende audio visuele materiale beskikbaar is, mag jy dalk sommige van dit as deel van die les wil gebruik:
   a. "In die ewebeeld van God," 'n drie -minute gedeelte van *Ou Testament Video Aanbiedinge* (53224).
   b. "n kort uittreksel van "Die Skepping," deel 1 van *Die begin/Abraham* videokasset (53150).
   c. Die prent Skepping— Lewende Kreature (62483; Evangelie Kuns Prente Stel 100).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk een van die volgende aktiwiteite (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin. Kies die aktiwiteit wat die mees geskikste sal wees vir die klas.

Aandag Aktiwiteit

1. Vra klas lede om te oorweeg hoeveel informasie hulle sou gee, indien hulle die volgende vrae aan 'n voorskoolse kind moet beantwoord: Hoe bly 'n vliegtuig in die lug? Hoe werk 'n televisie stel? Hoe groei plante? Meeste van ons sal die begrip van 'n voorskoolse kind in ag neem en slegs algemene konsepte deel en sal die fynere besonderhede uitlos totdat die kind meer volwasse is.

   - Hoe is hierdie voorbeelde soos die Here se openbaringe van die Skepping? (Die Here het slegs die gedeelte van ewige waarhede geopenbaar wat ons menslike verstand kan begryp, en wat ons nodig het om te weet om saligheid te vind.

   Hierdie les sal die waarhede van die Skepping bespreek, wat die Here geopenbaar het.

2. Vra 'n vrywillige klas lid om 'n klein diertjie te maak of te teken met die klei of die bord kryt(laat slegs 'n minuut of twee hiervoor). Bespreek dan die feit dat ons 'n model van 'n lewendige ding kan maak, maar slegs God kan lewe skep. Hierdie les sal die groot wonderwerk van God se skepping van die aarde en alles wat daarop leef, bespreek.

**Skriftelike Bespreking en Toepassing**

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle dit in hulle daaglikse lewe kan toepas. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike beginsels.

**1. Moses sien 'n visie van God se skepping.**

Leer en Bespreek Moses 1:27–42.

- Wie het die weergawe van die Skepping in Genésis geskryf? (Sien Moses 1:40; 2:1.) Hoekom het Moses hierdie opgawe geskryf? (Sien Moses 1:40–41.) Wat kan ons in Moses 1:27–39 leer van God se krag? Wat kan ons leer van God se liefde vir sy kinders?
- Hoe verskil die weergawes van die Skepping in Genésis, Moses en Abraham, van mekaar? (Abraham en Moses het in 'n visie die organiseering van hierdie aarde gesien en toe hulle visies neergeskryf. Elkeen het effens verskillende besonderhede ingesluit. Die opgawe in Genesis was oorspronklik deur Moses geskryf, maar sommige van die volheid van sy weergawe het verlore geraak. Hierdie volheid is in die boek van Moses herstel.)

**2. Moses leer dat God alle dinge geskape het.**

Leer en Bespreek Moses 2:1–25; 3:1–14.

- Wie het die aarde geskape? (Sien Moses 1:32; 2:1; sien ook Johannes 1:1–3, :14; Hebreërs 1:1–2; Mosia 3:8; L&V 14:9.) Hoekom is dit belangrik vir ons om te weet wie die Skepper is?
- Wat het God geopenbaar oor die doel van die Skepping? (Sien Moses 1:39; Abraham 3:24–25; sien ook 1 Nefi 17:36; 2 Nefi 2:11–15. Die doel van die Skepping is om 'n plek te verskaf waar Hemelse Vader se geestes kinders kon kom om 'n menslike liggaam te kry en om getoets of beproef te word om te sien of hulle aan hom sou gehoorsaam wees, wanneer hulle weg is van sy teenwoordigheid. Diegene wat getrou is, sal ewige lewe ontvang. Jy mag dalk wil uitwys dat alhoewel 'n opgawe van die Skepping in die boek van Genésis ingesluit is, word die doel en belangrikheid van die Skepping slegs in die openbaringe van die laaste dae, verduidelik.)
- Op watter manier berei aardse lewe ons voor vir die ewige lewe? (Antwoorde mag insluit: Ons ontvang menslike liggame, leer om ons agentskap te gebruik, vermeerder in kennis, het families, ontvang ordinansies, en maak verbondes.)
- Wat het God gesê van die resultaat van die Skepping? (Sien Moses 2:4, 10, 12, 18, 21, 25, 31; 3:2. In die kort weergawe van die Skepping, het God agt keer verklaar dat sy werk goed was.) Watter van God se skeppinge is vir jou prag-tig? Hoe sal dit ons baat, om elke dag meer versigtig te wees om die skoonheid van die skepping raak te sien?
- Was die aarde uit niks geskep? (Sien Abraham 3:24; 4:1.)

  Die Profeet Joseph Smith het gesê: "Die woord skep kom van die [Hebreërse] woord *baurau* wat nie beteken om iets uit niks uit te skape nie; dit beteken om te organiseer; dieselfde as wat 'n man materiale sou organiseer om 'n skip te bou. Dus, verstaan ons dan dat God materiale gehad het om die wêreld uit chaos – chaotiese stof, te organiseer" (*Leringe van die Profeet Joseph Smith,* sel. Joseph Fielding Smith [1976], 350–51).

- Hoe beinvloed die verhaal van die Skepping, jou gevoelens teenoor jou Hemelse Vader en Jesus Christus? Hoe "getuig" alles wat geskape is, van God? (Sien Moses 6:63; Alma 30:44.) Hoe kan ons dankbaarheid toon vir die gawe van die Skepping?

**3. Moses leer dat mans en vrouens in die ewebeeld van God, geskape is.**

Leer en bespreek Moses 2:26–31; 3:7, 15–25.

- In wie se ewebeeld is ons geskape? (Sien Moses 2:26–27.)

  Die Eerste Presidentskap het gesê: "Alle mans en vrouens is in die gelykenis van die universele Vader en Moeder, en is letterlik die seuns en dogters van God" ("Die Oorsprong van die Mens," *Improvement Era,* Nov. 1909, 78).

- Hoe kan die kennis, dat ons in die ewebeeld van God geskape is, ons lewens seën? Hoe behoort dit ons verhouding met ander mense te beinvloed?
- Wat leer Enog se woorde in Moses 7:30 ons oor hoe God individueel vir elkeen van ons omgee? Wat leer ons hier, van ons Hemelse Vader en Jesus Christus?
- Wat dink jy het die Here bedoel toe hy ons aangesê het om heerskappy oor sy skeppinge op hierdie aarde, te hê? (Sien Moses 2:26. Ons moet die aarde respekteer en omgee vir God se skeppinge.) Hoe kan ons, ons verantwoordelikheid, om heerskappy oor die skeppinge te hê, beter vervul?

---

Slotsom

Getuig van die waarheid van die prinsiepe wat jy geleer het. Nooi klas lede om hulle gevoelens oor die Skepping te deel.

---

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dit dalk as deel van die les wil gebruik.

**Lengte van die Skepping**

Die lengte van tyd wat nodig is vir die Skepping is nie bekend nie. Die term *dag* in die skriftelike verhaal van die Skepping, verteenwoordig nie 'n 24-uur periode nie. Die Hebreërse woord *yom* kan vertaal word as "dag," "tyd," of "periode." Die Apostel Petrus het gesê dat "een dag by die Here is soos 'n duisend jaar" (2 Petrus 3:8; sien ook Abraham 3:4).

# "As gevolg van My Oortreeding is My Oë Oop Gemaak"

Les **4**

*Moses 4; 5:1–15; 6:48–62*

**Doel**

Om klas lede te help om te verstaan dat die Val 'n noodsaaklike deel van Hemelse Vader se plan vir ons was.

**Voorbereiding**

1. Met die hulp van gebed, studeer die volgende skrifture:

   a. Moses 4; 5:10–11; 6:48–49, 55–56. Satan kom na die Tuin van Eden en probeer om Eva te mislei. Eva en Adam eet van die vrug van die boom van kennis van goed en kwaad (4:5–12). Nadat hulle geval het, is Adam en Eva uit die tuin gegooi 4:13–31). Adam en Eva het hulle later verbly in die seëninge van die Val (5:10–11). Enog leer van die gevolge van die Val (6:48–49, 55–56).

   b. Moses 5:14–15; 6:50–54, 57–62. As gevolg van die Versoening van Jesus Christus, kan sterflinge gered word van fisiese dood deur die Opstanding en kan van geestelike dood gered word deur geloof, bekeering, doop, die gawe van die Heilige Gees, en gehoorsaamheid aan die gebooie.

   c. Moses 5:1–9, 12. Adam en Eva begin hul lewens as sterflikes. Hulle het kinders en leer hulle die waarhede wat hulle geleer het (5:1–4, 12). Adam offer 'n opoffering in die gelykenis van die Eniggeborene (Moses 5:5–9).

2. Addisionele leeswerk: Genésis 2–3; 1 Korinthiërs 15:20–22; 2 Nefi 2:5–30; 9:3–10; Helaman 14:15–18; Leer en Verbonde 19:15–19; 29:34–44; Artikels van Geloof 1:2; "Val van Adam," Bybelse woordeboek, bladsy 670.

3. Jy mag dalk 'n klas lid wil vra om voorteberei om die verhaal van die Val van Adam en Eva optesom (Moses 4:6–31) en 'n ander klas lid om voorteberei om die opsomming te gee van die verhaal waar Adam sy offerande moes offer (Moses 5:5–9).

4. Indien die volgende audiovisuele materiale beskikbaar is, mag jy dit dalk as deel van die les wil gebruik:

   a. "Die Val," 'n ses-minute gedeelte van die *Ou Testament Video Aanbiedinge* (53224).

   b. Die prent Adam en Eva (62461; Evangelie Kuns Prente Stel 101).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**


Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Teken die prent op bladsy 13 op die swartbort. Vertel klas lede dat Ouderling Bruce R. McConkie gesê het dat, ons saligheid moontlik gemaak is deur "drie goddelike gebeure —die drie pilare van ewigheid" (*'n Nuwe Getuie van die Artikels van Geloof* [1985], 81). Vra dan die volgende vrae:

- Wat is sommige gebeure wat belangrik genoeg is om die "pilare van ewigheid" te wees, wat saligheid moontlik maak? (Ouderling McConkie het gesê

dat hierdie pilare die Skepping, die Val, en die Versoening is, wat alles deel is van God se plan vir ons saligheid. Skryf die woorde *Skepping, Val,* en *Versoening* in die drie pilare op die swartbord.)




Verduidelik dat hierdie les ons help om te verstaan hoekom die Val 'n noodsaaklike deel van Hemelse Vader se plan is, om ons onsterflikheid en ewige lewe te weeg te bring (Moses 1:39).

---

## Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in ons daaglikse lewe van toepassing kan wees. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

**1. Die Val van Adam en Eva en die uitwerking op hulle en ons**

Leer en bespreek Moses 4; 5:10–11; 6:48–49, 55–56.

In die Tuin van Eden, het God Adam en Eva beveel "wees vrugbaar en vermeerder, en vul die aarde" (Moses 2:28). Hy het hulle ook beveel om nie die vrugte van die boom van kennis van goed en kwaad te eet nie (Moses 3:17). Solank as wat hulle nie van die verbode vrugte geëet het nie, sou hulle in die tuin bly en sou nie dood gaan nie. Maar hulle sou dan nie die gebod om te vermeerder, kon gehoorsaam nie (Moses 5:11; 2 Nefi 2:23). Hemelse Vader het hulle die agentskap gegee om tussen die twee gebooie te kies.

Gee 'n kort oorsig van die Val van Adam en Eva vanuit Moses 4:6–31, of wys 'n klas lid aan om dit te doen.

- Wat was die nagevolge van die Val vir Adam en Eva – en vir ons? (Sien Moses 4:22–29; 5:10–11; 6:48–49, 55–56; 2 Nefi 2:22–23; 9:6; Genésis 3:16–23.) Jy mag dalk van hierdie gevolge op die swartbord wil skryf. Wys daarop dat baie van die waarhede van die Val deur die Profeet Joseph Smith herstel is en dat hulle nie algemeen in die wêreld bekend is nie.

  a. Adam en Eva kon nou kinders hê, wat ons die geleentheid gegee het om aarde toe te kom en 'n sterflike liggaam te ontvang (Moses 5:11; 6:48; 2 Nefi 2:23, 25).
  b. Ons ervaar fisiese dood, of skeiding van die fisiese liggaam en die gees (Moses 4:25; 6:48; 2 Nefi 9:6).
  c. Ons ondervind geestelike dood, of skeiding van God se teenwoordigheid (Moses 4:29; 6:49; 2 Nefi 9:6).
  d. Ons is deelhebbers van mislukheid en smart (Moses 6:48; Genesis 3:16–17).

e. Ons het die vermoë om te sondig (Moses 6:49, 55; 2 Nefi 2:22–23).
f. Die grond is vervloek, wat beteken dat ons moet werk (Moses 4:23–25; Genésis 3:17–19).
g. Ons kan leer om te onderskei tussen goed en kwaad (Moses 4:28; 6:55–56; 2 Nefi 2:23; Genésis 3:22).
h. Ons kan vreugde hê in ons sterflike toestand (Moses 5:10; 2 Nefi 2:23, 25).
i. Ons kan die vreugde van ons verlossing ken (Moses 5:11).
j. Ons kan ewige lewe verkry (Moses 5:11).

Soos wat jy hierdie gevolge van die Val bespreek, beklemtoon hoe die Val ons baat. Hedendaagse openbaringe maak dit duidelik dat selfs voor die Skepping, het Hemelse Vader reeds bepaal dat ons aardse lewe 'n tyd van toetsing en beproewing sal wees, sodat ons meer soos Hy kan word (Abraham 3:24–26). Dit het vereis dat ons sterflik moes wees, met die vermoë om te leer om tussen goed en kwaad te kies, wat moontlik gemaak is deur die Val.

- Hoe kan 'n korrekte insig van die Val ons gedurende ons sterflikheid help?
- Hoekom is dit belangrik om te verstaan dat God die Val vooraf bepaal het en dat dit 'n noodsaaklike deel van sy plan van saligheid vir ons was?
- Satan het gehoop dat hy God se plan kon frustreer, deur Adam en Eva te kry om van die verbode vrug te eet (Moses 4:6). Wat leer ons uit die verhaal van die Val, oor Satan se vermoë om God se doele te frustreer? (Sien L&V 3:1–2.)

**2. Die Versoening van Jesus Christus red ons van fiesiese en geestelike dood.**

Leer en bespreek Moses 5:14–15; 6:50–54, 57–62.

Die Val van Adam en Eva het fiesiese en geestelike dood in die wêreld in gebring. Fiesiese dood is die skeiding van die liggaam en die gees wat aan die einde van ons sterflike lewe plaas vind. Geestelike dood is die skeiding van die nabyheid van God, wat plaas geving het toe Adam en Eva uit die tuin gestuur is. Verduidelik dat ons nie die dood op ons eie kan oorkom nie. Vir daardie rede, het Hemelse Vader sy Eniggebore Seun gestuur om ons van die dood te red deur sy versoenings offerande (Alma 22:14).

- Wanneer profete leer van die Val van Adam en Eva, leer hulle dikwels ook van die Versoening van Jesus Christus (Moses 5:10–15; 6:48–62; 2 Nefi 9:6–10). Hoekom is dit belangrik om die Versoening saam met die Val te leer? (Die Val het die Versoening noodsaaklik gemaak in God se plan vir ons saligheid. Om die Versoening saam met die Val te leer, help ons om te verstaan hoe ons van fiesiese en geestelike dood gered kan word.)

  President Ezra Taft Benson het gesê: "Die plan van verlossing moet met die val van Adam begin. In die woorde van Moroni, 'Deur Adam het die val van die mens gekom, En vanweë die val van die mens het Jesus Christus gekom, . . . en vanweë Jesus Christus het die verlossing van die mens gekom' (Mormon 9:12). Net soos wat 'n mens nie werklik kos begeer totdat hy honger is nie, so begeer hy ook nie verlossing van Christus totdat hy weet hoekom hy Christus nodig het nie. Niemand kan heeltemal weet hoekom hy Christus nodig het, totdat hy die leerstelling van die val en die effek wat dit op die mensdom het, verstaan en aanvaar" (in Konferensie Raport, Apr. 1987, 106; of *Ensign*, Mei 1987, 85).

- Hoe word ons van fisiese dood gered? (Sien 1 Korinthiërs 15:20–22; 2 Nefi 2:8; 9:6. Deur die Versoening van Jesus Christus sal ons opgewek word.)
- Hoe kan ons van geestelike dood gered word? (Sien Moses 5:14–15; 6:50–52, 59; Helaman 14:15–18; L&V 19:15–19. Vanweë die Versoening, kan ons skoon en waardig gemaak word om saam met God te bly, deur geloof in Jesus Christus, bekeering, die doop, die gawe van die Heilige Gees, en gehoorsaamheid aan die gebooie.)

Die Boek van Mormon profeet, Jakob het homself verjeug in die verlossing van die dood wat deur die Saligmaker se versoenende offerande moontlik gemaak is (2 Nefi 9:10). Jy mag hierdie gedeelte wil lees en jou getuienis wil deel oor hoe jy oor die seëninge wat ons vanweë die Versoening ontvang het, voel. Nooi klas lede om dieselfde te doen.

**3. Adam en Eva begin hul lewe as sterflikes, het kinders, leer hulle die evangelie, en aanbid en gehoorsaam God.**

Leer en bespreek Moses 5:1–9, 12.

- Wat het Adam en Eva gedoen nadat hulle uit die Tuin van Eden uit gegooi is? (Sien Moses 5:1–5, 12.) Op watter manier is Adam en Eva se lewe dieselfde as ons lewe vandag? Wat kan ons uit Moses 5:1–9, 12 leer oor die doel van ons sterflike lewe?
- Hersien die verslag in Moses 5:5–9, of vra 'n klas lid om dit te doen. Watter gebod het die Here aan Adam gegee? (Sien Moses 5:5.) Hoekom het Adam offerandes opgeoffer, al het hy nie die rede daarvoor geweet nie? (Sien Moses 5:6.)

  Die Profeet Joseph Smith het gesê, "Wat ook al God vereis is reg, . . . al mag ons nie die rede daarvoor insien tot lank na die geleentheid verby is nie" (*Leringe van die Profeet Joseph Smith,* sel. Joseph Fielding Smith [1976], 256).
- Hoekom is dit belangrik om die Here se gebooie te gehoorsaam, selfs wanneer ons nie al die redes daarvoor verstaan nie? Hoe is jy geseën deur gehoorsaam te wees aan 'n gebod wat jy nie heeltemal verstaan het nie?
- Wat was die doel van die offerhandes wat Adam opgeoffer het? (Sien Moses 5:7–9. Hulle was soortgelyk of, in die gelykkenis van die opoffering wat Hemelse Vader sou maak van sy Eniggeborene Seun. Die offer van sulke opofferinge was om Adam en sy nageslagte te herinner dat alle sterflikes van die Val verlos kan word deur die Versoening van Jesus Christus.) Watter herinneringe van hierdie leerstelling is aan ons gegee? Hoe kan ons, ons dankbaarheid toon vir die Val en die Versoening?

Slotsom

Lees weer Eva se getuienis van die seëninge van die Val (Moses 5:11). Vertel van jou dankbaarheid vir die aksies van Adam en Eva, vir die Val, en vir die Versoening van Jesus Christus.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van die ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Om van die verbode vrug te eet was nie 'n sonde nie.**

Om te help om te verduidelik dat Adam en Eva nie gesondig het toe hulle van die verbode vrug geëet het nie, lees die volgende verklaring deur Ouderling Dallin H. Oaks:

"Dit was Eva wat eerste die beperkinge van Eden oorskry het, om die toestand van sterflikheid te weeg te bring. Haar daad, wat ook al die natuur daarvan, was amptelik nie 'n oortredding nie, maar ewiglik 'n glorieryke noodsaaklikheid om die deure na die ewige lewe te open. Adam het sy wysheid bewys deur dieselfde te doen . . . .

". . . Ons vier Eva se daad en eer haar wysheid en moed in die groot episode wat die Val genoem word. . . . Ouderling Joseph Fielding Smith het gesê: 'Ek praat nooit van Eva se deel in die val as 'n sonde nie, nog minder beskuldig ek vir Adam van 'n sonde. . . . Dit was 'n oortreding van die wet, maar nie 'n sonde nie.' . . .

"Hierdie voorgestelde kontras tussen 'n *sonde* en 'n *oortreding* herinner ons van die spesifieke bewoording in die tweede artikel van geloof: "Ons glo dat die mens om sy eie *sonde,* gestraf sal word en nie vir Adam se *oortreding* nie" (skuins letters bygevoeg). Dit herhaal ook 'n bekende onderskeiding in die wet. Sekere dade, soos moord, is krimineel omdat dit inherent verkeerd is. Ander dade, soos om sonder 'n lisensie te handel, is krimineel slegs in die sin dat dit deur die wet verbied word. Onder hierdie onderskeiding, is die daad wat die val teweeg gebring het, nie 'n sonde nie —inherent verkeerd nie — maar verkeerd omdat dit amptelik verbied is. Hierdie woorde word nie altyd so gebruik dat dit op iets verkillends dui nie,maar hierdie onderskeiding is betekenisvol in die omstandighede van die Val" (in Konferensie Report, Okt. 1993, 98; of *Ensign,* Nov. 1993, 73).

### 2. Onderskeiding tussen die *gevolge van* en die *verantwoordelikheid vir* die Val

Al die nageslagte van Adam en Eva het die *gevolge* van die Val geërf, insluitende die fiesiese en geestelike dood, maar nie die *verantwoordelikheid* van die Val nie. Die tweede artikel van geloof leer dat "mense vir hul eie sonde gestraf sal word en nie vir die oortreding van Adam nie," Sien ook Moroni 8:5–23.

### 3. "Jou begeerte sal na jou man wees"

Die volgende verklaring mag klas lede help om die Here se stelling aan Eva te verstaan, toe hy gesê het, "Jou begeerte sal na jou man wees, en hy sal oor jou heers" (Moses 4:22).

President Spencer W.Kimball het gesê: "Ek het 'n vraag oor die woord *heers.* Dit skep die verkeerde indruk. Ek sou die woord *lei* verkies het, want dit is wat hy doen. 'n Regverdige man lei sy vrou en familie" (Die Seëninge en Verantwoordelikhede van Vrouenskap," *Ensign,* Maart 1976, 72).

Ouderling M. Russell Ballard het gesê: "God het deur sy profete verklaar dat mans die priesterskap moet ontvang, vaders word, en met sagmoedigheid en suiwer opregte liefde, moet hulle, hul famielies in geregtigheid voed en lei, soos wat die Saligmaker die Kerk lei (sien Efésiërs 5:23)" ("Gelykheid deur Verskeidenheid," *Ensign,* Nov. 1993, 90).

Les
# 5
# “As Jy Goed Doen Sal Jy Aanvaar Word”

*Moses 5 –7*

**Doel**

Om klas lede te help om te verstaan dat die keuse om Jesus Christus te volg, tot vryheid, geluk en ewige lewe lei, terwyl die keuse om Satan te volg tot mismoedigheid en gevangenskap lei.

**Voorberieding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture vanuit die Baie Kosbare Pêrel:

   a. Moses 5:16–41. Kain is liewer vir Satan as vir God en gehoorsaam Satan se bevele om ‘n offerande tot die Here te maak (5:16–19). Die Here verwerp Kain se offerande en beveel Kain om te bekeer (5:20–25). Kain maak ‘n verbond met Satan om Abel dood te maak (5:26–33). Die Here vervloek Kain, en Kain word uit die Here se teenwoordigheid uitgesluit (5:34–41).

   b. Moses 6:26–63. Enog, ‘n vierde agter-kleinkind van Adam, word deur die Here geroep om die mense tot bekeering te roep (Moses 6:26–36). Enog is gehoorsaam aan die Here se gebooie en leer die mense (Moses 6:37–63).

   c. Moses 7:13, 17–21, 23–47, 68–69. Die geloof van Enog was so groot dat berge verwyder is, riviere het van koers verander, en alle nasies het grootliks gevrees (7:13, 17). Die Here en Enog huil oor die boosheid van die mense op die aarde (7:23–47). Die mense in die stad van Enog is van een hart en een wil met die Here, en die hele stad word in die hemel opgeneem (7:18–21, 68–69).

2. Addisionele leeswerk: Moses 5:42–55; 6:10–23; 7:14–16, 59–64; 2 Nefi 2:25–27; Genesis 4:1–16.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Voor die klas begin, skryf die volgende twee stelle verklaringe langs mekaar op die swartbord:

| Stel 1 | Stel 2 |
|---|---|
| “Wie is die Here dat ek hom moet ken?” | “Hy is my God, en jou God.” |
| “Ek is vry.” | “Hoekom beraadslaag julle julself, en ontken die God van die Hemele?” |
| “Is ek my broer se oppasser?” | “Julle is my broers.” |

Vertel klas lede die verklaringe in die twee lyste is deur twee mans gemaak van wie hulle in die les sal leer. Vra klas lede wat hulle kan bepaal oor elke man, gebaseer op sy stel verklaringe. (Jy mag dalk wil hê dat klas lede in klein groepies verdeel om die verklaringe te bespreek. Wanneer die groepies vir vyf of ses minute die verklaringe bespreek het, laat een persoon van elke groep die groep se bespreweking vir die res van die klas opsom.)

Wanneer klas lede klaar geantwoord het, verduidelik dat die verklaringe in die eerste stel, deur Kain gemaak is, wie gekies het om Satan te volg. Die verklaringe in die tweede stel, is deur Enog gemaak, wie gekies het om die Here te volg. Elke man se verklaringe weerspieël sy houding teenoor God.

---

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in ons daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe, te deel.

**1. Kain maak ‘n verbond met Satan, maak Abel dood, en word deur die Here vervloek.**

Leer en bespreek Moses 5:16–41.

- Adam en Eva het gehoop dat hulle seun Kain, soos hulle die Here sou volg. Maar Kain “het nie gehoor gegee” aan sy ouers en die Here nie, en vra “Wie is die Here dat ek hom moet ken?” Moses 5:12 Wat wys hierdie vraag oor Kain se houding teenoor God? Wat moet ons doen om God te leer ken? (Sien Alma 22:17–18.)

- Hoekom het Kain ‘n offerande tot die Here gemaak? (Sien Moses 5:18.) Wat het Kain geoffer? (Sien Moses 5:19.) Hoekom het die Here Abel se offerande aanvaar, maar Kain se offerande verwerp? (Sien Moses 5:5, 20–23. Die Here het Adam en Eva en hul kinders beveel om die eerstelinge van hul kudde op te offer. Abel was gehoorsaam, maar Kain het die woorde van Satan gevolg en het die vrug van die grond geoffer.) Hoekom is dit belangrik om offerandes te maak, volgens die manier wat die Here beveel het?

  Die Profeet Joseph Smith het geleer: “Abel het ‘n offerande gemaak wat aanvaarbaar was vir God, wat die eersteling van die kudde was. Kain het die vrug van die grond geoffer, en dit was nie aanvaarbaar′ nie, want hy kon dit nie in geloof doen nie. . . . Die bloedvergieting van die Eniggeborene was om te versoen vir die mensdom . . . dit was die plan van verlossing; . . . en omdat die offerhande as ‘n tipe ingestel is, waardeur mens die groot Offerande wat God sou voorberei kon onderskei; om ‘n offerande te maak wat teenstrydig was hiermee, kon geen geloof verg nie . . . daarvolgens kon Kain dus geen geloof gehad het nie; en wat ook al nie van geloof is nie, is sonde” (*Leringe van die Profeet Joseph Smith,* sel. Joseph Fielding Smith [1976], 58).

- Hoe het Kain gereageer toe die Here sy offerande verwerp en hom tot bekeering geroep het? (Sien Moses 5:21, 26.) Hoekom is dit soms moeilik vir ons om tot bekeering geroep te word? Hoe kan ons ‘n meer bekeerende hart ontwikkel?

- Nadat Kain sy broer Abel dood gemaak het, het hy gesê, “Ek is vry” (Moses 5:33). Waarvan dink jy het Kain geglo dat hy vry is? Hoe verminder ongehoorsaamheid aan God se gebooie, in werklikheid ons vryheid? Hoe vermeerder gehoorsaamheid ons vryheid?

- Hoe het Kain gereageer toe die Here hom vra waar Abel is? (Sien Moses 5:34.) Wat beteken dit om ons broer se oppasser te wees? (Sien 1 Johhannes 3:11, 17–18.) Op watter manier kan ons ons broers en sisters se oppassers wees?

  Biskop Robert L. Simpson het gesê: "Vandag se wêreld vertel jou om jou vriend alleen te los. Hy het die reg om te kom en te gaan soos hy wil. Die wêreld vertel jou dat oorreeding om kerk of priesterskap vergaderings by te woon of om 'n slegte gewoonte af te sê, mag lei tot frustrasie en onnodige druk; maar ek herhaal weer die woord van die Here: Jy is jou broer se oppasser, en wanneer jy bekeer het, het jy 'n plig om jou broer te versterk" (in Konferensie Report, Okt. 1971, 114; of *Ensign,* Des. 1971, 103).

- Wat het met Kain gebeur, as gevolg van sy keuse om Satan te volg in plaas van God? (Sien Moses 5:23–25, 36–41.) Hoe het Kain se keuse homself asook sy afstammelinge geaffekteer? (Sien Moses 5:41–43, 49–52, 55.) Hoe kan ons geregtige of ongeregtige keuses, ons familie lede affekteer?

**2. Enog preek bekeering aan die mense.**

Leer en bespreek Moses 6:26–63.

- Hoe het Enog gereageer toe die Here hom geroep het om bekeering aan die mense te preek? (Sien Moses 6:31.) Wat het die Here aan Enog belowe indien hy sou voort gaan soos wat hy beveel was? (Sien Moses 6:32–34.) Wat kan ons uit die storie van Enog leer, van hoe die Here sy leiers kies? (Sien ook 1 Samuel 16:7.) Wat kan ons van Enog leer, oor hoe om die Here te dien al voel ons onbekwame?
- Hoekom dink jy het mense aanstoot geneem toe Enog bekeering aan hulle, begin preek het? (Sien Moses 6:37; sien ook 1 Nefi 16:2; Mosia 13:7.) Hoekom het hulle aangehou om na hom te luister, al het hulle aanstoot geneem? (Sien Moses 6:38–39. Aan die begin was hulle net nuuskierig, maar hulle het toe besef dat hy 'n man van God is) Hoe kan ons 'n getuienis ontvang dat die lewende profeet 'n man van God is? Hoe kan hierdie getuienis ons help om die profeet te volg, selfs wanneer sy leringe onpopulêr is?
- Watter leringe van die evangelie het Enog geleer, terwyl hy die mense tot bekeering geroep het? (Sien Moses 6:47–63. Indien jy hierdie verse in les 4 bespreek het, hoef jy dit nie weer te hersien nie.)
- Die Here het ons "agente aan [ons]self" gemaak (Moses 6:56). Wat beteken dit? (Ons het die mag om te kies.) Hoekom is agentskap noodsaaklik in God se plan vir ons saligheid? (Ons het agentskap nodig sodat ons vir ons eie keuses verantwoordelik kan wees.) Wat is die gevolge, indien ons kies om Satan te volg? Wat is die gevolge, indien ons kies om die Here te volg? (Sien 2 Nefi 2:25–27.)

**3. Die mense in die stad van Enog is van een hart en een gevoel met die Here, en die hele stad is in die hemel in opgenaam.**

Leer en bespreek Moses 7:13, 17–21, 23–47, 68–69.

- Watter wonder werke het die Here teweeg gebring as gevolg van Enog se groot geloof? (Sien Moses 7:13.) Watter wonder werke het die Here in ons tyd teweeg gebring as gevolg van die mense se geloof?

- Hoe was die mense wat Enog se woorde gehoor het, en van hulle sondes bekeer het, geseën? (Sien Moses 7:17–18.) Hoekom was hulle stad Sion genoem? (Sien Moses 7:18–18.) Wat beteken dit om "van een hart en een gevoel" te wees? Wat kan ons doen om van een hart en een gevoel te word met die Here? in ons families? in die Kerk?
- Wat het uiteindelik met Enog en die mense van sy stad gebeur? (Sien Moses 7:19–21, 69.)
- In Moses 7:28, sien Enog die Here huil. Hoekom het die Here gehuil? Hoekom het Enog die Here uitgevra oor hoekom Hy besig was om te huil? (Sien Moses 7:29–31.) Wat was die Here se antwoord? (Sien Moses 7:32–33, 36–37.) Hoe voel jy teenoor die Here, nadat jy hierdie verse gelees het?
- Toe Enog die boosheid van die mense sien, het hy ook gehuil (Moses 7:41, 44). Hoe het die Here Enog vertroos? (Sien Moses 7:44–47.)

Jy mag dalk klas lede wil vertel dat toekomende lesse die hervestiging van Sion in die laaste dae sal bespreek (insluitende die Nuwe Jerusalem), die Tweede Koms van die Verlosser, en sy milleniale heerskappy op die aarde, wat Enog in sy visioen gesien het (Moses 7:62–65).

---

Slotsom

Wys daarop dat Kain gekies het om Satan te volg en om sy bose praktyke aan sy kinders en volgelinge te leer. Gevolglik, het Kain se afstammelinge in boosheid gegroei en is hulle deur God vir hulle ongeregtigheid vervloek. Enog het in kontras, gekies om die Here te volg. As gevolg van Enog se keuse om gehoorsaam te wees en die evangelie aan almal te leer wat wou luister, het 'n hele stad so regverdig geword, dat hulle vanaf die aarde verwyder is om saam met God te woon.

Getuig dat die keuses wat ons maak om Jesus Christus te volg, ons sal help om nader aan hom te kom en ons na vryheid, geluk en die ewige lewe sal lei.

---

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Die hou van familie rekords**


- Hoekom was dit belangrik dat Adam en Eva en hulle nageslagte 'n boek van herinnering en 'n familieregister gehou het. (Sien Moses 6:5–8, 45–46.) Hoekom is dit belangrik vir ons om sulke rekords vandag te hou? Hoe het geskrewe rekords van jou voorvaders se lewens, jou al gehelp? Hoe mag 'n geskrewe rekord van jou lewe en geloof, jou familie lede help?
- Hoe kan die geskrifte as familie rekords beskou word? Hoe kan ouers en onderwysers die geskrifte effektief gebruik, om hulle kinders te leer?

**2. Vergelyk Enog en Kain**

Op die swartbord teken twee stelle trappe, een wat op gaan en een wat af gaan (sien die tekening op bladsy 22). Merk die trappe wat op gaan *Houdinge wat na God lei,* en skryf Enog se naam op die eerste trap. Merk die trappe wat af gaan-*Houdinge wat ons na verwoesting lei,* en skryf dan Kain se naam op die eerste trap.

Laat klas lede die eerste vers op Enog se trap lees (Moses 7:59) en die eerste vers op Kain se trap (Moses 5:16). Skryf dan 'n paar sleutel woorde op die toepaslike trappe op die swartbord. Herhaal op die oorblywende trappe. Wanneer al die verse gelees is, merk die einde van Enog se trappe *Woonplek van God*, en merk die einde van Kain se trappe *Geestelike verwoesting.* Bespreek hoe Enog se woorde en dade hom gehelp het om nader aan God te kom, terwyl Kain se woorde en dade hom nader aan Satan gebring het.

- Op watter maniere kan ons Enog se voorbeeld volg om nader aan God te kom?




**3. "Salf jou oë . . . en jy sal sien" (Moses 6:35)**

Jesus Christus het eens 'n blinde man genees deur sy oë met klei te salf (Johannes 9:1–7). Enog was nog nie geestelik volwasse nie en was dus geestelik blind in sommige dinge, en was beveel om "[sy] oë te salf met klei, en hulle dan te was" (Moses 6:35).

- Wat het Enog gesien toe hy dit gedoen het? (Sien Moses 6:36.) Wat leer die simboliese af was van die klei vir ons?

- Wat kan ons doen om ons oë meer oop te maak vir die dinge van God? Hoe kan ons, ons studie van die geskrifte verbeter sodat ons die skatte daarin kan sien?

**4. Geliefdes wat van die pad af dwaal**

- Al het Adam en Eva hulle kinders die evangelie geleer (Moses 5:12), het Kain en andere gekies om onregverdig te leef. Wat kan ons doen om onsself te help om die pyn te verdra, wanneer geliefdes van die pad af dwaal? Wat kan ons doen om hierdie geliefdes te help?

  Ouderling Richard G. Scott het hierdie raad gegee:

  "Baie van julle het swaar harte as gevolg van 'n seun of dogter, man of vrou, wat van die regte pad af weggedraai het om boosheid te volg. My boodskap is vir julle.

  "Jou lewe is gevul met angs, pyn en by tye, wanhoop. Ek sal vir jou vertel hoe jy deur die Here vertroos kan word.

  "Eerste, moet jy twee fundamentele prinsiepe herken:

  "1. Terwyl daar baie dinge is wat jy kan doen om 'n geliefde wat in nood is te help, is daar sekere dinge wat deur die Here gedoen moet word.

  "2. Asook, geen ewigdurende verbetering kan plaas vind sonder regverdige uitoefening van agentskap nie. Moenie probeer om agentskap te oorskry nie. Die Here homself sal dit nie doen nie. Geforseerde gehoorsaamheid bring geen seëninge nie (sien L&V 58:26–33).

  "Ek sal sewe voorstelle gee wat jou kan help.

  "Eerste, wees lief sonder beperkinge. . . . Tweede, moenie die sonde goedkeur nie, maar verleen hoop en ondersteuning aan die sondaar. . . . Derde, leer waarheid. . . . Vierde, vergewe opreg soveel keer as wat nodig is. . . . Vyfde, bid met vertroue. 'Die . . . innige gebed van 'n regverdige man is baie voordelig' (Jakobus 5:16). . . .

  "Sesde,behou perspektief. . . . Wanneer die dinge wat realisties gedoen kan word gedoen is, laat die saak in die hande van die Here en hou op om daar-oor bekommer te wees. Moenie skuldig voel omdat jy nie meer kan doen nie. Moenie jou krag mors op onnodige bekommernis nie. . . . Metter tyd sal jy indrukke ontvang en sal jy weet hoe om verdere hulp te verleen. Jy sal meer vrede en geluk vind, sal nie andere na laat wat jou nodig het nie, en sal beter kan help, vanweë daardie ewige perspektief. . . .

  *"Een laaste voorstel—Moet nooit opgee op jou geliefde nie, nooit!"* (in Konferensie Report, Apr. 1988, 69–71; of *Ensign*, Mei 1988, 60–61).

Les
# 6
# "Noag . . . Berei 'n Ark voor vir die Redding van Sy Huisgesin"

*Moses 8:19–30; Genésis 6–9; 11:1–9*

---

**Doel**

Om klas lede te help om 'n begeerte te hê om waardig te lewe en om die boosheid van hierdie wêreld te vermy.

---

**Voorbereiding**

1. Met gebed, bestudeer die volgende skrifture:

   a. Moses 8:19–30; Genésis 6:5–22; 7:1–10. Noag preek die evangelie, maar die mense wil nie luister nie (Moses 8:19–25). Vanweë die boosheid van die mense, verklaar die Here dat hy alle vlees van die aarde af sal vernietig (Moses 8:26–30; Genésis 6:5–13). Die Here beveel Noag om 'n ark te bou en om sy gesin en twee van alle lewende dinge in die ark in te neem (Genésis 6:14–22; 7:1–10).

   b. Genésis 7:11–24; 8; 9:8–17. Dit reën vir 40 dae en 40 nagte (Genésis 7:11–12). Alle mense en kreature wat nie op die ark is nie, sterf, en die water bedek die aarde vir 150 dae (Genésis 7:13–24). Toe die waters sak kon Noag, sy familie, en die diere, die ark verlaat (Genésis 8:1–19), en Noag offer offerandes aan die Here (Genésis 8:20–22). Die Here vestig sy verbond met Noag en plaas die reënboog as 'n teken van daardie verbond (Genésis 9:8–17; let wel dat die Joseph Smith Vertaling van vers 15 sê dat die verbond tussen God en Noag is, nie tussen God en elke lewende ding nie.)

   c. Genésis 11:1–9. "n Paar generasies na die vloed, probeer die mense om 'n toring na die hemel te bou (die toring van Babel). Die Here verwar hulle taal sodat hulle nie mekaar kan verstaan nie en versprei hulle oor die hele aarde.

2. Addisionele leeswerk: Hebreërs 11:7; Moses 7:32–36.

3. Indien die volgende audiovisuele materiale beskikbaar is, mag jy dalk van dit as deel van jou les wil gebruik:

   a. "n Kort uittreksel vanuit "Noag en die Vloed,"deel 2 van *Die begin/ Abraham* videokassette (53150).

   b. Die prente, Bou van die Ark (62053; Evangelie Kuns Prente Stel102); Noag en die Ark met Diere (62305; Evangelie Kuns Ptente Stel103); en Die Skepping — Lewende Kreature (62483; Evangelie Kuns Prente Stel100)

---

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk een van die volgende aktiwiteite (of een van jou eie ) wil gebruik om die les mee te begin. Kies die aktiwiteit wat die mees geskikste sal wees vir jou klas.

Aandag Aktiwiteit

1. Indien jou klas kamer groot genoeg is, vra 'n paar klas lede om in 'n reguit lyn te staan, met hulle arms uitgestrek sodat hulle vingerpunte die vingerpunte van die persoon langs hulle raak. Verduidelik dat dit ongeveer 85 klas lede wat so staan sou neem om 'n lyn te maak wat dieselfde lengte sou wees as die ark wat Noag gebou het.

2. Wys die tekening aan die einde van die les om klas lede te help om die groote van Noag se ark, in vergelyking met skepe wat meer bekend sal wees, te visualiseer.

**Skriftelike Bespreking en Toepassing**

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe dit in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

**1. Die mense verwerp Noag se beroep om te bekeer; Noag bou die ark.**

Leer en bespreek Moses 8:19–30 en Genésis 6:5–22; 7:1–10 (Indien klas lede vrae het in verband met "rein" en "onreine" diere, kan jy hulle na Levitikus 11:1–31, verwys.)

- In watter toestand was die wêreld, toe die Here Noag geroep het om die evangelie te verkondig? (Sien Moses 8:20–22.) Watter gelykenise kan jy sien tussen die mense van Noag se dae en die mense van ons tyd? Hoe kon die mense van Noag se dae verwoesting vermy het? (Sien Moses 8:23–24.) Hoe kan dit ons help om geestelike en aardse verwoesting te vermy, wanneer ons na die profete luister en volg?
- Hoekom het Noag die ark gebou? (Sien Hebreërs 11:7.) Kerk leiers het elkeen van ons aangesê om ons eie "persoonlike ark" te bou (W. Don Ladd, in Konferensie Report, Okt. 1994, 36; of *Ensign,* Nov. 1994, 29). Wat kan ons doen om onsself en ons families geestelik te beskerm? Watter gebooie voel jy is spesifiek belangrik om ons vandag te beskerm? (Jy mag dalk die pamflet *Vir die Sterkte van die Jeug* [34285] in jou bespreeking wil gebruik.)
- Wat kan ons doen om tydelike voorbereidings te maak in geval van ramp of nood? (Sien die aanhaling hier onder asook die aanhaling van Ouderling L. Tom Perry op bladsy 54.) Hoekom stel ons uit, om die nodige voorbereidings te maak? Hoe kan ons meer toegewyd wees om nou voor te berei?

  President Ezra Taft Benson het gesê, "Die openbaring om voedsel te produseer en te stoor is net so noodsaaklik vir ons tydelike welsyn vandag as wat dit was vir die mense van Noag se tyd om op die ark te klim" (in Konferensie Report, Okt. 1987, 61; of *Ensign,* Nov. 1987, 49).

  Ouderling W Don Ladd het geleer: "Wanneer dit begin reën is dit te laat om te begin om die ark te bou. . . . Ons . . . Moet luister na die Here se woordvoerder. Ons moet kalm aanhou om vorentoe te beweeg en voor te berei vir wat sekerlik sal kom. Ons hoef nie te vrees of paniekerig te wees nie, indien ons geestelik en tydelik voorbereid is, sal ons en ons families enige vloed kan oorleef. Ons ark sal dryf op 'n see van geloof, indien ons deur ons dade stadig en verseker vir die toekoms voorberei het" (in Konferensie Raport, Okt. 1994, 37; of *Ensign,* Nov. 1994, 29).
- Watter eienskappe het Noag bewys deur die ark te bou? (Antwoorde mag geloof, gehoorsaamheid, en harde werk insluit.) Hoe kan ons hierdie eienskappe in onsself versterk?

  President Spenser W. Kimball het verduidelik dat toe Noag die ark gebou het," was daar geen bewyse van reën of 'n vloed nie. . . . Sy waarskuwings is as irrasioneel beskou. . . . Hoe dom om 'n ark op droë grond te bou wanneer die son skyn en die lewe voortgaan soos normaal! Maar tyd het opgeraak. Die ark was klaar. Die vloed het gekom. Die ongehoorsames en rebelses het verdrink. Die wonderwerk van die ark het gevolg op die geloof wat getoon is in die bou daarvan" (*Geloof Gaan Voor die Wonderwerk* [1972], 5–6).

**2. Die Here reinig die aarde met 'n vloed.**

Leer en bespreek Genésis 7:11–24; 8;en 9:8–17.

- Wat het gebeur toe die vloed gekom het? (Sien Genésis 7:23.) Watter "ark" het ons vandag wat kan help om ons te red van die boosheid om ons? (Jy mag dalk die antwoorde op die swartbord wil lys en klas lede wil vra hoe hierdie "ark" gehelp het om hulle te beskerm.). Moontlike antwoorde kan wees ons families, vriende, tempels, seminarie, kerk vergaderings, gebed, die skrifture, en die lewende profete.) Hoe kan ons andere help om beskerming te vind in hierdie "ark"?
- Hoekom het Noag 'n duif uit die ark gestuur, nadat dit opgehou reën het? (Sien Genésis 8:8.) Wat het die eerste twee kere gebeur toe hy die duif uit gestuur het? (Sien Genésis 8:8–11.) Wat het die derde keer gebeur? (Sien Genésis 8:12.)
- Wat was die eerste ding wat Noag gedoen het nadat hy die ark verlaat het? (Sien Genésis 8:20; sien ook Joseph Smith Vertaling, Genésis 9:4.) Hoe kan ons ons dankbaarheid aan die Here wys, wanneer hy ons deur 'n moeilike situasie gehelp het?
- Wat het God in die hemel geplaas nadat die vloed oor was? (Sien Genésis 9:13.) Wat het God gesê sal die reënboog 'n simbool van wees? (Sien Genésis 9:12–13, 16–17.) Watter verbond het God met Noag gemaak? (Sien Genésis 9:8–11, 15; sien ook Joseph Smith Vertaling, Genésis 9:21–22, 24.)

**3. Die mense bou die toring van Babel.**

Leer en bespreek Genésis 11:1–9.

- Hoekom het die afstammelinge van Noag besluit om 'n toring te bou? (Sien Genésis 11:4.) Wat dink jy wou hulle bereik deur " 'n naam vir hulself" te maak? Wat is die verskil tussen 'n naam maak vir onsself en om die naam van Christus op ons te neem? Watter verantwoordelikhede neem ons op onsself wanneer ons die naam van Christus aan neem? (Sien Mosia 18:8–10.)
- Wat was die uiteinde van die poging om 'n toring na die hemel te bou? (Sien Genésis 11:5–9.) Hoekom kan ons nie die hemel beryk deur ons eie of menslike metodes nie? Wat is die Here se weg vir ons, om die hemel te beryk?

---

Slotsom

Verduidelik dat die mense wat die toring van Babel gebou het, gestraf was omdat hulle probeer het om die hemel deur aardse middele te beryk. In teenstelling, is Noag se familie van die vloed gered omdat hulle volgens God se gebooie geleef het.

Getuig dat die enigste manier waarop ons die hemel kan beryk en om na Hemelse Vader terug te keer is deur die evangelie van Jesus Christus. Soos Noag, moet ons regverdiglik leef, geloof in Christus hê, van ons sondes bekeer, die heilige ordonansies ontvang, en tot die einde van ons lewens, verduur. Indien ons hierdie dinge doen, sal ons bo die boosheid oprys en na die teenwoordigheid van God kan terugkeer.

---

**Addisionele Onderrig ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van die ideës as deel van die les wil gebruik.


**1. Enog sien die dae van Noag in 'n visie**

Enog, Noag se oupa- grootjie het in 'n visie die boosheid van Noag se generasie en die daaropvolgende vloed, gesien (Moses 7:41–52). Enog was hartseer oor hierdie boosheid, en het die Here gevra om genadig te wees teenoor Noag en sy kinders. Die Here het Enog belowe dat Hy nooit weer die wêreld deur 'n vloed sal vernietig nie (Moses 7:51). Die Here het ook vir Enog belowe dat Noag sy afstammeling sal wees, en dus sal Enog se nageslagte op die aarde voortgaan selfs na die vloed (Moses 7:52; 8:2, 6, 8–9). Die Here het hierdie verbond met Noag hernu, na die vloed (Genésis 9:8–17; neem kennis dat die Joseph Smith Vertaling van verse 9 en 11 verwys na die Here se verbond met Enog; sien ook Joseph Smith Vertaling, Genésis 9:21–25).

**2. Die Here beskerm die regverdiges**

Net soos wat Noag en sy familie gered is van die vloed vanweë hulle regverdigheid, het die Here ook die regverdige mense in die tyd van die toring van Babel beskerm. Bespreek kortliks die storie van die broer van Jared, soos gevind in Et-her 1:1–5, 33–37, en hoekom hulle taal nie verwar was nie.

**Vergelyk die Groote van Verskeie Skepe (sien die aandag aktiwiteit)**



Les
# 7 Die Verbond van Abraham

*Abraham 1:1–4; 2:1–11; Genésis 12:1–8; 17:1–9*

**Doel**

Om klas lede te help om die seëninge en verantwoordelikhede van die verbond van Abraham te verstaan.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeerAbraham 1:1–4; 2:1–11; Genésis 12:1–8; 17:1–9. Abraham probeer om regverdig te wees en waardig te leef van die seëninge van God God maak 'n verbond met Abraham, belowe dat hy 'n ontelbare nageslag sal hê wat 'n beloofde land en die seëninge van die priesterskap en die evangelie, sal ontvang.
2. Addisionele leeswerk Genésis 15; Leer en Verbonde 132:19–24, 29–32; "Verbond van Abraham," Bybel Woordeboek, bladsy 602.
3. Indien die volgende audiovisuele materiaal beskikbaar is, mag jy dalk van dit as deel van jou les wil gebruik:
   a. 'n Kort uittreksel van "Abraham—Die Reis" of "Abraham—Die Belofte," deel 3 en 4 van *Die begin/Abraham* videokassette (53150).
   b. Prente van sendelinge (62611) en 'n plaaslike tempel.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie ) wil gebruik om die les mee te begin.

- Wat is 'n patriargale seëning?

  Die Eerste Presidentskap het gesê: " Patriargale seëninge [is] 'n geinspireerde verklaring van die lyn van die ontvanger, en ook, waar so deur die Gees aangehits word, 'n inspireerende en profetiese stelling van die lewens missie van die ontvanger, saam met sulke seëninge, waarskuwings, en vermaning wat die patriarg gelei word, om te gee. . . . Die bewuswording van alle beloofde seëninge is afhanklik van die gelowigheid aan die evangelie van onse Here" (briewe aan ring presidente, 28 Junie 1957; aangehaal in Bruce R. McConkie, *Mormon Leer,* 2de uitgawe [1966], 558).

- Hoeveel van julle het al julle patriargale seëning ontvang? Wat beteken dit as die patriarg ons lyn in die seëning verklaar? (Wanneer die patriarg ons lyn verklaar, openbaar hy aan ons dat ons die afstammelinge is van die profeet Abraham, deur Efraim, Manassa, of andere van Abraham se afstammelinge.)

Verduidelik dat hierdie les die seëninge sal bespreek, wat ons kan ontvang asook die verantwoordelikhede wat ons as Abraham se afstammelinge het.

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrifgedeeltes leer, bespreek hoe hulle toegepas kan word in die daaglikse lewe. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

**1. God maak 'n verbond met Abraham.**

Leer en bespreek Abraham 1:1–4; 2:1–11; en Genésis 12:1–8; 17:1–9.

- Toe Abraham 'n jong man was, wou hy regverdig wees en waardig leef van die seëninge van God. Volgens Abraham 1:2–4, watter seëninge het Abraham begeer?
- God het Abraham en sy familie aangesê om hul tuiste in Ur te verlaat en om na die land wat hulle Haran genoem het te reis (Abraham 2:1–4). Daar het Abraham gebid en het 'n visie ontvang waarin God 'n verbond met hom gemaak het, om hom en sy nageslagte te seën. Dit word die Verbond van Abraham genoem. Watter seëninge het God aan Abraham belowe in hierdie verbond? (Sien Abraham 2:6–11; Genésis 12:1–8; 17:1–9. Jy mag dalk wil uitwys dat Abraham baie jare moes wag voor sommige van hierdie seëninge vervul is, en van hulle word steeds vandag vervul.)

  Die volgende kaart kan jou help om die seëninge van die verbond van Abraham, op te som. Jy mag dalk 'n verkorte kaart op die swartbord wil teken, laat genoeg spasie om 'n "Verantwoordelikhede" deel, by te voeg, soos wat op bladsy 29 aan gedui word:

| Seëninge en Verantwoordelikhede van die Verbond van Abraham | | | |
|---|---|---|---|
| Aardse Seëninge: | 'n Beloofde land om in te bly (Abraham 2:6, 19; Genésis 12:7; 17:8) | 'n Groot nageslag (Abraham 2:9–10; Genésis 12:2–3; 17:2, 4–6) | Die evangelie van Jesus Christus en die priesterskap vir Abraham en sy nageslagte (Abraham 2:9–11; Genésis 17:7) |
| Ewiglike Parallele: | Die Selestiale koningkryk (L&V 88:17–20) | Ewiglike huwelike en ewige vermeerdering (L&V 132:19–22) | Verheerliking en ewige lewe (L&V 132:23–24) |

**2. Ons is die erfgename van die seëninge en verantwoordelikhede van die verbond van Abraham.**

Verduidelik dat alle lede van die Kerk die "nasate van Abraham" is, wat beteken dat ons sy afstammelinge is. Ouderling Joseph Fielding Smith het gesê: " Die groot meerderheid van diegene wat lede van die Kerk word, is letterlik afstammelinge van Abraham, deur Efraim, seun van Josef. Diegene wat nie letterlike afstammelinge van Abraham en Israel is nie, moet so word, en wanneer hulle gedoop en bevestig is, word hulle in die boom ingeweef en is hulle dan geregtig op al die regte en voorregte as erfgename" ("Hoe Jy Deel Kan Word Van Die Huis Van Israel," *Improvement Era,* Okt. 1923, 1149).

- As die nasate van Abraham, is Kerk lede die erfgename tot die seëninge en verantwoordelikhede van die verbond van Abraham. Hoe word ons erfgename van hierdie verbond? (Wanneer ons in die Kerk in gedoop word, word die beloftes *van saligheid* van die verbond van Abraham, aan ons hernu. Wan-

neer ons in die tempel verseël word, word die beloftes van *verheerliking* van die verbond van Abraham, aan ons hernu. Om die seëninge van die verbond te ontvang, moet ons die verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan voltooi en waardig lewe.)

Ouderling Bruce R. McConkie verduidelik:

"Abraham het eerste die evangelie deur die doop ontvang (wat die verbond van saligheid is); toe is die hoër priesterskap op hom opgelê, en hy het in 'n selestiale huwelik ingetree (wat die verbond van verheerliking is), waardeur hy 'n versekering ontvang het dat hy ewige vermeerdering sal hê; laastens het hy die belofte ontvang dat al hierdie seëninge aan sy aardse nageslagte geoffer sal word. (Abra. Abraham 2:6–11; L. & V. L&V 132:29–50.) Ingesluit in die goddelike belofte aan Abraham, was die versekering dat Christus deur sy stamlyn sou kom, en die versekering dat Abraham se nageslagte sekere spesiale, beloofde lande as 'n ewige erfenis sou ontvang. (Abra. Abraham 2; Gen. Genésis 17; 22:15–18; Gal. Galasiërs 3.)

"Al hierdie beloftes saam, word die *verbond van Abraham, genoem.* Hierdie verbond is met Isak hernu (Gen. Genésis 24:60; 26:1–4, 24) asook met Jakob. (Gen. Genésis 28; 35:9–13; 48:3–4.) *Die gedeeltes wat betrekking het op persoonlike verheerliking en ewige vermeerdering word met elke lid van die huis van Israel hernu, wat in die orde van die selestiale huwelik intree;* deur hierdie orde word alle deelhebbende partye, erfgename van die seëninge van Abraham, Isak, and Jakob. (L. & V. L&V 132; Rom. Romeine 9:4; Gal. Galasiërs 3; 4.)" (*Mormon Leer,* 2de uitgawe [1966], 13).

- Watter seëninge kan ons deur die verbond van Abraham ontvang? (Ons kan al die seëninge wat Abraham ontvang het, soos in die vorige kaart omlyn is, ontvang. Hierdie seëninge sluit die evangelie, die priesterskap, verheerliking, en ewige familie verhoudinge in.)
- Wat is ons verantwoordelikheid as erfgename van die verbond van Abraham? (Sien Abraham 2:9, 11; Genésis 18:19. Ons moet al God se kinders help, lewend en dood, om die volle seëninge van die evangelie te ontvang. Ons moet ook gehoorsaam wees aan God se gebooie.)

Indien jy die kaart op bladsy 28 op die swartbord geteken het, voeg 'n gedeelte onderaan die kaart by wat ons verantwoordelikhede as volg opsom:

| | | |
|---|---|---|
| Verantwoordelikhede: | Help al God se kinders om die volle seëninge van die evangelie te ontvang (Abraham 2:9, 11) | Wees gehoorsaam aan al God se gebooie (Genésis 18:19) |

- Hoe kan ons andere help om die evangelie te ontvang? (Deur sending werk te doen, deur tempel ordonansies in die tempel te doen namens die dooies, en deur 'n voorbeeld van regverdigheid te wees. Jy mag dalk prente van 'n tempel en van sendelinge wil wys.)

President Ezra Taft Benson het gesê, "Die verantwoordelikheid van die nasate van Abraham, wie ons is, is om sendelinge te wees en die' bediening en Priesterskap aan alle nasies te bring' (Abraham 2:9)" (in Konferensie Raport, Apr. 1987, 107; of *Ensign,* Mei 1987, 85).

Ouderling Boyd K. Packer het die volgende vergelyking gemaak om ons verantwoordelikheid om die evangelie met andere te deel, te beklemtoon:

Verbeel jou dat die biskop ons aangestel het om 'n piekniek vir ons wyk lede te reël. Dit moet die beste geleentheid in die geskiedenis van ons wyk wees en ons moet geen onkoste spaar nie. Ons bespreek 'n pragtige piekniek plek in die platteland. Ons sal dit alles net vir ons hê.

Die dag arriveer en alles is perfek. Die tafels is gedek en alles is manjefiek. Dan, net toe ons die seëning op die kos vra, draai 'n ou kar by die piekniek area in en spoeg tot 'n stilstand. 'n Bekommerde man lig die voorkap van die kar en 'n wolk stoom kom uit. 'n Paar kinders klim uit die kar. 'n Angstige ma neem 'n boks na 'n tafel. Sy sit 'n paar stukkies oorskiet kos op die tafel, en probeer om dit na 'n maal vir haar honger kinders te laat lyk. Maar daar is nie genoeg nie.

Dan sien een van die klein dogtertjies ons tafel. Sy trek haar klein boetie saam met haar na ons toe en druk haar kop tussen jou en my in. Ons skuif uit die pad uit. Die klein meisie sê, "Kyk daar na; Ek wonder hoe proe dit."

Wat sal ons doen? Sal ons die mense ignoreer of hulle vra om stil te wees? Sal ons hulle terug wys na hulle eie tafel en vir hulle van die kos gee wat ons nie nodig het nie? Of sal ons hulle nooi om by ons aan te sluit, om tussen ons te sit en om ons feesmaal te deel, en ons toe te laat om te help om hulle kar reg te maak, en vir hulle iets te gee vir hulle reis?

Ouderling Packer vra: "Kan daar moontlik meer pure plesier wees, as om te sien hoe baie ons vir daardie honger kinders kan gee om te eet? Kan daar meer satisfaksie wees as om ons feesvieringe te onderbreuk om [hulle] te help om hulle kar reg te maak? . . .

". . . Daar is mense dwars oor die wêreld en rond om ons — ons bure, ons vriende, sommige in ons eie families— wie, geestelik sprekend, ondervoed is. Sommige van hulle is besig om dood te gaan van die honger! Indien ons al dit, vir onsself hou, is dit dieselfde as om 'n fees te geniet voor diegene wat honger lei" (in Konferensie Raport, Apr. 1984, 59–61; of *Ensign,* Mei 1984, 41–42

- Wat kan hierdie vergelyking ons leer, oor ons verantwoordelikheid, om ander te help om die seëninge van die evangelie te ontvang? (Ons is geseënd om die volheid van die evangelie te hê, die grootste fees wat die wêreld ooit geken het [L&V 58:8–12]. God verwag van ons om hierdie seëninge met andere te deel, lewend en dood.)

- Hoe is die verklaring van ons stamlyn in ons patriargale seëning, soos 'n roeping om ons verantwoordelikhede as erfgename van die verbond van Abraham, te vervul? (Deur te verklaar dat ons die nasate van Abraham is, beklemtoon ons patriargale seëning ons voorreg om die seëninge van die verbond van Abraham te ontvang, asook ons verpligting om die verantwoordelikhede daarvan te vervul.)

Slotsom

Getuig van die seëninge van die verbond van Abraham. Moedig klas lede aan om hul verantwoordelikhede as erfgename tot hierdie verbond, te vervul.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiale is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dit dalk as deel van die les wil gebruik.

**Die uitdaging om in die wêreld te leef.**

Verduidelik dat die Isrealiete van ouds deur baie nasies omring was, wie se mense nie in die ware God geglo het nie. Hierdie nasies het die Assiriërs, die Babiloniërs, die Egiptenare, en andere ingesluit. (Jy mag klas lede wil vra om na kaart 2 in die Heiliges van die Laaste Dae uitgawe van die Koning Jakobus Weergawe van die Bybel, te gaan.)

- Hoekom dink jy het die Here sy verbonds volk in die middel van die antieke wêreld geplaas, in plaas van waar hulle alleen gelaat kon word? (Sien Deuteronómium 4:6–8. Hy wou gehad het dat hulle ʻn voorbeeld sou wees aan andere en dat hulle die verbond van Abraham sou vervul, om ʻn seëning aan alle nasies te wees.)

  Verduidelik dat baie van die stories in die Ou Testament die sukses of mislukking van die Here se volk om hulle geloftes te vervul, en andere tot regverdigheid te beinvloed, uitwys. Abraham, Josef, Daniël, Ester,en vele andere was regverdige invloede. Samson, Ahab, die kinders van Israel wat in die wildernis gewandel het, en andere het toegelaat dat die wêreld, hulle beinvloed.

  Soos wat hy met Israel van ouds gemaak het, het die Here ons, sy heedendaagse verbonds volk, in die middel van die wêreld geplaas. Ons uitdaaging is om die wêreld in geregtigheid te beinvloed, eerder as om die wêreld toe te laat om ons in ongeregtigheid te beinvloed.

# Om Regverdig te Leef in ‘n Bose Wêreld

Les
# 8

*Genésis 13–14; 18–19*

**Doel**

Om elke klas lid te versterk in hul begeerte om vas te hou aan regverdige standaarde, gedurende tye van vermeerderende boosheid.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture. Let wel: Genésis 17:5 verduidelik dat die Here Abram se naam na Abraham verander het. Die naam *Abraham* word dwars deur hierdie les gebruik.

   a. Genésis 13. Nadat hulle in Egipte gebly het vir ‘n tydperk as gevolg van ‘n droogte in die land van Kanaan, het Abraham en sy familie na Kanaan terug gekeer. Abraham het homself in Hebron gevestig, en sy neefie Lot het homself naby Sodom gevestig.

   b. Genésis 14:1–2, 8–24. Lot word gevangene geneem gedurende die stryd van die konings en word deur Abraham gered (14:1–2, 8–16). Abraham betaal sy tiende aan Melgisédek en weier om die oorlogsbuit te aanvaar wat die koning van Sodom hom geoffer het (14:17–24).

   c. Genésis 18:16–33; 19:1–29. Die Here kondig aan dat hy Sodom en Gomorra gaan verwoes as gevolg van die boosheid van die mense (18:16–22). Abraham pleit met die Here om die stede te spaar, indien hy enige regverdige mense kan vind wat daar bly (18:23–33). Lot en sy gesin word beveel om Sodom te verlaat (19:1–23; let wel dat in die Joseph Smith Vertaling, Genésis 19:11–13 sê dit dat Lot het *nie* sy dogters aan die mans van Sodom geoffer nie;eerder, hy het prober om sy dogters teen die mans te beskerm). Die Here verwoes Sodom en Gomorra (19:24–29).

2. Addisionele leeswerk: Genésis 12; Joseph Smith Vertaling, Genésis 14:25–40; 19:9–15.

3. Indien jy die aandag aktiwiteit gebruik, bring ‘n onlangse koerant klas toe.

4. Jy mag dalk ‘n kort uittreksel van “Abraham — Die Belofte” of “Abraham — Sodom en Gomorra,” deel 4 en 5 van *Die Begin/Abraham* videokassette (53150),wil wys as deel van die les.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Wys ‘n onlangse koerant aan die klas. Sonder om ‘n spesifieke artikel aan te dui, wys daarop dat ons deur ongeregtige invloede omring is. Verduidelik dat hierdie les sal handel oor die belangrikheid om regverdig te wees,selfs wanneer boosheid orals rondom ons is.

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

1. **Abraham en sy gesin vestig hulself in Hebron, en Lot en sy gesin vestig hulself naby Sodom.**

Leer en bespreek Genésis 13.

Jy mag dalk ‘n kort oorsig wil gee van Abraham se reise tot op hierdie punt in sy lewe. Hy het in Ur van die Chaldeërs groot geword, is toe deur die Here gelei om hom in Haran te vestig (Genésis 11:31; Abraham 2:1–5). Die Here het hom later van Haran na die land van Kanaan gelei en belowe dat, "Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee" (Genesis 12:7). Vanweë ‘n droogte in Kanaan,het Abraham en sy familie na Egipte gegaan (Genésis 12:10). Genésis 13 begin waar Abraham en sy gesin na Kanaan terug keer van Egipte af.

- Hoekom kon Abraham en Lot se families nie saam leef, toe hulle van Egipte af na Kanaan terug gekeer het nie. (Sien Genésis 13:5–7.) Wat leer ons van Abraham se aanmerkings in Genésis 13:8–9? Hoe kan ons Abraham se voorbeeld volg, wanneer ons struwelinge het met familielede of andere?
- Waar het Lot gekies om te gaan bly? (Sien Genésis 13:10–12.) Wys daarop dat die mense van Sodom verskriklik boos was (Genésis 13:13), en tog het Lot steeds gekies om naby hulle te bly. Wat het die area rondom Sodom so begeerlik gemaak vir Lot? (Sien Genésis 13:10. Dit was "goed gewater" en pragtig.)
- Om mee te begin het Lot "in die stede van die Jordaanstreek," buite Sodom gaan bly, maar hy het sy "tent na Sodom opgeslaan" (Genésis 13:12). Later het hy in die stad van Sodom ingetrek (Genésis 14:12). Watter dinge mag ons dalk doen, wat geestelik gelykstaande mag wees aan, ons tent na Sodom op te slaan? (Ons mag dalk met bose dinge assosieer in plaas daarvan om hulle te verwerp, of ons mag onsself toelaat om klein sondes te pleeg sonder om daaraan te dink dat hulle tot groter sondes kan lei.) Hoe kan ons, ons gedrag verander voordat klein probleme of sondes, groter word?
- Soos Lot, het die mense van Koning Benjamin in die Boek van Mormon ook hulle tente in ‘n spesifieke rigting opgeslaan. Waarna toe het hulle tente gekyk? (Sien Mosia 2:6.) Hoe kan ons ons huise meer na die tempel, in plaas van die wêreld draai?

2. **Abraham red Lot, betaal sy tiende aan Melgisédek, en weier om die oorlogsbuit van die koning van Sodom te aanvaar.**

Leer en bespreek Genésis 14:1–2, 8–24.

- Terwyl Lot in Sodom gebly het, het die konings van sekere van hierdie stadstate, insluitende Sodom en Gomorra, begin oorlog voer met mekaar (Genésis 14:1–2, 8–9). Wat het met Lot gebeur, tydens hierdie oorlog? (Sien Genésis 14:10–12.) Hoe het Abraham vir Lot gehelp, nadat hy gevangene geneem is? (Sien Genésis 14:13–16.)
- Wie het Abraham ontmoet, nadat hy Lot gered het? (Sien Genésis 14:17–18.) Wie was Melgisédek? (Sien Genésis 14:18; sien ook L&V 107:1–2.) Wat het Abraham aan Melgisédek gegee? (Sien Genésis 14:20; sien ook Joseph Smith Vertaling, Genésis 14:36–40.)
- Hoekom het Abraham geweier om selfs ‘n gare draad, as beloning van die koning van Sodom, te ontvang? (Sien Genésis 14:21–24. Hy wou niks van ‘n goddelose koning ontvang nie.) Wat kan as ‘n "gare draad" van onsedelikheid

beskou word, in vandag se wêreld? Wat mag dalk 'n "gare draad" van oneerlikheid wees? Hoe regverdig ons soms die hoeveelheid ongeregtigheid wat ons bereid is om te aanvaar in die vermaaklikheid wat ons na soek? Hoekom is dit belangrik dat ons probeer om nie eens die kleinste hoeveelheid wêreldse invloede in ons lewens toe te laat nie? (Sien 2 Nefi 28:20–21.)

- Wat kan ons van Abraham se getrouheid aan die Here leer, as ons sy reaksies teenoor Melgisédek en die koning van Sodom, vergelyk?

**3. Die Here vernietig Sodom en Gomorra.**

Leer en bespreek Genésis 18:16–33; 19:1–29.

- As gevolg van die boosheid van die mense van Sodom en Gomorra, het die Here beplan om die stede te vernietig (Genésis 18:20–21). Wat het Abraham van die Here gevra, nadat hy van die Here se plan geleer het? (Sien Genésis 18:23–32.) Wat kan ons leer van die feit dat die Here gewillig was om die stede te spaar, indien daar regverdige mense in hulle gevind kon word?
- Hoekom was Lot aangesê om Sodom te verlaat? (Sien Genésis 19:12–13, 15.) Hoe het Lot se skoonseuns gereageer toe hy hulle aangehits het om dit te verlaat? (Sien Genésis 19:14.) Hoekom weier sommige mense om hulself van verkeerde invloede te skei, selfs nadat hulle bewus gemaak is van die gevare?
- Watter raad het die engele aan Lot en sy gesin gegee toe hulle die stad verlaat het? (Sien Genésis 19:17.) Wys daarop dat die Saligmaker soortgelyke raad aan sy volgelinge gegee het (Lukas 9:62; 17:29–32; L&V 133:14–15). Wat stel "terug kyk" voor? ('n Huiwering om dit wat van ons gevra is, op te gee; 'n minder as volmaakte toegetrouenheid om Christus te volg.) Hoe mag ons somtyds "terug kyk"?
- Wat het met Lot se vrou gebeur toe sy na Sodom terug gekyk het? (Sien Genésis 19:26.) Wat kan die storie van Lot se vrou ons leer, van bekering? (Om te bekeer moet ons, ons harte en ons gedrag verander. Om dit te doen moet ons soms 'n nuwe omgewing en nuwe vriende kies.)
- Wat het Lot verloor omdat hy sy "tent na Sodom opgeslaan "het? Wat kan ons verloor wanneer ons, onsself in posisies plaas waar ons weet ons getempteer sal word? Hoe word ons geaffekteer wanneer ons toelaat dat ons deur boosheid omring word, selfs al is ons nie 'n direkte deelnemer in die sondige dade nie?
- Wat stel Genésis 19:29 voor, was die rede hoekom Lot gespaar is, toe Sodom en Gomorra vernietig is? (Die Here het die geregtigheid van Abraham onthou.) Hoe kan ons gerregtelike gedrag andere baat?

  President Spencer W. Kimball het gesê: "Ons wêreld is baie dieselfde as in die dae van die Nefietiese profeet wat gesê het: '. . . as dit nie was vir die gebede van die regverdiges . . . dat julle selfs nou besoek sou word met algehele vernietiging. . . . ' (Al. 10:22.) Daar is natuurlik, baie baie opregte en gelowige mense, wie al die gebooie leef en wie se lewens en gebede die wêreld van vernietiging weerhou" (in Konferensie Raport, Apr. 1971, 7; of *Ensign,* Junie 1971, 16).

**Slotsom**

Getuig van die belangrikheid om onsself vry van sonde te hou, selfs wanneer boosheid oral om ons is. Moedig klas lede aan om daarna te streef om 'n regverdige invloed op die wêreld te wees, in plaas daarvan dat wêreldse dinge hulle beinvloed.

Jy mag dalk met die volgende stelling van Ouderling M. Russell Ballard wil afsluit :

"In die Kerk, praat ons gereeld van die stelling, 'Wees in die wêreld, maar nie van die wêreld nie.' Wanneer ons televisie programme kyk wat vloek, en geweld, en ontrouheid algemeen aanvaarbaar en selfs aanloklik maak, wens ons soms dat ons die wêreld op 'n manier kan uitsluit en ons families van dit alles kan isoleer. . . .

"Miskien moet ons die stelling wat ons vantevore genoem het as twee aparte vermaanings stel. Eerste, *'Wees in die wêreld.'* Wees betrokke;wees ingelig. Probeer om verstandig en verdraagsaam te wees en om verskille te waardeur. Maak meningvolle bydraes tot die gemeenskap deur diens en betrokkenheid. Tweedens, *'Wees nie van die wêreld nie.'* Moenie verkeerde paaie volg nie of buig om in te pas of dit wat nie reg is te aanvaar nie. . . .

"Lede van die kerk moet meer invloed hê, as wat hulle beinvloed word. Ons moet daaraan werk om die gety van sonde en boosheid te stuit, eerder as om net daarmee saam gesleep te word. Ons moet elkeen help om die probleem op te los, eerder as om dit net te ignoreer" (in Konferensie Raport, Apr. 1989, 100–101; of *Ensign,* Mei 1989, 80).

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiale is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van die ideës, as deel van die les wil gebruik.

**1. Die sondes van Sodom en Gomorra**

Soos wat in Genésis 19:4–11 en in die Joseph Smith Vertaling van Genésis 19:9–15 voorgestel is, het die mense van Sodom and Gomorra deelgeneem in ernstige seksuele sondes. Maar hierdie sondes, so erg soos wat dit was, was nie die enigste sondes waarvoor die stede vernietig was nie. Laat 'n klas lid vanuit Eségiël 16:49–50 hardop lees, en bespreek met die klas die ander sondes waar aan die mense van Sodom en Gomorra skuldig was. Help klas lede om te verstaan dat ons deur klein sondes asook deur groot sondes vernietig kan word.

**2. Lei deur voorbeeld**

Om te illustreer hoe Heiliges van die Laaste dae 'n goeie invloed kan wees in plaas daarvan dat hulle deur die wêreld beinvloed word, kan jy die sewe – minute gedeelte, "Lei deur Voorbeeld" van die *Ou Testament Video Aanbiedinge* (53224) wys. In hierdie segment, help die regverdige voorbeeld van 'n jong vrou, om haar vriendin tot bekering tot die evangelie van Jesus Christus te bring.

# "God Sal Homself, 'n Lam Voorsien"

Les
9

*Abraham 1; Genésis 15–17; 21–22*

**Doel**

Om klas lede te help om Hemelse Vader se opoffering van sy Seun te verstaan, soos wat hulle van Abraham se gewilligheid om Isak op te offer, leer.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture. Let op: Genésis 17 vertel dat die Here, Abram se naam na Abraham verander het en Saria se naam na Sara (sien verse 5, 15). Die name *Abraham* en *Sara* word dwars deur hierdie les gebruik.

   a. Abraham 1:1, 5–20. As 'n jong man is Abraham deur die valse priesters van Farao, vervolg. Hulle probeer om hom op te offer, maar hy word deur Jehova gered.
   b. Genésis 15–17; 21. Later in sy lewe, begeer Abraham 'n nageslag, en is aan hom nasate beloof (15:1–6). Sara gee Hagar aan Abraham, as vrou; Hagar gee geboorte aan Ismael (16:1–16). God spreek weer oor sy verbond met Abraham, en belowe hom dat hy die vader van vele nasies sal word (17:1–14; sien les 7). Die geboorte van Isak, deur wie die verbond sou voortgaan, word aangekondig (Genésis 17:16–22). Sara gee geboorte aan Isak (21:1–12).
   c. Genésis 22. God beveel Abraham om Isak op te offer (22:1–2). Abraham berei hom voor om Isak te offer, maar God voorsien 'n ram om in die plek van Isak geoffer te word. (22:3–19).

2. Addisionele leeswerk: Hebreërs 11:8–19; Jakobus 2:21–23; Jakob 4:5; Leer en Verbonde 132:34–36.

3. Indien jy die tweede aandag aktiwiteit gebruik, vra 'n paar klas lede, ten minste een week voor die tyd, om voor te berei om 'n ondervinding te deel waar hulle geseën is, omdat hulle bereid was om iets op te offer.

4. Indien die volgende audiovisuele materiale beskikbaar is, mag jy dalk sommige van hulle as deel van die les wil gebruik:

   a. 'n Kort uittreksel uit "Abraham – Die Belofte" of "Abraham Word Beveel om Isak te Offer," deel 4 en 6 van *Die Begin/Abraham* videokassette (53150).
   b. Die prente 'n Engel Red Abraham (62607; Evangelie Kuns Prente Stel 104) en Abraham Neem Isak om Geoffer te Word (62054; Evangelie Kuns Prente Stel 105).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk een van die volgende aktiwiteite (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin. Kies die aktiwiteit wat die mees geskikste sal wees, vir die klas.

Aandag Aktiwiteit

1. Vra klas lede om aan 'n persoon te dink vir wie hulle baie lief is of 'n besitting wat hulle baie hoog op prys stel.

   - Hoe sou jy voel indien God jou sou vra om die persoon of besitting op te gee of op te offer? Wat sou jy doen?

2. Nooi ‘n paar klas lede uit om te vertel van ‘n tyd toe hulle geseën is, omdat hulle bereid was om op te offer.

Na een of die ander van die aktiwiteite, verduidelik dat God, Abraham beveel het om sy seun, vir wie hy baie lief was, op te offer. Alhoewel Abraham uiteindelik nie nodig gehad het om hierdie offerande te maak nie, was hy nogsteeds gewillig om dit te doen en is dit aan "hom tot geregtigheid gereken" (L&V 132:36). As gevolg van Abraham se geregtigheid, is hy en sy nageslagte ryklik geseën.

---

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

**1. Abraham is amper deur die valse priesters van Farao, opgeoffer.**

Leer en Bespreek Abraham 1:1, 5–20. ‘n Deel van hierdie les fokus op God se bevel aan Abraham, om Isak op te offer. Om klas lede te help om die betekenisvolheid van die gebod, en die diepte van Abraham se geloof te verstaan, begin die les met ‘n kort bespreeking van Abraham se ondervinding as ‘n jong man, toe hy amper deur die valse priesters van Farao, opgeoffer is.

- Wat was die omstandighede in Chaldeërs, toe Abraham daar gewoon het? (Sien Abraham 1:1, 5–8.) Wat het die valse priesters van Farao probeer om aan Abraham te doen? (Sien Abraham 1:7, 12.) Hoe is Abraham van hierdie valse priesters gered? (Sien Abraham 1:15–16, 20.)
- Hoe mag Abraham se ondervinding op die altaar van die valse priesters, gehelp het om hom voor te berei vir toekomstige uitdagings? Hoe kan ons uitdagings ons help voorberei vir toekomstige probleme?

**2. Abraham het kinders deur Hagar en Sara.**

Leer en bespreek Genésis 15–17; 21.

- Watter belofte het die Here aan Abraham gegee met betrekking tot kinders? (Sien Genésis 15:1–6.) Hoekom het Sara, Hagar as vrou aan Abraham gegee? (Sien Genésis 16:1–3; L&V 132:34–35.) Watter belofte het die Here aan Hagar gegee? (Sien Genésis 16:10–11.)
- Wat het God aan Abraham in Genésis 17:15–16, 19, 21 geopenbaar? Hoe het Abraham gereageer? (Sien Genésis 17:17. Let daarop dat alhoewel die Koning Jakobus weergawe van die Bybel sê dat Abraham "gelag" het toe hy hoor dat Sara ‘n seun sou baar, is die alternatiewe vertaling van die Hebreërse woord "verjeug". Die Joseph Smith Vertaling van die Bybel sê dat Abraham "verjeug" was met die nuus.)
- Wat kan die openbaring dat Abraham en Sara ‘n seun sou hê, ons leer oor hoe God sy beloftes vervul? (God sal sy beloftes vervul, al is dit nie op die manier of in die tyd wat ons mag verwag nie. Wys daarop dat Abraham en vele andere in die skrifture, vir baie jare getrou gewag het, voor die beloofde seëninige aan hulle gegee is.)
- Hoe verskil die beloftes wat God ten opsigte van Isak gemaak het, met die wat hy ten opsigte van Ishmael gemaak het? (Sien Genésis 17:19–21.)

**3. God beveel Abraham om Isak op te offer.**

Leer en bespreek Genéesis 22.

- Hoekom het God, Abraham gevra om Isak op te offer? (Sien Genésis 22:1. Neem kennis dat voetnota 1*a,* sê die woord *tempteer* in hierdie vers beteken om te toets of te beproef.) Hoekom sou dit 'n moeilike toets vir Abraham gewees het? (Nie net was Isak sy seun nie, maar God het belowe dat die verbond van Abraham deur Isak en sy afstammelinge sou voort gaan [Genésis 17:19]. Nog 'n rede hoekom dit moeilik sou wees, is dat as 'n jong man is Abraham self, amper deur die valse priesters van Farao opgeoffer [Abraham 1:1, 5–20].)
- Hoe het Abraham gereageer op God se bevel om Isak op te offer? (Sien Genésis 22:2–3.) Wat kan ons by Abraham leer, van geloof en gehoorsaamheid? (Sien Hebreërs 11:17–19; Jakobus 2:21–23.)
- Hoe het Isak op hierdie situasie gereageer? (Sien Genésis 22:3–10. Daar is geen aanduiding dat Isak, Abraham se plan om hom op te offer, teen gestaan het nie.)

  Ouderling Dallin H. Oaks verduidelik: "Toe hulle op die voorgeskrewe plek kom, het Abraham 'n altaar gebou en die hout daarop geplaas. Toe, sê die Bybel, het 'Abraham . . . sy seun Isak vasgebind, en hom op die altaar gelê, bo-op die hout' (Genésis 22:9). Wat het Isak gedink toe Abraham so 'n vreemde ding doen? Die Bybel sê niks van 'n stryd of beswaar nie. Isak se stilte kan slegs interme van sy vertoue op, en geloof in sy vader verduidelik word" (in Konferensie Raport, Okt. 1992, 51; of *Ensign,* Nov. 1992, 37).
- Abraham se gewilligheid om Isak op te offer was 'n vergelyking aan Hemelse Vader se gewilligheid om sy Eniggebore Seun op te offer (Jakob 4:5; Genésis 22:8, 13). Wat is van die ooreenkomste tussen Abraham se ondervinding en Hemelse Vader sin? Wat is die grootste verskil?
- Op watter manier kan ons aan Isak vergelyk word? Indien Isak ons voorstel, wie stel die ram in die bos voor? Hoe kan hierdie vergelykinge jou help om te verstaan hoe Hemelse Vader uit liefde vir jou, sy Seun op geoffer het?

  Ouderling Dallin H. Oaks het gesê: "Hierdie storie . . . wys die goedheid van God deur dat Hy Isak beskerm het en 'n plaasvervanger verskaf het sodat hy nie nodig gahad het om te sterf nie. As gevolg van ons sondes en ons sterflikheid, is ons soos Isak tot die dood veroordeel. Wanneer alle hoop vergaan het voorsien ons Hemelse Vader die Lam van God, en ons word deur sy opoffering gered" (in Konferensie Raport, Okt. 1992, 51; of *Ensign,* Nov. 1992, 37).
- Wat het Abraham deur hierdie toets bewys? (Sien Genésis 22:11–12.) Nooi klas lede uit om ander situasies te noem, skriftelik of persoonlik, waar individue getoets is om hulle die geleentheid te gee om hul gelowigheid te bewys. Vra klas lede om ook te vertel van die vreugde en seëninge wat kan kom vanweë ons gelowigheid.
- Hoekom word Isak in Genésis 22:16 as Abraham se enigste seun verwys? (Isak was die seun deur wie die verbond sou voortgaan. Hierdie verwysing beklemtoon ook die parrallel tussen Isak en ons Saligmaker, die Eniggebore Seun van die Vader.) Watter seëninge is aan Abraham verseker, as gevolg van sy gelowigheid? (Sien Genésis 22:15–18.) Watter seëninge word aan ons belowe deur die verbond van Abraham? (Sien les 7.) Wat is ons verantwoordelikhede, as erfgename van die verbond van Abraham?

Slotsom

Dui jou waardeering aan vir die voorbeeld van geloof en gehoorsaamheid wat Abraham ons gegee het. Getuig dat Abraham se gewilligheid om Isak op te offer, soortgelyk is aan Hemelse Vader se gewilligheid om sy Eniggebore Seun op te offer. Nooi klas lede om hul gevoelens oor die Versoening en die groot liefde wat Hemelse Vader en Jesus Christus vir ons het, te deel.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiale is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Leer deur beproewing**

- President Hugh B. Brown het gesê dat God, Abraham beveel het om Isak op te offer omdat "Abraham nodig gehad het om iets van Abraham te leer" (in Truman G. Madsen, *Die Hoogste in Ons* [1978], 49). Wat kon hierdie ondervinding, Abraham van homself geleer het? Wat het jy uit jou beproewinge geleer?
- Deur openbaring het die Here gesê dat ons "selfs soos Abraham" beproef moet word. (L&V 101:4). Hoekom dink jy is dit nodig? (Sien L&V 101:5, 35–38; 122:5–7.) Wat kan ons nou doen om onsself voorteberei vir offerandes wat die Here ons mag vra om te maak?

**2. Bou 'n sterk verhouding met God**

Abraham 1 en Abraham 2 beskryf die verhouding wat Abraham en sy vader met God gehad het. Abraham se vader het na God gekeer in moeilike tye, maar na afgodery wanneer dinge in sy lewe goed gegaan het (Abraham 1:5, 30; 2:5). Abraham het op die ander hand, die Here aanhoudend uitgesoek (Abraham 1:2, 4; 2:12).

- Hoe kan ons God soek, om ons verhouding met hom aktief in plaas van passief, te maak? Hoe kan ons ons toevertroue op God meer konstant maak, sodat ons aan hom getrou kan wees in tye van vrede en gemak, asook in tye van beproewing?

# Geboortereg Seëninge; Huwelik in die Verbond

Les
# 10

*Genésis 24–29*

**Doel**

Om klas lede se begeerte te versterk, om waardig te leef van hul geboortereg seëninge en ʻn ewiglike huwelik.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:

   a. Genésis 24. Abraham beklemtoon die belangrikheid van ʻn huwelik in die verbond (ʻn ewige huwelik), deur die kies van ʻn waardige vrou vir Isak.
   b. Genésis 25:20–34. Rebeka ontvang ʻn openbaring wat betrekking het op haar ongebore tweeling seuns (25:22–23). Toe hierdie seuns groter was, het Essau sy geboortereg aan Jakob verkoop (25:29–34).
   c. Genésis 26–29. Isak en sy afstammeling word die seëninge van die verbond van Abraham, belowe (26:1–5). Essau trou buite die verbond en bring hartseer aan sy ouers (26:34–35). Isak seën Jakob om oor mense en nasies te regeer (27:1–46). Isak gee aan Jakob die seëninge van die verbond van Abraham en stuur hom weg om ʻn waardige vrou te gaan kry (28:1–10). Jakob trou met Lea en Ragel in die verbond (29:1–30).

2. Indien jy die eerste aandag aktiwiteit gebruik, bring ʻn klein bakkie of sak spring- mielies of ʻn vrug.

3. Indien jy tieners of jong ongetroude volwassenes leer, mag jy dalk die tweede addisionele onderrig ideë, "Regte huwelik begin met reg uitgaan" wil gebruik.

4. Indien die volgende audiovisuele materiale beskikbaar is, mag jy sommige van dit as deel van die les wil gebruik:

   a. "Huwelik in die Verbond," ʼn vier-minute gedeelte van die *Ou Testament Video Aanbiedinge* (53224).
   b. ʻn Kort uittreksel van "Rebeka" of "Esau en Jakob", deel 1 en 2 van die *Isak en Jakob* videokasset (53151).
   c. Die prent Rebeka by die Put (62160).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk een van die volgende aktiwiteite (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin. Kies die aktiwiteit wat die mees geskikste sal wees vir jou klas.

Aandag Aktiwiteit

1. Wys die bak of sakkie spring- mielies of ʻn vrug, en vra klas lede dan die volgende vrae:

   - Indien jy moes kies tussen die bak spring- mielies (of ʻn vrug) nou of die belofte van oneindigende spring-mielies (of vrugte) later nadat jy dit geplant, gekultiveer, en die mielies (of vrugte) geoes het, watter een sou jy kies? Hoekom?

   Verduidelik dat ons gereeld moet kies tussen dinge wat ons maklik nou kan hê, of dinge waarvoor ons moet wag en werk. Partykeer kies ons dit wat onmiddelike bevrediging (plesier of satisfaksie) sal bring, self wanneer die besluit om te werk en te wag uiteindelik groter seëninge sal voorsien. Om te kies om nou of later spring-mielies (of ʻn vrug) te eet is nie ʻn belangrike besluit nie.

Tog, het ons ander besluite om in die lewe te maak—soos die besluit met wie en waar ons wil trou— hier kan die besluit om vir onmiddelike bevrediging te gaan, ons glorieryke en ewige seëninge kan kos.

2. Vra klas lede die volgende vrae:

   - Het jy al ooit geld en tyd gespandeer om iets te kry, net om uit te vind dat dit nie die prys werd was nie?

   Nooi 'n paar klas lede uit om te vertel van 'n tyd wat hulle te veel vir iets betaal het, wat hulle rerig wou hê (jy mag dalk ook van jou eie ondervinding wil vertel).

   Verduidelik dat dieselfde met geestelike dinge kan gebeur. Deur ongeregtelike besluite te neem, mag ons ewiglike seëninge vir dinge van minder waarde, verruil. Maar deur regverdig te lewe, kan ons al die seëninge ontvang wat Hemelse Vader vir ons voorberei het.

---

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel, wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

**1. Abraham beklemtoon die belangrikheid van 'n huwelik in die verbond ('n ewige huwelik).**

Leer en bespreek Genésis 24. Soos wat jy die belangrikheid van 'n ewige huwelik bespreek, wees sensitief teenoor die gevoelens van klas lede wat nie in die tempel getrou het nie, of wie se ouers nie in die tempel getrou het nie.

- Hoekom het Abraham daarop aangedring dat Isak met 'n vrou van sy eie mense trou en nie een van die Kananiete, in wie se land Abraham en Isak gebly het, nie? (Abraham wou gehad het dat Isak met iemand van sy eie geloof moet trou, sodat hy in die verbond kon trou. Dit was nodig sodat die seëninge van die verbond van Abraham aan Abraham se afstammelinge gegee kon word.) Hoekom is dit belangrik dat ons in die verbond trou? (Indien nodig, verduidelik dat vandag word die terme *huwelik in die verbond, 'n ewige huwelik,* en *tempel huwelik* gereëld met mekaar afgewissel.)
- Hoe lank is huwelik in die verbond al 'n gebod van God? (Dit is 'n ewiglike ordinansie wat deel was van die Here se orde, in alle tye wat die volheid van die evangelie op die aarde was. Adam en Eva was die eerste op die aarde om in hierdie ordonansie in te tree.)
- Abraham stuur sy dienskneg om 'n vrou vir Isak te vind (Genésis 24:4). Wat het jou van Abraham se dienskneg beindruk? (Sien Genésis 24. Antwoorde mag verskil, maar kan insluit dat hy betroubaar, lojaal en gelowig was en dat hy gebid het. Selfs na 'n lang reis, wou hy nie eens eet totdat hy sy plig aan Abraham voltooi het nie. En eerder as om vir 'n 10-dag feësviering te bly, wou hy onmiddelik met Rebekka na Abraham terug keer). Wat kan ons van Abraham se dienskneg leer om ons te help om ons verantwoordelikhede na te kom wat die Here aan ons gegee het?
- Hoe het Abraham se dienskneg geweet dat Rebekka 'n goeie vrou vir Isak sou wees? (Sien Genésis 24:15–20, 58. Rebekka was sagmoedig en gewillig om andere te help, wat sy gewys het deur water te trek vir Abraham se dienskneg en sy kamele. Jy mag dalk wil uitwys dat 'n kameel tot 30 gallon water in 'n

dag kan drink, so Rebekka sou baie water moes op trek om 10 kamele se dors te les. Rebekka was ook gewillig om haar gesin te verlaat om met Isak te trou, seker omdat sy baie gelowig was en geweet het dat dit die Here se wil was dat sy met Isak moet trou.)

- Watter eienskappe soek jy in ʼn man of vrou? Hoekom is geeestelike eienskappe belangriker as fiesiese voorkoms? Watter eienskappe behoort elkeen van ons te ontwikkel (of ons al getroud is of nie), wat ons ʼn goeie man of vrou sal maak?
- Wanneer moet ʼn persoon begin voorberei vir ʼn ewige huwelik? Wat is sommige dinge wat kinders en jeug kan doen om voorteberei vir ʼn ewige huwelik? Hoe kan ouers en ander grootmense help om kinders en jeug voorteberei om in die tempel te trou?

  President Howard W. Hunter het gesê: "Laat ons daarvoor beplan, en leer en met ons kinders pleit om in die huis van die Here te trou. Laat ons met meer energie as ooit tevore bevestig dat waar jy trou en deur watter gesag jy as man en vrou verklaar word, belangrik is" (in konferensie Raport, Okt. 1994, 118; of *Ensign*, Nov. 1994, 88).

**2. Esau verkoop sy geboortereg aan Jakob.**

Leer en bespreek Genésis 25:20–34.

- Watter openbaring het Rebakka ontvang, oor haar ongebore tweeling? (Sien Genésis 25:22–23.) Hoekom was die Here se stelling dat die "ouere die jongere sal dien" ʼn ongewone openbaring? (Die geboortereg is gewoonlik van die vader na die oudste seun oorgedra. Om hierdie geboortereg te ontvang, het beteken dat die oudste seun ʼn dubbele deel van die familie se rykdom sou ontvang, en in ruil daarvoor sou hy dan oor die familie voorsit en na sy moeder en sisters omkyk na sy vader se dood. Die stelling dat "die ouere die jongere sou dien" in die Here se openbaring aan Rebekka het beteken dat in hierdie situasie die jonger seun die geboortereg sou ontvang en dat sy afstammelinge die verbondsvolk sou wees.)
- Hoe het Esau, die oudste seun gevoel oor sy geboortereg in die verbond wat tussen sy oupa Abraham en die Here gemaak is? (Sien Genésis 25:29–34. Esau se gewilligheid om sy geboortereg op te gee, om sy tydelike fisiese hongerte te knel, wys hoe min hy die geboortereg geag het.)
- As lede van die Kerk, is ons elkeen geregtig op ʼn geestelike geboortereg van ons hemelse ouers af. Watter seëninge word in hierdie geboortereg ingesluit? (Antwoorde mag insluit die priesterskap, tempel seëninge, ordonansies, openbaring, en die potensiaal vir verheerliking.)
- Hoe kan waar ons trou ons vermoë om ons geboortereg seëninge te ontvang, affekteer? (Ons verbind onsself tot die deel van die verbond van Abraham wat betrekking het op to verheerliking en ewige vermeerdering, deur die maak en hou van die verbonde van die tempel begiftiging en die ewige huwelik.)
- Hoe kan ons woorde en dade wys hoeveel waarde ons aan ons geboortereg heg? Hoe maak sommige van ons foute soortgelyk aan Esau sin, deur dinge te kies wat onmiddelike bevrediging bring eerder as dinge van ʼn ewige waarde?

- In die kies van die erfgenaam van die verbond, het die Here Isak bo sy ouer broer Ismael gekies (Galasiërs 4:22–23), Jakob oor sy ouer broer Esau, Josef oor sy ouer broer Ruben (1 Kronieke 5:1–2), en Efraim oor sy ouer broer Manasse (Genésis 48:17–20). Wat stel dit voor oor hoe ons kwalifiseer, vir die seëninge en roepinge van God?

**3. Jakob trou met Lea en Ragel in die verbond, en deur hom gaan die verbond van Abraham voort.**

Leer en bespreek Genésis 26–29.

- Wat leer ons van Esau se prioriteite, deur sy keuse van vrouens? (Sien Genésis 26:34–35; 28:6–9.) Wat kan ons oor Jakob leer deur sy pogings om in die verbond te trou? (Sien Genésis 28:1–5; 29:1–28. Een ding wat ons kan leer is dat huwelik in die verbond baie belangrik was vir Jakob. Hy het lank gereis om 'n gelowige vrou te vind om mee te trou. Hy het toe sewe jaar lank vir Laban gewerk voor hy met Ragel kon trou en het daarna aangehou om vir hom te werk.) Hoe kan ons wys dat dit vir ons belangrik is om in die verbond te trou?

  President Gordon B. Hinkley het van 'n familie vertel wat by die kerk in Australie aangesluit het en toe al hulle besitings verkoop het sodat hulle na die New Zealand se tempel kon gaan om as 'n familie verseël te word. Die vader van die familie het gesê: "Ons kon nie bekostig om [na die tempel toe] te gaan nie. Ons aardse besittings het bestaan uit 'n ou kar, ons meubels, en ons breekware. Ek het aan my gesin gesê, 'Ons kan nie bekostig om *nie* te gaan nie. As die Here my die krag sal gee, sal ek werk en genoeg verdien om 'n ander kar en meubels en breekware te koop, maar indien ek, hierdie, my geliefdes moet verloor, sou ek waarlik arm wees in hierdie lewe asook in die ewigheid" (*Wees Jy 'n Voorbeeld* [1981], 138).

- Nadat twee mense in die tempel getroud is, wat moet hulle doen om te verseker dat hulle waarlik 'n ewige huwelik het? Hoe kan 'n man en 'n vrou hulle huweliks verhouding handhaaf en verbeter, sodat die verbonde en seëninge wat in die tempel belowe is, vervul kan word? (Jy mag dalk 'n paar klas lede wil uitnooi om voorbeelde te deel van sommige dinge wat hul eggenoot of 'n ouer doen om 'n selestiale gees in hul huwelik in te bring.)

Slotsom

Beklemtoon hoe belangrik dit is om 'n huwelik in die verbond te hê, en om waardig te leef van die geboortereg seëninge. Daag klas lede uit om wyse keuses te maak en om nie ewige seëninge vir tydelike plesiere of satisfaksies te verruil nie.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiale is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van die Ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Rebekka is as 'n vrou vir Isak gekies.**

Skryf elk van die volgende kwotasies van Genésis 24 op aparte stukies papier neer en gee een of meer aan elke klas lid. Laat klas lede hul skrifture gebruik om uit te vind wie die stelling gemaak het en in watter vers dit voorkom. Wanneer klas lede klaar is, bespreek die stellinge en die omstandighede waarin dit gemaak is. Wys daarop hoe belangrik huwelik in die verbond is, die geloof en lojaaliteit van Abraham se dienskneg, en die kwaliteite wat Rebekka 'n goeie keuse as ewige metgesel gemaak het.

a. "Jy sal vir my seun geen vrou neem uit die dogters van die Kanaäniete nie"
b. "Jy sal na my land en my familie gaan om vir my seun Isak 'n vrou te neem."
c. "Die Here, die God van die hemel . . . sal sy engel voor jou uit stuur."
d. "Daardeur sal ek weet dat U guns aan my heer bewys het."
e. "Ek sal vir u kamele ook skep totdat hulle genoeg gedrink het."
f. "Ek is die dogter van Bétuel, die seun van Milka wat sy vir Nahor gebaar het."
g. "Geseënd is die Here [wie] my na die huis van my heer se broers gelei het."
h. "En sy sal my antwoord: drink u self en ook vir u kamele sal ek skep: laat sy die vrou wees wie die Here vir die seun van my heer bestem het."
i. "En as julle dan nou guns en trou aan my heer wil bewys, sê dit vir my; en indien nie, sê dit vir my."
j. "Daar staan Rebekka voor jou, neem haar en gaan heen, dat sy 'n vrou kan wees vir die seun van jou heer, soos die Here gespreek het."
k. "Ek sal gaan."
l. "Ons suster, mag jy duisende van tienduisende word."

Antwoorde: a-Abraham (v. 3); b-Abraham (v. 4); c-Abraham (v. 7); d-dienskneg (v. 14); e-Rebekka (v. 19); f-Rebekka (v. 24); g-dienskneg (v. 27); h-dienskneg (v. 44); i-dienskneg (v. 49); j-Laban en Bétuel (v. 51); k-Rebekka (v. 58); l-Rebekka se familie (v. 60).

**2. "Regte huwelik begin met reg uitgaan"**

- Beide Isak en Jakob is deur hulle vaders aangesê om met vrouens van hulle eie geloof te trou. Esau het sy ouers smart gebring deur met vrouens te trou wat nie in die God van Abraham geglo het nie. Hoekom is dit belangrik om met 'n persoon van dieselfde geloof as ons, te trou?

  President Spencer W. Kimball het hierdie raad gegee: "Paulus het aan die Korinthiërs gesê, 'Wees nie saam, ongelyk belas nie . . . ' Miskien wou Paulus hulle laat sien dat geloofs verskille fundamentele verskille is. Geloofs verskille dui op weier areas van konflik. Kerk lojaliteite en familie lojaliteite bots. Kinders se lewens word dikwels gefrustreer. Die nie-lid mag net so briljant, goed geleerd en aantreklik wees, en hy of sy mag selfs die mees aangenaamste persoonlikheid hê, maar sonder 'n eenvormige geloof, lê daar moeilikheid voor vir daardie huwelik. Daar is 'n paar uitsonderinge, maar die reël is 'n harde en ongelukkige een" (*Die Wonderwerk van Vergifnis* [1969], 240).

- Wat kan jy doen om te help om seker te maak dat die persoon met wie jy trou iemand is met wie jy 'n ewige huwelik kan hê? Hoe kan jou huidige assosiasies en vriendskappe die res van jou lewe en die ewigheid affekteer?

  President Kimball sê verder: "Duidelik, begin regte huwelik met reg uitgaan. 'n Persoon trou gewoonlik met iemand vanuit diegene met wie hy . . . sosiaal omgaan. Daarom, word hierdie waarskuwing grootliks beklemtoon. Moenie die kans vat om met 'n nie-lid uit te gaan, of met lede wat ongeleerd of ongelowig is, nie. 'n Meisie mag sê, 'O, ek is nie van plan om met die persoon te trou nie. Dit is net vir "pret".' Maar jy kan nie bekostig om die kans te vat dat jy verlief kan raak met iemand wat nie die evangelie sal aanvaar nie. Dit is waar, 'n klein persentasie word uiteindelik gedoop nadat hulle met Kerk lede getrou het. . . . Hulle is 'n geseënde mindere. . . . Maar die meeste het nie by die Kerk aangesluit nie en . . . fraksie, frustrasie en egskeiding het vele van hul huwelike gemerk." (*Die Wonderwerk van Vergifnis,* 241–42).

**3. God gee openbaring aan mans en vrouens.**

In skriftelike verhale van openbaring, sien ons meestal God se interaksie met priesterskap leiers, wie mans is. Maar, Genésis 25:22–23 bevat ʻn verhaal waar God aan ʻn vrou openbaring gee.

Met betrekking op Rebekka se gebed het Ouderling Bruce R. McConkie gesê: "Mag ek nou ons gemene voorouer Rebekka gebruik, as ʻn patroon vir wat haar dogters in die Kerk vandag kan doen? . . . Toe Rebekka bekommerd was en hemelse leiding nodig gehad het, het sy self die saak na die Here geneem, en hy het direk geantwoord. Die Here gee openbaring aan vrouens wat met geloof tot hom bid" (in Konferensie Raport, Tahiti Area Konferensie 1976, 16).

- Hoe kan mans en vrouens albei, hulself voorberei om persoonlike openbaring te ontvang?

**4. Jakob se visie van ʻn leer wat na die hemel op reik.**

- Terwyl Jakob van Kanaan na die land van sy familie gereis het om ʻn vrou te vind en om die woede van Esau te ontsnap, het hy vir die nag gestop om te rus en ʻn besonderse droom gehad (Genésis 28:10–19). Wat het Jakob in sy droom gesien? Watter seëninge het die Here hom belowe? (Sien Genésis 28:13–15. Hierdie is die seëninge van die verbond van Abraham, wat met Jakob in sy visie hernu is; sien les 7.) Wat is die leer ʻn simbool van?

  Ouderling Marion G. Romney het van die droom gesê: Jakob het besef dat die verbonde wat hy met die Here gemaak het . . . die trappe op die leer is, wat hy self moet klim om die beloofde seëninge te ontvang—seëninge wat hom geregtig sou maak om die hemel in te gaan en met die Here te assosieër" (Tempels—Die Hekke tot die Hemel," *Ensign*, Mar. 1971, 16).

# "Hoe Kan Ek Hierdie Groot Boosheid Doen?"

Les
11

*Genésis 34; 37–39*

**Doel**

Om klas lede te help om (1) te leer hoe om alle ondervindinge en omstandighede vir good te laat saamwerk en (2) om hulle toevertroue te versterk om die Here se standaard van seksuele moraliteit te handhaaf.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:

   a. Genésis 37. Josef, die elfde seun van Jakob is deur sy broers gehaat en word as 'n slaaf verkoop.
   b. Genésis 39. Josef floreer as 'n slaaf, maar word van onsedelikheid aangekla en tronk toe gestuur (39:1–20). Die opsiener van die tronk gee Josef die verantwoordelikheid oor die ander gevangenes (39:21–23).
   c. Genésis 34:1–12; 35:22; 38:1–30. Die sonde van onsedelikheid het negatiewe gevolge op Jakob se familie—Dina sy dogter (34:1–12); Ruben, sy oudste seun (35:22); en Juda nog een van sy seuns (38:1–30).

2. Addisionel leeswerk: Genésis 34:13–31.

3. Indien die volgende audiovisuele materiale beskikbaar is, mag jy sommige van dit as deel van jou les wil gebruik:

   a. 'n Kort uittreksel van "Die Dromer"of "Josef vertolk Farao se Droom," deel 1 en 2 van die *Josef en Sy Broers* videokasset (53152).
   b. Die prent Josef Word Deur Sy Broers Verkoop (62525; Evangelie Kuns Prente Stel 109) en Josef Weerstaan Potifar se Vrou (62548; Evangelie Kuns Prente Stel 110).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk een van die volgende aktiwiteite (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Vra die klas om sommige van die huidige populêre flieks, televisie programme, boeke, of tydskrifte te noem.

- Wat is die standaard van seksuele sedelikheid wat in hierdie populêre media, aangebied word? Hoe verskil hierdie standaarde, van die Here se standaarde wat ons in die geskrifte en deur Kerk leiers geleer word?

Verduidelik dat die morele gedrag van die samelewing dikwels verskil van die morele standaarde wat die Here gevestig het. Terwyl die standaarde van die samelewing kan verander, bly die Here se standaarde altyd konstant.

Hierdie les handel oor die ondervindinge van een man wat die Here se standaarde van sedelikheid gevolg het, en ander mans wat dit nie gedoen het nie. Die les sal ook die gevolge bespreek, wanneer die Here se standaarde gevolg word of nie

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

**1. Josef word deur sy broers in slawerny in verkoop.**

Leer en bespreek Genésis 37.

Jakob trou met Lea en Ragel, die dogters van sy ma se broer Laban, asook met hul diensmeisies, Zilpa en Bilha. Jakob se vrouens het hom twaalf seuns gebaar, wat die begin van die twaalf stamme van Israel geword het (die Here het Jakob se naam na Israel verander; sien Genésis 32:28). Jakob se elfde seun was Josef; as die oudste seun van Jakob en Ragel, het Josef die geboortereg ontvang, nadat Ruben, die oudste seun van Jakob en Lea, dit verloor het deur sy ongeregtigheid (1 Kronieke 5:1–2).

- Hoekom was Josef se broers jaloers op hom? (Sien Genésis 37:3–8.) Hoe reageer jy wanneer lede van jou familie jou aanstoot gee of beter behandel word as jy? Hoe kan ons gevoelens van woede of jaloesie teenoor ons familie lede of vriende, oorkom?
- Hoe het Josef gereageer toe sy vader hom gevra het om na Sigem te gaan, om te sien hoe dit met sy broers gaan? (Sien Genésis 37:13–14. Let wel dat die afstand na Sigem omtrent 45 myl was.) Wat het Josef gedoen toe hy nie sy broers in Sigem kon vind nie? (Sien Genésis 37:15–17. Let wel dat Dotan ten minste nog 12 myl verder was.) Wat kan ons leer van jong Josef uit hierdie verhaal? (Antwoorde kan insluit dat hy gehoorsaam was aan sy vader en dat hy toegewyd was om die dinge te doen wat sy vader van hom gevra het.)
- Wat het Josef se broers beraam om met Josef te doen, toe hy na hulle in die veld gekom het, waar hulle die skape gewei het? (Sien Genésis 37:12–18.) Hoe het Ruben se redes, hoekom hulle Josef se lewe moes spaar, van Juda se redes verskil? (Sien Genésis 37:21–22, 26–27.) Wat het die broers uiteindelik met Josef gemaak, in plaas daarvan om hom dood te maak? (Sien Genésis 37:28, 31–33.)

**2. Josef weier om ″teen God te sondig.″**

Leer en bespreek Genésis 39.

- Hoe het die Here Josef geseën, nadat hy as ʻn slaaf verkoop is? (Sien Genésis 39:1–4.) Hoekom het Potifar, ʻn ryk offisier van Farao, so baie vertroue op Josef, ʻn slaaf, geplaas? (Sien Genésis 39:5–6.)
- Wat het Josef gedoen toe Potifar se vrou hom probeer tempteer het om verkeerde ding te doen? (Sien Genésis 39:11–12. Wys daarop, dat Josef onmiddelik homself uit die situasie verwyder het.) Hoe kan ons Josef se voorbeeld volg wanneer ons getempteer word?
- Watter verskonings kon Josef gebruik het, indien hy sou wou ingee aan Potifar se vrou se voorstelle? Watter verskonings offer mense vandag om hulle morele oortredings te regverdig? Hoekom is hierdie verskonings nie geldige regverdigings nie?
- Hoe is Josef gestraf vir sy deuglikheid, toe Potifar se vrou hom voorgelê het? (Sien Genésis 39:12–20. Hy het gegaan van opsiener van Potifar se huishouding, tot ʻn gevangene.) In vandag se wêreld, hoe behandel sommige mense andere wat deuglik is? (Antwoorde mag verskil. Mense wat deuglik is word somtyds mee die spot gedryf of sosiaal uitgesluit, maar dikwels word hulle daarvoor gerespekteer.) Jy mag dalk die wêreld se druk, om onsedelik te wees, wat vandag se jeug moet trotseer, wil bespreek en hoe jeug hierdie druk kan weerstaan.

- Die skrifture beklemtoon dat die Here met Josef was, terwyl hy in die tronk was (Genésis 39:21–23). Wat wys dit ons van Josef? (Hy het in geloof voort gegaan, eerder as om God te bevraagteken of te blameer vir sy gevangenskap, wat die gevolg van sy deuglikheid was.) Wat kan ons van Josef leer oor hoe om 'n slegte ondervinding en omstandighede, in 'n goeie een te omskep? (Jy mag dalk gedurende die bespreking uit Romeine 8:28 wil lees.)

  Ouderling Hartman Rector Jnr. verduidelik: "[Die] vermoë om alles in iets goeds te omskep is 'n godelike karaktereinskap. Ons Hemelse Vader doen dit altyd. Alles, maak nie saak hoe sleg, word altyd 'n oorwinning vir die Here. Josef, al was hy 'n slaaf en al het hy glad nie sy lot verdien nie, het nietemin gelowig gebly aan die Here en het aangehou om die gebooie te onderhou en het iets goeds van sy vernederende omstandighede gemaak. Mense soos dié kan nie verslaan word nie" (in Konferensie Raport, Okt. 1972, 170 of *Ensign,* Jan. 1973, 130).

**3. Sigem, Ruben, en Juda pleeg ernstige morele sonde.**

Leer en bespreek Genésis 34:1–12; 35:22; en Genésis 38:1–30. Moenie die besonderhede van hierdie mans se sondes te lank bespreek nie; gebruik hulle eerder as 'n kontras tot Josef se getrouheid.

- Wys daarop dat nie al Josef se familie lede en kennise so dapper soos Josef was toe hulle getempteer is nie. Hoe het Sigem, Ruben, en Juda gereageer op seksuele temptasie?

- Neem kennis van die taal gebruik in Genésis 34:3 wat Sigem se gevoelens vir Dina beskryf: "En sy siel het verkleef geword aan Dina. . . en hy het die dogter lief gehad." Hoekom is hierdie beskrywing teenstrydig met Sigem se aksies? (Indien Sigem waarlik lief was vir Dina, sou hy haar nie onteer het nie. Help klas lede om te verstaan dat mense gereëld die verskoning gebruik "Ons is verlief" om hulle onsedelike aktiwiteite te regverdig, maar mense wat waarlik lief is vir mekaar sal nie mekaar laat skuldig voel en laat ly net om fiesiese passies en begeertes te versadig nie. Gedrag wat did moeilik maak om te bid, onwaardig maak om tempel toe te gaan, of families op breek is nie deur liefde gemotiveer nie.)

- Toe Jakob elk van sy seuns aan die einde van sy lewe geseën het, het hy na Ruben se morele oortreding verwys en Ruben beskryf as "onstabiel soos water" (Genésis 49:3–4). Hoe is dit 'n geldige vergelyking? Wat het Jakob aan Ruben gesê sou die gevolge wees omdat hy "onstabiel soos water" was?

- Vergelyk die prys wat Josef betaal het on deuglik te wees, met die prys wat Ruben betaal het om onsedelik te wees. Wat het Ruben verloor, vanweë sy onsedelikheid? (Sien 1 Kronieke 5:1–2.) Wat is die geestelike en tydelike gevolge van seksuele sonde, vandag? Hoekom is sedelikheid so belangrik vir die Here?

- Kerk leiers leer aanhoudend dat gehoorsaamheid aan God se gebooie ware vryheid is. Hoe sien ons dít in die lewe van Josef? Hoe het ongehoorsaamheid, minder vryheid as 'n gevolg gehad vir Sigem, Ruben, en Juda? Hoe kan die besluit om die gebooie te gehoorsaam, ons meer vryheid gee as die besluit om hulle te breek? (Sien Johannes 8:31–36.)

Slotsom

Getuig dat met die Here se hulp, kan al ons ondervindinge en omstandighede, tot ons voordeel, saam werk. Getuig ook van die waarde, om sedelik te wees in denke en dade. Daag klas lede uit om die flieks, tydskrifte, en ander media te evalueer, en slegs dit te gebruik wat die Here se standaarde van seksuele moraliteit handhaaf. Moedig klas lede aan om so getrou te wees soos Josef, wanneer dit kom by hul gehoorsaamheid aan die wet van kuisheid.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiale is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van die ideës as deel van jou les wil gebruik.

**1. Bet-el —die huis van God**

- Terwyl Jakob van Kaanan na die land van sy familie gereis het, het hy gestop om vir die nag te rus en 'n opmerklike droom gehad van 'n leer wat tot by die Hemel gestrek het (Genésis 28:10–19; sien ook die vierde addisionele onderrig ideë in les 10). Jakob noem die plek *Bet-el,* wat beteken "huis van God" (Genésis 28:19; sien voetnota 19*a*). Watter plek het vandag dieselfde naam? (Die tempel, wat die huis van die Here genoem word.)

  Ouderling Marion G. Romney het gesê, "Tempels is vir ons almal wat Bet-el vir Jakob was" ("Tempels—Die Hekke na die Hemel," *Ensign,* Mar. 1971, 16).

- In Genésis 35:1–15, neem Jakob sy familie terug na hierdie heilige plek. Wat het Jakob sy gesin gevra om te doen ter voorbereiding van hul terugkeer na Bet-el, die "Huis van God"? (Sien Genésis 35:2.) Hoe vergelyk hierdie dinge met die voorbereidings wat ons maak wanneer ons na die huis van die Here gaan? Watter "vreemde gode" mag tussen ons wees?

  President Spencer W. Kimball het gesê:

  "Die Here het ons as 'n volk geseën met voorspoed wat geen gelyke het in voorafgaande tye nie. Die hulpbronne wat aan ons gegee is, is goed en noodsaaklik vir ons werk hier op die aarde. Maar ek is bevrees dat baie van ons met 'n oorvloed van kuddes en akkers en skure en rykdom geseën is en dat ons hulle as valse godde begin aanbid het, en hulle het mag oor ons. Het ons meer van hierdie goeie dinge as wat ons geloof kan verduur? . . .

  "Ten spyte van ons vreugde om onsself as modern te definieer, en ons neiging om te dink dat ons meer gesofistikeerd is as enige ander mense in die verlede — ten spyte van hierdie dinge, is ons as 'n geheel, 'n afgoddelike volk — 'n toestand mees aanstootlik vir die Here" ("Die Valse Gode Wat Ons Aanbid," *Ensign,* Junie 1976, 4, 6).

- Hoe kan ons [ons] "vreemde gode wegsit . . . en skoon wees" en waardig om die tempel by te woon? (Sien Genésis 35:2; Psalms 24:3–4; 2 Korintiërs 7:1; Moroni 10:30, 32.)

**2. Jakob en Esau word hereenig**

- Deur na die land van Kaanan terug te keer, het Jakob geweet dat hy sy broer Esau weer sou ontmoet (Genésis 32:3–23; 33:1–17). Hoekom was Jakob bang om Esau weer te sien? (Sien Genésis 32:11.) Hoe het Jakob voorberei om Esau te ontmoet? (Sien Genésis 32:13–20.) Hoe het Esau teenoor Jakob gereageer toe hulle mekaar weer ontmoet het? (Sien Genésis 33:4, 8–11.) Wat kan ons van Jakob en Esau leer oor hoe om familie konflik op te los?

**3. Byvroue in Ou Testament tye**

In Genésis 35:22, word Bilha, een van Ragel se diensmeisies as Jakob se byvrou verwys. Ouderling Bruce R. McConkie het die volgende verduideliking gegee vir die gebruik van die term *byvrou* in die Ou Testament:

"Deur die hele geskiedenis van God se handelinge met sy mense, insluitende die met die huis van Israel, was byvroue, vrouens wat wettiglik getroud was aan hul mans in die nuwe en ewiglike verbond van die huwelik. . . . Van outs was hulle beskou as *sekondêre vrouens*, dit is, vrouens wat nie dieselfde rang in die klas stelsel van die tyd gehad het as vrouens wat nie byvroue genoem is nie" (*Mormon Leer,* 2de uitgawe [1966], 154).

Les

# 12

# “Vrugbaar in die Land van My Beproewing”

*Genésis 40–45*

**Doel**

Om klas lede te help verstaan dat, indien ons gelowig en gehoorsaam is, sal God ons beproewinge tot ons voordeel heilig.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:
   a. Genésis 40–41. Terwyl in die tronk, vertolk Josef die drome van twee van Farao se diensknegte, korrek. Hy vertolk toe Farao se drome van die beeste en die koring. Josef word in beheer gestel, onder Farao oor die hele Egipte en begin om die mense voor te berei vir die kommende droogte.
   b. Genésis 42–45. Jakob stuur twee keer sy seuns na Egipte om graan te koop. Josef maak homself aan sy broers bekend, en vergewe hulle, en hulle is saam verjeug.
2. Addisionele leeswerk: 2 Nefi 2:2; Leer en Verbonde 64:8–11; 22:5–9.
3. Jy mag dalk ‘n klas lid wil vra om ‘n kort opsomming van Genésis 42–43 voorteberei en te gee.
4. Jy mag dalk ‘n kort uittreksel van “Josef se Broers” of “Vereeniging”, deel 3 en 4 van die *Josef en Sy Broers* videokasset (53152), as deel van die les wil wys.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Vra klas lede om te verbeel dat hulle dood is en in die geestes wêreld is, en nou hulle aardse ondervindinge hersien. Verduidelik dat jy vier vrae sal vra om hulle te help dink aan hoe beproewing hulle lewens gehelp vorm het. Nadat jy al vier vrae gevra het, nooi klas lede uit om aanmerkings oor enige van die vrae te maak.

- Wat is sommige van die beproewinge wat jy in jou aardse lewe ondervind het?
- Watter lesse het jy van die beproewinge van die lewe geleer?
- Indien jy jou lewe kon oor hê, wat sou jy verander oor hoe jy jou beproewinge gehanteer het?
- Hoe kon jy meer voordeel uit die ondervindinge van die lewe gekry het?

Verduidelik dat hierdie les Josef, seun van Jakob sal bespreek, en hoe hy gelowig en gehoorsaam gebly het selfs deur diepe beproewinge.

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrifgedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toe gepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat van toepassing is op die skriftelike prinsiepe.

**1. Josef vertolk die drome van die skinker, die bakker, en Farao. Farao stel Josef in beheer van die hele Egipte.**

Leer en bespreek Genésis 40–41.

Laat klas lede die vorige lesse hersien deur sommige van Josef se beproewinge te noem wat hy in die vroëe deel van sy lewe ondervind het (Genésis 37; 39). Jy mag dalk klas lede se antwoorde op die swartbord wil neerskryf. Antwoorde mag insluit:

a. Hy is deur sy broers gehaat (Genésis 37:4).
b. Sy broers het saamgesweer om hom dood te maak, maar het hom toe eerder as 'n slaaf verkoop (Genésis 37:18–28).
c. Hy was ongeregtelik in die tronk gegooi omdat hy geweier het om iets boos te doen (Genésis 39:20).

- Hoe het Josef op al hierdie beproewinge gereageer? Hoe het die Here Josef geseën vir sy geregtigheid, selfs in tye van beproewing?

- Farao se skinker en bakker is saam met Josef in die tronk gegooi, albei het drome gehad wat hulle nie kon verstaan nie. Toe Josef die skinker se droom vertolk het, wat het hy van die skinker gevra? (Sien Genésis 40:14–15.) Wat het gebeur toe die skinker uit die tronk gelaat is? (Sien Genésis 40:21, 23.) Hoekom was dit nog 'n beproewing vir Josef? (Sien Genésis 41:1, 14. Hy het vir nog twee jaar in die tronk gebly.)

- Hoekom is Josef uiteindelik uit die tronk gelaat? (Sien Genésis 41:1, 8–15.) Wat was Josef se antwoord toe Farao gesê het dat hy gehoor het dat Josef drome kan vertolk? (Sien Genésis 41:16.) Hoe kan ons aan die Here die regte erkenning gee vir ons talente en gawes? (Ons kan hulle gebruik om God te verheerlik, andere te seën, en nie vir ons eie verheerliking nie.)

- Wat het Farao gedroom? (Sien Genésis 41:1–7, 17–24.) Wat was die vertolking van Farao se droom? (Sien Genésis 41:25–32.) Nadat Josef sy vertolking gegee het, wat het hy voorgestel moet Farao doen? (Sien Genésis 41:33–36; sien ook die tweede addisionele onderrig ideë.) Hoe het Farao gereageer op Josef se voorstel om vir die droogte voorteberei? (Sien Genésis 41:37–43.)

**2. Josef maak homself aan sy broers bekend en vergewe hulle.**

Leer en bespreek Genésis 42–45. Jy mag dalk 'n klas lid wil vra om 'n kort opsomming van Genésis 42–43 te gee.

- Hoekom het Josef se broers die eerste keer na Egipte gekom? (Sien Genésis 42:1–3.) Hoekom het hulle die tweede keer na Egipte gekom? (Sien Genésis 42:33–34; 43:2.) Hoekom het Jakob gehuiwer om Benjamin saam met sy broers na Egipte te laat gaan? (Sien Genésis 42:36, 38.) Hoekom het hy uiteindelik ingestem om Benjamin te laat gaan? (Sien Genésis 43:3–5, 11–14.)

- Deur Benjamin toe te laat om saam met sy broers na Egipte te gaan, het Jakob gevrees dat hy nog 'n seun sou verloor (Genésis 42:36). Hoe het die Here hierdie moontlike beproewing, in 'n seëning vir Jakob omskep?

- Toe Josef jonger was het hy ʻn droom gehad wat voorspel het dat sy broers uiteindelik hulself voor hom sou neer buig (Genésis 37:5–11). Hoe is hierdie droom vervul? (Sien Genésis 42:6; 43:26–28.) Hoe het hierdie vervulling, wat die broers gedink het ʻn groot beproewing vir hulle sou wees, uitgedraai om ʼn seëning te wees?
- Meer as 20 jaar nadat hulle Josef in slawerny in verkoop het, het sy broers nogsteeds skuldig gevoel oor wat hulle gedoen het (Genésis 42:21). Hoe kan skuld gevoelens ʻn positiewe invloed in ons lewe wees? Hoe kan dit ʻn negatiewe invloed wees? Hoe affekteer volkome bekering ons skuld gevoelens? (Sien Enos 1:4–6.)
- Hoe het Josef se broer Juda bewys dat hy ʻn meer sagmoedige persoon geword het sedert Josef hom laas gesien het? (Sien Genésis 44:18, 30–34. Herinnerr klas lede dat dit Juda se ideë was om Josef as ʻn slaaf te verkoop.)
- Hoekom dink jy was Josef se broers bekommerd toe Josef sy ware identiteit aan hulle bekend gemaak het? (Sien Genésis 45:1–3.) Hoe het Josef gewys dat hy sy broers vergewe het? (Sien Genésis 45:4–11, 14–15.) Hoe dink jy het Josef se vergifnis, gehelp om sy broers se geestelikheid op te lig?
- Wat sê die wêreld moet ons doen wanneer iemand ons verkeerdelik behandel het, soos Josef se broers aan hom gedoen het? Wat sê die Here moet ons doen? (Sien L&V 64:8–11.) Hoe is jy geseën deur sagmoedig te wees teenoor iemand wat jou sleg behandel het? Hoe kan ons meer vergifnis toon?
- Hoe het Josef se gevangenskap in Egipte, wat ʻn beproewing was vir hom, ʻn seëning geword vir hom, sy familie en die hele Egipte? (Sien Genésis 45:4–8.) Hoe kan ons Josef se voorbeeld volg, in hoe ons ons eie uitdagings en beproewinge handeer?
- In die Nuwe Testament, het die Apostel Paulus aan die Romeine gesê dat "vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk" (Romeine 8:28). Hoe is dit al waar bewys in jou lewe? Nooi klas lede uit om persoonlike ondervindinge te deel, waarin gebeure wat eers negatief was, later as ʻn seëning uitgedraai het.

Slotsom

Herinner klas lede dat dwarsdeur sy vele beproewinge, het Josef altyd gelowig gebly. Hy het selfs sy broers vergewe nadat hulle hom in slawerny in verkoop het. Vanwee sy geregtigheid, is Josef ryklik geseën. Getuig daarvan dat, indien ons gelowig bly, God ons sal seën dat alle dinge tot ons voordeel sal saam werk.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Die groot Joseph van die laaste dae**

Die Joseph Smith Vertaling van Genésis 50:24–38 bevat profisieë wat Josef gemaak het van een van sy afstammelinge, wat ʻn "verkose siener" sou word. Die Boek van Mormon profeet, Lehi het hierdie profisieë aangehaal in 2 Nefi 3:5–15. Die afstammeling wat na verwys word in hierdie profisieë, is die Profeet Josph Smith.

Bespreek hoe die volgende profisieë wat deur Josef van Egipte gemaak is, vervul was in die lewe van Joseph Smith:

a. Een van Josef se afstammelinge sou 'n "verkose siener" word (Joseph Smith Vertaling, Genésis 50:26; 2 Nefi 3:6).
b. Hierdie siener sou grootliks gerespekteer word deur die ander afstammelinge van Josef (Joseph Smith Vertaling, Genésis 50:27; 2 Nefi 3:7).
c. Hy sal hulle leer van die verbond wat God met hulle voorvaders gemaak het (Joseph Smith Vertaling, Genésis 50:28; 2 Nefi 3:7).
d. Hy sal gehoorsaam wees aan God (Joseph Smith Vertaling, Genésis 50:28; 2 Nefi 3:8).
e. Hy sal 'n groot profeet soos Moses wees (Joseph Smith Vertaling, Genésis 50:29; 2 Nefi 3:9).
f. Hy sal die weg wees waardeur nog skrifture voort gebring sal word (die Boek van Mormon) wat die werk van die bestaande skrifture (die Bybel) sal ondersteun) (Joseph Smith Vertaling, Genésis 50:30–31; 2 Nefi 3:11–12).
g. Alhoewel hy swak sal wees, tog sal die Here hom sterk maak (Joseph Smith Vertaling, Genésis 50:32; 2 Nefi 3:13).
h. Hy en sy vader sal albei die naam Joseph hê (Joseph Smith Vertaling, Genésis 50:33; 2 Nefi 3:15).

**2. Om vir droogte voorteberei**

- Josef het aan Farao aanbeveel dat hy die sewe goeie jare moet gebruik, ter voorbereiding vir die droogte wat in Egipte sou volg (Genésis 41:29–30, 34–36). Watter raad gee ons Kerk leiers ons, oor voorbereidings vir droogte of ander moeilikhede ?

Ouderling L. Tom Perry het gesê:

"Net soos wat dit belangrik is om onsself geestelik voorteberei, moet ons ook na ons tydelike noodsaaklikhede omsien. . . . Ons is al vir jare aangesê om ten minste vier benodighede te volg, ter voorbereiding vir dit wat sal kom.

"Eerste, kry genoeg opvoeding. Leer 'n ambag of profesie wat dit vir jou sal moontlik maak om konstante werk te kry wat genoeg geld sal verskaf om voldoende na jouself en jou gesin om te sien. . . .

"Tweedens, Leef streng binne jou inkomste en spaar ietsie vir 'n reënerige dag. Leer die disipliene aan om altyd te begroot volgens dit wat die Here jou mee geseën het. So gereëld soos wat jy jou tiende betaal, sit 'n bedrag eenkant vir toekomstige familie benodighede. . . .

"Derdens, vermy oormatige skuld. Noodsaaklike skuld moet slegs aangegaan word na gebed en nadat jy die beste advies verkry het. Ons het disipliene nodig om goed binne ons vermoë om te betaal, te bly. . . .

"Vierdens, kry en stoor 'n reserwe van kos en voorrade wat lewe sal onderhou[indien plaaslike wette die stoor van sulke voorrade toelaat]. Verkry klere en bou 'n spaar rekening op 'n praktiese en goed beplande basis op, wat kan help in tye van nood. So ver as wat ek kan onthou, is ons aangesê om voorteberei vir die toekoms en om 'n jaar se noodsaaklike voorrade, op te bou. Ek sou sê dat die jare van oorvloed, ons hierdie raad amper heeltemal na eenkant laat skuif het. Ek glo dat die tyd om hierdie raad te ignoreer, verby is. Met gebeure in die wêreld vandag, moet dit met alle ernstigheid oorweeg word" (in Konferensie Raport, Okt. 1995, 46–47; of *Ensign,* Nov. 1995, 36).

- Gedurende die hongersnood, het "alle lande na Egipte in gekom, na Josef toe" om kos te koop, want Egipte was die enigste land wat vir die hongersnood voorbereid was (Genésis 41:54–57). Hoe kan, om voorbereid te wees, aan ons die geleenthede verskaf om andere te dien?

**3. Josef se seuns**

- Nadat Farao hom die heerser oor Egipte gemaak het, het Josef met 'n vrou genaamd Asenat getrou en hulle het twee seuns gehad (Genésis 41:45, 50). Watter name het Josef en Asenat aan hulle seuns gegee? (Sien Genésis 41:51–52.) Hoekom was hierdie gepasde name vir Josef se seuns? (Jy mag dalk nodig hê om klas lede te vertel dat *Manassa* beteken "vergeet" en *Efraim* beteken "vrugbaar." Sien Bybel Woordeboek, bladsy 666 en 728.)

# Gebondenheid, Pasga, en Uittog

Les
13

*Exodus 1–3; 5–6; 11–14*

| | |
|---|---|
| **Doel** | Om klas lede aantemoedig om (1) te vertrou dat die Here sy beloftes sal nakom, (2) om hul waardering vir die Verlosser se Versoening te vermeerder, en (3) om die nagmaal meer betekenisvol te maak in hul lewens. |

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:

   a. Exodus 1–3. Die kinders van Israel word deur die Egiptenare as slawe gebruik (1:1–14). Farao beveel dat alle seuns wat aan die Israeliete gebore word, dood gemaak moet word (1:15–22). Moses word gebore en word deur Farao se dogter groot gemaak (2:1–10). Moses maak 'n Egiptenaar dood en vlug na Midian, waar hy met Zippora trou (2:11–22). Die Here verskyn aan Moses by die brandende bos en roep hom om Israel van hul gebondenheid te verlos (3:1–22; let wel dat in die Joseph Smith Vertaling van die Bybel, is die frase "die engel van die Here" in Exodus 3:2 na "die teenwoordigheid van die Here" verander).

   b. Exodus 5–6. Moses en Aäron vra Farao om die Israeliete vry te laat, maar Farao weier en plaas groter laste op die mense (5:1–23). Die Here belowe om die verbond wat hy met Abraham gemaak het, na te kom (6:1–8). (Let wel: Hoofstuk 7 en 10 handel oor al die ander kere wat Moses na Farao toe gegaan het en gevra het om Israel te bevry. Ten spyte van al die tekens, wonderwerke en plae, het Farao nogsteeds geweier. In die Joseph Smith Vertaling van hierdie hoofstukke, word die frase "die Here het Farao se hart verhard" na "Farao het sy hart verhard" verander. )

   c. Exodus 11–13. Die Here belowe om nog een plaag te stuur, waarin die eersgeborene in elke huis in Egipte, sal sterf (11:1–10). Die Here gee aan Moses die instruksies vir die voorbereiding van die Pasga, wat Israel teen die plaag sou beskerm (12:1–20). Die eersgeborene in Egipte sterf (12:29–30). Farao sê Moses aan om sy mense uit Egipte te neem, en die Israeliete vertrek (12:31–42). Moses vermaan die kinders van Israel om altyd die Fees van Ongesuurde Brood te hou, ter gedagtenis van hul verlossing (13:1–16). Die Here gaan voor die kamp van Israel uit, in 'n wolkkolom bedags en in 'n vuurkolom snags (13:17–22). (Let wel dat die titel "Fees van die Pasga" en Fees van Ongesuurde Brood" partykeer sinoniem gebruik word; die Pasga is die eerste dag van die Fees van Ongesuurde brood.)

   d. Exodus 14. Farao en sy krygsmag vervolg die kinders van Israel (14:1–9). Die mense is bang, en Moses vra die Here om hulp (14:10–18). Die kinders van Israel word van die krygsmag bevry en gaan dwarsdeur die Rooi see op droë grond; Farao se troope volg hulle en verdrink (14:19–31).

2. Addisionel leeswerk: Exodus 4; 7–10; 15.

3. Vra 'n klas lid voorte berei om 'n kort oorsig van Exodus 1 en Exodus 2.

4. Berei opskrifte voor met die woorde *Pasga* en *Nagmaal*

5. Indien die volgende audiovisuele material beskikbaar is, mag jy dalk van dit as deel van die les wil gebruik.

   a. "Diere offerhande en die Versoening," 'n nege-minuut gedeelte van *Ou Testament Video Aanbiedinge* (53224).
   b. Die prente Jesus die Christus (62572; Evangelie Kuns Prente Stel 240); Moses in die Riete (62063; Evangelie Kuns Prente Stel 106); Moses en die Brandende Bos (62239; Evangelie Kuns Prente Stel 107); en Die Oorsteek van die Rooi See (62100).

---

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie ) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Vra klas lede of hulle al ooit uit 'n gevaarlike situasie gered is. Nooi een of twee van hulle om kortliks hul ondervindinge te deel, of deel een van jou eie. Vra klas lede hoe hulle gevoel het teenoor diegene wat hulle gered het.

Verduidelik dat hierdie les handel oor een van die mees dramatiese reddinge van alle tye — die verlossing van die kinders van Israel van die doods plaag en van Egiptiese slawerny. Verduidelik dat hierdie redding op baie maniere simbolies is van 'n selfs groter redding— ons verlossing van sonde en die dood deur die Verlosser se versoenings offer.

---

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

Nadat Jakob en sy familie na Egipte getrek het, het die Israeliete vir 430 jaar daar gebly. Gedurende die tyd, het 'n Farao aan bewind gekom wat hulle as slawe verklaar het en swaar laste op hulle geplaas het. Soos Josef voorspel het, het die Here Moses aangestel om die kinders van Israel te bevry (2 Nefi 3:10).

**1. Die Here roep Moses om die Israeliete uit gebondenheid te bevry.**

Laat die aangestelde klas lid 'n kort oorsig gee vanExodus 1 en 2; leer en bespreek dan Exodus 3.

- Hoe het die Here Moses geroep om Israel van gebondenheid te verlos? (Sien Exodus 3:1–4.) Wat het die Here aan Moses gesê, terwyl hy hom geroep het? (Sien Exodus 3:5–10.) Wat kan ons oor die Here leer, van hoe hy Moses geroep het? (Antwoorde kan insluit dat die Here sy mense ken, genadiglik is teenoor hulle, hulle wil seën, en sy beloftes aan hulle nakom.)
- Nooi klas lede uit om hulself te verbeel dat hulle die kinders van Israel is wat in Egipte leef. Vir generasies word hulle geleer dat hulle God se verbonds volk is en dat hy die beloftes wat aan Abraham gemaak is, sal nakom. Tog is hulle nou slawe, wat onderdruk word en gebonde is. Wat kan ons uit hierdie omstandighede leer, wat ons kan help wanneer ons beproewing ondervind? (God vergeet ons nie in ons beproewing nie, soos wat hy bewys het deur Moses te roep en uiteindelik Israel te bevry. Maar gewoonlik red hy ons nie onmiddelik van ons beproewing nie. Maak nie saak hoe lank die beproewing is nie, ons moet altyd aanhou om tot Hom te bid, en te vertrou dat Hy ons lief het en dat alle dinge tot ons voordeel sal saamwerk indien ons gehoorsaam is. Sien

L&V 90:24; 98:3; Mosia 24:14–15.) Hoe het jy vertroosting en hulp van die Here gedurende tye van beproewing ontvang?

- Wat het Moses gesê toe die Here hom geroep het om Israel te verlos? (Sien Exodus 3:11; 4:1, 10.) Op watter manier het Moses onvoldoende gevoel? Watter versekering het die Here aan hom gegee? (Sien Exodus 3:12; 4:11–12.) Hoe voel jy wanneer jy 'n roeping van die Here ontvang? Hoe kan sekere gevoelens van onvoldoendenheid goed wees? Hoe het die Here jou al gehelp in 'n roeping waarvoor jy onvoldoende gevoel het?
- Wat het Moses opgegee deur die roeping te aanvaar, om sy mense te lei? (Sien Hebreërs 11:24–26.) Wat offer ons op deur roepinge om die Here te dien, te aanvaar? Hoekom is dit belangrik dat ons gewillig is om vir die Here 'n opoffering te maak?

**2. Die Here stuur plae op Egipte.**

Leer en bespreek Exodus 5–6. Jy mag dalk ook 'n kort oorsig van Exodus 7–10 wil gee, verduidelik dat Moses Farao baie kere genader het en gevra het om Israel te bevry. Ten spyte van tekens, wonderwerke, en plae, het Farao nogsteeds geweier. Jy moet dalk nie klas tyd gebruik om deur elke induviduele teken, wonderwerk, en plaag te gaan nie.

- Hoe het Farao gereageer toe Moses en Aaron hom die eerste keer gevra het om die kinders van Israel te laat gaan? (Sien Exodus 5:1–9.) Hoe het die kinders van Israel op hierdie beproewing gereageer? (Sien Exodus 5:15–21.) Hoe het Moses daarop gereageer? (Sien Exodus 5:22–23.) Wat kan ons uit hierdie verhaal leer? (Een ding wat ons kan leer is die noodsaaklikheid van geduld in beproewing. Die Here sal sy beloftes nakom, maar hy mag dit dalk nie doen in die tyd of op die manier wat ons verwag nie.)
- Nadat Farao Israel se laste swaarder gemaak het, het die Here Sy beloftes aan Moses herhaal. Wat was hierdie beloftes? (Sien Exodus 6:4–8.) Hoe het die kinders van Israel gereageer toe Moses hulle van hierdie beloftes herinner het? (Sien Exodus 6:9.) Hoekom hou sommige van ons op om na die profete te luister en om in God se beloftes te glo in tye van beproewing? Hoe kan ons ons geloof in God handhaaf wanneer ons teenstand ondervind?
- Hoe het Moses gereageer toe die Here hom 'n tweede keer gevra het om voor Farao te gaan en Israel se vryheid te vra? (Sien Exodus 6:10–12.) Wys daarop dat ons ook somtyds huiwerig mag wees om die dinge te doen wat die Here van ons vra, omdat ons dalk bang is of omdat ons nie dink dit moontlik is nie. Hoe het die Here al vir jou gehelp wanneer jy getwyfel of gevrees het?

**3. Die Here gee aan Moses die instruksies vir die voorbereiding van die Pasga.**

Leer en bespreek Exodus 11–13.

- Wat was die doel van die eerste Pasga? (Sien Exodus 12:12–13, 22–23.) Hoekom wou die Here gehad het dat hulle moet aanhou om die Fees van die Pasga in die toekoemde jare te vier? (Sien Exodus 12:24–27, 42; 13:1–10.)
- Verduidelik dat dit Israel herinner het dat God hulle teen die plaag van die dood beskerm het en dat Hy hulle van die Egiptenare gered het, die Pasga het ook 'n belangrike toekomstige gebeurtenis gesimboliseer. Wat was hierdie gebeurtenis? (Die versoenings offerande van Jesus Christus, die Lam van

God, wat ons van sonde en dood bevry het. Sien 1 Korinthiërs 5:7.) Hoe het die Pasga die Versoening gesimboliseer?

Jy mag dalk die volgende vergelykkings tussen die Pasga en die versoenings offerande van Jesus Christus wil uitwys:

a. Die kinders van Israel moes 'n eersgebore manlike lam sonder gebrek vir die Pasga gebruik (Exodus 12:5). Die Verlosser is die eersgebore Seun van God, die Lam van God, sonder merk of gebrek (1 Petrus 1:19).
b. Die kinders van Israel moes die bloed van die lam op die deur koesyne sprinkel om hul eersgebore van die dood te red (Exodus 12:7, 22–23). Die Verlosser se bloed, wat in Getsémane en op die kruis vir ons gegiet is, maak die gelowiges skoon en red ons van geestelike dood (Mosia 4:2).
c. Die kinders van Israel moes die ongesuurde brood eet (Exodus 12:8, 15–20). "Suurdeeg, is in tye van ouds as 'n simbool van korrupsie gesien omdat dit maklik suur en muf geraak het. . . . Vir die Israeliete, was die eet van ongesuurde brood, simbolies van brood sonder korrupsie of onsuiwerheid, naamlik die Brood van Lewe, wat Jesus Christus is (sien Johannes 6:35)" (*Ou Testament Studente Handleiding: Genésis–2 Samuel* [1981], 119). Die verwydering van die suurdeeg stel ook bekering, of die verwydering van sonde uit 'n persoon se lewe, voor.
d. Die kinders van Israel moes die Paas maal, vinnig eet (Exodus 12:11). Soos die Israeliete, moet ons met ywer en onmiddelike op die bevryding wat die Verlosser aan ons offer, reaggeer.

- By die Laaste Ete, het die Verlosser die nagmaal in die plek van die Pasga, ingestel (Matthéüs 26:19, 26–28). Vertoon die prent van die Verlosser en plaas die opskrif *Pasga* op die linkerkant en die opskrif *Nagmaal* op die regterkant. Watter vergelykkings is daar tussen die Pasga en die nagmaal? (Sien Exodus 12:14; 13:9–10; L&V 20:75–79.)

  Ouderling Howard W. Hunter het gesê dat in die Paas maal wat nou as die Laaste Ete bekend staan, het "die brood en wyn, eerder as die diere en kruie, die embleme van die Lam se liggaam en bloed geword, embleme wat verewig met respek ter gedagtenis van Hom, geëet en gedrink moet word.

  "Op hierdie eenvoudige maar indrukwekende manier het die Verlosser die ordinansie wat nou as die nagmaal van die Here se Ete bekend staan, ingestel. Met die leiding van Getsémane, die offerande van Calvery, en die opstanding vanuit 'n tuin grafkelder, het Jesus die antieke wette vervul en 'n nuwe dispensasie ingelyf, wat op 'n hoër en heiliger insig van die wet van offerandes gebaseer is. Nie meer sou van die mensdom verwag word om die eersgebore van die kudde op te offer nie, want die Eersgebore van God het gekom en homself as 'n 'oneindige en ewiglike offerande' geoffer" (in Konferesie Raport, Apr. 1985, 22; of *Ensign,* Mei 1985, 19).

- Ouderling Howard W. Hunter het gesê dat, nes die Pasga 'n verbond van beskerming aan die Israeliete van ouds was, is die nagmaal 'n "nuwe verbond van veiligheid" vir ons (in Konferensie Raport, Apr. 1974, 24; of *Ensign,* Mei 1974, 18). Hoe is die nagmaal 'n verbond van veiligheid aan ons? (Die nagmaal herinner ons aan die Verlosser se versoenings offerande aan ons, wat ewiglike veiligheid gee en ons van die bande van sonde en dood bevry. Die verbond wat ons hernu terwyl ons die nagmaal neem, help ook om ewiglike veiligheid te verskaf.)

Ouderling Jeffrey R. Holland het gevra:

"Sien ons [die nagmaal] as *ons* pasga, ter herinnering van *ons* veiligheid en verlossing en redding?

"Met so baie op die lyn, behoort ons die ordinansie wat ons ontsnap van die engel van donkerte herdenk, baie meer ernstig op te neem, as wat ons dit soms doen. Dit behoort 'n kragtige, eerbiedige, weerspieëlende oomblik te wees. Dit behoort geestelike gevoelens en indrukke te bemoedig" (in Konferensie Raport, Okt. 1995, 89; of *Ensign*, Nov. 1995, 68).

- In sy instruksies vir die Pasga, het die Here beklemtoon dat ouers hulle kinders die betekenis daarvan moet leer (Exodus 12:26–27; 13:8, 14). Hoekom was dit belangrik vir die Israelietiese ouers om dit te doen? Hoe kan dit vir ons dag vantoepassing wees? (Soos Israel van ouds, moet ons ook ons kinders leer van die betekenis van die nagmaal en ander ordinansies wat ons daaraan herinner dat die Here 'n hand gehad het in ons verlossing van sonde en dood.)

**4. Die kinders van Israel steek die Rooi See oor.**

Leer en bespreek Exodus 14.

- Nadat Farao die kinders van Israel toegelaat het om Egipte te verlaat, het hy teen hulle gedraai en sy krygsmag agter hulle aan gestuur (Exodus 14:5–9). Wat het die kinders van Israel gedoen toe hulle die krygsmag sien aankom het? (Sien Exodus 14:10–12.) Wat het Moses aan die kinders van Israel gesê toe hulle geloof onseker was? (Sien Exodus 14:13–14.) Hoe kan ons geloof ontwikkel wat sterk genoeg sal wees om ons te onderhou wanneer ons met vrees gevul is?
- Hoe het die Here die kinders van Israel van die aankommende Egiptiese leër gered? (Sien Exodus 14:21–31.) Hoe kan hierdie verhaal ons in tye van beproewing help?

## Slotsom

Getuig dat net soos wat die Here sy belofte om Israel uit gebondenheid te verlos, nagekom het, sal hy ook sy beloftes aan ons nakom. Moedig klas lede aan om hul dankbaarheid vir die Verlosser se versoenings offerande te vermeerder, en om die nagmaal waardig en ter gedagtenis van Hom te neem, en om die gebod om "Hom altyd te onthou" te gehoorsaam (L&V 20:77).

## Additionele Onderrig Ideës

Die volgende materiale is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Satan vervals God se krag**

- Wat het Farao gedoen toe Moses en Aäron aan hom tekens van God se krag, gewys het? (Sien Exodus 7:8–12, 17–22.) Wat kan ons van Satan leer, uit hierdie verse?
- Wat is van die maniere wat Satan vandag gebruik, om God se krag en seëninge te vervals? Watter gawes het die Here aan ons gegee om ons te help om tussen goed en kwaad te onderskei? Hoe kan ons ons vermoë om tussen goed en kwaad te onderskei, vermeerder?

**2. Die Plae**

- Hoekom het die Here die plae op Egipte gebring? (Sien Exodus 7:5, 17; 8:10; 9:14, 29; 10:2; 14:4.) Wat was Farao se reaksie op die plae? (Sien byvoorbeeld, Exodus 8:8, 15, 25, 28, 32.) Hoekom het die plae nie die kinders van Israel geraak nie? (Sien Exodus 9:4–6, 23–26; 10:22–23; 11:4–7.)

**3. Die Pasga**

Soos wat jy leer dat die Pasga 'n simbool vir die Versoening van Jesus Christus is, mag jy dalk van die volgende voorwerpe wil gebruik om die simbole van die Pasga te illustreer:

a. Prente van 'n lam en 'n deur.
b. Tortillas, brosbrood, of matse (om plat ongesuurde brood voortestel).
c. Radys of romeinse kropslaai (vir bitter kruie).
d. 'n Paar skoene of sandale (die Israeliete het die maal met hul skoene aan geëet, om die spoed waarmee hulle Egipte sou verlaat, te simboliseer).

**4. "Almal is gedoop . . . in die wolk en in die see" (1 Corinthians 10:2)**

Jy mag dalk 1 Korinthiërs 10:1–4 wil lees, waar Paulus sê dat die kinders van Israel in die wolk en in die see gedoop is. Om die betekenis hiervan te verduidelik, het Ouderling Bruce R. McConkie gesê, "[Paulus] sê hier dat net soos wat Israel voor die wêreldsheid van Egipte gevlug het en die Rooi See oorgesteek het, so ook moet hulle Christenlike afstammelinge, deur die doop, hulle begeertes van die vlees aflos en godlike lewens lei" (*Kommentaar op Leerstellinge van die Nuwe Testament*, 3 volume. [1966–73], 2:355).

# “Julle Sal ‘n Besonderse Skat aan My Wees”

Les
**14**

*Exodus 15–20; 32–34*

**Doel**

Om klas lede aantemoedig om van die Here se geestelike water en brood te neem, sy verkore leiers te ondersteun, en om sy gebooie te onderhou sodat hy hulle ‘n “heilige nasie” kan maak” (Exodus 19:6).

**Voorbereiding**

1. Met gebed studeer die volgende skrifture:

   a. Exodus 15:22–27; 16:1–31; 17:1–7. Die kinders van Israel murmureer omdat hulle honger en dors is, en die Here gee aan hulle water, manna, en kwartels.
   b. Exodus 17:8–13; 18:13–26. Amalek kom om teen Israel te veg. Israel het die oorhand terwyl Moses sy hande ophou, maar Amalek het die oorhand wanneer Moses moeg word en sy hande laat sak. Aäron en Hur hou Moses se hande op, en Israel wen die oorlog (17:8–13). Moses volg Jetro se raad en stel regters aan en gee aan hulle van sy gesag (18:13–26).
   c. Exodus 19–20. Die Here ontmoet Moses op die Berg van Sinai en gee aan Israel die Tien Gebooie.
   d. Exodus 32–34. Moses ontvang klip tafels met instruksies op van die Here, maar breek hulle toe hy van Sinai terugkeer en sien dat die mense die goue kalf aanbid (31:18; 32:1–24). Die Here neem die ordinansies van die Melgesédekse Priesterskap van Israel af weg en gee aan hulle die mindere wet, die wet van Moses (Joseph Smith Vertaling, Exodus 34:1–2). Moses maak nuwe tafels van klip om die wat hy gebreek het te vervang, maar die nuwe tafels bevat nie die “woorde van die ewiglike verbond van die heilige priesterskap” nie (34:1–5; Joseph Smith Vertaaling, Deuteronómium 10:2). Die mense maak ‘n verbond om die wet van Moses te gehoorsaam (34:10–35).

2. Addisionele leeswerk: Psalms 78; 1 Korinthiërs 10:1–11; Leer en Verbonde 84:19–27.

3. Bring ‘n paar swaar boeke klas toe indien jy die voorwerp les op bladsy 64–65 gebruik.

4. Indien*Ou Testament Video Aanbiedinge* (53224) beskikbaar is,mag jy dalk “Moderne afgodery”, ‘n sewe-minuut gedeelte, as deel van jou les wil wys.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

- Verbeel jou dat jy ‘n reis in die wildernis moet neem, waar jy nog nooit heen was nie en waarvoor daar geen kaart is nie. Hoe sal jy vir so ‘n reis voorberei? (Antwoorde mag verskil, maar een helpvolle voorbereiding sou wees om ‘n gids te kry.)
- Watter kwalifikasies sou jy wou hê in ‘n gids wat jou in ‘n wildernis area moet inlei? (Antwoorde mag verskil, maar die gids behoort die area te ken en betroubaar te wees.)

- Wie was Moses en die kinders van Israel se gids, nadat hulle uit Egipte gevlug het en in die wildernis ingegaan het? (Die Here.)

Verduidelik dat die Israeliete se ondervindinge gedurende hulle tog deur die wildernis,vir ons belangrike lesse kan inhou, op ons tog deur ons aardse lewe. Een belangrike les, is dat ons op God kan vertrou om ons te lei en na ons om te sien, soos wat hy vir die Israeliete gedoen het.

---

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe. Omdat dit moeilik sal wees om elke vraag of punt in die les te bespreek, deur gebed, kies die vrae wat klas lede die beste by sal baat vind.

**1. Die Here verskaf water, manna, en kwartels aan die kinders van Israel.**

Leer en bespreek Exodus 15:22–27; 16:1–31; en 17:1–7.

Nadat die Israeliete die Rooi See oorgesteek het, het die Here aan Moses instruksie gegee om hulle na die beloofde land te lei. Maar eers het die Here die Israeliete se geloof in die wildernis, getoets. Baie van die mense het geloof gekort, en het eerder aan die Here gekla as om na hom te draai. Nie teen staande, het die Here nogsteeds water vir hul dors en manna en kwartels vir hul honger verskaf.

- Watter probleem het die Israeliete in Exodus 15:22–24 en 17:1–3 ondervind? Hoe het Moses gereageer toe die mense teen hom murmureer? (Sien Exodus 15:25; 17:4. Hy het na die Here gedraai vir hulp.) Wat kan ons uit Moses se reaksie leer? Hoe het die Here op Moses se gebede om hulp gereageer? (Sien Exodus 15:25–26; 17:5–7.)
- Die Here het fisiese en geestelike water aan die kinders van Israel gegee. Die fisiese water het van die rots wat Moses geslaan het gekom; die "geestelike water" het van die "geestelike Rots" wat Christus is, gekom (1 Korinthiërs 10:4). Wat is die geestelike water wat van Christus af uitvloei? (Sien 1 Nefi 11:25.) Hoe kan ons van daardie water drink? Wat word aan diegene wat van hierdie water drink, belowe? (Sien Johannes 4:14; L&V 63:23.)
- Watter probleem het die Israeliete in Exodus 16:2–3 gehad? Hoe het die Here gereageer? (Sien Exodus 16:4, 11–15.) Buiten die nood om die mense se honger te versadig, watter ander doel was daar, in die stuur van die manna?

  a. Dit sou aan die Here wys of sy mense hom sou gehoorsaam(Exodus 16:4, 16–31).
  b. Dit sou aan die mense 'n daaglikse herinnering wees van die Here se mag en liefde (Exodus 16:12).
  c. Dit sou die mense leer dat hulle nie net van "brood alleen nie, maar van elke woord wat uit die mond van die Here kom" moet leef" (Deuteronómium 8:3).
  d. Dit sou die mense nederig maak en hulle help om die saligheid te ontvang (Deuteronómium 8:16).

- Hoe dink jy is elk van hierdie doele bereik, deur die manna te stuur? Hoe bereik die Here elk van hierdie doele in ons lewens?

- Hoe is manna ʼn voorstelling van Christus? (Sien Johannes 6:35.) Hoe verskil Christus se lewende brood van manna? (Sien Johannes 6:48–51.) Hoe kan ons daagliks van Christus se lewende brood eet?
- Die Israeliete het nodig gehad om elke dag manna bymekaar te maak, om die fisiese krag te hê wat hulle nodig gehad het. Hoe vergelyk dit met wat ons moet doen om ons geestelike krag te handhaaf? (Net soos wat ons daaglikse voeding nodig het om ons fisiese krag te handhaaf, het ons ook daaglikse voeding nodig om ons geestelike krag te handhaaf. Ons kan nie verwag om geestelik gevoed te word nie, as ons slegs somtyds die skrifture studeer en bid nie.)
- Wat het gewoonlik gebeur wanneer die Israeliete die manna oornag gehou het? (Sien Exodus 16:19–20.) Wat het gebeur wanneer hulle die manna oornag gehou het, ter voorbereiding vir die Sabat? (Sien Exodus 16:22–25.) Hoe kan ons hierdie prinsiep in ons weeklikse voorbereiding vir die Sabat, toepas?
- Wat sou met die Israeliete gebeur het, indien hulle sou probeer het om deur die wildernis te reis, sonder die Here se hulp? Wat sal met ons gebeur, indien ons probeer om deur hierdie aardse lewe te reis sonder die Here se hulp?

**2. Aäron en Hur hou Moses se hande op, sodat Israel die oorhand mag kry in die oorlog teen Amalek Moses volg Jetro se raad en stel regters aan en gee aan hulle van sy gesag.**

Leer en bespreek Exodus 17:8–13 en 18:13–26. Wys daarop dat albei van hierdie verhale daarop wys, hoe belangrik dit is om ons Kerk leiers te ondersteun en by te staan.

- Die Amalekiete het vanaf die tyd van Moses, vir baie jare lank, oorlog gevoer met die Israeliete. Hoe het die Israeliete dit reg gekry om teen die mense van Amalek te wen, in die stryd wat in Exodus 17:8–13 beskryf word? (Wanneer Aäron en Hur Moses bygestaan het en sy arms op gehou het, het Israel die oorhand in die stryd gekry. Watter soort geestelike oorloë veg ons vandag? Hoe help dit ons,wanneer ons die profeet ondersteun, om die oorhand in die stryd te kry?

  President Ezra Taft Benson het gesê: “ Ek word daaraan herinner, hoe Moses op die koppie sy arms om hoog gehou het, vir die oorwinning van die krygsleër van Israel. Solank as wat sy arms om hoog was, het Israel gewen, maar wanneer hulle gesak het,vanweë moegheid, dan het die vyand gewen. En daarom het Aäron en Hur ʻsy hande ondersteun, een duskant en die ander anderkant,ʼ en Israel was die oorwinnaar (Exodus 17:12). So ook sal ons die oorwinnaars wees, indien ons die arms van die Here se gesalfde diensknegte sal op hou” (in Konferensie Raport, Apr. 1986, 98; of *Ensign,* Mei 1986, 77).
- Waaroor was Jetro bekommerd, toe hy sien hoe die mense heel dag en nag na Moses toe kom? (Sien Exodus 18:13–18.) Watter raad het Jetro aan Moses gegee? (Sien Exodus 18:19–23.)
- Watter verantwoordelikhede van ʼn profeet word in Exodus 18:16–20 genoem?

  Jy mag dalk klas lede wil vra om vir hierdie verantwoordelikhede te soek in hierdie verse, en hulle antwoorde dan op die swartbord te skryf. Jy mag dalk

ook die volgende voorwerp les wil gebruik: Nooi ʻn klas lid uit om sy of haar arms uit te hou. Wanneer die eerste verantwoordelikheid geidentifiseer word, plaas ʻn swaar boek of voorwerp in die klas lid se hande. Voeg nog ʻn boek of voorwerp by, met elke verantwoordelikheid wat geidentifiseer word.

a. Om ʻn regter vir die mense te wees (Exodus 18:16).
b. Om die mense voor God, te verteenwoordig (Exodus 18:19).
c. "Leer hulle die ordinansies en wette" (Exodus 18:20).
d. "[Wys] hulle die weg waarin hulle moet loop" (Exodus 18:20).
e. "[Wys] hulle . . . die werk wat hulle moet doen" (Exodus 18:20).

- Hoe kan ons die hande ophou en die las van ons profeet en apostels vandag, verlig? (Sien L&V 21:4–5; 107:22. Soos wat klas lede voorstelle maak, neem van die boeke of voorwerpe van die klas lid wat hulle vashou, se arms af.)
- Hoe kan ons ons plaaslike Kerk leiers ondersteun en bystaan? (Antwoorde mag insluit, om goed van hulle te praat, om getrou te dien in ons Kerk roepinge, en om goeie huis besoekers, te wees.)
- Hoe is jy al geseën, wanneer jy jou Kerk leiers ondersteun het? (Jy mag dalk L&V 21:6 in hierdie bespreking wil gebruik.)

**3. Die Here ontmoet Moses op die Berg Sinai en gee aan hom die Tien Gebooie.**

Leer en bespreek Exodus 19–20.

Binne drie maande van dat Israel die wildernis ingegaan het, wou die Here sy verbond met hulle vestig (Exodus 19:5–6). As deel van hierdie verbond het hy aan Moses die Tien Gebooie gegegee.

- Terwyl die kinders van Israel by die Berg Sinai gekamp het, wat het die Here aan hulle belowe indien hulle gehoorsaam sou wees? (Sien Exodus 19:3–6. Hy sou hulle ʻn "besondere skat, . . . ʻn koningkryk van priesters en ʻn heilige nasie" maak.) Wat beteken hierdie beloftes? Hoe kan hierdie beloftes, vandag, op ons van toepassing wees?

  Hierdie beloftes beteken dat Israel die Here se verbonds volk sou word, bevoorreg wees bo alle andere en gekies word om die priesterskap en evangelie na alle mense te dra (sien ook Deuteronónium 7:6; 14:1–2; 1 Petrus 2:9). Let wel dat in hierdie konteks beteken die woord *besonders* om "die Here se eie spesiale volk of skat" te wees," nie om "vreemd of eksentriek" te wees nie (Bybel Woordeboek, "Besonders," 748).

- Watter ondervinding wou die Here vir sy mense op die Berg van Sinai, gehad het? (Sien Exodus 19:9, 11, 16–17; L&V 84:23.) Wat het die Here van sy mense verwag, voor hulle Hom kon ontmoet? (Sien Exodus 19:10, 14.)
- Die Berg Sinai was ʻn heilige plek waar die Here met sy volk wou praat en homself aan hulle wou wys. Watter heilige plekke het hy voorsien waar ons hierdieselfde seëninge kan ontvang? (Tempels; sien L&V 97:15–16; 109:12–13.) Nooi klas lede uit om te vertel hoe die tempel hulle gehelp het om die Here se stem te hoor en sy nabyheid aan te voel.

- Die eerste vier gebooie in Exodus 20 leer ons die korrekte verhouding tussen ons en God Exodus 20:3–11). Hoe is die gebod om die Here te aanbid en om geen ander gode voor hom te hê, vandag nog van toepassing? Watter valse gode word vandag deur mense aanbid? (Sien 1 Samuel 15:23; Effesiërs 5:5; L&V 1:15–16.)

  President Spencer W. Kimbal het gesê:

  “Afgodery is een van die mees ernstigste sondes. . . . Moderne afgode of valse gode kan in die vorm wees, van klere, huise, besighede, machinerie, voertuie, plesier bote, en vele ander materiale dinge wat ons wegdraai van die pad na goddelikheid. . . .

  “Ontasbare dinge maak ook net sulke goeie afgode. Grade en letters en titels kan ook afgode word. . . .

  “Baie mense bou en meubileer ‘n huis en koop die voertuie eerste — en dan kan hulle “nie bekostig” om hulle tiende te betaal nie. Wie aanbid hulle? Sekerlik nie die Here van hemel en aarde nie. . . .

  “Baie aanbid die jag, die visvang, die vakansie, die naweek piekniek en uitstappies. Andere het as hulle afgode die speel van sport, korfbal, voetbal, die bul geveg, of golf. . . .

  “Steeds nog ‘n afgod wat mense aanbid, is die van mag en aansien. . . . Hierdie afgode van mag, rykdom en invloed is die mees veeleisend en is net so werklik, soos wat die goue kalf vir die Israeliete in die wildernis was” (*Die Wonderwerk van Vergifnis* [1969], 40–42).

- Wat is van die maniere waarop mense die naam van God ydelik gebruik? Hoekom is dit belangrik dat ons nie Sy naam ydelik gebruik nie?

- Hoekom is dit belangrik vir ons om die Sabat dag te heilig? (Sien Exodus 20:8; 31:16–17; Jesaja 58:13–14; L&V 59:9–10.) Hoe moet ons besluit watter aktiwiteite is gepas vir die Sabat? Hoe is jy al geseën deur dat jy hierdie dag heilig gehou het?

- Hersien die ses gebooie wat handel oor ons verhoudings met ander mense (Exodus 20:12–17). Hoe help ons gehoorsaamheid aan hierdie gebooie, om ons verhouding met andere te verbeter? (Jy mag dalk op individuele gebooie wil fokus, beklemtoon wat hulle beteken en bespreek hulle waar nodig.)

**4. Die Here stel die wet van Moses bekend.**

Leer en bespreek Exodus 32–34.

Toe die Here met Moses op die Berg Sinai gepraat het, het hy ‘n wet geopenbaar wat die ordinansies van die Melgisédekse Priesterskap ingesluit het (L&V 84:19–23). Maar, die Israeliete se afgodery het gewys dat hulle nog nie gereed was om die volheid van die evangelie te leef nie (Exodus 32:1–9; D&C 84:24). Omdat hulle die Here so gou vergeet het, het hy die Melgisédekse Priesterskap onttrek en aan hulle die mindere wet — die wet van Moses geopenbaar (Joseph Smith Vertaling, Exodus 34:1–2; L&V 84:25–27).

Die wet van Moses het nie die gebooie, verbonde, of prinsiepe van die evangelie vervang nie. Dit het eerder, " 'n wet van dade en ordinansies verskaf, 'n wet wat hulle van dag tot dag streng moes toepas, om hulle te herinner aan hulle God en hul plig aan hom" (Mosia 13:30). Die wet van Moses het die mense geleer om hulle sondes te belei en om op te maak daarvoor, om streng reëls te volg in hul diere offerandes, om hulle liggame gesond te hou, om te gee om die Here se werk te onderhou, om dankbaar te wees, en om tot God versoen te word.

- Hoekom het die Here die wet van Moses aan die kinders van Israel gegee? (Sien Galasiërs: 23–24; Mosia 13:29; Alma 25:15–16; L&V 84:19–27.) Hoe sou hierdie wet kon help om Israel heilig te maak en om hulle tot Christus te bring? (Sien Mosia 13:30; Alma 34:14–15.)
- Wanneer is die wet van Moses vervul? (Sien 3 Nefi 15:4–10.) Nou dat die Here nie meer diere offerandes vereis nie, wat 'n belangrike deel van die wet van Moses was, watter offerandes vra Hy hê dat ons moet maak? (Sien 3 Nefi 9:19–22.) Wat beteken dit om 'n gebroke hart en 'n berouvolle gees, te hê?

  Ouderling M. Russel Ballard het gesê:

  " Alhoewel die wet van Moses vervul is, is die prinsiepe van die wet van offerandes nog steeds deel van die leerstellinge van die Kerk.

  "Terwyl die hoof doel van die wet van offerandes nog steeds is om ons te toets en te help om tot Christus te kom, is twee verstellings na Christus se finale offerande, gemaak Eerstens, het die ordinansie van die nagmaal die ordinansie van die diere offerandes vervang; en tweedens het hierdie verandering die fokus van die persoon se offerande van die persoon se dier, na die persoon self, geskuif. In 'n mate, het die opoffering verander, van die offerande na die offeraar. . . .

  ". . . Na Sy aardse bediening, het Christus die wet van offerandes tot 'n nuwe standard verhef. . . . In plaas daarvan dat die Here die persoon se dier of graan benodig, wil die Here nou hê dat ons alles wat ongodelik is opgee. Dit is die hoër toepassing van die wet van offerandes; dit reik uit na die innerlike siel van 'n persoon" (*Die Wet van Offerandes* [toespraak gelewer by die Kerk Opvoedkundige Stelsel Simposium, 13 Aug. 1996], 5).

---

Slotsom

Getuig aan klas lede dat indien hulle van die Here se geestelike brood en water eet, hulle verkose leiers ondersteun, en sy gebooie onderhou, sal hy hulle na sy heilige berg die tempel, uitnooi. Daar kan hulle hom ontmoet, sy wette ontvang, sy heerlikheid aanskou, en geinspireer word om voort te gaan, om meer soos Hy te wees.

---

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiale is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**Die Tien Gebooie**

Let wel dat die Tien Gebooie in Deuteronómium 5:5–21, Mosiah 12:33–36 en Mosia 13:12–24, en L&V 42:18–27 en L&V 59:5–16 herhaal word. Hersien hierdie gedeeltes vir meer insig in die Tien Gebooie.

**2. Die goue kalf**

Jy mag dalk die verhaal van die bou en aanbidding van die kalf wat in Exodus 32 voorkom, wil bespreek. Vele prinsiepe kan uit hierdie verhaal geneem word, insluitende die twee hier onderaan:

a. Ou gewoontes en patrone van geloof en gedrag is moeilik om te breek. Alhoewel die Israeliete fiesies Egipte verlaat het, was hulle nog nie geestelik vry van haar invloede nie. Nadat die Israeliete die stem van God gehoor het toe Hy die Tien Gebooie van af Sinai, aan hulle verkondig het, het hulle gou die eerste twee gebreek.

b. Dit is belangrik om negatiewe druk van andere te weerstaan. Aäron het aan die Israeliete se ongeregtige begeertes, ingegee. By tye moet leiers en ouers "nee" sê, selfs indien diegene vir wie hulle verantwoordelik is, aanstoot neem of van hulle af wegdraai.

Les
# 15
# "Kyk na God en Leef"

*Númeri 11–14; 21:1–9*

**Doel**

Om klas lede aan te moedig om wêreldse begeertes en vrese te oorkom en om na die Verlosser en sy profete te kyk vir leiding.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:
   a. Númeri 11. Die Israeliete kla oor die manna en begeer om vleis te eet (11:1–9). Moses vra die Here vir leiding en om hom te help om sy laste te dra (11:10–15). Soos deur die Here aangesê, roep Moses 70 ouderlinge om hom by te staan (11:16–17, 24–30). Die Here beantwoord Israel se begeerte vir vleis, deur 'n oorvloed kwartels te stuur en straf hulle dan met 'n plaag, vanweë hulle gulsigheid en oormatigheid (11:18–23, 31–35).
   b. Númeri 12. Miriam en Aäron praat uit teenoor Moses en kla oor sy huwelik aan 'n Etiopiese vrou en daag sy gesag as leier uit (12:1–3). Die Here tree Miram en Aäron aan vir hul murmurreering en straf hulle (12:4–16).
   c. Númeri 13–14. Moses beveel 12 mans om die land van Kanaan te gaan ontken (13:1–20; let daarop dat "Jehosua" in vers 16 'n vorm van die naam Josua is). Hulle keer terug met'n positiewe raport van die land se hulpbronne, almal behalwe Josua en Kaleb is bang vir die inwoners van die land, en begeer om na Egipte terug te gaan (13:21–14:10). Die Here sê aan Moses dat die ongelowige en klaende Israeliete vir 40 jaar lank in die wildernis sal rond trek, totdat die volwasse generasie afgesterf het, almal behalwe Josua en Kaleb (14:11–39).
   d. Númeri 21:1–9. Die Israeliete vernietig die Kanaaniete wat teen hulle kom veg het (21:1–3). Die Here stuur giftige slange as straf vir die Israeliete se aanhoudende geklaery (21:4–6). Moses maak 'n koperslang en sit dit op 'n paal, en sê aan die mense dat as hulle daarna kyk sal hulle lewe (21:7–9).
2. Addisionele leeswerk: Johannes 3:14–16; 1 Nefi 17:41; Alma 33:18–22; 37:46–47; Helaman 8:13–15.
3. Indien jy die aandag aktiwiteit gebruik, maak 'n plakkaat wat sê *Die Beloofde Land.*
4. Indien die prent Moses en die Koperslang beskikbaar is, mag jy dit dalk gedurende die les wil gebruik (62202).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Skryf die woord *Egipte* op die swartbord. Sit die plakkaat met die woorde *Die Beloofde Land* aan die ander kant van die vertrek. Daag 'n klas lid uit om vanaf die swartbord na die plakkaat te loop terwyl hy oor sy skouer na die woord *Egipte* kyk.

Indien die klas lid sukkel om by die plakkaat uit te kom, vra die volgende vraag:

- Hoekom is dit moeilik om reguit voorentoe te beweeg wanneer jy agtertoe kyk?

Indien die klas lid maklik by die plakkaat uitkom vra dan die volgende vraag:

- Hoe ver dink jy sou jy kon gaan, sonder om van die reguit lyn af te wandel? Hoekom is dit moeilik om reguit voorentoe te beweeg terwyl jy agtertoe kyk?

Verduidelik dat hierdie demonstrasie aan die Israeliete se tog vanuit Egipte, vergelyk kan word. Ten spyte van al die seëninge wat die Israeliete van die Here ontvang het, het hulle vrese en ongelowigheid veroorsaak dat hulle gewens het dat hulle nooit Egipte verlaat het nie. Hulle heimweë vir Egipte het hul tog na die beloofde land vertraag en gekompliseer.

---

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe. Omdat dit moeilik sal wees om elke vraag te vra en elke punt te dek in die les, kies deur gebed, die gedeeltes waarby klas lede die meeste sal baat. Jy mag dalk sekere vrae moet aanpas om by klas lede se omstandighede in te pas.

**1. Die Here beantwoord die Israeliete se begeerte vir vleis, deur kwartels te stuur en straf hulle met 'n plaag.**

Leer en bespreek Númeri 11.

- Alhoewel die manna 'n groot seëning van die Here af was, het die Israeliete daaroor begin kla (Numbers 11:6). Wat het hulle klagtes aangebring? (Sien Númeri 11:4–5; hulle het begin dink aan die vleis en ander kosse wat hulle in Egipte geëet het en dit begeer.) Hoekom is dit gevaarlik om meer te hê as wat jy alreeds het?
- Die Israeliete het so gesmag na die vleis dat hulle, hul fokus op die beloofde land verloor het en begin wens het dat hulle nooit Egipte verlaat het nie (Númeri 11:4–6). Wat is sommige van die moderne-dag voorbeelde van mense wat groot seëninge op gee, sodat hulle eerder onmiddelike begeertes kan bevredig? Hoekom doen mense dit? Hoe kan ons sulke temptasies oorkom?
- Hoe het die Here die Israeliete se begeerte vir vleis, beantwoord? (Sien Númeri 11:18–20, 31–33.)
- Moses het so swaar aan die las van die Israeliete se sondes gedra, dat hy die Here gevra het om sy lewe te neem (Númeri 11:14–15). Hoe het die Here aan hom verligting gegee? (Sien Númeri 11:16–17. Sewentig mans is geroep om Moses by te staan.) Watter groot seëninge het hierdie mans ontvang? (Sien Númeri 11:24–29.)

**2. Die Here straf Miriam en Aäron omdat hulle teen Moses gepraat het.**

Leer en bespreek Númeri 12.

- Miriam en Aaron het teen Moses, as die voorsittende gesag, uitgepraat en uit gewys dat hulle ook openbaring ontvang het (Númeri 12:2). Wat was die Here se antwoord op hulle klagtes? (Sien Númeri 12:5–9.) Wat is die perke op ons reg om openbaring te ontvang?

Ouderling James E. Faust het gesê: "Die profete, sieners, en openbaarders het in die verlede en het nogsteeds die verantwoordelikheid en voorreg om die woord van God aan die wêreld, te ontvang en te verkondig. Individuele lede, ouers, en leiers het die reg om openbaring vir hule eie verantwoordelikhede te ontvang, maar het geen plig of reg om die woord van God te verkondig, buite die perke van hul eie verantwoordelikheid nie" (in Konferensie Raport, Okt. 1989, 9; of *Ensign*, Nov. 1989, 8).

- Die Here het Miriam en Aäron getugtig en gestraf omdat hulle gekla het oor Moses se huwelik aan 'n Etiopiese vrou (Númeri 12:1, 9–10). Hoe word ons geaffekteer, wanneer ons Kerk leiers kritiseer? Hoe kan ons kritiek van Kerk leiers ons familie en vriende affekteer?

- Númeri 12:3 sê dat "Moses was baie sagmoedig." Wat beteken dit om sagmoedig te wees?

  President Gordon B. Hinckley het gesê, "Sagmoedigheid stel'n gees van dankbaarheid voor, eerder as 'n houding van selfstandigheid, 'n erkenning van 'n groter krag as jouself, 'n bewusheid van God, en 'n aanvaarding van sy gebooie" ("Met Alles Wat Jy Kry, Kry Verstandigheid," *Ensign*, Aug. 1988, 3–4).

- Hoe het Moses sy sagmoedigheid gewys toe Miriam vir haar rebelsheid teenoor hom, gestraf is? (Sien Númeri 12:13–15. Eerder as om bly te wees oor sy gesag oor haar, het hy met die Here gepleit om haar te genees. Hy en sy mense het hulle reis uitgestel totdat sy genees is.) Hoe kan ons sagmoedig wees, selfs wanneer mense ons kritiseer of teen ons draai? Hoe help dit ons om kritiek met sagmoedigheid te beantwoord?

**3. Moses gee instruksie aan 12 mans om die land van Kanaan te verken.**

Leer en bespreek Númeri 13–14.

- Toe die Israeliete die grens van die land van Kanaan bereik, het Moses 12 mans gestuur om die land, sy hulpbronne, en sy mense te verken (Númeri 13:17–20). Watter verslag het hulle gebring oor die land se hulpbronne? (Sien Númeri 13:23–27.) Watter verslag het die 10 mans, buiten Josua en Kaleb, gegee oor die mense wat in Kanaan gewoon het? (Sien Númeri 13:28–33.) Hoe maak sommige van ons dieselfde foute as hierdie 10 mans?

  President Gordon B. Hinckley het gesê:

  "Tien van die spioene was slagoffers van hul eie twyfel en vrese. Hulle het 'n negatiewe verslag gegee oor die hoeveelheid en grote van die Kanaaniete. . . . Hulle het hulself as springkane voor die reuse wat hulle in die land gesien het, vergelyk. . . .

  "Ons sien sommige om ons wat afsydig is oor die toekoms van hierdie werk, wat onbelangstellend is, wat praat van beperkings, wat hule vrese uitspreek, wie hulle tyd spandeer om swakhede wat geen ware gevolg het nie, uit te soek en daaroor te skryf. Met twyfel oor die verlede, het hulle geen visie met betrekking tot sy toekoms nie" (in Konferensie Raport, Okt. 1995, 93–94; of *Ensign,* Nov. 1995, 71).

- Hoe het Kaleb en Josua se verslag van die ander 10 mans se verslag, verskil? (Sien Númeri 13:30; 14:6–9.) Hoekom was Kaleb en Josua nie bang vir die inwoners van Kanaan nie? (Sien Númeri 14:9.) Wat is van die maniere waarop

ons die voorbeeld van Kaleb en Josua kan volg, wanneer ons moeilike situasies moet aanpak?

President Gordon B. Hinckley het gesê:

"Daar is geen plek in hierdie werk vir die wat net in die evangelie van doem en droefheid glo nie. Die evangelie is goeie nuus. Dit is 'n bootskap van oorwinning. Dit is 'n saak om met entusiasme aan te gryp.

"Die Here het nooit gesê dat daar nie probleme sal wees nie. Ons mense het al beproewinge van elke soort geken, soos wat diegene wat hierdie werk teenstaan op hulle neer gekom het. Maar deur al hulle smart was hulle geloof sigbaar. Hierdie werk beweeg aanhoudend voorentoe en het nog nooit 'n tree terug gegee vandat hierdie werk begin het nie. . . .

"Hierdie is 'n tyd van pessimisme. Ons sin is 'n missie van geloof. Aan my broeders en susters oral, vra ek dat julle, julle geloof weer sal bevestig, om hierdie werk oor die wêreld voort te stuur. Jy kan dit versterk deur die manier waarop jy leef" (in Konferensie Raport, Okt. 1995, 94–95; of *Ensign*, Nov. 1995, 71–72).

- Hoe het die gemeente op die woorde van Kaleb en Josua gereageer? (Sien Númeri 14:10.) Hoe het die Here Israel gestraf vir hulle aanhoudende murmureering en hul begeerte om na Egipte terug te gaan? (Sien Númeri 14:22–23, 26–35.) Hoe het hy die 10 mans wat 'n negatiewe verslag van Kanaan gelewer het, gestraf? (Sien Númeri 14:36–37.) Hoe het hy Kaleb en Josua vir hulle gelowigheid geseën? (Númeri 14:24, 38.)

**4. Moses maak 'n koperslang en sê aan die mense om daarna te kyk en hulle sal genees word.**

Leer en bespreek Numbers 21:1–9.

- Alhoewel die Here die Israeliete gehelp het om die aanvallende Kanaaniete te verslaan, het die Israeliete nogsteeds aangehou murmureer. Hoe het die Here hulle gestraf? (Sien Númeri 21:6.) Hoe het die Israeliete op hierdie straf gereageer? (Sien Númeri 21:7.)
- Wat het die Here vir Moses gesê moet hy doen, toe Moses gevra het dat Hy die giftige slange moet wegneem? (Sien Númeri 21:8–9.) Wat moes elke persoon doen om gered te word van die giftige slangbyte?
- Nefi en Alma, twee Boek van Mormon profete, leer ons dat baie van die Israeliete gesterf het omdat hulle nie na die koperslang wou kyk nie. Hoekom wou hulle nie kyk nie? (Sien 1 Nefi 17:41; Alma 33:18–20.)
- Die koperslang het wie gesimboliseer? (Sien Johannes 3:14–16; Helaman 8:13–14.)
- Net soos wat die kinders van Israel na die koperslang moes kyk om te lewe, so ook moet ons na Jesus Christus kyk om die ewige lewe te ontvang (Alma 37:46–47; Helaman 8:15). Wat beteken dit om na Christus te kyk? Op watter manier maak baie mense vandag dieselfde fout as die Israeliete wat nie na die koperslang wou kyk nie? (Sien Alma 33:20. Hulle kyk nie na Jesus Christus nie, want hulle glo nie dat dit hulle kan red nie.)

Ouderling Carlos E. Asay het gesê: “Ons, soos Israel van ouds, moet ons oë en verstand op . . . Christus vestig indien ons hoop om die ewige lewe te ontvang. . . . Ons oogopslag moet nie toegelaat word om te wandel nie, of om op dinge van die wêreld, wat vergaan, gespits word nie. Die oog . . . moet geleer word om opwaards te kyk. Ons moet na God kyk en leef!” (in Konferensie Raport, Okt. 1978, 81; of *Ensign*, Nov. 1978, 54).

- Alma leer ons dat net soos wat die pad maklik was om genees te word van die giftige slangbyte, is die pad maklik wat na die ewige lewe lei (Alma 37:46). Op watter manier is die pad na die ewige lewe maklik? Op watter manier probeer mense die pad na die ewige lewe kompliseer? (Sien Jakob 4:14. Hulle kyk verby die eenvoudige, reddende prinsiepe van geloof in Jesus Christus, bekering en gehoorsaamheid.) Hoe kan ons ons fokus hou op geloof in Jesus Christus?

---

Slotsom

Moedig klas lede aan om verby die dinge van die wêreld te kyk en om nie die “reuse” wat ons aandag aftrek van die dinge wat die mees belangrikste is, te vrees nie. Getuig dat as ons “met geloof na die Seun van God sal kyk” (Helaman 8:15) en sy profete volg, sal ons in hierdie lewe en die lewe hierna geseënd wees.

---

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiale is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van die ideës as deel van jou les wil gebruik.

**1. “Laat ons na Egipte terugkeer” (Númeri 14:4)**

- Wat was die Israeliete se reaksie toe hulle:

  a. Vasgevang was tussen die Egiptenare en die Rooi See? (Sien Exodus 14:10–12.)
  b. Niks behalwe manna gegee is om te eet? (Sien Númeri 11:4–6, 18–20.)
  c. Hulle uitgedaag is om die land van Kanaan in te val? (Sien Númeri 14:1–4.)
  d. Mismoedig was vanweë die moelike reis deur die wildernis? (Sien Númeri 21:4–5.)

- Hoekom dink jy was dit so moeilik vir die Israeliete om Egipte agter te laat? Wat is sommige dinge wat vandag moeilik is vir ons om agter te laat? Hoe kan ons mekaar versterk, terwyl ons strewe om van ons ou gewoontes en wêreldse houdings af weg te draai?

**2. Waar om na leiding te soek.**

Die boek van Númeri leer ons waar ons moet kyk vir leiding. Jy mag dalk hierdie leerstellinge wil beklemtoon deur die volgende prinsiepe op die swartbord te skryf:

a. Kyk na die profeet (Númeri 12).
b. Kyk na die beloofde land— vir ons is dit die selestiale koningkryk (Númeri 13–14).
c. Kyk na die Verlosser (Númeri 21:4–9).

# “Ek Kan die Bevel van die Here Nie Oortree Nie”

Les
16

*Númeri 22–24; 31:1–16*

**Doel**

Om klas lede aan te moedig om sonder huiwering tot die wil van die Here in te gee.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:

   a. Númeri 22:1–21. Balak, koning van Moab, is vreesbevange voor die aankomende Istaeliere. Hy offer Bíleam ‘n beloning indien hy na Moab sal kom om die Israeliete te vervloek. God beveel Bíleam om te weier, en Bíleam is gehoorsaam (22:1–14). Balak offer Bíleam addisionele eer en rykdom indien hy na Moab sal kom om Israel te vervloek. God sê aan Bíleam dat hy mag gaan, maar dat hy net die woorde wat God aan hom gee mag spreek (22:15–21). Bíleam besluit om te gaan. (Let daarop dat in vers 6 beteken die woord *weet* om te “ken.” Neem ook kennis dat die Joseph Smith Vertaling van Númeri 22:20 die frase “as jy wil” voor die woorde “gaan saam met hulle” insluit.)

   b. Númeri 22:22–35. God is kwaad vir Bíleam, omdat hy weet dat hy na Moab gegaan het, met die hoop om‘n beloning van Balak af te ontvang. Terwyl hy oppad was, leer Bíleam hoe gevaarlik dit is om God teleur te stel, wanneer sy donkie en ‘n engel met hom praat.

   c. Númeri 22:36–24:25. Bíleam ontmoet Balak (22:36–23:2). Balak vra hom drie keer om Israel te vervloek, maar Bíleam is gehoorsaam aan God en sëen Israel elke keer (23:3–24:9). Hy vervloek toe Moab en profisieër van Jesus Christus (24:10–25).

   d. Númeri 31:1–16. Die Israeliete vernietig die Midianiete en Bíleam word dood gemaak. Moses verduidelik dat Bíleam die Midianiete aangeraai het om die Israeliete tot sonde te lok. (Die gevolge van Bíleam se advies word beskryf in Númeri 25:1–3. Alhoewel Bíleam nie Israel direk wou vervloek nie, wou hy duidelik die beloning hê wat Balak geoffer het, so erg dat hy voorstel dat indien hulle Israel kan kry om te sondig, sal dit veroorsaak dat hulle God se beskerming sal verloor.)

2. Addisionele leeswerk: 2 Petrus 2:15–16; Judas 1:11; Openbaring 2:14.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Vra klas lede om mooi te luister na die volgende stellings en om te dink watter tipe persoon dit sou sê:

> “Al gee [die koning] my sy huis vol silwer en goud, ek kan die bevel van die Here my God nie oortree nie” (Númeri 22:18).
>
> “Alles wat die Here spreek, dit sal ek doen” (Númeri 23:26).
>
> “Ek kan die bevel van die Here nie oortree om goed of kwaad uit my eie hart te doen nie ; wat die Here spreek, dit sal ek spreek” (Númeri 24:13).

- Watter eienskappe sou ‘n persoon hê wat hierdie dinge sou sê? (Sulke verklarings sou voorstel dat die persoon gehoorsaam, gelowig en nederig is.)

Verduidelik dat hierdie verklarings deur ‘n man genaamd Bíleam gemaak is, wie streng gehoorsaamheid verklaar het, maar in sy hart aardse belonings en eer begeer het. Hierdie les wys die gevolge wat kom wanneer ons hardkoppig daarop aandring om ons eie wil te volg om sulke begeertes te vervul.

---

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het tot die skriftelike prinsiepe.

**1. Bíleam weier Balak se offer van ‘n beloning in ruil daarvoor om Israel te vervloek.**

Leer en bespreek Númeri 22:1–21.

- Vreesbevange as gevolg van die aankomende Israeliete, stuur Balak, koning van Moab, boodskappers om Bíleam te vra om na Moab te kom om Israel te vervloek, waarvoor hy beloon sou word (Númeri 22:5–7). Hoe het Bíleam op hierdie offer gereageer? (Sien Númeri 22:8–14.) Watter sogenaamde belonings word ons partykeer geoffer in ruil vir ons ongehoorsaamheid aan God?
- Nadat Bíleam geweier het om na Moab te kom, het Balak ‘n tweede groep mans gestuur, meer indrukwekkend as die eerstes, om hom te probeer oorreed. Wat het Balak aan Bíleam geoffer? (Sien Númeri 22:15–17.) Hoe het Bíleam gereageer? (Sien Númeri 22:18–19.) Hoekom dink jy wou hy die Here weer vra? (Bíleam het dalk gehoop dat die Here sy besluit sou verander en hom sou toelaat om die belonging wat Balak geoffer het te kan ontvang.) Watter gevare is daar in die soeke na, die uitsondering tot God se gebooie en raad?
- Die Here gee Bíleam toestemming om saam met Balak se boodskappers te gaan, as hy wil. Maar die Here was kwaad vir Bíleam omdat hy gegaan het (Númeri 22:20–22). Wat stel die Here se woede voor, oor wat in Bíleam se hart was? (Sien 2 Petrus 2:15; Jesaja 29:13.)

**2. Die Here wys Bíleam die gevare, in sy hardkoppigheid om op sy eie wil aan te dring.**

Leer en bespreek Númeri 22:22–35.

- Op sy reis na Moab het Bíleam drie keer probeer om sy donkie voorentoe te vorseer (Númeri 22:22–30). Op watter manier was dit soortgelyk aan Bíleam se verhouding met die Here? (Bíleam wou sy eie wil op die donkie en op die Here af dwing. Jy mag ook wil uitwys dat die donkie die engel gesien het, maar Bíleam het nie. Soortgelyk, kon die Here baie dinge sien wat Bíleam nie kon sien nie.)
- Watter moderne vergelykings is daar met individue en groepe wat hardkoppiglik probeer om te doen wat hulle wil doen, eerder as om tot God se wil onderhewig te wees, of die regverdige raad van ouers en leiers te volg?

Jy mag dalk van die volgende voorbeelde wil bespreek:

a. 'n Kind wat ongelukkig is met die antwoord wat hy van een ouer gekry het, gaan na die ander ouer, in die hoop van 'n ander antwoord.
b. 'n Lid van die Kerk, ongelukkig met die raad wat hy van 'n priesterskap leier ontvang het, gaan na 'n ander priesterskap leier.
c. 'n Lid van die Kerk rasionaliseer dat 'n gebod nie van toepassing is op hom of haar soos wat dit op ander lede is nie.

- Die Here tree Bíleam aan deur die engel en die donkie. Hoe het Bíleam gereageer op die kwaai woorde van die engel? (Sien Númeri 22:31–35.) Hoekom straf God sy kinders? (Sien L&V 95:1.) Hoe kan God se straf 'n seëning vir ons wees?

**3. Bíleam weier om Israel te vervloek.**

Leer en bespreek Númeri 22:36–24:25.

- Nadat Bíleam in Moab gearriveer het, het Balak hom drie keer gevra om Israel te vervloek. Elke keer het die Here aan hom gesê om Israel te seën, en Bíleam was gehoorsaam. Watter sterktes het Bíleam in hierdie verhaal gewys? (Sien Númeri 22:38; 23:8, 19–20; 24:1, 12–13.) Watter swakhede was nogsteeds sigbaar in Bíleam? (Sien Númeri 22:41; 23:1–3, 13–15, 27–30. Alhoewel Bíleam Balak se versoek om Israel te vervloek geweier het, was hy nogsteeds gewillig om saam met Balak van plek tot plek te reis en na sy versoeke te luister, al het hy geweet dat hulle verkeerd was.) Watter gevare is daar om na ongeregtige voorstelle te luister (van vriende of die media, by voorbeeld) wanneer ons weet dat hulle verkeerd is?

**4. Die Israeliete vernietig die Midianiete en Bíleam sterf.**

Leer en bespreek Númeri 31:1–16.

- Hoekom het die Israeliete teen die Midianiete oorlog gevoer? (Sien Númeri 31:1–3; die Here was kwaad vir die Midianiete omdat hulle die kinders van Israel verlei het om te sondig, soos ons in Númeri 25:1–3 kan sien.) Wie het die Midianiete aangeraai om die kinders van Israel te tempteer met afgodery en onsedelike gedrag? (Sien Númeri 31:16.) Hoekom het Bíleam hierdie raad gegee? (Alhoewel Bíleam die Here se bevel gehoorsaam het om Israel te seën eerder as om hulle te vervloek, in sy hart wou hy nogsteeds aardse belonings en eer ontvang. Om hierdie beloning te ontvang, het hy voorgestel dat hulle Israel tempteer om te sondig, wat sou veroorsaak dat hulle God se beskerming sou verloor.) Wat het met Bíleam gebeur tydens die geveg met die Midianiete? (Sien Númeri 31:8.)

- Drie skrywers van die Nuwe Testament het na Bíleam verwys (2 Petrus 2:15–16; Judas 1:11; Openbaring 2:14). Wat was hulle indrukke van hom?

- Watter lesse kan ons uit hierdie storie leer? (Lede van die Kerk wat na aardse belonings en eer soek, en uitsonderings op God se raad en gebooie soek, of probeer om wêreldse ideës, praktyke of standaarde in die Kerk in te bring, volg Bíleam se ongeregtige voorbeeld. Dit word die "leerstelling van Bíleam" genoem in Openbaring 2:14.)

Ouderling Bruce R. McConkie het gesê:

"Wat 'n storie is dié! Hier is 'n profeet van God wat standvastig is in sy vasbeslotenheid om slegs te verklaar wat die Here uit die hemel aan hom openbaar. Daar is nie die geringste twyfel oor watter pad hy moet volg nie. Hy verteenwoordig die Here en nie eens 'n huis vol goud of silver of die hoë eer wat aan hom geoffer word deur die koning kan hom van sy bepaalde koers laat afwyk nie. . . .

"Maar gulsigheid vir rykdom en die begeerte vir eer lok hom aan. Hoe wonderlik sou dit nie wees [vir hom] om ryk en magtig te wees nie. . . . Miskien sou die Here hom toelaat om sy standaarde te buig en om sekere wêreldse voorspoed en mag te hê. . . . Ek wonder hoeveel keer kry sommige van ons, ons leiding van die Kerk en dan, soos Bíleam smeek ons vir sekere wêreldse belonings . . .

"Bíleam, . . . so geinspireert en magtig soos wat hy eens was, het aan die einde sy siel verloor omdat hy sy hart op die dinge van hierdie wêreld gefokus het, in plaas van die rykdom van die ewigheid" ("Die Storie van 'n Profeet se Maligheid," *New Era,* Apr. 1972, 7).

- Verwys terug na die stellings in die aandag aktiwiteit. Wys daarop dat alhoewel Bíleam voorgegee het om streng gehoorsaam te wees, was die begeertes van sy hart om aardse belonings en eer te ontvang. Wat leer hierdie storie ons van hoe belangrik dit is om die begeertes van ons hart suiwer te hou? Hoe kan ons die begeertes van ons hart suiwer hou?

---

Slotsom

Getuig dat indien Bíleam homself tot die wil van God in alle nederigheid, onderhewig gemaak het sou baie sonde en leiding vermy kon word, vir homself asook vir Israel. Moedig klas lede aan om standvastig te wees eerder as hardkoppig — om die Here se wil te soek en te volg sonder om daarom te probeer kom of om dit te probeer verander nie.

---

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiale is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Wees gehoorsaam aan die Here**

Ons kan van Bíleam leer hoe belangrik dit is om aan die Here gehoorsaam te wees. Ons kan dit ook leer, uit die baie ander goeie voorbeelde van mans en vrouens in die geskrifte. Jy mag dalk na die volgende voorbeelde wil verwys:

a. Die Verlosser, bewus van die leiding van Getsémane en die kruis wat voorlê het "neergekniel, en gebid en gesê, Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!" (Lukas 22:41–42).
b. Toe Abraham beveel was om sy seun Isak op te offer, het hy "vroeg in die oggend opgestaan" om sy reis na die Berg Moria te begin (Genésis 22:3).
c. Toe Maria aangesê is dat sy die moeder van die Seun van God sou wees, het sy geantwoord, "Hier is die diensmaagd van die Here; laat dit met my gaan volgens u woord." (Lukas 1:38).
d. Toe Nefi aangesê is om na Jerusalem terug te keer om die koper plate van Laban af te kry, het hy onmiddelik geantwoord, "Ek sal heengaan en die dinge doen wat die Here gebied het" (1 Nefi 3:7).

e. Die seuns van Helaman was suksesvol in die stryd omdat "hulle gehoorsaam was en gepoog het om elke woord van bevel uit te voer met nougesetheid;" (Alma 57:21).

**2. "Die Here het jou van verering terug gehou" (Númeri 24:11)**

- Toe Bíleam geweier het om Israel te vervloek en dus nie Balak se beloning en eer kon ontvang nie, het balak aan hom gesê, "Die Here het jou van verering terug gehou" (Númeri 24:11). Hoe kan, deur die Here te volg, ons somtyds van aardse belonings en eer ontneem word? Wat belowe die Here ons in plaas van aardse belonings? (Sien L&V 81:6.)

Les

# 17 "Wees Bewus Voor Jy Vergeet"

*Deuteronómium 6; 8; 11; 32*

**Doel**

Om klas lede aantemoedig om (1) die Here te onthou en die verbonde wat hulle met hom gemaak het en (2) om 'n omgewing te skep wat hulle sal help om dit te doen.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:

   a. Deuteronómium 6:1–9; 11:18–21. Moses gee aan Israel instruksies om hulle te help om hul verbonde te onthou. Hy beveel ouers om hul kinders sy woorde te leer.

   b. Deuteronómium 6:10–12; 8:1–20. Moses herinner Israel aan al God se seëninge aan hulle. Hy waarsku hulle, dat hulle sal vergaan indien hulle nie gehoorsaam is aan God se gebooie en Hom nie onthou nie.

   c. Deuteronómium 32:1–4, 15–18, 30–40, 45–47. Moses vermaan die Israeliete om die Rots van hul Saligheid (Jesus Christus) in gedagte te hou.

2. Addisionele leeswerk: Deuteronómium 4; 7:1–4; 13:1–8; 34.

3. Indien jy die eerste aandag aktiwiteit gebruik, bring voorwerpe van die huis af, soos wat onder "aandag aktiwiteit" beskryf word.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk een van die volgende aktiwiteite (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin. Kies die aktiwiteit wat die mees gepaste sal wees vir die klas.


Aandag aktiwiteit

1. Vertoon voorwerpe van die huis af, wat jou aan die Here en die verbonde wat jy met hom gemaak het, herinner. (Sulke voorwerpe kan die geskrifte, prente, boeke en musikale opnames insluit.) Vertel klas lede hoekom hierdie voorwerpe vir jou belangrik is. Verduidelik dat 'n deel van hierdie les, die fisiese voorwerpe sal bespreek wat Israel van ouds gebruik het om hulle aan die Here en hul verbonde met hom, te herinner.. Wys daarop dat fisiese voorwerpe vir ons ook kragtige herdenkinge kan wees.

2. Skryf die volgende woorde op die swartbord:

   *Mislei, verlei, uitvang, kul, verslint, uitlok, tempteer, sus, woede, blind, lieg, gevlei, vernietig*

- Wat het hierdie woorde ingemeen? (Een eienskap wat hulle in gemeen het, is dat hulle almal Satan se taktieke in sy pogings om ons van die Here af weg te lei, beskryf.)
- Laat 'n klas lid L&V 76:28–29 lees. Verduidelik dat hierdie verse van'n visioen is, wat aan Joseph Smith en Sidney Rigdon gegee is. Wat kan ons doen om teen Satan se invloed beskerm te wees? (Jy mag dalk die volgende diagram wil gebruik om van die dinge te wys wat ons kan doen om onsself te beskerm teen Satan se temptasies.)




Verduidelik dat in die boek van Deuteronómium, het Moses die Israeliete geleer hoe om ‘n omgewing te skep wat hulle sou help om Satan se temptasies te kan weerstaan. Hierdie les hersien Moses se raad en bespreek hoe ons dit vandag kan toepas.

---

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe van toepassing kan wees. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

Nadat die Israeliete vir 40 jaar lank getoets, gestraf en geleer is in die wildernis, het die Here gesê dat hulle nou gereed was om in die beloofde land in te gaan. Maar eers het hy belangrike instruksies vir hulle gehad. Moses het hierdie instruksies in drie predikasies wat in die boek van Deuteronómium voorkom, aan hulle gelewer.

In hierdie predikasies hersien Moses Israel se 40-jaar lange reis in die wildernis, en erken God se hand in hul uitlewering. Moses bespreek ook Israel se verantwoordelikhede as God se verkore volk. Hy beklemtoon dat hulle God se gebooie moet gehoorsaam, veral die gebod om Hom te onthou en geen ander afgode te aanbid nie. Moses waarsku dat alhoewel die kinders van Israel gereed is om die beloofde land in te gaan, indien hulle na hulle bose maniere terug keer sal hulle hul erfreg verloor en versprei word.

**1. Moses gee instruksies aan Israel om hulle te help om hul verbonde te onthou.**

Leer en bespreek Deuteronómium 6:1–9 en 11:18–21.

- Deuteronómium bevat Moses se laaste woorde aan die Israeliete. Indien jy ‘n laaste boodskap aan jou familie en vriende moes gee, wat sou dit wees?
- Wat het die Here die Israeliete in Deuteronómium 6:5–7 beveel om te doen? Hoe kan ons die woorde van die skrifture in ons harte vestig? Hoe kan ouers die evangelie effektief aan hul kinders leer en hulle help om ‘n liefde vir die geskrifte te ontwikkel?
- Wat het Moses die Israeliete aangeraai om in Deuteronómium 6:8–9 en Deuteronómium 11:18–20 te doen? (Let daarop dat’n voorhoofsband “stukkies papier was waarop vier skrif gedeeltes geskryf is. . . en wat dan opgerol is en met leer bandjies. . . aan hul voorkop en om hul arms vasgebind is” [Bybelse Woordeboek, “Voorhoofsband,” 676]).

- Hoekom dink jy het Moses die mense aangesê om die skrif gedeeltes tussen hul oë, en op hul hande, en aan die deur koesyne van hul huise, en op hulle hekke, vas te maak? Hoe sou sulke konstante herinneringe ons aksies beinvloed? Wat kan ons in ons huise doen om ons aan die Here, sy woorde, en ons verbonde met Hom te herrinner? Herrinner die prente op ons mure, die boeke wat ons lees, die flieks en televisie programme wat ons kyk, ons aan die Here, of stel hulle ʻn begeerte na die dinge van die wêreld voor?

  President Ezra Taft Benson het gesê dat mense wat deur "Christus gekaptein word, deur Christus ingeneem word. . . . Gaan hul huise in en die prente op hul mure en die boeke op hul rakke, die musiek in die lug, en hul woorde en aksies sal wys dat hulle Christene is" (in Konferensie Raport, Okt. 1985, 6; of *Ensign,* Nov. 1985, 6–7).

**2. Moses vermaan die Israeliete, om God se gebooie te gehoorsaam en Hom te onthou.**

Leer en bespreek Deuteronómium 6:10–12 en 8:1–20.

- Wat is Moses se hoof boodskappe in Deuteronómium 6:10–12 en 8:1–20? Wat beteken dit om die Here te vergeet? (Sien Deuteronómium 8:11.) Wat is die gevolge van Hom vergeet? (Sien Deuteronómium 8:19.) Hoe kan ons seker maak dat ons nie God vergeet nie?

- Watter toestande of uitdagings het Moses genoem, wat mense God kan laat vergeet? (Sien Deuteronómium 6:10–12; 8:10–20.) Hoekom vergeet sommige mense die Here nadat hy hulle ryklik geseën het? (Sien Deuteronómium 8:17.)

  President Brigham Young het gesê: "Die grootste vrees wat ek het oor[die lede van die kerk] is, dat hulle sal ryk word in hierdie land, God en sy volk sal vergeet, vet sal word, en hulself uit die Kerk sal skop en Hel toe sal gaan. Hierdie mense sal aanrandings, rooftogte, armoede, en alle vorme van vervolging kan weerstaan en getrou bly. Maar my groter vrees vir hulle is dat hulle nie rykdom sal kan hanteer nie; en tog moet hulle met rykdom beproef word, want hulle sal die rykste mense op die aarde word" (in Preston Nibley, *Brigham Young: Die Man en Sy Werk* [1936], 128).

- Wie is die bron van enige voorspoedigheid wat ons mag beval? (Sien Deuteronómium 8:18.) Hoe kan ons ons rykdom gebruik om die Here se werk te bevorder? (Sien Deuteronómium 8:18; Jakob 2:18–19.)

**3. Moses maan die Israeliete aan om meer bewus te wees van die Rots van hulle saligheid (Jesus Christus).**

Leer en bespreek Deuteronómium 32:1–4, 15–18, 30–40, 45–47.

- Wie is die Rots waarvan in Deuteronómium 32:3–4 gepraat word? (Jesus Christus; sien ook verse 15, 18, en 30–31.) Hoekom dink jy word Jesus Christus soms die Rots genoem? (Sien Helaman 5:12.)

- Moses het gesê dat "hulle rots" (die valse gode van die bose) "is nie ons Rots nie" (Deuteronómium 32:31). Hoe verskil "hulle rots" van "ons Rots"? (Sien Deuteronómium 32:37–40.)

- Wat beteken dit om op die Rots te bou? (Sien Deuteronómium 32:46–47; Matthéüs 7:24–27; L&V 50:44.) Hoe kan ons dit doen? (Sien Deuteronómium 18:18–19, wat in die profisieë van die koms van Christus, vertel hoe noodsaaklik dit is om na sy woorde te luister.)

Slotsom

Deel jou getuienis van die Verlosser en jou dankbaarheid vir die verbonde wat jy met hom gemaak het. Beklemtoon hoe belangrik dit is om God en die verbonde wat ons met hom gemaak het, te onthou. Getuig dat die dinge wat ons om ons plaas—soos prente, boeke, en musiek—kragtige herinneringe van die Here en die verbonde wat ons met hom gemaak het, kan wees. Wys daarop dat die rede hoekom ons onsself met hierdie dinge omring is dieselfde rede hoekom die Israeliete van ouds 'n voorkopsband gedra het: om ons te help om op die Rots te bou — om ons te help om die Here te onthou en te volg.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiale is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. "Skryf hulle op die deurposte van jou huis" (Deuteronómium 6:9)**

Nooi klas lede uit om 'n lys te maak van die skilderye, prente, musiek, en ander voorwerpe wat in hul huise is. Laat hulle elke item merk met 'n "+" (wat daarop dui dat die item hulle waarskynlik sal help om die Here te onthou) of 'n"—" (wat daarop dui dat die item hulle harte waarskynlik van die Here af sal weg lei). Jy mag dalk wil voorstel dat klas lede dit met hulle families gedurende familie aand doen.

**2. "Hy sal jou nie verlaat nie" (Deuteronómium 4:31)**

- Nadat Moses geprofiseër het dat Israel tot afgodery sal draai en verspreid sal word, het hy woorde van hoop geoffer (Deuteronómium 4:25–28). Wat het hy belowe aan diegene wat die Here met hul hele hart uitsoek? (Sien Deuteronómium 4:29–31; Jesaja 49:14–16.) Hoe is hierdie belofte al in jou lewe vervul? Wat moet ons doen om die Here met ons hele hart en siel te soek?

**3. Hoe om die negatiewe invloede van andere te weerstaan**

- Watter gevaar het Moses teen gewaarsku in Deuteronómium 13:6–8? Hoe kan ons dit herken wanneer iemand besig is om ons van die Here af weg te trek? Hoe moet ons teenoor so 'n persoon reageer?

**4. "Hulle mag nie met leë hande voor die aangesig van die Here verskyn nie" (Deuteronómium 16:16)**

- Die plek wat in Deuteronómium 16:2, 11, 16 genoem word, is die tabernakel, wat 'n draagbare temple vir die Israeliete was. Ter voorbereiding vir 'n feës by die tabernakel, het Moses aan die mense instruksie gegee om nie "voor die Here met leë hande te verskyn nie' (Deuteronómium 16:16). Hoe kan dit tot ons tempel bywooning toegepas word? Hoe kan ons onsself voorberei om die tempel by te woon, sodat ons nie die tempel "leeg" ingaan nie? Hoe sal hierdie voorbereidings ons help om in die tempel "vreugde te hê voor die Here"? (Deuteronómium 16:11).

- President Howard W. Hunter het gesê: "Laat ons 'n Tempel-gaande volk wees. Woon die tempel by, so gereeld soos wat persoonlike omstandighede toelaat. Hou 'n prent van die tempel in jou huis, sodat jou kinders dit mag sien" (in Konferensie Raport, Okt. 1994, 8; of *Ensign,* Nov. 1994, 8). Hoekom is dit belangrik dat ons so gereeld as moontlik na die tempel gaan? Hoekom is dit belangrik om 'n prent van die tempel in ons huis te hê?

**5. "Niemand het tot vandag toe sy graf geken nie" (Deuteronómium 34:6)**

Die skrywer wat die boek van Deuteronómium klaar geskryf het, het slegs geweet dat Moses weg was en het dus aangeneem dat hy gesterf het, dat die Here hom begrawe het, en dat niemand geweet het waar sy graf was nie. Maar, ons weet dat Moses in die hemel opgeneem is. (Vir 'n voorbeeld van die toestand van opgeneemde wesens, sien 3 Nefi 28:7–9, 37–40.) Die Bybel Woordeboek gee die volgende verduideliking van Moses se opname:

"Soos wat die geval was met baie van die profete van ouds, het Moses se bediening verder gestrek as die perke van sy sterflike leeftyd. In die geselskap van Elia, het hy na die Berg van die Verheerliking gekom en die sleutels van die priesterskap aan Petrus, Johannes en Jakobus gegee (Matthéüs 17:3–4; Markus 9:4–9; Lukas 9:30; L&V 63:21; *Geskiedenis van die Kerk,* 3:387). Uit hierdie gebeure, wat voor die opstanding van Jesus plaas gevind het, verstaan ons dat Moses 'n opgeneme wese was en dat hy nie gesterf het soos wat in Deuteronómium 34 aangeneem is nie. (Alma 45:19). Dit was nodig dat hy opgeneem moes word, sodat hy 'n liggaam van vlees en been kon hê, in die tyd van die verheerliking, siende dat die opstanding nog nie plaas gevind het nie. Indien hy slegs 'n gees was, sou hy nie die werk kon doen, om op die berg die sleutels aan die sterflike Petrus, Johannes, en Jakobus te gee nie (L&V 129)" (Bybelse Woordeboek, "Moses," 735).

# "Wees Sterk en vol Moed"

Les
18

*Josua 1–6; 23–24*

**Doel**

Om klas lede aan te moedig om sterk en dapper te wees in die manier waarop hulle die evangelie van Jesus Christus leef.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:
   a. Josua 1. Die Here roep Josua om Moses se opvolger te wees en beveel hom om sterk te wees, dapper te wees, die geskrifte te studeer, en om die gebooie te gehoorsaam. Josua berei die Israeliete voor om die land wat die Here aan hulle beloof het, in te gaan.
   b. Josua 3–4; 6. Die Israeliete steek die Jordaan rivier op droë grond oor, en plaas 12 klippe as 'n aandenking van hul oortog. Jérigo word deur die geloof van die Israeliete, vernietig.
   c. Josua 23; 24:14–31. Josua en sy mense maak 'n verbond met die Here om hom te dien.
2. Addisionele leeswerk: Josua 7; 14.
3. Vra 'n klas lid om voor te berei om die stryd van Jérigo weer te gee asof hy of sy 'n ooggetuie was (Josua 6). Vra een of twee ander klas lede om voorteberei om 'n ondervinding wat hulle aan God se liefde en krag herinner, te deel.
4. Indien jy die aandag aktiwiteit gebruik, bring 'n vel papier, 'n kleefband of 'n rekkie, en 'n boek. Indien jy die vrae oor lokvalle en strikke gebruik, mag jy dalk 'n klein strik, soos 'n muisvalletjie, wil bring om die bespreking te illustreer.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk een van die volgende aktiwiteite (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Verduidelik dat hierdie les oor Josua handel, die profeet wat die kinders van Israel in hul oorwinning van die beloofde land, gelei het. Toe Josua as 'n profeet geroep is, het die Here hom beveel om "sterk en vol moed" te wees (Josua 1:6). Skryf hierdie frase op die swartbord. Wys die vel papier en die boek. Vra 'n klas lid om die papier op sy sy te plaas en om die boek daar op te balanseer.

Nadat die klas lid dit probeer het, verduidelik dat daar 'n manier is om die papier sterk genoeg te maak om die boek te ondersteun. Rol die papier op om 'n buis te maak en bind dit met die rekkie of kleefband vas. Laat die buis regop staan op 'n plat oppervlakte. Plaas die boek versigtig bo-op. (Jy mag dit dalk wil oefen voor jy dit in die klas doen.)

Verduidelik dat Josua sterker geword het, soos wat hy toegelaat het dat God sy karakter vorm. Soortgelyk, kan ons ook sterker word en die dinge vermag wat die Here wil hê ons moet doen, wanneer ons God toelaat om ons karakter te vorm.

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

Gedurende die Israeliete se 40-jaar lange tog deur die wildernis, het Moses aan hulle God se wet gegee, as God se woordvoerder opgetree, en as hul gids gedien. Hy was die enigste leier wat 'n hele generasie Israeliete geken het. Maar die Here het hom aan die einde van hul tog geneem— net toe hulle 'n groot toets in die gesig staar. Maar die Here het sy belofte aan Israel onthou, en 'n nuwe leier, Josua gekies, wie die oorwinning en hervestiging van die beloofte land gelei het.

**1. Die Here roep Josua.**

Leer en bespreek Josua 1.

- Watter uitdagings het Josua in die gesig gestaar, toe die Here hom geroep het om Moses op te volg as leier van die Israeliete? (Hy moes Israel lei in die oorneem en hervestiging van Kanaan, wat 'n magtige onderneming was. Hy moes ook die plek inneem van 'n groot leier.) Watter versekering het die Here aan Josua gegee, terwyl Josua besig was met die voorbereidings om die beloofde land in te gaan? (Sien Josua 1:5.) Hoe kan hierdie versekering ons help in 'n nuwe roeping of uitdaging? Hoe het die Here jou al in sulke omstandighede gehelp?
- Watter gebod het die Here drie maal in Josua 1:6–9 herhaal? Waarvoor, het die Here gesê sou Josua moed en sterkte nodig hê? (Sien Josua 1:7.) Wys daarop dat alhoewel Josua moed sou nodig hê om in al die militêre aksies te veg, het hy ook morele moed nodig gehad — die moed om te doen wat reg is. Watter uitdagings het ons vandag wat sterkte en morele moed verg? Watter voorbeelde van morele moed het jy al waargeneem?
- Wat het die Here aan Josua gesê moet hy doen om "goeie sukses" te hê? (Sien Josua 1:8. Verduidelik dat die boek van die wet, die geskrifte is.) Hoekom dink jy sou dit belangrik gewees het vir Josua om die geskrifte te studeer, om suksesvol te wees in sy roeping? Hoe kan gereelde studie van die geskrifte ons help?

**2. Die Israeliete steek die Jordaan Rivier op droë grond oor; deur hul geloof is Jérigo vernietig.**

Leer en bespreek Josua 3–4 en 6.

- Toe die Israeliete die Jordaan Rivier moes oorsteek, was sy besig om haar walle te oorstroom. Hoe het die Here aan die kinders van Israel gewys dat hy met Josua is, net soos wat hy met Moses was? (Sien Josua 3:7–8, 14–17; 4:14. Indien nodig, verduidelik dat die ark van die verbond 'n draagbare altaar was wat die heilige skrif bevat het, insluitende Moses se skrifte en die tablette wat die Tien Gebooie bevat het.) Hoe wys die Here dat hy die lewende profete lei en inspireer, net soos wat hy met vorige profete gedoen het?
- Wat moes die priesters wat die ark gedra het doen, voor die waters van die Jordaan Rivier opgehou vloei het? (Sien Josua 3:13–17. Hulle moes in die oorvloeiende rivier intree terwyl hulle die ark dra.) Hoe vra die Here soms soortgelyke dinge van ons?

Ouderling Boyd K. Packer het gesê:

"Kort nadat ek as 'n Algemene Gesaghouer geroep is, het ek na Ouderling Harold B. Lee gegaan vir raad. Hy het versigtig na my probleem geluister en voorgestel dat ek President David O. McKay gaan sien. President Mckay het my advies gegee, vanweë die rigting waarin ek moet gaan. Ek was gewillig om gehoorsaam te wees, maar kon geen moontlike manier sien waarop ek die dinge kon doen wat hy my aan beveel het nie.

"Ek het na Ouderling Lee terug gegaan en gesê dat ek nie kon insien hoe ek in die rigting waarin hy my aan beveel het om te gaan, kon beweeg nie. Hy het aan my gesê, 'Die probleem is dat jy die einde van die begin af wil sien.' Ek het geantwoord dat ek ten minste 'n tree of twee vooruit wil sien. Hier het die les van 'n leeftyd gekom: 'Jy moet leer om tot op die rand van die lig te loop, en dan 'n paar treë in die donkerte in; dan sal die lig verskyn en jou die pad vooruit wys" (Die Rand van die Lig," *BYU Vandag*, Maart 1991, 22–23).

- Hoekom het Israel 'n herdenking van 12 stene gemaak nadat hulle die Jordaan Rivier oorgesteek het? (Sien Josua 4:1–9. Dit was om as 'n testament van die Here se mag aan toekomstige generasies te staan, om hulle te herinner dat die Here hulle ook sal seën soos wat hy hul vaders geseën het.) Watter persoonlike herdenkings herinnder jou aan God se krag in jou lewe? (Antwoorde kan die nagmaal gebed; prente van Christus, tempels, en profete; die geskrifte; en geestelike ondervindings wat in jou joernaal neergeskryf is,insluit.) Hoe kan hierdie herdenkings die lewens van andere seën? (Sien Josua 4:21–24.)

  Getuig dat die Here gebede sal antwoord, seëninge sal gee, openbaringe sal bekend maak, en wonderlike werke vir elke nuwe generasie sal doen. Vra die klas lede wat vooraf gevra is, om ondervindinge wat hulle van God se krag en liefde herinner, te deel.

- Vra die klas lid wat vooraf gevra is om die val van Jérigo te beskryf asof hy of sy 'n ooggetuie was, om dit nou te doen. (Josua 6). Wat het veroorsaak dat die mure van Jérigo inmekaar val? (Sien Hebreërs 11:30.) Hoe was die Israeliete se gedrag 'n daad van geloof?

- Wie was die enigste inwoners van Jérigo wat gered is? (Sien Josua 6:17, 22–25; sien ook Josua 2:1–15.) Wat kan ons leer uit die redding van Ragab en haar familie?

**3. Josua en sy mense maak 'n verbond om die Here te dien.**

Leer en bespreek Josua 23 en 24:14–31.

- Naby aan die einde van sy lewe het Josua die Israeliete herinner aan wat God vir hulle gedoen het. Josua het hulle ook gewaarsku teen lokvalle en strikke. Indien jy 'n klein valletjie gebring het, demonstreer hoe dit werk. Indien jy nie een gebring het nie, beskryf hoe dit werk. Wat is sommige dinge wat ons moet doen om te verhoed dat ons nie in 'n strik gevang word nie? (Ons moet eerste dit as 'n strik erken en dan daarvan af weg bly.)

- In sy finale raad, het Josua Israel gemaan om "aan die Here te kleef" eerder as om aan die oorblywende [Kanaanietiese] nasies "te kleef" (Josua 23:8, 12. Let daarop dat in hierdie geval, die woord *kleef* beteken om saam te bind).

Hoe kan ons "aan die Here kleef" eerder as om aan die wêreld te kleef? Hoe sou, om aan die Kananietiese nasies te kleef, 'n val of 'n strik vir die Israeliete gewees het? Wat is sommige van die lokvalle en strikke wat ons vandag in die wêreld het?

- Watter belangrike raad het Josua aan die einde van sy lewe gegee? (Sien Josua 24:14–15.) Met wie het Josua en Israel 'n verbond gemaak om te dien? (Sien Josua 24:15–18, 21–25, 31.) Hoekom kan 'n persoon nie die ware God en wêreldse gode tegelyk dien nie?
- Hoekom is dit belangrik om *vandag* te besluit om die Here te dien? Hoe kan ons wys dat ons gekies het om hom te dien?

Ouderling Marvin J. Ashton het gesê: "Josua herinner ons hoe belangrik dit is om besluite stiptelik te maak: 'Kies dan vir julle vandag wie julle wil dien; . . . maar ek en my huis, ons sal die Here dien.' (Josua 24:15). Nie môre nie, nie wanneer ons gereed is nie, nie wanneer dit gerieflik is nie – maar 'vandag' onmiddelik, kies wie julle wil dien. Hy wie ons uitnooi om hom te volg, sal altyd voor ons uitgaan en Sy Gees en invloed sal die pas aangee. Hy het die pad verken en uitgemerk, die hekke oop gemaak, en die weg aangewys. Hy nooi ons uit om na Hom te kom, en die beste tyd om Sy geselskap te geniet, is onmiddelik. Die beste manier om op koers te kom en daar te bly is om te doen wat Jesus gedoen het – maak 'n totale verbintenis tot die wil van Sy Vader" (in Konferensie Raport, Apr. 1983, 41; of *Ensign,* Mei 1983, 30–31).

---

## Slotsom

Josua se finale raad aan die Israeliete het dieselfde opdrag bevat as wat die Here aan hom gegee het toe hy hom as 'n profeet geroep het— om sterk en vol moed te wees (Josua 23:1–6). Hierdie opdrag is net so toepaslik vandag as wat dit toe was, omdat ons almal betrokke is in die stryd tussen goed en kwaad.

Ouderling Ezra Taft Benson het gesê dat daar twee prinsiepe is wat noodsaaklik is vir vrede en sekuriteit: "Eerste, vertrou in God; en tweedens, 'n determinasie om die gebooie te onderhou, die Here te dien, en dit wat reg is te doen. . . . Die Here het dit baie duidelik gestel in die openbaringe, dat selfs wanneer tye gevaarlik word en ons deur temptasie en sonde omring is, selfs wanneer daar 'n gevoel van onveiligheid is en mense se harte ingee en vrees hul siel aangryp, indien ons net in God vertrou en sy gebooie onderhou, sal ons niks hê om te vrees nie"

---

## Addisionele Onderrig Ideës

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Om die plek van 'n suksesvolle leier in te neem**

- Baie mense, soos Josua en Brigham Young, is al geroep om die plek van 'n groot leier in te neem. Wat mag sommige van hulle uitdagings gewees het? Wat dink jy het hulle gehelp om suksesvol te word? Wat kan ons doen om onsself te help om suksesvol te wees, wanneer ons in iemand se spore volg wat gepresteer het, by die werk, kerk, skool, of by die huis?

**2. Die gevolge van 'n individu se sondes op ander mense.**

- Leer die verhaal van Agan in Josua 7. As gevolg van Agan se ongehoorsaamheid, is die Israeliete deur die mense van Ai verslaan (Josua 7:1–5). Wat het Agan gedoen om dit te veroorsaak? (Sien Josua 7:20–21. Hy het die Here se

onmin op Israel gebring deur ongehoorsaam te wees en van die klere en geld van Jérigo te neem.)

- Wat kan die gevolge van Agan se sonde ons leer van hoe ons individuele sonde, ander mense kan affekteer? Hoekom is dit 'n wanbegrip om te dink dat wat ons doen ons eie saak is en dat dit niemand anders sal seër maak nie? (Jy mag dalk voorbeelde van hoe een persoon se aksies andere affekteer, wil gee: 'n Ongeluk wat deur 'n dronk bestuurder veroorsaak is, kan die lewens van die onskuldige mense wat beseër is affekteer. 'n Persoon wat 'n Sondag Skool klas ontwrig maak dit moeilik vir andere om te konsentreer en die Gees aan te voel. 'n Persoon wat seksuele sondes pleeg of nie die Woord van Wysheid leef nie, bring pyn en leiding aan andere. 'n Eggenoot wat ontrou is, kan 'n gesin opbreek en onskuldige familie lede baie pyn besorg. Individuele Kerk lede, wie nie die Here volg nie, mag die hele Kerk as 'n geheel verhoed om die Here se seëninge te ontvang.)

  Ouderling James E. Faust het gesê: "Private keuses is nie privaat nie; hulle het almal publieke gevolge. . . . Ons samelewing is die totale som van wat miljoene individue in hul private lewens doen. Hierdie totale som van private gedrag het wêreldwye publieke gevolge van enorme omvang. Daar is geen heeltemale private keuses nie" (in Konferensie Raport, Apr. 1987, 101; of *Ensign,* Mei 1987, 80).

**3. Kaleb ontvang die land van Hebron**

- Josua 14 vertel hoe Kaleb die land van Hebron van Josua ontvang het. Hoekom het Kaleb die land van Hebron ontvang? (Sien Josua 14:6–14. Laat daarop dat die frase "volgehou om die Here te volg" in vers 8, 9, en 14 herhaal word.)

  President Spencer W. Kimball het gesê dat hy Kaleb admireer en voorgestel dat ons sekere lesse van hom kan leer:

  "Ons kan baie belangrike lesse van Kaleb se voorbeeld leer. Net soos Kaleb gesukkel het om gelowig en getrou te bly sodat hy sy erfenis kon kry, so ook moet ons onthou dat, alhoewel die Here ons 'n plek in sy koninkryk belowe het, moet ons nogsteeds aanhou strewe om konstant en gelowig te wees sodat ons waardig mag wees om ons beloning te ontvang.

  "Kaleb eindig sy hartroerende verklaring met 'n versoek en 'n uitdaging waarmee my hart alle simpatie het. Die Enakiete, die reuse, het nogsteeds in die beloofde land gewoon, en hulle moes oorkom word. Kaleb, nou 85 jaar oud sê, 'Gee my dan nou hierdie bergland' (Josua 14:12).

  "Dit is hoe ek oor die werk voel op hierdie oomblik. Daar is groot uitdagings voor ons, reuse geleenthede wat ons tegemoed moet kom. Ek welkom hierdie opwindende vooruitsig en voel om nederig aan die Here re sê, 'Gee my dan nou hierdie bergland', gee my hierdie uitdagings" (in Konferensie Raport, Okt. 1979, 115; of *Ensign*, Nov. 1979, 79).

**4. "Kies Julle Hierdie Dag Wie Julle Wil Dien"**

Indien *Ou Testament Video Aanbiedinge* (53224) beskikbaar is,mag jy dalk "Kies Julle Hierdie Dag Wie Julle Wil Dien," wil wys, 'n ses-minute gedeelte wat handel oor 'n Arabiese hings se toets van gehoorsaamheid gedurende 'n tyd van honger en dors.

Les
# 19 Die Heerskappy van die Rigters

*Rigters 2; 4; 6–7; 13–16*

**Doel**

Om klas lede aantemoedig om invloede uit te soek wat hulle sal versterk in hul strewe om die evangelie in ʻn wêreld vol uitdagings te leef.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:

   a. Rigters 2:6–23. Die siklus van geloofsversaking begin toe die opkomende generasie van die kinders van Israel die Here versaak en die gode van die mense om hulle begin dien.
   b. Rigters 4:1–16. Barak word beveel om Israel van Jabin, koning van Kanaan, te bevry (4:1–7). Hy stem in, as Debóra saam met hom sal gaan (4:8–9). Debóra en Barak verlos Israel van die Kanaaniete (4:10–16).
   c. Rigters 6–7. Gideon word beveel om Israel van die Midianiete te verlos (6:1–24). Hy en 10 ander mans verwoes die altaar van baal in die nag (6:25–35). Die Here verseker Gideon dat hy hom sal help deur aan hom twee tekens te wys (6:36–40). Gideon en 300 ander manna verlos Israel van die Midianiete (7:1–25).
   d. Rigters 13–16. ʻn Engel gee aan Simson se ouers instruksie om hom as ʻn Nazareën groot te maak (13:1–25). Simson wys sy verskriklike krag af, maar breek baie van sy Nazareënse geloftes (14–15). Simson gee in aan Delila se verleiding; sy hare word gesny, en hy word swak, word deur die Filistyne gevang, en sterf nadat hy hulle tempel aftrek (16:1–31).

2. Addisionele leeswerk: "Rigters, Die" en "Rigters, Boek van," Bybel Woordeboek, bladsy 719–20.

3. Jy mag dalk klas lede wil vra om voorteberei om een of meer van die skrif gedeeltes in hierdie les op te som.


**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om jou les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

President Gordon B. Hinckley het vertel van ʻn tyd toe hy ʻn jong boompie in sy erf geplant het, maar hy het vergeet om stut pale te gebruik om dit te help om reguit te groei. Mettertyd, het die wind die boompie sleg na eenkant laat leun. President Hinckley het besef dat indien hy die boompie gestut het, sou dit die bystand wat nodig was, gehad het totdat dit sterk genoeg sou wees om die wind op sy eie te kon weerstaan. (In Konferensie Raport, Okt. 1993, 77–78; of *Ensign,* Nov. 1993, 59.)

Verduidelik dat ons soms soos daardie jong boompie is, nie moontlik om die wind (die temptasies van Satan ) op ons eie te weerstaan nie. In die boek van Rigters leer ons oor sommige van die "stut pale" wat ons kan ondersteun. Teken ʻn jong boompie wat aan vier stut pale vasgebind is, op die swartbord. Soos wat jy deur die vier skrif verhale in die les gaan, skryf die volgende by elke stut paal:




## Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.


Onder Josua se leiding het die Israeliete baie van die beloofde land verower. Na Josua se dood was Israel nie onder een enkele leier verenig nie, tot in die dae van die profeet Samuel en Koning Saul nie. Gedurende hierdie tyd, het 12 rigters as Israel se leiers en militêre leiers gedien. Meeste van hul heerskappy was tragies, siende dat Israel baie kere deur die siklus van wegvalling, slawerny, bekering en verlossing gegaan het.

In teenstelling met die tragiese dele van hierdie geskiedenis, is daar stories van mense wat getrou gebly het en kragtige voorbeelde was, van hoe om geloof en moed uit te oefen in ʻn wegvallige wêreld. Debora en Gideon was albei regverdige rigters wat deur die Here opgehef is om Israel te verlos. Debora se geloof was grootliks verantwoordelik vir Israel se uitlewering, van ʻn Kanaanietiese krygsmag. Gideon se afhanklikheid op die Here het sy 300-man mag toegelaat om op ʻn wonderbaarlike wyse die Midianiete te vernietig.

**1. Die krag van regverdige ouers en die gevolge, wanneer hulle weë nie gevolg word nie.**

Leer en bespreek Rigters 2:6–23.

- In die boek van Rigters, het die kinders van Israel deur ʻn paar sikluse van regverdigheid en wegvalling gegaan (sien die "Siklus van Wegvalling" diagram op bladsy 89). Hoe het die opkomende generasie van Israel hierdie siklus van wegvalling begin? (Sien veral Rigters 2:10, 12, 17, 20, en 22. Stel voor dat klas lede sleutel woorde in hierdie verse merk. Wys daarop dat die kinders van Israel God verlaat het en die weë en verbonde van hul ouers agter gelaat het.)




- Hoekom volg kinders soms nie die regverdige leerstellinge en weë van hul ouers nie? Hoe kan ouers hulle kinders help om gelowig te wees? Hoe het jou ouers of ander familie lede jou al gehelp om regverdig te lewe?
- Hoe kan ons die vroë waarskuwings tekens van wegvalling erken? Hoe kan 'n individu die siklus van wegvalling breek? Hoe kan ons op 'n gepaste manier 'n familie lid of vriend help, wat lyk of hulle van die waarheid begin wegval?

**2. Debora — die krag van 'n regverdige vriend**

Hersien kortliks die storie van Debora en Barak vanuit Rigters 4:1–16, of vra 'n klas lid om dit te doen.

- Wat het die Here Barak beveel om te doen? (Sien Rigters 4:6–7.) Hoe het Barak oor hierdie taak, gevoel? Op watter voorwaarde was Barak gewillig om teen Sísera en sy 900 strydwaens te veg? (Sien Rigters 4:8.) Hoekom dink jy was Barak gewillig om teen Sísera te staan, as Debora saam met hom sou gaan?
- Wat van Debora het jou die meeste beindruk? Watter eienskappe het sy gehad wat Barak dalk nie gehad het nie? (Sien Rigters 4:4–9, 14.)
- Wat kan ons by Debora leer oor hoe om 'n ware vriend te wees? (Een ding wat ons kan leer is dat ware vriende ons aanmoedig om die Here te gehoorsaam en ons die krag gee om te doen wat reg is.) Hoe het jou vriende jou al gehelp om moeilike uitdagings te oorkom of om aan die Here se gebooie gehoorsaam te wees? Hoe kan ons 'n beter vriend aan andere wees?

  Stel voor dat klas lede die name van hul vriende neerskryf, en hulself dan vra (1) of hulle soos Debora optree teenoor hierdie vriende en (2) of hierdie vriende soos Debora is.

**3. Gideon — die krag van geloof in God**

Hersien kortliks die storie van Gideon in Rigters 6–7, of vra 'n klas lid om dit te doen.

- Wat het die Here Gideon beveel om te doen? (Sien Rigters 6:14.) Wat was Gideon se eerste antwoord? (Sien Rigters 6:15.)
- Hoe het die Here Gideon verseker dat Hy hom beveel het om Israel te verlos en dat Hy saam met hom sal wees en hom sal help? (Sien Rigters 6:16–23, 36–40; 7:9–15.)

- Toe Gideon geglo het dat die Here hom waarlik beveel het om Israel te verlos, het hy in geloof voort gegaan. Hoekom wou die Here Gideon se leër van 32,000 man na 300 verminder om teen die Midianiete te veg? (Sien Rigters 7:2. Die Here wou gehad het dat die Israeliete op hom moes vertrou en sy krag erken, nie hul eie krag nie. Hoe leer die Here ons vandag, om Hom te vertrou en sy krag te erken?
- Wat het gebeur toe Gideon en sy 300 manne teen die Midianiete moes opgaan? (Sien Rigters 7:16–23.) Hoekom dink jy het Gideon sy manne aangesê om, "Die swaard van die Here, en van Gideon" te skree? (Sien Rigters 7:20. Gideon het geweet— en wou gehad het dat sy manne ook moet weet – dat die Here met hulle is.)
- Wat kan ons van Gideon leer? Hoe het die Here jou al gehelp om iets wat Hy van jou gevra het, wat moeilik was om te doen, te verrig? (Soos wat klas lede hul ondervindinge deel, getuig dat wanneer die Here ons beveel om iets te doen, hy ons altyd sal help om dit te doen.)

**4. Simson— die krag van verbonde en die gevolge daarvan, indien ons hulle breek**

Hersien kortliks die storie van Simson in Rigters 13–16, of vra 'n klas lid om dit te doen.

- Hoe het Simson se moeder, wie nie kon kinders baar nie, uitgevind dat sy 'n seun sou hê? (Sien Rigters 13:2–3.) Wat het die engel aan Simson se ma gesê, oor die seun wat sy sou hê? (Sien Rigters 13:4–5. Verduidelik dat die Nasireërs verbonde met die Here gemaak het om hulself apart te hou van die dinge van die wêreld en om aan hom heilig te word. Die Nasireërs se eed is in Númeri 6:2–6, 8uiteen gesit.)
- Watter seëninge het die Here aan Simson gegee om hom te help om sy missie te vervul, om Israel van die Filistyne te verlos? (Sien Rigters 13:24–25; 14:5–6, 19; 15:14–15. Die Here het hom geestelike en fisiese krag gegee.)
- As 'n Nasireër en 'n lid van die huis van Israel, het Simson verbonde met die Here gemaak. Hy het egter sy eed as 'n Nasireër en sy verbond as 'n lid van die huis van Israel gou gebreek. Watter eed en verbonde het hy gebreek? (Sommige van die verbonde wat Simson gebreek het word hier onderaan gelys.)

  a. Hy het buite die verbondshuis van Israel getrou (Rigters 14:1–3).
  b. Hy was onsedelik met 'n slegte vrou (Rigters 16:1).
  c. Hy het sy hare laat sny (Rigters 16:4–20).

- Wat was die gevolge van Simson se verbreking van sy verbonde? (Sien Rigters 16:17–21. Hy het sy geestelike en fisiese krag verloor, en die Filistyne het hom verblind en vasgebind. Indien nodig, verduidelik dat Simson se hare nie die bron van sy fisiese krag was nie. Maar sy hare was eerder 'n simbool van die verbond wat hy met die Here gemaak het, en toe sy hare afgesny is, het die Here sy fisiese krag weggeneem, omdat hy sy verbond met die Here verbreek het.) Wat gebeur wanneer ons ons verbonde verbreek? Watter simbole het ons van ons verbonde met die Here?

- Die verbonde wat ons met die Here maak, behoort 'n bron van krag, leiding en toegetrouenheid te wees. Watter verbonde maak ons met die Here? Hoe het hierdie verbonde jou al versterk? (Een manier waarop verbonde ons versterk, is deur ons te help om Satan se pogings om ons te verblind of vas te bind, te weerstaan.)
- Simson het groot potensiaal gehad. Die engel wat sy geboorte aangekondig het, het gesê dat hy sou begin om Israel van die Filistyne te verlos. Die Here het hom met baie gawes geseën, insluitende groot fisiese krag. Watter innerlike swakhede het tot sy ondergang gelei? (Sien Rigters 15:7; 16:1; L&V 3:4. Antwoorde mag insluit, self-bevrediging, onsedelikheid, wraak soeking, en verbreking van verbonde.) Hoe kan ons swakhede oorkom wat ons mag verhoed om ons potensiaal te bereik?

Slotsom

Verduidelik dat in die boek van Josua het die Israeliete baie fisiese oorloë met die Kanaaniete geveg en gewen. Maar in die boek van Rigters thet die Israeliete die geestelike oorloë begin verloor, omdat hulle hulself toegelaat het om deur die Kanaaniete se wêreldse praktyke en valse gode beinvloed te word. Ons het soortgelyke geestelike oorloë. Getuig dat ons in hierdie stryd kan wen as ons (1) die weë van regverdige ouers en voorouers volg, (2) goeie vriende maak, (3) ons geloof in die Here vermeerder, en (4) ons verbonde hou.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Ouers se bydrae tot die wêreldlikheid van hul kinders (Rigters 1:28)**

- Die onvermoë van die opkomende generasie van Israeliete om gelowig te bly, was nie heeltemal hulle skuld nie. Volgens Rigters 1:21, 27–33, en Rigters 2:1–4, hoe is die fondasie vir die kinders se mislukking gelê? (Dit is deur hulle ouers se onvermoë om die Kanaaniete uit te dryf, gelê. Al was die ouers sterk genoeg om die invloede van die wêreld om hulle te weerstaan, was hulle kinders nie.)
- Hoe maak sommige ouers vandag dieselfde fout as die ouers van die "opkomense generasie" van Israeliete, deur hul kinders bloot te stel aan die invloede van die wêreld? (Moedig spesifieke antwoorde aan.)

**2. Wonderwerke in ons dag**

- Hoekom voel sommige mense, soos Gideon, dat die Here meer wonderwerke gewys het in vorige generasies as wat hy in hulle sin wys? (Sien Rigters 6:13.) Wat is ons rol in die werking van wonderwerke? (Sien Moroni 7:35–38.) Hoe weet jy dat God nogsteeds vandag aanhou om wonderwerke te doen? Hoe kan ons die stille wonderwerke in ons lewens beter herken?

**3. "Anders kan Israel hom teen My beroem" (Rigters 7:2)**

- Hoekom het die Here Gideon beveel om meeste van sy troepe huis toe te stuur, voor hulle die Midianiete aangedurf het? (Sien Rigters 7:2.) Hoe "roem" sommige van [ons] "onself" vandag? (In plaas daarvan om te erken dat ons seëninge en krag van die Here af kom, voel sommige van ons dat ons alles wat ons ontvang het, deur ons eie pogings verdien het.) Hoe kan ons hierdie probleem oorkom?

**4. Weerstaan temptasie**

- Hoekom het Simson die geheim van sy krag aan Delila vertel, al het hy geweet dat sy hom al drie keer verraai het? (Sien Rigters 16:15–17.) Vergelyk Simson se antwoorde aan Delila met Josef se antwoorde aan Potifar se vrou (Genésis 39:7–12). Hoe kan ons voortdurende temptasies oorkom of weerstaan?

Les
# 20 "Die Hele Stadspoort . . . Weet Dat Jy 'n Deugsame Vrou Is"

*Rut; 1 Samuel 1*

**Doel**

Om klas lede aan te moedig om die regverdige kwaliteite van Rut, Naomi, en Hanna na te volg.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:
   a. Rut 1–2 Na die dood van haar man, verlaat Rut haar tuiste om saam met haar skoonma, Naomi, na Betlehem te gaan. In Betlehem werk Rut in die lande van Boas, wat haar sagmoedig behandel.
   b. Rut 3–4 Rut lê aan die voete van Boas, en hy belowe om met haar te trou. Hulle trou en het 'n kind. Hulle afstammelinge sluit Koning David en Jesus Christus in.
   c. 1 Samuel 1; 2:1–2, 20–21. Hanna is met 'n seun geseën, wie sy aan die Here leen soos wat sy belowe het. Sy word later met nog kinders geseën.
2. Indien jy die aandag aktiwiteit gebruik, bring 'n stuk papier en 'n pen of potlood vir elke klas lid.
3. Indien *Ou Testament Video Aanbiedinge* (53224) beskikbaar is, mag jy dalk "Hanna se Geloof," 'n drie-minute gedeelte, as deel van die les wil wys.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Gee elke klas lid 'n stuk papier en 'n pen of potlood.

Verduidelik dat die boek van Rut kort is, maar dat dit duidelik wys dat Rut 'n regverdige vrou was. Vra dan die volgende vrae en laat elke klas lid die antwoorde op sy of haar stuk papier skryf:

- Indien jou karakter in net 'n paar woorde beskryf moes word, wat sou jy wou hê dat daardie woorde moet wees? Wat is een ding wat jy hierdie week kan doen om nader te kom aan daardie begeerde beskrywing?

Verduidelik dat hierdie les die regverdige kwaliteite van Rut en twee ander vroue, Naomi en Hanna, sal bespreek.

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

**1. Rut verlaat haar tuiste om saam met Naomi na Betlehem te gaan.**

Leer en bespreek Rut 1–2.

- Hoekom het Naomi en haar familie in Moab gaan bly? (Sien Rut 1:1–2.) Hoekom het Naomi na Betlehem terug gekeer na die dood van haar man en seuns? (Sien Rut 1:6. Betlehem was haar tuiste, en die hongersnood was verby.)

- Terwyl hulle in Moab was, het Naomi se seuns met Orpa en Rut, vroue van Moab, getrou (Ruth 1:4). Hoe het Naomi haar liefde en besorgdheid vir haar skoondogters gewys, toe hulle geoffer het om saam met haar na Betlehem te gaan? (Sien Rut 1:7–13.) Wat kan ons van Naomi se besorgdheid vir haar skoondogters leer, wat ons in ons eie familie verhoudings kan help?
- Een van Naomi se skoondogters Orpa, het na haar familie terug gekeer, maar die ander een Rut, het aangedring dat sy saam met Naomi na Betlehem sal gaan. Wat kan ons van Rut leer deur haar belofte aan Naomi, in Rut 1:16–17? (Sy was liefdevol, lojaal, en gewillig om opofferinge te maak.) Hoe kan ons meer lojaal wees in ons families? Hoe kan ons meer onselfsugtig wees, soos Rut?
- Wat het Rut prys gegee deur saam met Naomi na Betlehem te gaan? (Antwoorde mag insluit, haar tuisland, familie, vriende, en geloof.) Wat het Rut gekry, deur saam met Naomi te gaan? (Die evangelie van Jesus Christus; sien die eerste addisionele onderrig ideë.) Wat kan ons van Rut leer, oor hoe om opofferinge vir die evangelie te maak?
- Nadat hulle na Betlehem gegaan het, wat het Rut gedoen om kos te voorsien vir haarself en Naomi? (Sien Rut 2:2. Jy mag dalk moet verduidelik dat ʻn opteller iemand was wat toegelaat is om graan of koring op te tel, wat op die lande oorgebly het, na die oes.) In wie se lande het Rut gaan optel? (Sien Rut 2:1, 3.) Hoekom was Boas beindruk deur Rut? (Sien Rut 2:5–7, 11. Boas kon sien dat Rut hardwerkend was. Hy het ook geweet van alles wat Rut vir Naomi gedoen het.) Hoe het Boas goedheid aan Rut bewys? (Sien Rut 2:8–9, 14–16.)
- Hoe het Rut haar onselfsigtigheid gewys nadat sy klaar are opgetel het? Sien Rut 2:14, 17–18. Rut het die are wat sy opgetel het vir Naomi huis toe geneem en sy het ook vir Naomi van die kos wat sy vir haar middag maal gekry het, gebring.) Hoe is jy al deur andere se onselfsugtige dade geseën?

**2. Rut en Boas trou en het ʻn kind.**

Leer en bespreek Rut 3–4.

- Naomi het Rut aangeraai om ʻn sekere ritueel te volg wat sy gehoop het sou eindig in die huwelik van Rut en Boas (Rut 3:1–5). Deur aan die voete van Boas te gaan lê, het Rut basies vir Boas gevra om met haar te trou. Wat het Rut se gehoorsaamheid aan Naomi se raad, gewys oor hoe sy oor Naomi gevoel het?
- Hoe het Boas gereageer toe hy wakker word en Rut by sy voete sien lê? (Sien Rut 3:8–15. Let daarop dat toe Rut gesê het, "brei dan u vleuel oor u dienaares uit" het sy bedoel "waak oor my, beskerm my, en gee om vir my.") Op watter voorwaarde het Boas ingestem om met Rut te trou? (Sien Rut 3:11–13. Verduidelik dat toe Rut se man gesterf het, sy naaste manlike familie lid veronderstel was om met Rut te trou. Boas was nie die naaste manlike familie lid nie, maar hy het ingestem om met Rut te trou indien die naaste manlike familie lid dit nie wou doen nie.)
- Wat het die mense van Betlehem van Rut gedink? (Sien Rut 3:11.) Hoe het hierdie reputasie haar in haar verhouding met Boas gebaat? Hoekom is dit belang-

rik vir ons familie lede, vriende, en bure om te weet waar in ons glo en watter standaarde ons probeer handhaaf?

- Wat het Boas gedoen nadat hy belowe het om met Rut te trou? (Sien Rut 3:15; 4:1–8.) Hoe het Boas gewys dat hy 'n man van integriteit was? (Sien Rut 4:9–10, 13. Hy het sy belofte aan Rut nagekom en sy sosiale verpligting aan haar oorlede man nagekom.)
- Watter bekende koning van Israel was 'n afstammeling van Boas? (Koning Dawid was een van hulle agter-kleinseuns; sien Rut 4:17, 21–22.) Wie anders was ook 'n afstammeling van Rut en Boas? (Jesus Christus; sien Matthéüs 1:5–16; Johannes 7:42.)
- Ouderling Thomas S. Monson het Rut 'n heldin genoem (in Konferensie Raport, Okt. 1974, 156; of *Ensign*, Nov. 1974, 108). Op watter manier dink jy is Rut 'n heldin? (Ouderling Monson het gesê dat Rut 'n voorbeeld is van getrouheid en lojaliteit. Klas lede mag dalk addisionele maniere voorstel waarin Rut 'n heldin was.)

**3. Hanna is met 'n seun geseën, wie sy aan die Here leen soos wat sy belowe het.**

Leer en bespreek 1 Samuel 1.

- Hanna die vrou van Elkena, was kinderloos. Elke jaar het sy na die tempel gegaan en gebid en gehuil vir 'n seun (1 Samuel 1:1–7). Watter belofte het Hanna aan die Here gemaak in1 Samuel 1:11? Wat kan ons van Hanna leer,uit hierdie belofte? (Sy was 'n vrou van baie geloof; klas lede mag addisionel antwoorde voorstel.)
- Wie het Hanna gesien bid in die tempel? (Sien 1 Samuel 1:9–12.) Wat het Eli aan Hanna gesê oor haar belofte aan die Here? (Sien 1 Samuel 1:17.) Hoe het Hanna gevoel nadat sy Eli se woorde gehoor het? (Sien 1 Samuel 1:18.) Hoe kan Kerk leiers ons help wanneer ons bekommerd is?
- Hanna het aan Eli gesê dat sy haar "siel voor die aangesig van die Here uitgestort het" (1 Samuel 1:15). Hoe kan ons ons persoonlike gebede meer opreg en betekenisvol maak?
- Wat het gebeur in antwoord op Hanna se belofte aan die Heer? (Sien 1 Samuel 1:19–20.) Hoe het Hanna haar belofte na Samuel se geboorte nagekom? (Sien 1 Samuel 1:21–28.) Watter beloftes maak ons aan die Here? (Antwoorde mag insluit, die verbonde wat ons met hom maak wanneer ons gedoop word en in die tempel.) Wat kan ons by Hanna leer, wat ons kan help om meer getrou te wees aan hierdie beloftes?
- Hoe dink jy het Hanna gevoel oor die feit dat sy Sameul in die Here se diens moes gee? Wat vra die Here vir ons, om aan hom te gee? Wat moet ons houding wees, wanneer ons aan die Here gee? (Ons moet gewilliglik gee, en onthou dat alles wat ons het van die Here afkomstig is.)
- Toe Hanna Samuel na die tempel gebring het, het sy offerandes gemaak en lofsange tot die Here gesing (1 Samuel 1:24–25, 28; 2:1–2). Hoekom is dit belangrik om vir die Here dankie te sê, vir al die seëninge wat hy aan ons gee?
- Hanna het baie jare gewag voor sy met kinders geseën is (1 Samuel 1:2; 2:21). Watter ander Bybelse karakters is ook geseën nadat hulle geduldig op die

Here gewag het? Wat sê die wêreld oor wanneer ons die dinge moet ontvang wat ons will hê? Wat sê die Here? Hoe kan ons leer om geduldig te wag vir die seëninge wat in die Here se tyd sal kom?

Slotsom

- Watter regverdige eienskappe was Rut, Naomi, en Hanna 'n voorbeeld van? (Lys hierdie eienskappe op die swartbord?)

Moedig klas lede aan om die regverdige eienskappe wat Rut, Naomi, en Hannah gedemonstreer het, na te volg. Getuig dat ons nader aan ons Verlosser, Jesus Christus sal kom wanneer ons hierdie eienskappe ontwikkel.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiale is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Aanvaarding van bekeerde nie-Jode in die verbond van Abraham**

Verduidelik dat Rut nie 'n Jood deur geboorte was nie. Toe sy Moab verlaat het om saam met Naomi na Betlehem te gaan, het sy haar geloof agtergelaat en die God van Israel gevolg, en aan Naomi het sy gesê, "u God is my God" (Rut 1:16). Deur met Boas te trou, het Rut deel van die koninklike lyn van Israel geword, 'n voorouer van Koning Dawid en Jesus Christus.

- Hoe weerspieël, Rut se bekering en opname in die huis van Israel, Christus se houding teenoor diegene wat 'n begeerte het om by sy Kerk aan te sluit? (Sien 2 Nefi 26:33; Alma 19:36; 3 Nefi 21:6.) Hoe kan ons nuwe lede laat welkom voel in die Kerk?

**2. Om gepas te oordeel**

- Terwyl Eli die priester Hanna dopgehou het, waar sy in die tempel gebid het, het hy haar verkeerdelik geoordeel, deur te dink dat "sy dronk was" (1 Samuel 1:13). Watter gevare is daar, wanneer ons mense slegs op hul voorkoms oordeel? Hoe kan ons hierdie tipe oordeel vermy?
- President Hugh B. Brown het gesê, "Indien ek 'n fout maak in [hoe ek mense oordeel,] sal ek wil hê dat ek dit aan die kant van genade sal maak" (in Eugene E. Campbell en Richard D. Poll, *Hugh B. Brown: Sy Lewe en Gedagtes* [1975], 225). Hoe kan ons hierdie prinsiep toepas?

**3. Oplos van bekommernisse en probleme deur tempel toe te gaan.**

- Waar het Hanna haar belofte aan die Here gemaak? (Sien 1 Samuel 1:9–11.) Hoe kan, om tempel toe te gaan, ons met ons bekommernisse en probleme help?

  Ouderling John A. Widtsoe het gesê: "Ek glo dat die besige persoon . . . wat bekommernisse en probleme het, sy probleme makliker en vinniger in die huis van die Here kan oplos, as enige ander plek. Indien hy die tempel werk sal [doen] vir homself en sy dooies, sal hy 'n kragtige seëning op diegene wat vooraf gegaan het bring, en . . . 'n seëning sal aan hom kom, want in die mees onverwagste oomblik, binne of buite die tempel, sal die antwoord op dit waaroor hy bekommerd was, as openbaring aan hom kom. Dit is die gawe wat aan diegene gegun word, wat die tempel reg ingaan" (aangehaal deur David B. Haight, in Konferensie Raport, Okt. 1990, 76; of *Ensign,* Nov. 1990, 61).

Les
# 21 God Sal Hulle Eer Wie Hom Eer

*1 Samuel 2–3; 8*

**Doel**

Om klas lede te help om die seëninge te verstaan wat kom wanneer hulle die Here eer en gehoorsaam, bo hulself, andere, en die wêreld.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:
   a. 1 Samuel 2:12–17, 22–25. Die seuns van Eli het die wet oortree en word deur hul vader aangespreek.
   b. 1 Samuel 2:27–36; 3:12–14. 'n Man van God waarsku Eli van die gevolge wat sal kom vanweë die boosheid in sy familie.
   c. 1 Samuel 3. Die Here roep Samuel, en hy antwoord.
   d. 1 Samuel 8. Die Israeliete wil 'n koning hê, sodat hulle soos "ander nasies" kan wees. Samuel waarsku hulle teen die gevare van so 'n keuse.
2. Jy mag dalk een klas lid wil vra om voorteberei om die storie van Sameul se roeping op te som (1 Samuel 3) en 'n ander klas lid om voorteberei om die storie op te som, waar Israel begeer om 'n koning te hê (1 Samuel 8).
3. Indien jy besluit om die pamflet *Vir die Sterkte van die Jeug* (34285) in die les te bespreek, bring 'n afskrif hiervan saam klas toe.
4. Indien jy die aandag aktiwiteit gebruik, bring 'n prent van die Verlosser (62572; Evangelie Kuns Prente Stel 240) Indien jy verkies om nie tekeninge op die swartbord te maak nie, bring dan 'n spieël, 'n voorwerp om ander mense voor te stel, en 'n kaart, aardbol, of ander voorwerp om die wêreld voor te stel.
5. Indien die prent Die Seun Samuel Word Deur Die Here Geroep, beskikbaar is, mag jy dit dalk gedurende die les wil gebruik. (62498; Evangelie Kuns Prente Stel 111).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**


Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Voor klas, vertoon en bedek 'n prent van die Verlosser. Teken die drie figure op bladsy 100 op die swartbord en bedek hulle (of vertoon en bedek drie voorwerpe wat onder "Voorbereiding" gelys word). Verduidelik dat elke bedekte item iets te doen het met wie ons eer en wie ons probeer gelukkig maak.

- Volgens 1 Samuel 2:30, wie sal die Here eer?

Vertel klas lede dat in hierdie les sal ons die seëninge bespreek, wat kom wanneer ons die Here eer. Verduidelik dat jy die bedekte voorwerpe, op sekere tye gedurende die les, sal onthul.




Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

**1. Die seuns van Eli vereer hulself bo die Here.**

Leer en bespreek 1 Samuel 2:12–17, 22–25.

Hofni en Pinehas was die seuns van Eli, die hoë priester, en was self ook priesters. Tog, was hulle boos. Wanneer die Israeliete gekom het om offerandes in die tabernagel te maak, het Hofni en Pinehas van die vleis van die diere offers geneem, voordat die vet porsie op die altaar gebrand is. Hulle het ook van die vleis wat die offeraar besig was om te kook vir die offer maal, geneem (1 Samuel 2:12–17). Hierdie was ernstige oortreddinge van die wet van God, gelykstaande daaraan om God te beroof. Eli se seuns het ook 'n verskriklike sonde gepleeg deur die vrouens wat by die deur van die tabernagel byeen gekom het, te verlei (1 Samuel 2:22).

- Watter uitwerking het die aksies van die seuns van Eli op ander mense in Israel gehad? (Sien 1 Samuel 2:17, 24.)
- Wat stel die aksies van die seuns van Eli voor, oor wie hulle gekies het om te eer? (Onthul die eerste tekening of 'n werklike spieël.) In watter areas van ons lewens eer ons somtyds onsself eerder as die Here? Klas lede mag areas soos die volgende voorstel:

  a. Vermaaklikheid
  b. Om die sabbat dag te onderhou
  c. Uitgaan en sedelikheid
  d. Vas
  e. Kerk roepinge

- Hoekom dink jy kies ons somtyds om onsself gelukkig te maak eerder as God? Wat is die gevolge van onsself meer as God te eer?

**2. Eli eer sy seuns bo die Here.**

Leer en bespreek 1 Samuel 2:27–36; 3:12–14.

- Watter verantwoordelikheid het Eli gehad, toe hy uitgevind het van die boosheid van sy seuns? Wat het hy gedoen? (Sien 1 Samuel 2:22–25.) Hoe het hulle gereageer? (Sien 1 Samuel 2:25.)

- Nadat Eli sy seuns uitgeskêl het, het hy niks verder gedoen om die verskriklike sondes in sy familie en by die tabernagel, reg te stel nie. As gevolg hiervan, het 'n man van God na hom gekom en hom getugtig, en aan hom gesê dat hy sy seuns meer as God geëer het (1 Samuel 2:27–29). Op watter manier het Eli sy seuns meer as God geëer? Wat het die man van God gesê, sou met die huis van Eli gebeur? (Sien 1 Samuel 2:30–35.)
- Op watter manier eer ons ander mense meer as God? (Onthul die tweede tekening of voorwerp wat ander mense voorstel). Klas lede mag dalk van die volgende maniere voorstel:

  a. Ons laat toe dat ons vriende ons oorreed om dinge te doen wat ons weet verkeerd is.
  b. Ons tree oneerlik op omdat ons bang is vir dit wat ander mense van ons mag dink.
  c. Omdat ons goeie verhoudings wil behou, wil ons nie die dinge wat ons familie lede of vriende verkeerd doen, uitwys of regstel nie.

  President Joseph F. Smith het gesê: "Daar behoort [nie] enige van ons te wees wat so onwyslik toegewend is, so gedagteloos en so oppervlakkig in ons liefde vir ons kinders dat ons nie durf om hulle aan te tree wanneer hulle op verkeerde weë wandel nie, of verkeerde dade doen nie, en in hul dwase liefde vir die dinge van die wêreld, meer as vir die dinge van regverdigheid, hulle nie aantree nie,uit vrees dat ons hulle dalk mag aanstoot gee" (*Evangelie Leer,* 5de uitgawe [1939], 286).

- Hoe kan ouers hulle verantwoordelikhede, in liefde na kom, teenoor eiesinnige kinders? Wat is die verantwoordelikheid van kinders teenoor hulle ouers, wat streef om hulle in regverdigheid te lei?

**3. Samuel eer die Here.**

Leer en bespreek 1 Samuel 3. Jy mag dalk 'n klas lid wil aansê om hierdie hoofstuk kortliks op te som. Herinner klas lede daaraan dat die seun Samuel in die tempel gedien het, nadat sy moeder, Hanna hom aan die Here se diens gegee het, soos wat sy belowe het (1 Samuel 1).

- Wie het in die nag, met Samuel gespreek? (Sien 1 Samuel 3:4.) Wie het Samuel eers gedink, was besig om hom te roep? (Sien 1 Samuel 3:5–6, 8). Hoe het Samuel uitgevind dat dit die Here was wat besig was om hom te roep? (Sien 1 Samuel 3:8–9.)
- Hoe kommunikeer die Here met ons? (Hy kommunikeer meeste van die tyd deur die fluistering van die Heilige Gees. Klas lede mag addisionele maniere waarop hy met ons kommunikeer, voorstel.) Hoe kan ons onsself voorberei om kommunikasies van die Here af te ontvang en te verstaan?
- Op watter wyse het Samuel die Here geëer? (Onthul die prent van die Here.) Jy mag dalk die volgende gedeeltes in jou bespreking, oorweeg:

  "Ek sal vir my 'n getroue priester verwek wat sal handel soos dit in my hart en in my siel is" (1 Samuel 2:35).

  "Die Here het na Samuel geroep; en hy het geantwoord: Hier is ek." (1 Samuel 3:4).

  "En Samuel het geantwoord: Spreek, want u kneg hoor." (1 Samuel 3:10).

- Die Here het belowe om die wat Hom eer, te eer (1 Samuel 2:30). Hoe het die Here Samuel geëer? (Sien 1 Samuel 3:19.) Hoe dink jy sal die Here ons eer, as ons Hom eer soos Samuel hom geëer het?

**4. Die Israeliete eer die wêreld.**

Leer en bespreek 1 Samuel 8. Jy mag dalk 'n klas lid wil vra om hierdie hoofstuk kortliks op te som.

- Watter tipe goewerment het Israel gehad gedurende Samuel se bediening? (Sien 1 Samuel 8:1. Die Israeliete was deur rigters gelei.) Wie was Israel veronderstel om as hul koning te beskou? (Sien 1 Samuel 12:12.)
- Hoekom wou die kinders van Israel 'n koning gehad het? (Sien 1 Samuel 8:5, 20.) Wie het Israel verwerp, deur te vra vir 'n koning "soos al die nasie"? (Sien 1 Samuel 8:7.) Wat het die Here Samuel beveel om te sê, oor die probleme wat sal kom vanweë 'n koning? (Sien 1 Samuel 8:9–18.) Wat was die Israeliete se antwoord op Samuel se waarskuwings? (Sien 1 Samuel 8:19–22.)
- Deur te vra vir 'n koning, wie het die Israeliete geëer? (Onthul die derde tekening of voorwerp wat die wêreld voorstel.)
- Op watter wyse wil ons somtyds "soos al die nasies" wees? (Sien 1 Samuel 8:5.)

  Jy mag dalk die pamflet *Vir die Sterkte van die Jeug* (34285) wil gebruik om die standaarde te bespreek, wat die Here vir ons gestel het sodat ons nie sal deelneem in die bose weë van die wêreld nie. Verduidelik dat hierdie standaarde van toepassing is op volwassenes asook die jeug.
- Die Here Jesus Christus is ons ware koning, net soos wat Hy die ware koning van Israel was (Psalms 47:7; 89:18; 149:2). Hoe behoort hierdie kennis ons houding teenoor die weë van die wêreld te affekteer? Hoe verwerp ons somtyds die Here as ons koning?

---

Slotsom

Wys na die vier items wat gedurende die klas vertoon is. Verduidelik dat elkeen van ons elke dag moet kies wie ons sal eer. Getuig van die seëninge en vreugde wat jy al ontvang het soos wat jy die Here geëer het. Nooi klas lede uit om hul eie ondervindinge of getuienisse te deel.

---

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullende tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Die waarde van die dinge wat ons kies**

- Soms verruil ons iets baie waardevol vir iets van minder waarde. Wat het Eli en sy seuns opgegee as gevolg van hulle keuses? Watter dinge het Samuel gesê sou die Israeliete moet opgee, indien hulle 'n koning wou hê? (Sien 1 Samuel 8:11–17.) Watter waardevolle dinge gee ons somtyds op vir iets wat baie minder werd is?

**2. "Wie die Here roep, sal die Here kwalifisëer"**

President Thomas S. Monson het die volgende stelling gemaak om te wys hoe die Here hulle seën, wie Hom eer:

"Sommige van julle mag dalk van nature skaam wees, of glo dat julle nie geskik is om 'n bevestigende antwoord op 'n roeping te gee nie. Onthou dat hierdie

werk nie myne of joune alleenlik is nie. Dit is die Here se werk, en wanneer ons op die Here se opdrag is, is ons geregtig op die Here se hulp. Onthou dat wie die Here roep, sal die Here kwalifiseër" (in Konferensie Raport, Apr. 1996, 62; of *Ensign,* Mei 1996, 44).

Daarna het President Monson die volgende storie vertel:

"Indien ons voel dat ['n] opdrag te moeilik of tydsaam is, laat ek met julle die ondervinding van 'n gelowige tuis besoeker en sy metgesel deel, in wat toe as Oos Duitsland bekend gestaan het.

"Broer Johann Denndorfer het by die Kerk aangesluit in Duitsland, maar na die Tweede Wêreld Oorlog het hy homself as 'n feitlik gevangene in sy eie land— die land van Hongarye in die stad van Debrecen, gevind. O hoe graag wou hy nie die tempel besoek nie! Sy begeerte was om sy geestelike seëninge te ontvang! Maar versoek na versoek, om na die tempel in Switserland te reis, is afgekeur en hy het begin moed opgee. Toe kom kuier sy tuiste besoekers. Broer Walter Krause het vanaf die noordoostelike deel van Duitsland al die pad Hongarye toe gekom. Hy het aan sy metgesel gesê, 'Wil jy graag saam met my gaan tuis besoeke doen hierdie week?'

"Sy metgesel het gesê, 'Wanneer sal ons verstrek?'

"'Môre, het Broer Krause geantwoord.

"'Wanneer sal ons terug wees?' het sy metgesel gevra.

"'O, seker oor so 'n week — indien ons by dan kan terug kom!'

"En weg is hulle na Broer Denndorfer toe, om hom te gaan besoek. Hy het geen tuis besoekers gehad sedert voor die oorlog nie. Nou, toe hy die diensknegte van die Here sien, was hy oorkom met emosie. Hy het nie met hulle hande geskud nie, hy het eers na sy slaapkamer gegaan en uit 'n versteekte vegsteek plek, sy tiende, wat hy van die dag wat hy 'n lid van die Kerk geword het en na Hongarye toe terug gekeer het, gespaar het, gaan uithaal. Hy het sy tiende aan sy tuis besoekers oorhandig en gesê: 'Nou is ek op datum met die Here. Nou voel ek waardig om hande te skud met die diensknegte van die Here!'

"Broer Krause het hom gevra oor sy begeerte om die tempel in Switserland te besoek. Broer Denndorfer het gesê: 'Dit is nutteloos. Ek het al oor en oor probeer. Die goewerment het selfs my Kerk boeke, my dierbaarste skat, gekonfiskeur.'

"Broer Krause, 'n patriarg, het aan Broer Denndorfer 'n patriargale seëning gegee. Aan die einde van die seëning het hy aan Broer Denndorfer gesê, 'Nader die regering weer oor jou reis na Switserland. ' En Broer Denndorfer het weer 'n versoek aan die gesaghebbendes ingedien. Hierdie keer is toestemming gegee, en met groot vreugde is Broer Denndorfer na die tempel in Switserland, waar hy vir 'n maand kon bly. Hy het sy eie begiftiging ontvang, sy oorlede vrou is aan hom verseël en hy kon die werk vir honderde van sy voorouers voltooi. Hy is hernu in liggaam en siel, terug huis toe." (in Konferensie Raport, Apr. 1996, 64–65; of *Ensign,* Mei 1996, 45–46).

# “Die Here Sien Die Hart Aan”

Les
22

*1 Samuel 9–11; 13; 15–17*

**Doel**

Om klas lede aan te moedig om hulle vertroue in die Here te plaas, eerder as in hulle eie verstandigheid.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:

   a. 1 Samuel 9–11. Saul soek leiding by die profeet Samuel (9:1–14, 18–24). Die Here openbaar aan Samuel dat Saul koning sal word (9:15–17). Sameul beraadslaag met Saul en salf hom as Israel se eerste koning (1 Samuel 9:25–27; 10:1–8). Saul is geestelik weer gebore, en hy profiteer (10:9–13). Samuel stel Saul aan die mense voor (10:17–27). Saul lei Israel in hul oorwinning in die stryd teen die Ammoniete (11:1–11). Hy weier om die manne wat getwyfel het oor sy vermoë om die mense te lei, te straf (11:12–15).
   b. 1 Samuel 13:1–14. Saul offer ‘n brandoffer sonder die korrekte gesag.
   c. 1 Samuel 15. Saul word beveel om die Amalekiete en al hul besittings te vernietig, maar hy spaar van hulle diere om as ‘n offerande te gebruik (15:1–9). Die Here verwerp Saul as koning, en Samuel sê aan Saul dat gehoorsaamheid beter is as offerandes (15:10–35).
   d. 1 Samuel 16. Die Here kies Dawid, ‘n jong skaap herder, om Saul se opvolger as koning te wees (16:1–13). Die Heilige Gees verlaat Saul, en ‘n bose gees neem hom oor (16:14–16; let wel dat die Joseph Smith Vertaling hierdie verse regstel deur te wys dat die bose gees *nie* van God af gekom het nie). Saul kies Dawid om die harp vir hom te speel en om sy wapendraer te wees (16:17–23).
   e. 1 Samuel 17. Dawid verslaan Goliat in die krag van die Here.

2. Addisionele leeswerk: 1 Samuel 12; 14.

3. Jy mag dalk een klas lid wil vra om ‘n opsomming voor te berei van waar die Here Dawid as koning kies (1 Samuel 16:1–13) en ‘n ander klas lid om ‘n opsomming voor te berei van waar Dawid Goliat verslaan (1 Samuel 17:1–54).

4. Indien jy enige van die aandag aktiwiteit gebruik, skryf die volgende skrifte op die swart bord of op ‘n plakkaat: “ Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak” (Spreuke 3:5–6). Indien jy die eerste aandag aktiwiteit gebruik, kies woorde uit die Bybel woordeboek wat onbekend sal wees aan klas lede, soos *diaspora*, *hisop*, of *waskom.* Skryf hierdie woord op die swartbord of op die plakkaat.

5. Indien die volgende audiovisuele materiaal beskikbaar is, mag jy dit dalk as deel van die les wil gebruik:

   a. “Die Here. . . Sal My Uitlewer” ‘n vier-minuut gedeelte oor Dawid vanuit die *Ou Testament Video Aanbiedinge* (53224).
   b. Die prent Dawid verslaan Goliat (62073; Evangelie Kuns Prente Stel 112).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk een van die volgende aktiwiteite (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin. Kies die aktiwiteit wat die mees geskikste sal wees vir die klas.

Aandag Aktiwiteit

1. Wys klas lede die onbekende woord wat jy op die swartbord of plakkaat geskryf het (sien "Voorbereiding" bo-aan). Vra klas lede om te raai wat die woord beteken. Na 'n paar raaie, laat klas lede die korrekte betekenis van die woord in die Bybelse Woordeboek, opsoek.

   Verduidelik dat om die betekenis van die onbekende woord te raai, kan vergelyk word met 'n besluite te neem op slegs ons eie insig. Vertoon die teks van Spreuke 3:5–6. Beklemtoon dat net soos wat ons na 'n betroubare bron gegaan het om die korrekte betekenis van die woord te leer, so ook moet ons die Here vertrou en sy wil uitsoek sodat ons korrekte besluite in ons lewens mag maak. Hierdie les kontrasteer die ondervindinge van twee mans, Saul en Dawid, om ons te leer hoe belangrik dit is om die Here te vertrou en sy leiding te soek wanneer ons besluite moet maak.

2. Vra klas lede om te vertel van belangrike besluite wat hulle onlangs moes maak. Vra wat hulle gehelp het om hierdie besluite te maak.

   Vertoon die teks van Spreuke 3:5–6 (jy mag dalk wil hê dat klas lede hierdie skrif memoriseër). Verduidelik dat hierdie les die ondervindinge van twee mans kontrasteer, Saul en Dawid, om ons te leer hoe belangrik dit is om die Here te vertrou en sy leiding te soek, wanneer ons belangrike besluite moet maak.

---

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrifgedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe. Omdat dit moeilik is om elke vraag te vra of elke punt in die les te bespreek, kies deur gebed dié waarby klas lede die meeste sal baat. Indien jy, by voorbeeld, op Dawid en Goliat wil fokus, kan jy minder tyd spandeer om Saul se lewe te bespreek.

**1. Saul soek leiding by Samuel en word as koning gesalf.**

Leer en bespreek 1 Samuel 9–11.

- Die Israeliete wou 'n koning gehad het soos die ander nasies rond om hulle. Die Here gee in tot Israel se versoek, en sê aan Samuel om Saul as Israel se eerste koning te salf. Saul was " 'n mooi jong man. . . daar was onder die kinders van Israel geeneen mooier as hy nie" (1 Samuel 9:2). Wat het Saul gedoen voordat hy as koning gesalf is, en kort daarna, wat sy goeie kwaliteite gedemonstreer het?

  a. Hy was toegewyd in sy soektog na sy vader se donkies (1 Samuel 9:3–4).
  b. Hy was gewillig om na die wyse raad van sy vader se dienskneg te luister (1 Samuel 9:5–10).
  c. Hy het die profeet Samuel vertrou en met hom gepraat (1 Samuel 9:18–25).
  d. Hy was nederig (1 Samuel 9:20–21).
  e. Hy is geestelik weer gebore, en het geprofiteer (1 Samuel 10:6–10).
  f. Hy het diegene wat hom gekritiseer het, vergewe (1 Samuel 11:11–13).
  g. Hy het die Here se hulp, in Israel se oorwinning oor die Ammoniete, erken (1 Samuel 11:13).

**2. Saul offer 'n brandoffer sonder die nodige gesag.**

Leer en bespreek 1 Samuel 13:1–14.

- Twee jaar nadat Saul as koning gesalf is, het die Filistyne 'n magtige leër bymekaar gebring om teen Israel te veg. Saul se manne was so vreesbevange dat baie van hulle weggekruip het of versprei het. Hoekom wou Saul gehad het dat die profeet Samuel op hierdie tydstip na hom toe moet kom? (Sien 1 Samuel 13:7–8. Saul wou gehad het dat Samuel namens die mense offerandes aan die Here moes opoffer.) Wat het Saul gedoen toe Samuel nie op die gepaste uur opgedaag het nie? (Sien 1 Samuel 13:9. Saul het die offerandes self geoffer, al het hy nie die nodige priesterskap gesag gehad om dit te doen nie.)

  Ouderling James E. Talmage het geskryf, "Saul het die brandoffer homself voorberei, en vergeet dat alhoewel hy op die troon sit, die kroon dra, en die septer hou, [het hy] geen reg gehad om in die amp van die Priesterskap van God waar te neem nie; en vir hierdie en ander voorvalle van ongeregtige verwaantheid, is hy deur God verwerp en 'n ander is in sy plek as koning aangestel" (*Die Artikels van Geloof,* 12de uitgawe [1924], 185).

- Wat was Samuel se reaksie op Saul se opoffering van 'n ongemagtige offerande? (Sien 1 Samuel 13:10–14.)
- Wat het Saul se opoffering van 'n ongemagtigde offerande, oor homself geopenbaar? (Hy was nie meer "'n man na[ die Here] se eie hart nie" [1 Samuel 13:14]. Hy het ongeduldig geword, nie in die Here vertrou nie, en was ongehoorsaam. Boon-op, dui sy verwaantheid om die gesag om offerandes op te offer op homself te neem, daarop dat hy 'n te groot opinie van sy eie mag en belangrikheid, gehad het.) Op watter manier is ons soms ongeduldig met die Here of sy diensknegte? Wat kan die gevolge wees, van sulke ongeduldigheid? Hoe kan ons meer volledig op die Here vertrou?

**3. Saul is ongehoorsaam aan die Here in die stryd teen die Amalekiete en word as koning verwerp.**

Leer en bespreek 1 Samuel 15.

- Wat het die Here Saul beveel om met die Amalekiete te maak? (Sien 1 Samuel 15:1–3.) Wat het Saul gedoen? (Sien 1 Samuel 15:4–9.) Wat het Saul se aksies oor hom geopenbaar? (Sien 1 Samuel 15:11. Hy het eerder sy eie rekenskap gevolg in plaas van om die Here se wil te volg.)
- Hoe het Saul sy ongehoorsaamheid, deur die beste van die Amalekiete se diere te spaar, probeer regverdig? (Sien 1 Samuel 15:13–15, 20–21, 24. Hy het sy mense geblameer,dat hulle die diere wou spaar.) Volgens Saul, hoekom wou sy mense die beste van die Amalekiete se diere spaar? (Sien 1 Samuel 15:15, 21.) Hoe probeer ons om soms ons ongehoorsaamheid aan die Here te regverdig? (Ons mag onsself vertel, "Dat dit net 'n klein sonde is," "Ek is besig om die gees van die wet, eerder as die letter van die wet te volg," "Dit sal niemand seer maak nie," "Ek sal dit net een keer probeer," "Ander mense doen dit,"of "Daardie gebod is nie op my van toepassing nie.") Hoe kan ons die neiging om ons sondes te verskoon of te regverdig, oorkom?

- Hoe het Samuel op Saul se verduidelikings oor die spaar van die Amalekiete se diere, geantwoord? (Sien 1 Samuel 15:22.) Hoe kan Samuel se woorde op ons van toepassing wees?

- Toe Samuel vir Saul berispe het vir sy hardkoppigheid en vir sy verwerping van die woord van die Here, het hy aan hom gesê, "Eiesinnigheid is afgodery en beeldediens" (1 Samuel 15:23). Hoe is eiesinnigheid soos beeldediens? Wat was die eind resultaat van Saul se eiesinnigheid en rebelsheid? (Sien 1 Samuel 15:23, 26, 28.) Hoe is ons soms eiesinnig en rebels? Wat sal die gevolge wees van ons eiesinnigheid en rebelsheid? Hoe kan ons hierdie houdings erken en oorkom?

**4. Die Here kies Dawid as koning.**

Leer en bespreek 1 Samuel 16. Jy mag dalk 'n klas lid wil vra om hierdie verhaal kortliks op te som. Verduidelik dat alhoewel Samuel Dawid as koning gesalf het, het Dawid eers koning geword na Saul se dood baie jare later.

- Wat het Samuel geleer, terwyl hy probeer uitwerk het watter van Isai (Jesse) se seuns die volgende koning sou wees? (Sien 1 Samuel 16:6–7.) Hoe vergelyk die Here se metode van hoe hy Dawid gekies het, met hoe Hy vandag leiers kies? Wat leer ons uit 1 Samuel 16:7 oor hoe die Here ons evalueer? Waarna soek die Here in ons harte?

  Ouderling Marvin J. Ashton het gesê:

  "Ons . . . neig daarna om andere op die basis van fisiese, uitwaardse voorkoms te evalueer: hulle 'goeie aangesig,' hulle sosiale status, hulle familie afkoms, hulle grade, of hulle ekonomiese situasie.

  "Die Here, het egter 'n ander standaard waarby hy 'n persoon meet. . . . Hy gebruik nie 'n maatband om 'n persoon se kop, om sy intelek te meet nie, of om sy bors, om sy manlikheid te bepaal nie, maar Hy meet die hart, as 'n aanduier van die persoon se vermoë en potensiaal om andere te seën" (in Konferensie Raport, Okt. 1988, 17; of *Ensign,* Nov. 1988, 15).

- Hoekom is dit belangrik vir ons, om in ons verhoudinge met andere, verby die uitwaardse voorkoms te sien en om eerder na die hart te kyk? Hoe kan ons ons vermoë en verbintenis om dit te doen, verbeter?

- Omdat Saul ongehoorsaam was, het die Gees van die Here hom verlaat (1 Samuel 16:14). Hoe het Saul verligting van die bose gees wat oor hom gekom het, gesoek? (Sien 1 Samuel 16:15–23.) Watter uiterlike bronne gebruik mense soms vandag, in hulle soektog na verligting van hulle sondes ? Wat is die Here se manier, waarin ons verligting van ons sondes kan vind? (Sien Matthéüs 11:28–30; L&V 58:42.)

- Watter karakter eienskappe het Dawid gehad wat hom gekwalifiseer het om 'n leier te wees? (Sien 1 Samuel 16:18.)

**5. Dawid verslaan Goliat in die krag van die Here.**

Leer en bespreek 1 Samuel 17. Jy mag dalk 'n klas lid wil vra om hierdie gedeelte kortliks op te som.

- Wat kon die Israeliete bykry of verloor, in die geveg met Goliat? (Sien 1 Samuel 17:8–9.) Hoekom was Saul en sy leër bang om teen Goliat te veg? (Sien 1 Samuel 17:4–11. Hulle het nie gedink dat hulle Goliat sou kon verslaan nie, a.g.v. sy groote, krag, wapenuitrusting en wapens.)
- Hoe het Dawid die moed gekry om teen Goliat te veg? (Sien 1 Samuel 17:32–37, 45–47. Dawid het erken dat die Here hom van 'n leeu en 'n beer gered het, terwyl hy agter sy vader se skape gekyk het, en hy het op die Here vertrou om hom te help om teen Goliat te veg.)
- Wat het Goliat gesê, toe hy Dawid sien kom om teen hom te veg? (See 1 Samuel 17:42–44.) Hoe het Dawid hierop geantwoord? (Sien 1 Samuel 17:45–47.) Hoe kan dit ons help om Dawid se antwoord te onthou, wanneer mense ons spot of dreig?
- As 'n jeug, het Dawid se oorwinning oor 'n leeu en 'n beer, hom gehelp om die groter uitdaging van Goliat aan te durf. Watter uitdagings mag ons nou hê, wat ons voorberei vir groter uitdagings? Hoe affekteer ons reaksie op hierdie uitdagings, ons vermoë om teen die Goliate, wat later mag kom, te veg? Getuig dat soos wat ons die leeus en bere in ons lewe oorkom, sal ons die vertroue, karakter en geloof ontwikkel om ons Goliate te oorkom.
- Watter Goliate kry ons vandag? Wat kan ons by Dawid leer, oor hoe om hulle te oorkom? (Sien 1 Samuel 17:45; Efésiërs 6:11–18.) Hoe het die Here jou al gehelp om Goliate in jou lewe te oorkom?

  President Gordon B. Hinckley het gesê:

  "Daar is Goliate oral om ons, reusagtige gevaartes met'n bose begeerte om jou te vernietig. Hierdie is nie nege-voet-hoë manne nie, maar eerder mense en instellinge wat aanloklike, maar bose dinge beheer, wat jou kan uitdaag, verswak en vernietig. Hierby ingesluit is bier en ander alkohol en tabak. Diegene wat hierdie produkte bemark, wil jou met hul gebruik, verslaaf. Daar is verskeie soorte dwelms wat, ek hoor, baie maklik bekombaar is in baie hoër skole. Vir diegene wat hiermee smous, is dit 'n multimiljoen-dollar bebryf, 'n reusagtige web van boosheid. Daar is pornografie, verleidelik en interesant en aanloklik. Dit het 'n reuse bedryf geword, wat tydskrifte, films en ander materiale publiseer, wat ontwerp is om jou geld te neem en jou na aktiwiteite te lei wat jou sal verwoes.

  "Die reuse wat agter hierdie pogings staan, is gedug en bekwaam. Hulle het al baie ondervinding opgedoen in die oorlog wat hulle voer. Hulle wil jou vasvang.

  "Dit is amper onmoontlik om blootstelling tot hulle produkte heeltemal te vermy. Jy sien hierdie materiale aan elke kant. Maar jy hoef nie te vrees, indien jy die slinger van waarheid in jou hande het nie. Jy het raad en advies en onderrig ontvang. Jy het die klippies van deugdheid, eerbaarheid en integriteit om teen hierdie vyand wat jou wil verslaan, te gebruik. So ver as wat dit jou aangaan, kan jy hulle 'tussen die oë' tref,'om 'n figuurlike uitdrukking te gebruik. Jy kan oor hulle triomfeer deur jouself te dissiplineer om hulle te vermy. Jy kan aan die hele lot van hulle sê soos Dawid aan Goliat gesê het, 'Jy kom na my met 'n swaard en met 'n spies en met 'n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die Here van die leërskare, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het. '

"Die oorwinning sal joune wees. . . . Jy het Sy krag in jou om jou te onderhou. Jy het die reg op die bediening van engele om jou te beskerm. Moenie toelaat dat Goliat jou bang maak nie. Staan jou grond en hou jou plek, en jy sal triomfantlik wees" (in Konferensie Raport, Apr. 1983, 66; of *Ensign,* Mei 1983, 46, 51).

Slotsom

Moedig klas lede aan om die Here te vertrou en te gehoorsaam. Belowe dat indien hulle dit doen, sal hulle groei in sterkte en sal hulle die Here se versekering hê, dat Hy hulle sal help om hulle persoonlike Goliate te oorkom. Herinder klas lede dat die Here na ons harte kyk, en nie na ons rykdom of posisie of hoe ons tot populêre standaarde aangepas het nie.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiale is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Rasionaliseering van sonde**

Die volgende kwotasie van Ouderling Spencer W. Kimball mag dalk help wanneer jy Saul se ongehoorsaamheid met betrekking tot die Amalekiete, bespreek:

"Saul het gerasionaliseer. Dit was maklik vir hom om gehoorsaam te wees aan die ontheffing van die konings, want watter nut het verowerde konings tog? Maar hoekom nie die vet skape en beeste hou nie? Was sy koninklike regstellings nie beter as die van eenvoudige Samuel nie? . . .

"Hoe baie soos Saul, is menigte in Israel vandag. Een sal sekere van die Here se openbaringe oor gesondheid volg, behalwe dat hy so af en toe sy koppie koffie moet hê; sy sal nie tabak of alkohol, wat sy geen begeerte voor het nie, gebruik nie, maar sy moet haar troostende koppie tee hê.

"Hy sal in 'n Kerk posisie dien, want hier is 'n aktiwiteit wat hy geniet en eer wat hy begeer,. . . maar hy rasionaliseer maklik as dit kom by sy tiende betaal, wat vir hom baie moeilik is om te doen. Hy kan dit nie bekostig nie. . . . Hy is nie seker of dit altyd gedeel word soos wat hy dit sou doen nie, en in elke geval wie sal tog weet van sy tekortkomming?

" 'n Ander een sal sommige van sy vergadering bywoon, maar sal soos Saul, die res van die dag se aktiwiteite rasionaliseer. Hoekom kan hy nie na die wedstryd kyk nie, of 'n vertoning, of die nodige tuinwerk doen nie, of soos gewoonweg met sy besigheid aan gaan nie?

" 'n Ander sal getrou sy uiterlike Kerk verpligtinge nakom, maar weerstaan enige voorstel oor familie friksie in sy huis of familie gebed, want dit is so moeilik om die familie bymekaar te bring.

"Saul was so. Hy kon die gerieflike dinge doen, maar het altyd verskonings gevind vir die dinge wat teen sy eie begeertes was" (in Konferensie Raport, Okt. 1954, 51).

**2. Hoe om ons Goliate te oorkom.**

Sny 'n lengte tou 9 ½ voet (3 meter) lang, ongeveer die hoogte van Goliat. Bring die tou, kleefband, 'n paar vele papier, en 'n pen klas toe. Maak die tou regop teen die muur vas met die kleefband, bo en onder (indien die muur nie hoog genoeg is nie, laat die onderste deel van die tou op die vloer loop.) Vertel klas lede

dat die tou Goliat voorstel. Vra klas lede om dinge te noem wat vir hulle gevaarlik kan wees (antwoorde mag insluit, trots, pornografie, jaloesie, en dwelms). Skryf alke antwoord op 'n stuk papier en plak elke papier op die tou teen die muur, tot dat die tou van bo tot onder bedek is

Verduidelik dat ons wapens nodig het om Goliat te oorkom. Vra klas lede om wapens te noem wat Goliat kan oorkom (antwoorde mag insluit, om op die Here te vertrou, om te bid, die skrifte te studeer, waarhede te leer, om sedelik te wees, en om goeie vriende te kies.) Soos wat klas lede 'n wapen noem, neem een van die papiere af. Begin bo aan die tou en haal die papier en die kleefband wat die tou teen die muur hou af. Laat die tou tot op die volgende papier val. Nadat al die papiere en kleefband afgehaal is, sal die tou op die vloer beland en Goliat sal verslaan wees.

Les
# 23
# "Die Here Wees Tussen Jou en My Verewig"

*1 Samuel 18–20; 23–24*

**Doel**

Om klas lede aan te moedig om getrou te wees aan hulle vriende, soos Jónatan en Dawid aan mekaar was, en om nie toe te laat dat jaloesie en haat jou oorneem, soos dit Saul oorgeneem het nie.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:

   a. 1 Samuel 18:1–16. Jónatan en Dawid maak 'n verbond van vriendskap (18:1–4). Dawid word deur Israel geëer vir sy sukses in die stryd (1 Samuel 18:5–7). Saul word jaloers op Dawid en probeer hom met 'n spies dood gooi (18:8–16; let daarop dat die Joseph Smith Vertaling van 1 Samuel 18:10 aandui dat die bose gees wat oor Saul gekom het *nie* van God afkomstig was nie).

   b. 1 Samuel 18:17–30; 19:1–18. Dawid veg teen die Filistyne in ruil vir die reg om met Saul se dogter te trou, onbewus daarvan dat Saul gehoop het dat Dawid op die slagveld sal sterf (18:17–25). Dawid triomfeer oor die Filistyne en trou met Saul se dogter, Migal (18:26–28). Jónatan sê Dawid moet wegkruip en hy probeer om Saul te ooreed om hom nie dood te maak nie (19:1–7). Saul probeer weer om Dawid met 'n spies dood te maak (19:9–10; sien voetnota 9*a*). Migal red Dawid van nog 'n poging deur Saul om sy lewe te neem (19:11–18).

   c. 1 Samuel 20. Jónatan en Dawid hernu hulle verbond van vriendskap en vrede (let wel dat hierdie verbond nie net tussen Jónatan en Dawid was nie, maar ook tussen hulle huishoudings). Toe Saul weer probeer om Dawid dood te maak, waarsku Jónatan vir Dawid en hy vlug.

   d. 1 Samuel 23–24. Dawid hou aan om teen die Filistyne te veg en voor Saul te vlug. Dawid vind Saul en spaar sy lewe.

2. Addisionele leeswerk: 1 Samuel 14:1–16; 2 Samuel 1.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Vra klas lede die volgende vrae:

- Wat is van die kwaliteite wat jy voor soek in 'n vriend? (Jy mag dalk klas lede se antwoorde op die swartbord wil skryf. Antwoorde mag lojaliteit, integriteit, onselfsugtigheid, sagmoedigheid en vrygewigheid, insluit.)

Verduidelik dat 'n deel van hierdie les, oor hoe belangrik dit is om 'n ware vriend te wees, sal handel.

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

**1. Jónatan en Dawid maak 'n verbond van vriendskap. Saul is jaloers en probeer om Dawid dood te maak.**

Leer en bespreek 1 Samuel 18:1–16.

Dawid het gou 'n held geword nadat hy Goliat dood gemaak het. Koning Saul en die hele koninkryk het hom geëer. Maar, niemand was meer getrou aan Dawid, as Jónatan, Saul se seun.

- Hoe het Jónatan en Dawid oor mekaar gevoel? (1 Samuel 18:1, 3.) Hoekom sou dit maklik gewees het vir Jónatan om jaloers te wees op Dawid?
    a. As Saul se seun, was Jónatan volgende inlyn om koning te word. Maar, die profeet Samuel het Dawid as die volgende koning, gesalf (1 Samuel 16:6–13).
    b. Terwyl Dawid grootliks deur die mense geëer is vir sy sukses in die stryd, het Jónatan baie min aandag, vir sy eie suksesse op die slagveld, ontvang (1 Samuel 14:1–16).
- Hoekom dink jy was Jónatan nie jaloers op Dawid nie, of deur hom bedreig gevoel nie? (1 Samuel 18:1, 3.) Hoe het Jónatan sy ondersteuning vir Dawid, gewys? (Sien 1 Samuel 18:4. Hy het sy koninklike mantel en wapens aan Dawid gegee.)
- Hoe het Koning Saul oor Dawid gevoel, nadat hy Goliat dood gemaak het? (Sien 1 Samuel 18:2, 5. Saul neem Dawid in sy huis in en stel hom oor sy leër.) Hoe het Dawid sy lojaliteit aan Koning Saul bewys? (Sien 1 Samuel 18:5.)Wat het Saul aangehits om teen Dawid te draai? (Sien 1 Samuel 18:6–9.) Hoekom is dit somtyds moeilik om gelukkig te wees oor die sukses van andere? Hoe affekteer jaloesie en trots ons geestelike welstand?

  President Ezra Taft Benson het gesê:

  "Saul het 'n vyand van Dawid geword deur sy trots. Hy was jaloers want die skare Israelietiese vrouens het gesing dat 'Saul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tienduisende' (1 Samuel 18:7; sien ook 1 Samuel 18:6, 8).

  "Die hoogmoedige vrees die oordeel van mense, meer as die oordeel van God. . . . 'Wat sal mense van my dink?' weeg swaarder as 'wat sal God van my dink?' . . .

  "Die vrees van mense se oordeel, bewys ditself in kompetisie vir mense se goedkeuring. Die hoogmoedige is liewer vir 'die lofprysing van mense as vir die lofprysing van God' (Johannes 12:42–43). Ons motiewe vir die dinge wat ons doen, is waar die sonde geopenbaar word. Jesus het gesê, Hy het 'altyd daardie dinge' gedoen wat God sou behaag (Johannes 8:29). Sou ons nie beter af wees om die behaë van God as ons motief te hê nie, eerder as om onsself bo ons broer te verhewe of om andere te oortref?

  Sommige trotse mense is meer behep met die feit dat hulle salaris meer is as iemand anders sin, as wat hulle is oor, of dit genoeg is om hulle uitgawes te dek. Hulle beloning lê daarin dat hulle bo andere is. . . .

  "Wanneer trots 'n houvas kry op ons hart, verloor ons ons selfstandigheid van die wêreld en gee ons ons vryhede oor aan die gebondenheid van mense se

oordeel. Die wêreld skreeu harder as die fluisteringe van die Heilige Gees. Die redenasies van mense oorskry die openbaringe van God, en die hoogmoediges laat los die yster staaf" (in Konferensie Raport, Apr. 1989, 4–5; of *Ensign,* Mei 1989, 5).

- Hoe het Dawid opgetree nadat die Here hom geseën het met sukses op die slagveld? (Sien 1 Samuel 18:5, 14–16.) Wat kan ons van sy voorbeeld leer? Wat dink jy beteken dit om "[onsself] met wysheid te gedra" wanneer ons suksesvol is?

**2. Saul probeer nog driekeer om Dawid se lewe te neem.**

Leer en bespreek 1 Samuel 18:17–30; 19:1–18.

- Saul offer Dawid die kans om met een van sy dogters te trou, indien hy teen die Filistyne sou veg. Wat was Saul se ware motief hiervoor? (Sien 1 Samuel 18:20–25. Hy het gehoop dat die Filistyne Dawid sou dood maak.)
- Hoe was Jónatan 'n ware vriend, toe Saul Dawid wou dood maak? (Sien 1 Samuel 19:1–7.) Wat beteken dit om 'n ware vriend te wees? Op watter manier is jou vriende getrou aan jou? Hoe is jy getrou aan jou vriende?
- Ten spyte van Jónatan se pogings om Saul se gevoelens teenoor Dawid te verander, het Saul nogsteeds geleenthede gesoek om Dawid se lewe te eindig (1 Samuel 19:9–10). Hoe het Migal, Dawid se vrou, gewys dat sy getrou is aan haar man? (Sien 1 Samuel 19:11–18.)

**3. Dawid en Jónatan hernu hulle verbond van vriendskap, en Jónatan red Dawid se lewe.**

Leer en bespreek 1 Samuel 20.

- Wat was Dawid se reaksie op Saul se haat teenoor hom en sy pogings om hom dood te maak? (Sien 1 Samuel 20:1.) Hoe het Jónatan aangehou om sy vriendskap te bewys, terwyl Saul nogsteeds Dawid se lewe gesoek het? (Sien 1 Samuel 20:2–4, 13–17, 23; sien ook 1 Samuel 20:24–42, wat hier onder aan bespreek word.)
- Hoe het geloof in God, die vriendskap van Jónatan en Dawid beinvloed? (Sien 1 Samuel 20:23.) Hoe affekteer ons liefde vir God, ons liefde vir andere?
- Indien ons lojaliteit aan God eerste stel in ons lewe, wat sal ons doen as ons vriende dinge doen wat verkeerd is? (Ons sal met liefde hulle probeer help om te verander.) Wat sal ons doen, indien ons vriende ons vra om dinge wat verkeerd is, te doen? (Ons sal nie ongeregtige dinge doen wat ons vriende ons vra om te doen nie, ongeag die sosiale gevolge, en ons sal probeer om ons vriende te beinvloed om regverdige besluite te neem.)
- Hoe sou Jónatan vir Dawid laat weet, wanneer dit veilig sou wees om na Saul se hof terug te keer? (Sien 1 Samuel 20:5–7, 18–22.) Hoe het Koning Saul gereageer op Dawid se afwesigheid en op Jónatan se verdediging van sy vriend? (Sien 1 Samuel 20:24–33.) Hoe het Jónatan Dawid gewaarsku om voor Saul te vlug? (Sien 1 Samuel 20:35–42.)

**4. Saul word oorkom deur sy haat vir Dawid. Dawid spaar Saul se lewe.**

Leer en bespreek 1 Samuel 23–24.

- Dawid word geseën met aanhoudende sukses op die slagveld (1 Samuel 23:1–5). Hoekom moes Dawid die stad van Kehila verlaat, nadat hy hulle van die Filistyne gered het? (Sien 1 Samuel 23:7–13.)
- Toe Saul uitvind dat Dawid in Kahila was, het hy sy leër voorberei om die hele stad te vernietig (1 Samuel 23:10). Wat het Saul, van 'n regverdige koning, laat verander, tot iemand wat gewilig is om 'n hele stad te vernietig, sodat hy een persoon kon dood maak? Hoekom is jaloesie en haat so vernietigend? Hoe kan ons onslae raak van jaloesie of haat?
- Terwyl Dawid besig was om van Saul af weg te kruip, het Jónatan Dawid besoek en "hy het hom bemoedig in God" (1 Samuel 23:16). Wat dink jy beteken dit? Hoe kan ons ons vriende in God versterk?
- Gedurende nog 'n poging om Dawid op te spoor en dood te maak, het Saul in 'n grot gestop om te rus (1 Samuel 24:1–3). Wat het Dawid se manne gesê, toe hulle Saul vind? (Sien 1 Samuel 24:4.) Wat het Dawid gedoen? (Sien 1 Samuel 24:4–5. Let daarop dat voetnota 4*a*, verduidelik dat Dawid die soom van Saul se kleed afgesny het—die deel van die kleed wat gesag simboliseer.)
- Hoekom het Dawid geweier om Saul leed aan te doen? (Sien 1 Samuel 24:6–12.) Wat leer Dawid se voorbeeld ons, oor wraak en oor hoe om te reageer teenoor diegene wat bose dinge aan ons doen? (Sien 1 Samuel 24:12–15; sien ook Mormon 8:20.) Wat het Saul gesê, nadat Dawid sy lewe gespaar het? (Sien 1 Samuel 24:16–19.)

---

Slotsom

Wys daarop dat die storie van Jónatan en Dawid ons herinner dat ware vriendskap en liefde, ons nader bring aan ons vriende en aan God. Die storie van Saul herinner ons dat jaloesie en haat ons kan vernietig en ons van ons vriende en van God af weglei. Moedig klas lede aan om getrou te wees aan hulle vriende, sodat hulle aan hulle kan sê, "Die Here wees tussen jou en my verewig" (1 Samuel 20:23).

---

**Addisionele Onderrig Ideës**

**Vriendskap self-evaluering**

Gebruik die volgende aktiwiteit, indien jy die belangrikheid wil beklemtoon, van om 'n ware vriend te wees.

Gee elke klas lid 'n stukkie papier en 'n pen of potloot. Verduidelik dat jy hulle 'n paar vrae gaan vra om te help om te bepaal of hulle ware vriende is. Laat klas lede hulle antwoorde neer skryf, en verseker hulle dat hulle nie hulle antwoorde hoef te deel nie. Vra dan die volgende vrae:

1. Wat was die laaste goedhartige ding wat jy vir iemand gedoen het?
2. Wat doen jy, wanneer jy hoor dat iemand lelike dinge van 'n ander persoon sê?
3. Wat het jy gedoen om jou vriende te help om better mense te word?

Les
# 24
# "Skep in My 'n Skoon Hart"

*2 Samuel 11–12; Psalms 51*

**Doel**

Om klas lede aantemoedig om rein te wees in hul gedagtes en dade en om van hulle sondes te bekeer.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifte:
   a. 2 Samuel 11. Dawid pleeg egbreek met Bátseba, die vrou van Uria (11:1–5). Dawid misluk in sy poging om sy sonde weg te steek (2 Samuel 11:6–13). Hy reël dat Uria in die stryd sal sterf (11:14–17). Dawid trou met Bátseba, en hulle het 'n seun (11:26–27).
   b. 2 Samuel 12:1–23. Die profeet Natan leer Dawid van die ernstigheid van sy sonde, deur aan Dawid 'n gelykenis te vertel (12:1–6). Dawid word aangesê dat hy vir sy sonde gestraf sal word (12:7–14; let daarop dat in die Joseph Smith Vertaling van vers 13, sê Natan, "So het die Here dan ook *nie* u sonde vergewe nie sodat u nie sal sterf nie"). Die eerste seun van Dawid en Bátseba sterf as babatjie (12:15–23).
   c. Psalms 51. 'n Bekeerde Dawid soek na vergifnis.
2. Addisionele leeswerk: 2 Samuel 2–10.
3. Indien jy die aandag aktiwiteit gebruik, bring 'n tolletjie gare en 'n skêr.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk een van die volgende aktiwiteite (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Laat 'n vrywilliger voor die klas staan, met sy of haar hande vooruit. Bind 'n gare draad los om albei die klas lid se gewrigte. Verduidelik dat hierdie een gare draad 'n verkeerde gedagte voorstel. Laat die klas lid die draad breek deur sy of haar hande uitwaards te ruk.

- Wat moet ons doen wanneer ons 'n verkeerde gedagte in ons kop kry? (Ons moet dit onmiddelik verjaag.)

Vra die klas lid om weer sy of haar hande uit te hou. Bind die klas lid se gewrigte nou met meer van die gare — genoeg om dit moeiliker te maak om te breek. Vra dan die klas lid om die gare te probeer breek. Herhaal hierdie proses met genoeg gare om dit onmoontlik te maak om te breek.

- Wat gebeur wanneer ons toelaat dat verkeerde gedagtes in ons kop bly?

Bevry die klas lid se hande deur die gare met 'n skêr te sny. Verduidelik dat 'n deel van hierdie les sal handel oor die gevolge van nadruk lê op onreine gedagtes. Hierdie les bespreek ook maniere waarop ons onself van onreine gedagtes kan bevry.

Skirftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe. Omdat dit moeilik sou wees om elke vraag te vra of om elke punt te dek in die les, met gebed, kies die dele wat klas

lede se behoeftes die beste sal vervul. Jy mag dalk sekere vrae moet aanpas volgens klas lede se omstandighede.

1 Samuel 25 tot 2 Samuel 10 verskaf belangrike informasie oor die historiese agtergrond vir hierdie les. Siende dat hierdie hoofstukke nie in hierdie handleiding gedek word nie, mag jy dit dalk as volg wil opsom:

Kort nadat Dawid Saul se lewe gespaar het, het Saul nog een keer probeer om Dawid se lewe te neem. Dawid het weer die geleentheid gehad om die koning dood te maak, maar het geweier om dit te doen. Gevegte tussen die mense van Juda en die omringende nasies het steeds voortgeduur, Saul en Jónatan is in een van hierdie gevegte gedood. Dawid volg Saul as koning en word een van die magtigste konings in die geskiedenis van Israel. Hy verenig die stamme in een nasie, en verseker die besit van die land wat aan sy mense belowe was, en skep 'n goewerment wat op God se wette gebaseer is. Ongelukkig is die laaste 20 jaar van sy lewe geskend deur die sondige besluite wat in hierdie les bespreek word.

**1. Dawid pleeg egbreek met Bátseba en reël vir die dood van Uria, Bátseba se man.**

Leer en bespreek 2 Samuel 11.

- Dawid was besig om op sy dak te loop toe hy Bátseba gesien het, en getempteer was om met haar egbreek te pleeg (2 Samuel 11:2). Wat moes Dawid gedoen het, toe hy Bátseba gesien het? Wat het Dawid gedoen, wat hom gelei het om met haar te sondig? (Sien 2 Samuel 11:2–4.) Wat kan mense daartoe lei om seksuele sondes te pleeg? Wat kan ons doen om die temptasies om seksuele sondes te pleeg, te vermy?

  Jy mag dalk klas lede se antwoorde op die swartbord wil lys, deur gebruik te maak van die kaart hier onder aan. Antwoorde mag die volgende insluit:

| Dinge om te vermy | Hoe om hulle te vermy |
|---|---|
| Onreine of onsedelike gedagtes | Vul jou gemoed met opbouende gedagtes. |
| Televisie vertonings, rolprente, tydskrifte, boeke, en musiek wat pornografies is of wat op enige manier suggestief is. | Kies media wat jou sal aanspoor om goed te doen. |
| Ongesonde uitgaan aktiwiteite | Volg die uitgaan standaarde wat deur die hedendaagse profete geleer word, en in die *Vir die Sterkte van die Jeug* uiteen gesit is. |
| Flirtasie nadat jy getroud is | Wees lief vir jou eggenoot met jou hele hart. Hou aan "uitgaan" (om jou verhouding te ontwikkel) met jou eggenoot. |
| Plekke of aktiwiteite wat jou nie sou toelaat om die konstante nabyheid van die Heilige Gees te hê nie. | Wees seker dat die plekke waarheen jy gaan en die aktiwiteite waaraan jy deelneem, jou altyd instaat sal stel om die voortdurende geselskap van die Heilige Gees te hê. |

  Jy mag dalk die eerste addisionele onderrig idee wil gebruik om maniere te bespreek van hoe om van verkeerde gedagtes ontslae te raak.

- Wat het Dawid probeer doen, toe hy uitvind dat Bátseba swanger was? (Sien 2 Samuel 11:6–13. Hy het probeer om Uria, Bátseba se man, terug huis toe te bring na haar. Dan sou dit lyk of die ongebore kind Uria sin was.) Hoekom het Dawid se plan misluk? (Sien 2 Samuel 11:11. Uria wou nie op daardie tyd na

sy huis terugkeer nie, want hy was getrou aan sy slagveld metgeselle en het gevoel dat hy by hulle moet bly.)

- Watter meer ernstige sonde het Dawid gepleeg in sy poging om sy onsedelikheid weg te steek? (Sien 2 Samuel 11:14–17.) Van wie het Dawid gedink kon hy sy sonde wegsteek? Hoe probeer mense vandag sondes wegsteek? Wat gebeur wanneer ons ons sondes probeer wegsteek?

  Ouderling Richard G. Scott het gesê:

  "Moenie gemaklik raak in die feit dat andere nie van jou oortredinge bewus is nie. Dit is soos 'n volstruis wat sy kop in die sand begrawe. Hy sien slegs donkerte en voel veilig versteek. In werklikheid is hy verspotlik opvallend. Soortgelyk word ons elke daad deur ons Vader in die Hemel en Sy Geliefde Seun, gesien. Hulle weet alles van ons af. . . .

  "Indien jy ernstig oortree het, sal jy geen langdurige bevrediging of gerief vind, in wat jy gedoen het nie. Om oortredinge te verskoon deur dit te probeer wegsteek mag lyk of dit die probleem sal oplos, maar dit sal nie. Die tempteerder is behep om jou mees vernederende dade publiek te maak, op die mees skadelikste tyd. Leuens weef 'n beperkende patroon wat 'n slagval sal word, wat Satan tot jou ondergang sal gebruik" (in Konferensie Raport, Apr. 1995, 103; of *Ensign*, Mei 1995, 77).

  Jy mag dalk die tweede addisionele onderrig idee wil gebruik om die gevare te wys, van ons sondes te probeer wegsteek.

**2. Dawid word aangesê dat hy gestraf sal word vir sy sondes.**

Leer en bespreek 2 Samuel 12:1–23.

- Watter gelykenis het die profeet Natan gebruik om te wys hoe ongelukkig die Here met Dawid was? (Sien 2 Samuel 12:1–4.) Wat het Dawid gedink van die ryk man se aksies teenoor die arm man in die gelykenis? (Sien 2 Samuel 12:5–6.) Hoe was Dawid se aksies soortgelyk aan die van die ryk man? (Sien 2 Samuel 12:7–9.) Hoe het Dawid gereageer op die Here se bestrawwing? (Sien 2 Samuel 12:7–9.)
- Hoekom het Dawid nie herken dat die ryk man in die gelykenis 'n voorstelling van hom was nie? Hoekom kan ons somtyds nie ons eie sondigheid erken nie?
- Wat was die gevolge van Dawid se sondes? (Sien 2 Samuel 12:10–14. Die vervulling van hierdie profisieë kan in 2 Samuel 12:15–23 en die daaropvolgende hoofstukke van 2 Samuel en 1 Konings gevind word; sien ook L&V 132:39. Let daarop dat egbreek 'n ernstige sonde is, maar Dawid het sy verheerliking verbeur omdat die Here hom verantwoordelik gehou het vir die moord van Uria.)

  President Marion G. Romney het gesê: "Dawid, . . . alhoewel hy deur die Here hoogs begunstig was (hy was as 'n man na God se eie hart, verwys), het aan versoeking ingegee. Sy onkuisheid het tot moord gelei, en as 'n gevolg, het hy sy familie en sy verheerliking verloor" (in Konferensie Raport, Apr. 1979, 60; of *Ensign*, Mei 1979, 42).

- Wat is sommige van die onmiddelike gevolge van onsedelikheid vandag? Wat is sommige van die langtermyn gevolge vir die onbekeerde?

**3. 'n Bekeerde Dawid soek vergifnis.**

Leer en bespreek Psalms 51.

In 'n psalm aan die Here het Dawid sy begeerte uitgespreek om andere te help om te bekeer, deur te sê, "Ek [sal] oortreders U weë leer; dat die sondaars hulle tot U kan bekeer" (Psalm 51:15). Alhoewel Dawid sy verheerliking verbeur het omdat hy die dood van Uria gereël het, kan ons leer uit sy bekeerde houding, hoe hy gesoek het na vergifnis vir die sonde van egbreek. Sy woorde in Psalms 51 leer baie aspekte van ware bekering Soos wat jy die psalms met klas lede studeer, bespreek hoe ons Dawid se voorbeeld van bekering in ons lewens kan toepas.

- In Psalms 51, het David eerste God en Sy genade beken (Psalms 51:1). Dawid het ook sy eie sondigheid erken (Psalms 51:1–3). Hoekom is dit belangrik dat ons God se grootheid en ons eie sondigheid erken, wanneer ons van ons sondes bekeer?
- Wat moet ons opoffer sodat ons vergifnis vir ons sondes kan ontvang? (Sien Psalms 51:16–17.) Wat dink jy beteken dit om " 'n gebroke hart en 'n berouvolle gees" te hê?
- Hoe is ons sondes "ewiglik voor [ons]" voor dat ons vergewe word? (Psalms 51:3). Hoe verander dit, nadat ons vergewe is? (Sien Psalms 51:10; Alma 36:17–19.) Hoe sien God ons sondes van die verlede, nadat hy ons vergewe het? (Sien Psalms 51:9; Jesaja 43:25; L&V 58:42.)
- Dawid beskryf vergifnis as 'n reiniging (Psalms 51:1–2, 7, 9–10), 'n restorasie (Psalms 51:12), en as 'n verlossing (Psalms 51:14). Hoekom is hierdie gepaste beskrywings vir die seëning van God se vergifnis?

Slotsom

Verduidelik dat dit nie saak maak hoe suksesvol of sterk ons is nie, ons is nogsteeds nie bo versoeking nie. Moedig klas lede aan om enige veranderinge in hul lewens te maak wat nodig mag wees, om hulle te help om rein te wees in denke en dade. Betuig van jou liefde vir Jesus Christus en jou dankbaarheid vir sy Versoening. Getuig dat as gevolg van die Versoening, kan ons vergifnis vir ons sondes ontvang.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Verjaag onreine gedagtes uit jou verstand uit.**

In jou eie woorde, deel die volgende stelling van Ouderling Boyd K. Packer, oor hoe om onreine gedagtes weg te stuur wat in ons verstand, ongenooi opdaag:

"Die verstand is soos 'n verhoog. Behalwe vir wanneer ons slaap, is die gordyn altyd op. Daar is altyd een of ander spel wat op daardie verhoog aangebied word. Dit mag 'n komedie, 'n tragedie, interesant of eentonig, goed of sleg wees; maar daar is altyd een of ander opvoering op die verhoog van die verstand.

"Het jy al agter gekom hoe, sonder enige ware poging van jou kant af, in die middel van amper enige vertoning, sal 'n skaduagtige gedagte van die kant af in kruip om jou aandag af te trek? Hierdie misdadige gedagtes sal enige spel probeer onderbreek. Indien jy toelaat dat hulle op gaan, sal enige deugtige gedagtes

die verhoog verlaat. Jy sal, omdat jy dit toegelaat het, met die invloed van ongeregtigde gedagtes, gelaat word.

Indien jy aan hulle ingee, sal hulle vir jou op die verhoog van jou verstand, enige iets opvoer, binne die perke van jou verdraagsaamheid. Hulle kan 'n spel lewer van bitterheid, jaloesie, of haat. Dit mag vulger, onsedelik, selfs verworpe wees. Wanneer hulle die verhoog besit, en indien jy hulle toelaat, sal hulle die slimste oortuigings gebruik om jou aandag te hou. Hulle kan dit baie interesant maak, jou selfs oortuig dat dit onskuldig is — want hulle is tog net gedagtes.

Wat doen jy op so 'n oomblik, wanneer die verhoog van jou verstand deur ondeunde onreine gedagtes oorgeneem word, of hulle grys is, die wat amper skoon is of die wat vuil is en geen ruimte vir twyfel oorlaat nie. Indien jy jou gedagtes kan beheer, kan jy gewoontes oorkom, selfs vernederende persoonlike gewoontes. Indien jy kan leer om hulle te beheer, sal jy 'n gelukkige lewe hê.

"Dit is wat ek jou sal leer. Kies uit die heilige musiek van die Kerk, 'n gunsteling gesange, een met opbeurende woorde en musiek wat eerbiedig is, een wat jou iets soos inspirasie laat voel. Gaan in jou verstand versigtig daar oor. Memoriseer dit. Selfs al het jy geen musikale opleiding gehad nie, kan jy nogsteeds deur 'n gesang dink.


"Nou, gebruik hierdie gesang as 'n plek waarheen jou gedagtes kan gaan. Maak dit jou nood kanaal. Wanneer jy vind dat hierdie skaduagtige akteurs van die kante van jou gedagtes, op die verhoog van jou verstand, ingesluip het, speel hierdie deuntjie. Soos wat die musiek begin speel en soos wat die woorde in jou gedagtes vorm, sal die onwaardige gedagtes met skaamte wegsluip. Dit sal die hele stemming op die verhoog van jou verstand verander. Omdat dit opbouend en skoon is, sal die laer gedagtes verdwyn. Want waar deugdheid kies om nie met vuilheid te assosieer nie, kan boosheid nie die nabyheid van lig hanteer nie.


"Met tyd sal jy vind dat jy by tye die musiek innerlik neurie. Soos wat jy dan jou gedagtes terug volg sal jy ontdek dat sekere invloede van die wêreld om jou, onwaardige gedagtes aangemoedig het om op die verhoog van jou verstand te verskyn, en die musiek het automaties begin speel.

"Nadat jy geleer het hoe om die verhoog van jou verstand van onwaardige gedagtes te ontruim, hou dit besig met die leer van waardevolle dinge. Verander jou omgewing sodat jy dinge om jou het, wat jou sal inspireer om goeie en opbouende gedagtes te hê. Hou jouself besig met dinge wat geregtig is" (in Konferensie Raport, Okt. 1976, 99–100).

**2. Die gevaar van ons sondes te probeer wegsteek**

In sy poging om sy sonde van egbreek weg te steek, het Dawid 'n selfs groter sonde gepleeg. Om die gevare van ons sondes weg te steek te bespreek, vergelyk sonde met 'n hoop grond. Illustreer hierdie konsep op die swartbord, soos die eerste tekening op bladsy 121.





- Wat sal gebeur as ons 'n klein hopie grond probeer bedek of wegsteek? (Die hoop sal nog groter en meer sigbaar word. Illustreer hierdie konsep soos die tweede tekening hierbo.)
- Hoe is om ons sondes weg te steek, dieselfe as om 'n hoop grond weg te steek? (Ons sondigheid word groter en meer ernstig wanneer ons ons sondes probeer wegsteek.
- Indien ons nie wil hê dat mense 'n hoop grond moet sien nie, wat moet ons doen? (Ons moet die hoop verwyder eerder as om dit te probeer wegsteek.) Hoe kan ons sonde uit ons lewe verwyder?

**3. "Toe het Amnon 'n baie groot afkeer van haar gekry" (2 Samuel 13:15)**

2 Samuel 13 bevat die storie van Dawid se seun Amnon en Dawid se dogter Tamar. Amnon was aangetrokke tot Tamar en het haar gevorseer om egbreek met hom te pleeg.

- 2 Samuel 13:1 sê dat Amnon vir Tamar lief gehad het. Hoe het Amnon se gevoelens teenoor Tamar verander nadat hy teen haar gesondig het? (Sien 2 Samuel 13:15.) Hoekom ontwikkel haat, eerder as liefde dikwels tussen mense wie die prinsiepe van sedelikheid oorskry het?

  President Gordon B. Hinckley het gesê: "Ek het Ouderling John A. Widtsoe hoor . . . sê, 'Dit is my observasie dat 'n jong man en 'n jong meisie wat die prinsiep van sedelikheid oorskry het, opeindig om mekaar binnekort daarna te haat.' Ek het dieselfde ding ook al waargeneem. Daar mag woorde van liefde wees om mee te begin, maar later sal daar woorde van bitterheid en woede wees" ("Gterou aan die Geloof," *Ensign*, Junie 1996, 5).

**4. Hoop vir die bekeerde**

Indien jy beklemtoon dat dit nooit te laat is om te bekeer nie, mag jy dalk die volgende stelling deur Ouderling Boyd K. Packer wil deel:

"Die ontmoedigende ideë dat 'n fout (of selfs 'n reeks van hulle) dit ewiglik te laat maak, is nie van die Here afkomstig nie. Hy het gesê dat *indien* ons sal bekeer, sal Hy nie net ons oortredinge vergewe nie, maar Hy sal hulle vergeet en ons sondes nie onthou nie. . . . Bekering is soos seep; dit kan sondes weg was. Donker vuil kolle het die sterk seep van disipliene nodig om die vlekke uit te kry, maar uit sal hulle kom" (in Konferensie Raport, Apr. 1989, 72; of *Ensign,* Mei 1989, 59).

Les
# 25
# "Laat Elke Ding Wat Asem Haal Die Here Prys"

*Psalms*

**Doel**

Om klas lede te help om hulle dankbaarheid te wys, vir die Verlosser en vir die baie seëninge wat Hy en ons Hemelse Vader aan ons gegee het.

**Voorbereiding**

1. Met gebed studeer die skrifte wat in hierdie les bespreek word en ook so veel van die boek van Psalms as wat jy kan.
2. Studeer die les en met gebed kies die skrif gedeeltes, temas, en vrae wat jou klas lede se belange die beste sal vervul. Hierdie les dek nie die hele boek van Psalms nie. Dit handel eerder oor 'n paar belangrike temas wat dwarsdeur die boek uitgedruk word.
3. Indien jy die eerste aandag aktiwiteit gebruik, bring 'n prent van die Verlosser en vier of vyf items, wat dinge voorstel waarvoor jy dankbaar is, soos die skrifte, 'n foto van 'n geliefde, 'n item wat een van jou talente voorstel, of 'n kos item. Indien jy die tweede aandag aktiwiteit gebruik, vra een of twee klas lede om 'n gunsteling psalms voorteberei en te deel en te vertel hoekom dit vir hulle belangrik is.
4. Bring een of meer prente van tempels.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk een van die volgende aktiwiteite (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin. Kies die aktiwiteit wat die mees geskikste sal wees vir die klas.

Aandag Aktiwiteit

1. Wys die prent van die Verlosser en vertel van jou dankbaarheid vir sy lewe en missie. Vertoon die items wat ander dinge voorstel, waarvoor jy dankbaar is. Betuig van jou dankbaarheid vir elke een. Vra dan die volgende vrae:
   - Watter gawes en geleenthede van die Here af, is jy veral dankbaar voor? Hoe sou jou lewe anderste gewees het, sonder hierdie seëninge?

   Verduidelik dat baie van die psalms, dankbaarheid betuig vir die seëninge wat die Here gegee het. 'n Deel van hierdie les sal fokus op daardie seëninge en wat ons kan doen om ons dankbaarheid vir hulle te wys.
2. Vra 'n klas lid om Psalm 23 hardop te lees. Vra dan die volgende vrae:
   - Watter gevoelens word in hierdie psalm uitgedruk? Wat is jou gevoelens soos wat jy hierdie psalm lees of na luister?

   Vra een of twee klas lede om hul gunsteling psalm te deel en te vertel hoekom dit vir hulle belangrik is.

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

Verduidelik dat die boek van Psalms 'n versameling gedigte is wat oorspronklik as prys gesange of petisies aan God gebruik is. Baie is deur Dawid geskryf. Hier-

die boek is soos ‘n gesang boek vir Isreal van ouds. Die woorde is van die wêreld se beste inspireëronde literatuur, wat geloof in die Here en ‘n opregte begeerte om regverdig te leef, uitdruk.

**1. Profesieë van die lewe en missie van Jesus Christus**

Baie van die psalms profeseër van Christus as die Messias. Die opgestaande Verlosser het verklaar, "Dat alle dinge wat oor My geskrywe is in die wet van Moses, en in die profete, en in die psalms, vervul moet word" (Lukas 24:44). Bespreek die vervulling van ‘n paar van die volgende profesieë oor Christus, wat in die boek van psalms geskrywe is:

| Profesie | Vervulling |
|---|---|
| Psalm 107:23–30 | Matthéüs 8:23–27. Jesus kalmeer die wind en die golwe. |
| Psalm 69:8 | Johannes 1:11; 7:5. Jesus was nie deur sy eie mense ontvang nie. |
| Psalm 41:9; 55:12–14 | Johannes 13:18, 21. Jesus was deur ‘n vriend verraai. |
| Psalm 69:20 | Markus 14:32–41. Jesus het aleen in Getsémane gelei. |
| Psalm 22:7–8 | Matthéüs 27:39–43. Jesus is die spot mee gedryf. |
| Psalm 22:16 | Markus 15:25. Jesus was gekruisig. |
| Psalm 22:18 | Matthéüs 27:35. Die soldate het loot getrek vir Christus se klere. |
| Psalm 22:1 | Matthéüs 27:46. Jesus het die Vader gevra hoekom het hy hom verlaat. |
| Psalm 69:21 | Johannes 19:28–30. Jesus is asyn gegee vir sy dors. |
| Psalm 34:20 | Johannes 19:33–36. Nie een van Jesus se bene was gebreek nie. |
| Psalm 31:5 | Lukas 23:33–46 Jesus het sy gees aan die Vader opgedra en gesterf. |
| Psalm 16:10 | Handelinge 2:31–32; 13:34–35. Die Verlosser se vlees het nie korrupsie gesien nie, deur dat dit in die Opstanding gewek is. |

- Jesus Christus is die enigste persoon, van wie se lewe, dood, en opstanding, geprofiseër was,voor sy geboorte. Hoekom dink jy is sulke gedetailleerde profisieë, oor die Verlosser se lewe gegee? (Hierdie profisieë stel dit duidelik, dat Jesus die beloofde Messias, die Verlosser van die wêreld, is.) Hoe was hierdie profisieë ‘n seëning aan diegene wat hulle ontvang het? (Die profisieë het mense gehelp om van die Verlosser te leer en om ‘n getuienis van hom te ontvang, selfs voordat hy gebore is [sien Mosia 3:13]. Die profisieë het ook sommige mense gehelp om hom te erken, toe hy gekom het.)

**2. "Die Here het goed aan jou gedoen" (Psalm 116:7).**

Buiten die profisieë van die Verlosser se lewe en missie, was baie van die psalms ook ‘n uitdrukking van dankbaarheid vir seëninge soos die skepping van hemel en aarde; die Verlosser se genade, vergifnis, en liefde; die skrifture en die tempel.

*Die Skepping van Hemel en Aarde*

Bespreek die volgende psalms wat dankbaarheid vir die skepping van hemel en aarde uitdruk:

Psalm 19:1
Psalm 104:5–7, 14, 24
Psalm 136:3–9

- Hoe getuig die skepping van hemel en aarde, van God se krag en liefde? (Sien Alma 30:44; Moses 6:63.) Hoe kan ons dankbaarheid toon, vir die gawe van die Skepping?

*Die Verlosser se Genade, Vergifnis, en Liefde*

Bespreek sommige van die volgende psalms wat dankbaarheid vir die Verlosser se genade, vergifnis, en liefde uitdruk:

Psalm 23 (jy hoef dalk nie hierdie psalm te bespreek, indien jy dit reeds in die aandag aktiwiteit gebruik het nie.)
Psalm 51 (jy hoef dalk nie hierdie psalm te bespreek nie, indien jy dit reeds in les 24 bespreek het.)
Psalm 59:16
Psalm 78:38
Psalm 86:5, 13
Psalm 100:4–5
Psalm 103:2–4, 8–11, 17–18

- Wat kan ons uit hierdie psalms, van die Here leer? Nooi klas lede uit om te vertel hoe hulle van die Here se genade, vergifnis en liefde, geleer het.
- Wat het jou beindruk, van Dawid se pleidooi om vergifnis in Psalm 51? Wat leer hierdie psalm ons, van bekering en vergifnis? (Let op die eerste woorde in vers 2, 7, en 12. Hierdie woorde beskryf belangrike aspekte van bekering. Let ook op na vers 17, wat die gevoel van hart beskryf, wat ons moet hê, om waarlik te bekeer.)

*Die Skrifture*

Bespreek die volgende psalms wat dankbaarheid aan die Here betoon vir die skrifture:

Psalm 19:7–11
Psalm 119

- Watter woorde het Dawid gebruik in Psalm 19:7–10 om die skrifture te beskryf? (Sinonieme vir die skrifture sluit in *wet, getuienis, verordering, gebod,* en *oordeel.* Byvoeglike woorde wat die skrifture beskryf sluit in *volmaak, seker, reg, suiwer, waar,* en *regverdig*. Die skrifture word ook beskryf as, meer begeerlik as goud en soeter as heuning.)
- Watter seëninge kan die skrifture, volgens Psalm 19:7–11 aan ons lewens bring? Jy mag dalk hierdie seëninge op die swartbord wil lys:

  a. Hulle bekeer ons siel (vers 7)
  b. Hulle maak die eenvoudige, wys (vers 7).
  c. Hulle laat ons harte juig (vers 8).
  d. Hulle verlig ons oë (vers 8).
  e. Hulle gee ons waarskuwings (vers 11).

- Hoe het die skrifture jou lewe al op hierdie of ander maniere geseën?
- Die Psalmdigter roep uit aan die Here, "O hoe lief het ek u wet! dit is my bepeinsing die hele dag" (Psalm 119:97; sien ook verse 15–16, 33–35, 40, 47–50, 72, 92, 104, 174). Hoe kan ons so 'n liefde vir die skrifture ontwikkel?
- Hoe is die skrifture soos "'n lamp vir [ons] voete, en 'n lig vir [ons] pad"? (Psalm 119:105).

*Die Tempel*

Bespreek sommige van die volgende psalms oor die tempel. Jy mag dalk een of meer prente van die tempel wil wys terwyl, klas lede hierdie spalms lees:

Psalm 5:7
Psalm 15:1–3
Psalm 24
Psalm 27:4
Psalm 65:4
Psalm 84:1–2, 4, 10–12
Psalm 122
Psalm 134

- Wat kan ons uit hierdie psalms, oor die tempel leer? Wat kan ons leer, oor hoe om onself voorteberei om na die tempel te gaan?

Jy mag dalk wil hê dat klas lede die woorde lees of sing van "Ons is Lief vir U Huis, O God" (*Gesang,* no. 247), of nooi 'n paar Primêre kindertjies uit om vir die klas te kom sing "Ek is Lief om die Tempel te Sien" (*Kinder Gesangboek,* 95).

**3. "Wat sal ek die Here vergeld vir al sy weldade aan my?" (Psalm 116:12)**

- In Psalm 116:12, vra Dawid, "Wat sal ek aan die Here vergeld vir al sy weldade aan my?" Hoe het Dawid hierdie vraag beantwoord? Jy mag dalk elk van Dawid se stellinge, soos volg, wil lys:

  a. "Ek sal die beker van verlossing opneem" (116:13).
  b. "Ek sal . . . die naam van die Here aanroep" (116:13).
  c. "O Here, ek is waarlik U kneg" (116:16).
  d. "Ek sal U 'n offer van danksegging bring" (116:17).
  e. "Ek sal my geloftes aan die Here betaal in die teenwoordigheid van sy ganse volk, in die voorhowe van die huis van die Here" (116:18–19).

- Hoe kan ons Dawid se antwoorde toepas, om aan die Here dankbaarheid te wys?

**4. "Vertrou op die Here" (Psalm 4:5)**

- "Vertrou op die Here" is een van die mees algemeenste aanmanings in die boek van Psalms (Psalm 4:5; 5:11; 9:10; 18:2; 56:11; 62:8; 118:8–9). Hoe plaas ons ons vertroue op die Here? Hoe is jy al geseën, soos wat jy op hom vertrou het?

---

Slotsom

Die psalms lewer 'n kragtige getuienis van die goddelike missie van Jesus Christus. Hulle herinner ons ook aan die baie seëninge wat Hy en ons Hemelse Vader aan ons gegee het. En hulle stel voor hoe ons ons dankbaarheid vir daardie seëninge kan uitdruk.

Jy mag dalk klas lede wil uitnooi om die laaste Psalm (Psalm 150) te lees om die boodskap van die boek van Psalms op te som. Voeg jou eie getuienis van lof en dankbaarheid daarby.

---

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Laaste Dae gesange, deur Ou Testament psalms geinspireër**

Verduidelik dat ons sangbundel gelykstaande aan 'n hedendaagse psalms is. Jy mag dalk wil hê dat klas lede 'n laaste-dae gesang, wat deur 'n Ou Testament psalm geinspireër is, sing. Sommige van hierdie gesange is "Die Here Is My Herder" (*Gesang*, no. 108; Psalm 23), "Die Here Is My Lig" (*Gesang*, no. 89; Psalm 27:1), "Hoe Groot Is U" (*Gesang*, no. 86; Psalm 8:3–9; 9:1–2), en "Loof Die Here, Die Almagtige" (*Gesang*, no. 72; Psalm 23:6; 150).

**2. Seëninge van gesange sing**

- Wat is van die hoof temas van ons laaste-dae gesange? (Antwoorde mag insluit, die Verlosser, ons plig as lede van die Kerk, om tot die einde te volhard, geloof, tuiste en familie, liefde, sending werk, gebed, priesterskap, profete, die restourasie van die evangelie, die nagmaal, diens, om beproewing te weërstaan, en Sion.) Hoe kan die sing van gesange, ons seën? (Sien L&V 25:12.)

  Bespreek sommige van die volgende maniere waarop ons geseën kan word wanneer ons gesange sing:

  a. Gesange lig ons gemoed.
  b. Gesange motiveer ons om meer regverdig te leef.
  c. Gesange herinner ons aan ons seëninge.
  d. Om gesange te sing, gee ons die geleentheid om die Here te prys.
  e. Gesange gee ons 'n manier om ons getuienis te lewer.
  f. Gesange help ons om onself weer tot die Here te verbind.
  g. Gesange help ons om die Gees aan te voel.
  h. Gesange help ons om meer in toon te wees met ons Hemelse Vader.
  i. Gesange help ons om die evangelie te leer.

  Die Eerste Presidentskap het gesê:

  "Inspireërende musiek is 'n noodsaaklike deel van ons kerk vergaderings. Die gesange nooi die Gees van die Here, skep 'n gevoel van eerbied, verenig ons as lede, en verskaf 'n manier waarop ons die Here kan prys.

  "Sommige van die beste predikasies word deur die sing van gesange gepreek. Gesange bring ons tot bekering en goeie werke, bou getuienis en geloof, bring gerustheid aan die wat moeg is, en vertroosting aan die wat treur, en moedig ons aan om tot die einde te volhard" (*Gesange*, ix).

- 'n Paar van die psalms praat van sing, as om 'n "vreugdevolle geraas tot die Here te maak" (Psalm 98:4; 100:1; sien ook 66:1; 95:1–2). Hoe kan ons beter gebruik maak van die sing van gesange in ons Kerk vergaderinge en in ons huise, om te verseker dat dit vreugdevol en betekenisvol is?

- By die Laaste Ete, het Jesus en sy Apostels 'n gesang gesing (Matthéüs 26:30). Hoe dink jy het die sing van 'n gesang, Jesus en sy Apostels gehelp om voor te berei om die werk wat nog voorgelê het, te voltooi?
- Net voor die Profeet Joseph Smith gemartel is in Carthage tronk, het hy John Taylor gevra om vir hom "'n Armsalige Swerwende Man van Verdried" (*Gesang*, no. 29, te sing; sien ook B. H. Roberts, *'n Alomvattende geskiedenis van die Kerk*, 2:282–84). Hoe dink jy het die sing van hierdie gesang die Profeet gehelp?

**3. Poëtiese parallele in die psalms**

Jou studie van die psalms mag verryk word deur van die poëtiese tegnieke te verstaan wat Dawid en ander Hebreërse digters gebruik het. Een van hierdie tegnieke is parallelisme. Een algemene karakter eienskap van parallelisme is die herhaling van 'n gedagte in verskilende woorde. Sulke herhalinge verbreed of intensifiseër die betekenis van die ideë. Een voorbeeld van hierdie tipe parallelisme is Psalm 102:1–2, waarin dieselfde gedagte, vyf keer in verskillende woorde uitgedruk word ("hoor my gebed," "laat my hulpgeroep tot by U kom," "verberg U aangesig nie vir my," "neig U oor tot my," en "op die dag wat ek roep, verhoor my gou"). Wys daarop hoe herhaling die boodskap beklemtoon.

Les
# 26 Koning Salomo; Man van Wysheid, Man van Dwaasheid

*1 Konings 3; 5–11*

**Doel**

Om klas lede aan te moedig om hul seëninge met wysheid te gebruik en om die tempel waardig binne te gaan.

**Voorbereiding**

1. Met gebed studeer die volgende skrifture:

   a. 1 Konings 3:5–28. Salomo is sy vader, Dawid se opvolger, as koning en hy volg die Here. Die Here verskyn aan Salomo, wie hom vra om geseën te word met 'n verstandige hart (3:5–9). Die Here seën Salomo met wysheid, rykdom en eer (3:10–15). Twee vrouens bring 'n kind voor Salomo, wie met wysheid onderskei watter vrou die werklike ma van die kind is (3:16–28).
   b. 1 Konings 5–6; 7:1–12. Koning Salomo neem die leiding in die bou van 'n groot tempel (5–6). Hy laat 'n paleis vir homself bou (1 Konings 7:1–12).
   c. 1 Konings 8:22–66; 9:1–9. Salomo wy die tempel in en vra die Here om die Israeliete met geestelike en temporele voorspoed te seën (8:22–53). Die mense aanbid vir 14 dae (8:54–66). Die Here verskyn weer aan Salomo, en belowe om die Israeliete te seën indien hulle hom dien, maar om hulle te vervloek indien hulle weer na ander gode draai (9:1–9).
   d. 1 Konings 10–11. Salomo se bekendheid groei as gevolg van sy rykdom en wysheid (10:1–13, 24–25). Hy word buitensporiglik ryk (10:14–23, 26). Hy trou met baie nie-Israelietiese vrouens, wie hom oorreed om false gode te aanbid (11:1–10). Die Here bring teenstanders teen Salomo (11:11–25). 'n Profeet voorspel dat die koningkryk van Israel verdeel sal word as gevolg van Salomo se boosheid (11:26–40).

2. Addisionele leeswerk: 1 Konings 2:1–12; 4:29–34; 7:13–51; 1 Kronieke 29; Leer en Verbonde 46.

3. Indien die prent Tempel Wat In Antieke Tye Gebruik Is, beskikbaar is, mag jy dit dalk gedurende die les wil gebruik (62300; Evangelie Kuns Prente Stel 118).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Lees of laat 'n klas lid die volgende stelling deur Ouderling Dallin H. Oaks lees:

"Ons dink oor die algemeen dat Satan ons in ons swakste plekke sal aanval. . . . maar swakhede is nie ons enigste gevaarplekke nie. Satan kan ons ook aanval waar ons dink ons sterk is— in die spesifieke areas waar ons so trots is op ons sterktes. Hy sal na ons kom deur die grootste talente en geestelike gawes wat ons besit. Indien ons nie paraat is nie, kan Satan ons geestelike val mee bring, deur korrupsie van ons sterktes en ook die uitbuiting van ons swakhede" ("Ons Sterktes Kan Ons Vervalling word," *Ensign*, Okt. 1994, 12).

- Wat is sommige van die sterktes wat tot ons ondergang kan lei?

Verduidelik dat hierdie les oor Koning Salomo gaan, 'n man wat baie gawes van God ontvang het, maar uiteindelik daardie gawes vir ongeregtigheid gebruik het.

Stel voor dat klas lede vir die gebeure soek, wat tot die geleidelike ondergang van Salomo gelei het. Beklemtoon dat ons na sy swakhede kyk, nie om hom te oordeel nie, maar om uit sy foute te leer.

---

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

Net voor Dawid se dood, het Zadok die priester en Natan die profeet Salomo as die nuwe koning gesalf. Salomo was 'n seun van Dawid en Bátseba, en hy het die volgende advies van sy vader Dawid ontvang: "Wees dan sterk . . . en word 'n man; en onderhou die ordening van die Here jou God deur te wandel in sy weë, deur sy insettings, sy gebooie en sy verordeninge en sy getuienisse te onderhou,. . . sodat jy voorspoedig kan uitvoer alles wat jy doen" (1 Konings 2:2–3).

**1. Die Here seën Salomo met wysheid, rykdom, en eer.**

Leer en bespreek 1 Konings 3:5–28.

- 'n Kort tydjie nadat Salomo koning geword het, het die Here aan hom verskyn in 'n droom en aan hom gesê, "Begeer wat ek jou moet gee" (1 Konings 3:5). Waarvoor het Salomo gevra? (Sien 1 Konings 3:9.) Wat beteken dit om 'n" verstandige hart te hê"? (Sien 1 Konings 3:28; 4:29.) Hoekom het Salomo 'n spesiale nood vir daardie seëning gehad? (Sien 1 Konings 3:7–8.) Hoe sou, om die "wysheid van God" te hê, ons help met ons verantwoordelikhede by die huis? by die werk? by die skool? in die Kerk? Hoe kan ons hierdie wysheid ontvang?
- Hoekom was die Here gelukkig met Salomo se versoek vir 'n verstandige hart? (Sien 1 Konings 3:11–12. Salomo het vir 'n gawe gevra wat hom sou help om andere te dien, eerder as 'n gawe vir selfsugtige doele.) Wat is sommige geestelike gawes wat ons dalk voor mag soek? (Sien L&V 46:13–26.) Op watter voorwaardes gee die Here gawes van die gees? (Sien 1 Konings 3:14; L&V 46:8–12.) Hoe kan ons hierdie gawes gebruik om andere te dien?
- Watter andere seëninge het die Here ook aan Salomo gegun? (Sien 1 Konings 3:13–14.) Hoe kan hierdie seëninge gebruik word om andere te dien?
- Wat was die eerste situasie wat Koning Salomo se oordeel, benodig het? (Sien 1 Konings 3:16–22.) Hoe het Salomo die probleem opgelos? (Sien 1 Konings 3:23–28.) Hoe het Salomo se oplossing gewys dat die Here hom met wysheid geseën het?

**2. Koning Salomo neem die leiding in die bou van 'n groot tempel en 'n paleis vir homself.**

Leer en bespreek 1 Konings 5–6; 7:1–12.

- Soos deur die Here beveel is, het Salomo 'n tempel laat bou. (Jy mag dalk kortliks 1 Konings 5:1–6, 17–18; 6:15–36 wil hersien, om die oordadige natuur van die tempel te beklemtoon.) Hoekom dink jy het Salomo sulke kosbare materiale gebruik in die bou van die tempel?
- Hoe het die bouers respek getoon vir die tempel gedurende die konstruksie daarvan? (Sien 1 Konings 6:7.)

- Hoe het Salomo sy wysheid, rykdom, en eer gebruik om te verseker dat die tempel korrek gebou word? (Sien 1 Konings 5:1–12. As gevolg van hierdie seëninge kon hy bou materiale en bekwame arbeiders kry vir die konstruksie van die tempel.)
- Watter belofte het die Here aan Salomo gegee in verband met die tempel? (Sien 1 Konings 6:11–13.) Watter soortgelyke belofte gee die Here vandag aan ons? (Sien L&V 97:15–17.)
- Salomo het ook 'n huis vir homself laat bou. Hoe het die groote van sy huis vergelyk met die groote van die huis van die Here? (Sien 1 Konings 6:2–3; 7:2, 6–7.) Hoe wys hierdie gebruik van rykdom, Salomo se gelydelike ondergang?

**3. Salomo wy die tempel in.**

Leer en bespreek 1 Konings 8:22–66; 9:1–9.

- Na sewe jaar van konstruksie is die tempel ingewy. Wat is sommige van die dinge waarvoor Salomo gebid het, in die inwydings gebed? (Sien 1 Konings 8:22–53.)

  Jy mag dalk klas lede se antwoorde op die swartbord wil lys: Antwoorde mag die volgende insluit:

  a. Antwoorde op gebed (1 Konings 8:28–30, 49–52)
  b. Vergifnis (1 Konings 8:33–39)
  c. Reën (1 Konings 8:35–36)
  d. Hulp gedurende hongersnood en siektes (1 Konings 8:37)
  e. Hulp in oorloë (1 Konings 8:44–45)

- In sy inwydings gebed het Salomo gebid vir die Here om sy mense te help, deur die vele moeilike probleme wat hulle mag ondervind. Hoe kan tempel bywooning ons help wanneer ons deur probleme bemoei word?

  President Ezra Taft Benson het gesê: "In die vrede van hierdie pragtige tempels, vind ons somtyds die oplossings vir van die meer ernstige probleme van die lewe. Deur die invloed van die Gees, kan suiwer kennis, hier tot ons vloei. Tempels is plekke van persoonlike openbaring. Wanneer ek met probleme of moeilikhede sukkel, het ek na die Huis van die Here gegaan met 'n gebed in my hart vir antwoorde. Hierdie antwoorde het in duidelike en onmiskenbare weë gekom" ("Wat Ek Hoop Julle Aan Julle Kinders Sal Leer Oor Die Tempel," *Ensign,* Aug. 1985, 8).

- Salomo het gebid dat die tempel sou help om ongelowiges tot die Here te bring (1 Konings 8:41–43). Hoe kan 'n tempel dit doen? (Nooi klas lede uit om voorbeelde te deel, van hoe hulle of andere begin belangstel het in die Kerk as gevolg van hulle belangstelling in tempels.)
- Nadat Salomo die inwydings gebed gegee het, het hy sy mense aangesê, "Laat julle hart dan volkome met die Here julle God wees" (1 Konings 8:61). Wat dink jy beteken dit om 'n hart te hê "wat volkome met die Here is"? Hoe kan tempel bywoning help om ons harte volkome met die Here te maak?
- Wat kan ons doen om die invloed van die tempel sterk te hou in ons lewens? (Antwoorde mag insluit: Woon dit so gereeld as moontlik by, hou 'n huidige aanbeveling en vertoon prente van tempels in ons huise.)

- Wat het die mense gedoen nadat die tempel ingewy is? (Sien 1 Konings 8:62–66.) Wat was die houding van die mense, soos wat hulle na hulle huise terug gekeer het, na die tempel inwyding en die 14 dae van aanbidding? (Sien 1 Konings 8:66.) Hoe voel jy wanneer jy van die tempel af terug keer?
- Wat was die Here se boodskap toe hy Salomo besoek het, na die inwyding van die tempel? (Sien 1 Konings 9:3–9. Sien ook 1 Konings 6:11–13. Let daarop dat die Here 'n soortgelyke stelling gemaak het, gedurende die konstruksie van die tempel.) Hoekom dink jy het Salomo nodig gehad om aan sy verbonde herinner te word? Hoe herinner die Here ons aan ons verbonde?

**4. Salomo word buitensporiglik ryk en trou met baie nie-Israelietiese vrouens, wat hom oorreed om afgode te aanbid.**

Leer en bespreek 1 Konings 10–11.

- Hoe het Salomo se rykdom en eer vermeerder na die bou van die tempel? (Sien 1 Konings 10:1–15, 24–25.) Hoe het Salomo hierdie seëninge misbruik? (Sien 1 Konings 10:16–23, 26–29. Wys daarop dat hy dit gebruik het om sy eie koninkryk, eerder as God se koninkryk op te bou.) Hoe behoort wysheid, rykdom, en eer gebruik te word? (Sien Jakob 2:18–19.)
- Hoe het Salomo se keuse van vrouens gewys dat hy van God af weggedraai het? (Sien 1 Konings 11:1–2. Hy het buite die verbond getrou.) Wat het Salomo se nie-Israelietiese vrouens hom beinvloed om te doen? (Sien 1 Konings 11:3–8. Let daarop dat die Joseph Smith Vertaling van vers 4 sê dat Salomo se hart het soos "die hart van Dawid sy vader geword" en vers 6 sê dat "Salomo het boosheid in die sig van die Here gedoen, soos Dawid sy vader.")
- Wat het die Here gedoen toe Salomo sy verbonde verbreek het en weggedraai het? (Sien 1 Konings 11:9–14, 23–25, 33–36.)
- Hoe dink jy het die seëninge van wysheid, rykdom, en eer bygedra tot Salomo se ondergang? Hoe het jy al gesien dat hierdie sterktes vandag tot die ondergang van mense, gelei het? Hoe kan ons verseker dat ons sterktes nie tot ons ondergang lei nie? (Sien 1 Konings 8:61; L&V 88:67.)

  Ouderling Dallin H. Oaks het gesê:

  "Hoe . . . kan ons voorkom dat ons sterktes tot ons ondergang lei? Die eienskap wat ons moet ontwikkel is nederigheid. Nederigheid is die groot beskermer. Nederigheid is die teenmiddel teen trots. Nederigheid is die kataliseermiddel om enige iets te leer, veral geestelike dinge. Deur die profeet Moroni, het die Here ons hierdie groot insig in die rol van nederigheid, gegee: 'Ek gee aan mense swakheid sodat hulle ootmoedig mag wees; en my genade is genoeg vir alle mense wat hulleself verootmoedig voor My; want as hulle hulself verootmoedig voor My, en geloof het in My, dan sal Ek swak dinge sterk laat word vir hulle" (Et-her 12:27).

  "Ons kan ook sê dat indien mans en vrouens hulself voor God verootmoedig, sal hy hulle help om te voorkom, dat hulle sterktes 'n swakheid word wat die teenstander kan uitbyt, om hulle mee te vernietig. . . .

  ". . . Indien ons nederig en leerbaar is, die gebooie van God onderhou, en die advies van sy leiers, en die aanhitsing van die Gees volg, kan ons gelei word in hoe om ons geestelike gawes, en ons talente, en al ons ander sterktes vir ge-

regtigheid te gebruik. En ons kan gelei word in hoe om Satan se pogings, om ons sterktes vir ons ondergang te gebruik, te vermy.

"In al hierdie dinge, moet ons die Here onthou en op sy leiding en beloftes staat maak: 'Wees jy ootmoedig; en die Here jou God sal jou aan die hand lei, en jou antwoord gee op jou gebede' (L&V 112:10)" ("Ons Sterktes Kan Tot Ons Ondergang Lei," *Ensign*, Okt. 1994, 19).

---

Slotsom

Betuig jou dankbaarheid vir die geestelike en materiale seëninge wat die Here jou gegee het en vir die tempel. Moedig klas lede aan om hulself te verootmoedig voor die Here sodat hulle hul seëninge met wysheid kan gebruik en die tempel waardig kan binne gaan.

---

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van die ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. "Sodat sy hart nie verhef oor sy broers nie is nie" (Deuteronómium 17:20)**

- Laat klas lede Deuteronómium 17:14–20 hardop lees. Hoe sou die toepassing van hierdie geskrif Salomo se lewe en die lewens van die mense in sy koninkryk, verander het?

**2. Inwydings gebede vir tempels**

Indien enige klas lede al 'n tempel inwyding bygewoon het, vra een of twee van hulle om van hulle ondervinding te vertel. Jy mag dalk 'n klas lid wil vra om voor te berei om twee of drie insigte van inwydings gebede van hedendaagse tempels, te deel. (Leer en Verbonde 109 bevat die gebed wat tydens die inwyding van die Kirtland Tempel gegee is. Die Inwydings gebede van onlangs ingewyde tempels word soms in die *Ensign*) gedruk.

- Hoe behoort inwydings gebede ons persoonlike lewens te beinvloed?

  President Joseph Fielding Smith het gesê, "Wanneer ons 'n huis aan die Here inwy, wat ons eintlik doen is om onsself aan die Here se diens in te wy, met 'n verbond waarmee ons die huis sal gebruik soos wat Hy wil hê dat ons dit moet gebruik" (*Kerk Nuus*, 22 Jan. 1972, 3).

# Die Invloed Van Bose en Regverdige Leiers

Les
**27**

*1 Konings 12–14; 2 Kronieke 17; 20*

**Doel**

Om klas lede aan te moedig om goeie leierskap eienskappe te ontwikkel sodat hulle andere kan beinvloed om regverdig te leef.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:

   a. 1 Konings 12:1–20. Rehábeam volg sy vader, Salomo, op as koning oor die twaalf stamme van Israel. Hy verwerp die raad van die wyse manne, om sy volk te dien, en stel eerder nog swaarder laste op hulle (12:1–15). Die koninkryk word verdeel toe die tien stamme in opstand kom (12:16–19; die tien stamme behou die title koninkryk van Israel, terwyl die stamme van Juda en Benjamin onder Rehábeam se heerskappy as die koninkryk van Juda bekend staan.) Die koninkryk van Israel kies Jeróbeam, ʻn voormalige administrateur in Salomo se koninkryk, as koning (12:20).
   b. 1 Konings 12:25–33; 13:33–34; 14:14–16, 21–24. Jeróbeam lei sy mense om afgode te aanbid en vervang die priesters met manne wat nie Leviete is nie (12:25–33; 13:33–34; vir ʻn verduideliking van boomgroepe en hoë plekke, sien die tweede addisionele onderrig ideë). ʻn Profeet voorspel die verwoesting van Jeróbeam se familie en die verspreiding van Israel (14:14–16). Rehóbeam lei die koninkryk van Israel om afgode te aanbid (14:21–24).
   c. 2 Kronieke 17:1–10; 20:1–30. Jósafat, Rehóbeam se agter kleinkind, heers in regverdigheid oor die koninkryk van Juda, vernietig die boomgroepe en hoë plekkke en stuur Leviete dwarsdeur Juda om die mense van uit die boek van die wet van die Here, te leer (17:1–10). Toe Juda se vyande teen hulle opkom, het Jósafat en sy mense gebid en gevas. Die Here sê aan hulle dat die stryd nie hulle sin is nie, maar syne. Hulle aanvallers veg onder hulself en vernietig mekaar (20:1–30).

2. Addisionele leeswerk: 1 Konings 11:26–40; 2 Konings 17:20–23.

3. Indien jy die aandag aktiwiteit gebruik, bring ʻn ou kledingstuk wat in stukke geskeur kan word of ʻn groot stuk papier wat in die vorm van ʻn kledingstuk gesny is.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Neem ʻn ou kleding stuk of ʻn stuk papier wat in die vorm van ʻn kleding stuk uitgesny is, en skeur dit in 12 stukke. Verduidelik dat aan die einde van Salomo se lewe, het die profeet Ahia geprofeteer dat Járobeam, een van Salomo se 12 superintendente, oor belastings en arbeid meeste van die Israelietiese nasie sou oorneem. Om dit te illustreer het Ahia die kleding stuk van Járobeam se rug afgeneem, en dit in 12 stukke geskeur, hy het 10 stukke aan Járobeam gegee (1 Konings 11:29–32; voetnota 32*a* wys daarop dat volgens die Septuagint, die Griekse vertaling van die Ou Testament, sou twee stamme, nie een, in die koninkryk agterbly wat deur die afstammelinge van Dawid geheers sou word).

Die Verlosser het geleer dat "elke koninkryk wat teen homself verdeeld is, word verwoes" (Matthéüs 12:25). Verduidelik dat dit is wat met die koninkryk van Israel gebeur het na Salomo se dood. Hierdie les gaan oor die invloed van bose en regverdige leiers van die verdeelde koninkryk van Israel.

---

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

**1. Die koninkryk van Israel word verdeel, hoofsaaklik as gevolg van Rehábeam se wrede leierskap.**

Leer en bespreek 1 Konings 12:1–20.

Jy mag die volgende stelling op die swartbord wil skryf:

*'n Goeie leier:*

*1. Gee diens.*

- Na Salomo se dood, het sy seun Rehábeam koning van Israel geword. Watter veranderinge wou die Israeliete gehad het dat Rehábeam moes maak, wat anders as die manier waarop sy vader geheers het, sou wees? (Sien 1 Konings 12:3–4.) Watter raad het die ouer manne aan Rehábeam gegee, oor hoe om suksesvol te heers? (Sien 1 Konings 12:6–7; 2 Kronieke 10:7.) Hoekom is daar 'n groter kans dat ons, positief beinvloed sal word, deur 'n leier wat sagmoedig is en wat ons dien? Hoe kan ons hierdie raad by die huis toepas? by die kerk? by die skool? by die werk? (Sien L&V 121:41–46.) Wat is sommige van die voorbeelde wat jy al gesien het, waar jou ouers of ander leiers hierdie raad suksesvol toegepas het?
- Nadat hy geweier het om die raad van die ouer manne te volg, het Rehábeam na die jong manne wat hy in sy jeug geken het, gedraai. Wat was hulle advies? (Sien 1 Konings 12:8–11.) Wat was die gevolge van Rehábeam se besluit om hulle advies te volg? (Sien 1 Konings 12:12–17. Verduidelik dat die frase "Israel het na hulle tente terug gekeer" verwys na die tien stamme wat hulself van Rehábeam se koninkryk afgeskei het.) Hoe kon hierdie resultaat anders gewees het, indien Rehábeam die raad van die ouer manne gevolg het? (Sien 1 Konings 12:7.)
- Jeróbeam was een van Salomo se 12 superintendente oor belastings en arbeid. Teen die einde van Salomo se heerskappy, het die profeet Ahia geprofeteer dat Jeróbeam koning oor baie van die stamme van Israel sal word (1 Konings 11:29–31; sien die aandag aktiwiteit). Hoe is hierdie profesie vervul? (Sien 1 Konings 12:20, insluitende voetnota 20*b.* Die stamme van Juda and Benjamin bly onder Reháboam in die Suidelike Koninkryk, of koninkryk van Juda. Die ander tien stamme volg Jeróbeam in die Noordelike Koninkryk, of koninkryk van Israel.)

**2. Jeróbeam en Rehábeam lei hulle koninkryke in afgodery in.**

Leer en bespreek 1 Konings 12:25–33; 13:33–34; 14:14–16, 21–24.

Jy mag dalk wil bylas by die stelling wat jy op die swartbord geskryf het:

*ʹn Goeie leier:*

1. *Gee diens.*
2. *Vertrou op en is gehoorsaam aan die Here.*

- Deur die Profeet Ahia, het die Here belowe dat Jeróbeam ʹn "bestendige huis" (ʹn standvastige koninkryk) sal hê, indien hy in die Here se weë sou wandel (1 Konings 11:38). Hoe het Jeróbeam die seëninge van hierdie belofte verbeur? (Sien 1 Konings 12:25–33.) Hoekom het Jeróbeam die goue kalwers en hoë plekke laat bou en valse priesters verordineer? (Sien 1 Konings 12:26–33; 13:33–34.)

  Verduidelik dat Jeróbeam bang was, dat as sy mense na Jerusalem sou gaan om te aanbid, dat hulle na Rehábeam sou terug gaan. In ʹn poging om sy mense te beheer en hul lojaliteit te behou, het hy goue kalwers gemaak in Bet-el en Dan, twee stede in die Noordelike Koninkryk, en het sy mense uitgenooi om in daardie stede te gaan aanbid. Deur dit te doen, het hy toegelaat dat sy vrees, dat hy mag verloor, sy vertroue in die Here se beloftes, oorskry het. Wys daarop dat ʹn wyse leier die Here vertrou en nie sy besluite baseer op vrees en persoonlike oordeel nie.

- Toe sy seun siek word, het Jeróbeam die hulp van Ahia, die profeet, gesoek. Wat het Ahia geprofeteer met betrekking tot Jeróbeam se huis (familie) en koninkryk? (Sien 1 Konings 14:14–16. Die vervulling van hierdie profesie word in 2 Konings 17:20–23 gevind.)

- Net soos Jeróbeam, was Rehábeam ook ongehoorsaam aan God, deur dat hy ook sy mense in afgodery in gelei het (1 Konings 14:21–24). Die goddelose leierskap van hierdie twee konings het langdurige gevolge gehad. Albei koninkryke is jare later, verspreid of as gevangenes weggedra (Israel deur die Assiriërs en Juda deur die Babiloniërs) omdat hulle in hul goddelose tradisies aangehou het. Hoe kan een goddelose leier so ʹn diepgaande effek op so baie mense hê?

  Jy mag dalk daarop wil wys dat ons nie die dade van goddelose leiers hoef te volg, soos wat die mense van Israel en Juda gedoen het nie. God het aan ons agentskap gegee, en ons kan hierdie vermoë gebruik om goed te kies, selfs as leiers kwaad kies (Helaman 14:30–31).

**3. Jósafat lei die koninkryk van Juda om die Here en sy profete te volg.**

Leer en bespreek 2 Kronieke 17:1–10; 20:1–30.

Jy mag dalk weer tot die lys op die swartbord wil bylas:

*ʹn Goeie leier:*

1. *Gee diens.*
2. *Vertrou op en is gehoorsaam aan die Here.*
3. *Het geloof in God.*
4. *Leer vanuit die skrifture.*
5. *Volg die profete.*

- Drie generasies na Rehábeam, het sy agter-kleinseun Jósafat oor die koninkryk van Juda geheers. Hoe het Jósafat sy persoonlike regverdigheid gedemonstreer? (Sien 2 Kronieke 17:3–4, 6.) Hoe affekteer ons private toewyding ons vermoë om andere te lei?
- Jósafat "het die hoogtes en die heilige boomgroeperinge uit Juda verwyder" (2 Kronieke 17:6). Wat dink jy het die mense hier uit geleer? (Sien 2 Kronieke 20:12–13, neem kennis dat "die hele Juda het voor die Here gestaan, ook hulle kinders, hulle vrouens en hulle seuns.") Wat kan ons uit ons huise en ons persoonlike lewens verwyder, sodat ons God met meer toewyding kan aanbid?
- Jósafat het Leviete dwarsdeur die koninkryk gestuur om die mense uit "die wetboek van die Here" te leer (2 Kronieke 17:9). Hoe dink jy het dit die mense van Juda geaffekteer om uit die skrifture geleer te word? Hoe het persoonlike en familie bestudeering van die geskrifte jou al gehelp? Hoe beinvloed die studie van die geskrifte in die huis, ons famielies en die Kerk as 'n geheel?

  President Ezra Taft Benson het gesê: "Ons spandeer gereeld baie tyd daaraan om aktiwiteits vlakke in ons ringe te vermeerder. Ons werk ywerig daaraan om die persentasie van diegene wat die nagmaal diens bywoon, op te bring. Ons werk daaraan om 'n hoër persentasie van ons jong manne op sending te kry. Ons streef daarna om die getalle van diegene wat in die tempel trou, te verbeter. Al hierdie is prysenswaardige pogings en belangrik vir die groei van die koninkryk. Maar wanneer individuele lede en families hulself gereeld en voortdurend in die geskrifte verdiep, sal al hierdie ander areas automaties reg kom. Getuienise sal vermeerder. Toegewydenheid sal versterk word. Families sal versterk word. Persoonlike openbaaring sal vloei" (*Die Leringe van Ezra Taft Benson* [1988], 44).
- 2 Kronieke 20 vertel van 'n periode van verskriklike angs vir die mense van Juda, siende dat drie nasies oorlog teen hulle verklaar het. Die uitkoms het bleek gelyk vir Koning Jósafat en sy mense, wie grootliks in getal oortref is. Wat het Jósafat gedoen om hulp te ontvang? (Sien 2 Kronieke 20:3–13.) Wat was die Here se antwoord op hierdie smeking? (Sien 2 Kronieke 20:14–17. Let daarop dat hierdie antwoord deur die profeet Jahá-siël gekom het.) Watter raad het Jósafat aan sy mense gegee? (Sien 2 Kronieke 20:20.) As Heiliges van die Laaste Dae, hoe word ons ook vandag grootliks in getal oortref, soos die mense in Juda van ouds? Hoe kan Jósafat se raad vandag op ons van toepassing wees?
- Deur die versekering van die profeet Jahá-siël te onthou, dat die stryd die Here sin was, het Jósafat sangers aangestel om die Here te prys, eerder as om te veg. Toe hulle begin sing, het die Here hulle beskerm deur te veroorsaak dat hul aanvallers onder mekaar begin veg het en mekaar vernietig het (2 Kronieke 20:21–24). Hoe word ons beskerm wanneer ons die woorde van die lewende profete onthou en gehoorsaam?
- In teenstelling met Jeróbeam en Rehábeam, wie hulle mense tot afgodery gelei het, het Jósafat die mense van Juda beinvloed om hulself voor die Here te ootmoedig (2 Kronieke 20:3–4). Watter voorbeelde, van die invloed van regverdige leiers, het jy al gesien? Wat kan ons doen om diegene aan wie ons diens lewer, te help om meer regverdig te leef?

Slotsom

Getuig van die krag wat leiers het om mense te lei, om goddeloos of geregtig te wees. Herinner klas lede van ons verantwoordelikheid om in ons Kerk roepinge, in ons gemeentskappe, by die werk en by die huis, te lei. Moedig klas lede aan om goeie leiers te wees deur diens te lewer, die Here te vertrou en te gehoorsaam, deur geloof te hê in Hom, uit die geskrifte te leer, en die profete te volg.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Oorkom negatiewe groeps druk**

- Die koninkryk van Israel is hoofsaaklik verdeel omdat Rehábeam gekies het om die onwyse raad van sy eweknieë te volg (1 Konings 12:9–16). Hoe kan ons die temptasie weerstaan, om die onwyse raad van ons vriende te volg?

  Ouderling Malcolm { nb}S. Jeppsen het gesê:

  "Baie van julle. . . sal op een of ander tyd, genader word, deur een of meer van jou ' vriende' wat jou sal verlei om iets te doen wat jy weet jy nie moet doen nie. . . .

  "'Niemand sal ooit weet nie' sal die sogenaamde vriende sê. 'In elk geval, watter verskil sal dit maak?'

  ". . . Jy hoef nie jou vriende wat op die verkeerde pad is te verwerp nie; jy hoef hulle nie noodwendig eers op te gee nie. Jy kan hul vriend wees wat omgee, gereed om te help, wanneer hulle gereed is om gehelp te word. Jy kan met hulle praat en hulle probeer ophef, en jy kan jou getuienis aan hulle lewer. Lei hulle deur jou voorbeeld.

  "Maar moet nooit deur vriende gelei word, om jou Vader in die Hemel ontevrede te maak nie, as 'n vereiste om hulle vriend te wees nie, jy moet tussen hulle weë en die Here se weë kies.

  "Indien dit gebeur, kies die Here se weg en soek vir nuwe vriende" (in Konferensie Raport, Apr. 1990, 59; of *Ensign*, Mei 1990, 45).

**2. Betekenis van *hoogtes* en *heilige boomgroeperings***

Die volgende definisies sal help om die valse aanbidding wat Jeróbeam en Rehábeam ingestel het, te verduidelik.

Hoogtes (1 Konings 12:31): altare wat bo op heuwels gebou is. Toe die mense met afgodery begin het, het hulle hierdie altare ontheilig en hulle vir hul afgodery gebruik.

Heilige boomgroeperings (1 Konings 14:15): plekke vir heidense aanbidding waar mense in onsedelike gedrag deelgeneem het.

**3. "En . . . daar sal julle gode dien, die werk van mensehande" (Deuteronómium 4:28)**

- Toe Jeróbeam die goue kalwers gemaak het en die mense hulle in die hoogtes en in hul heilige boomgroeperings aanbid het, het hy en sy mense die waarskuwing van Moses, wat hy 500 jaar vantevore gegee het, geignoreer (Deuteronómium 4:25–28). Watter onheil het hulle hulself voor ingelaat? Wat was belowe, indien hulle na die Here sou draai in plaas van valse gode? (Sien Deuteronómium 4:29–31.)

**4. Leierskap voorwerp les**

Bring twee identiese stel blokke (of ander voorwerpe) klas toe. Nooi twee klas lede uit om in die volgende demonstrasie deel te neem. Gee elke deelnemer ′n stel blokke. Stel een klas lid aan om die leier te wees en die ander een om te volg. Laat die twee klas lede hul rug op mekaar draai sodat hulle nie mekaar se blokke kan sien nie. Laat die leier gou iets met sy blokke bou en dan aanwysings aan die volgeling gee sodat hy ′n identiese struktuur kan bou. Die volgeling moet nie vrae vra terwyl hy of sy die instruksies volg nie. Nie een van die deelnemers mag na die ander een se blokke kyk totdat die projek voltooi is nie.

Wanneer die volger klaar is, bespreek hoe belangrik dit is vir leiers om duidelike instruksies te gee en vir volgelinge om versigsig te luister. Indien die volgeling ′n identiese struktuur gebou het, prys albei deelnemers en vra ander klas lede om te sê hoekom hulle suksesvol was. Indien die demonstrasie in verskillende strukture geeindig het, vra die volgende vrae:

- Kon die leier die instruksies duideliker gestel het? Kon die volgeling meer versigtig geluister het? Hoe sou dit gehelp het, indien die volgeling toegelaat was om te kyk terwyl die leier die struktuur gebou het?
- Hoe kan ons dit wat ons deur hierdie demonstrasie geleer het, in ons Kerk roepinge en in ons huise toepas?

# "Na Die Vuur 'n Stil Sagte Stem"

Les
# 28

*1 Konings 17–19*

**Doel**

Om klas lede aantemoedig om God eerste te stel in hul lewens en om leiding en vertroosting te vind in die woorde van die lewende profete en die fluisteringe van die Heilige Gees.

**Voorberieding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:

   a. 1 Konings 17. Elia sluit die hemele teen reën, vlug van Agab en Isébel, en word op wonderbaarlike manier onderhou in die wildernis (17:1–6). Die Here stuur Elia na 'n weduwe, wat aan hom kos en water gee (17:7–16). Elia wek die weduwe se seun van die dood op (17:17–24).
   b. 1 Konings 18. Na meer as twee jaar se hongersnood, gaan Elia na Agab en daag die priesters van Baal uit om vuur uit die hemel te roep om hul offerande te verorber (18:1–2, 17–24). Die priesters van Baal misluk in hul pogings, maar Elia bid en die Here stuur vuur om die offerande wat hy voorberei het te verorber (18:25–40). Elia bid om die hongersnood te beeindig, en die Here stuur reën (18:41–46).
   c. 1 Konings 19. Isébel probeer om Elia dood te maak (19:1–2). Elia vlug in die wildernis in en word deur 'n engel gevoed (19:3–8). Elia gaan na Horeb, waar hy deur die Heilige Gees vertroos word en beveel word om aan te hou in die werk van God (19:9–19).

2. Vra 'n klas lid om voorteberei om 'n kort opsomming te gee oor Elia se konfrontasie met die priesters van Baal (1 Konings 18:17–40).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie ) wil gebruik om die les mee te begin.

Deel die volgende storie wat deur Ouderling Thomas S. Monson vertel is:

"Gebore in armoede, maar deur geloof gevoed, het [José García] voorberei vir 'n sending roeping. Ek was daar die dag wat sy aanbeveeling ontvang is. Daar was hierdie stelling: 'Broer García sal ten groot opoffering van sy familie dien, want hy is verantwoordelik vir die grootste bydrae tot die onderhoud van sy familie. Hy het slegs een besitting— 'n geliefde seël versameling — wat hy bereid is om te verkoop, indien nodig, om te help om sy sending te finansier.'

"President [Spencer W.] Kimball het aandagtig geluister terwyl hierdie stelling aan hom gelees is, en toe het hy so geantwoord: 'Laat hom sy seël versameling verkoop. So 'n opoffering sal vir hom'n groot seëning wees.' "

Nooi klas lede uit om te dink oor hoe hulle sou reageer, indien hulle gevra was om al hulle besittings op te gee om die Here te dien. Gaan dan voort met die storie:

"Toe met 'n vonkeling in sy oog en 'n glimlag op sy gesig, het hierdie liefdevolle profeet gesê, 'Elke maand ontvang die Kerk hoofkantoor duisende briewe van alle dele van die wêreld. Sien toe dat ons hierdie seëls spaar en hulle aan José gee

aan die einde van sy sending. Hy sal, sonder onkoste, die beste seël versameling van enige jong man in Mexico hê' " (in Konferensie Raport, Okt. 1978, 83; of *Ensign*, Nov. 1978, 56).

Verduidelik dat wanneer ons die dinge van God eerste stel in ons lewens, die beloning wat ons ontvang beter is as enige iets wat ons dalk langs die pad moes opoffer. Hierdie les handel oor twee mense— Elia en die weduwee van Sarfat— wie grootliks geseën was omdat hulle gewillig was om God te volg, selfs wanneer dit moeilik was om dit te doen.

---

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

Nadat Jeróbeam die koninkryk van Israel in afgodery in gelei het, is hy en sy nageslagte vernietig. Hulle is deur nog 'n reeks afgoddelike konings opgevolg. Van hierdie heersers, was Agab die koning wie "meer gedoen het om die Here, die God van Israel kwaad te maak, as al die konings van Israel, wat voor hom gegaan het" (1 Konings 16:33). Hy het met Isébel getrou, en haar aanbidding van Baal aangeneem, en sy mense aangemoedig om saam met hom hierdie valse god te aanbid. Die profeet Elia het woorde van waarskuwing aan Agab en sy koninkryk gelewer.

**1. Elia verseël die hemele, word op wonderbaarlike manier onderhou, en wek die weduwee se seun op uit die dood.**

Leer en bespreek 1 Konings 17.

- As gevolg van die boosheid van Agab en sy mense, het Elia verklaar, "Daar sal geen dou of reën in hierdie jare wees nie, *behalwe op my woord*" (1 Konings 17:1; skuinsdruk bygevoeg). Hoekom kon Elia so 'n stelling maak? (Jy mag dalk Elia met Nefi, die seun van Helaman wil vergelyk, wat 'n soortgelyke krag ontvang het, Die Here se rede om alles volgens Nefi se woord toe te laat, word inHelaman 10:4–5 gevind.)
- Nadat Elia verklaar het dat geen reën in die koninkryk sou val nie, het die Here hom beveel om te vlug. Hoe het Elia op die Here se bevel gereageer? (Sien 1 Konings 17:2–5.) Wat kan ons uit Elia se antwoord leer?

  Ouderling Gordon B. Hinckley het gesê:

  "Ek word versterk deur 'n eenvoudige stelling wat oor die Profeet Elia gemaak is, wie Koning Agab gewaarsku het dat 'n droogte en hongersnood oor sy land sou kom. Maar Agab het gespot. En die Here het aan Elia gesê om homself te gaan wegsteek by die spruit van Krit, dat hy daar van die spruit kan drink, en dat hy deur kraaie gevoer sal word. En die geskrifte gee hierdie eenvoudige en wonderlike stelling: 'En hy het gegaan en gehandel volgens die woord van die Here.' (1 Konings 17:5.)

  "Daar was geen redenasie nie. Daar was geen verskoning nie. Daar was geen twyfelagtigheid nie Elia het eenvoudig 'net gegaan en gehandel volgens die woord van die Here.' En hy is gered van die verskriklike lot wat diegene beval het, wie gespot en geargumenteer en getwyfel het" (in Konferensie Raport, Okt. 1971, 159; of *Ensign*, Des. 1971, 123–24).

- Hoe het Elia in die wildernis oorleef nadat die droogte begin het? (Sien 1 Konings 17:4, 6.) Watter ondervindinge het jy al gehad, waar die Here jou fisies of geestelik onderhou het?

- Wie het die Here voorberei om Elia te help, nadat die spruit in die wildernis opgedroog het? (Sien 1 Konings 17:7–13.) Wat kan dit ons leer, van hoe die Here diegene in nood help? (Verduidelik dat die Here dikwels diegene in nood help, deur die diens van ander mense.) Hoe het jy al gesien dat die Here diegene in nood, deur ander mense se diens, help? Wat kan ons doen om andere in nood te help?

  Ouderling Jeffrey R. Holland het gesê: "Ek weet ons kan elkeen iets doen, maak nie saak hoe klein daardie daad mag wees nie. Ons kan 'n eerlike tiende betaal en ons vas en vrywillige offerandes gee. . . . En ons kan uitkyk vir ander maniere om te help. Aan waardige sake en aan mense in nood, kan ons ons tyd gee indien ons nie geld het nie, en ons kan liefde gee wanneer ons tyd opraak. Ons kan die brood wat ons het deel en in God vertrou dat die houer olie nie sal opraak nie" (in Konferensie Raport, Apr. 1996, 41; of *Ensign,* Mei 1996, 31).

- Hoe het die weduwee op Elia se versoek vir 'n bietjie water om te drink, gereageer? (Sien 1 Konings 17:10–11. Sy het sonder huiwering gegaan.) Wat het die weduwee gesê toe Elia haar vir kos gevra het? (Sien 1 Konings 17:11–12.) Wat het Elia haar belowe? (Sien 1 Konings 17:13–14.) Wat het die weduwee toe gedoen? (Sien 1 Konings 17:15.) Wat kan ons leer van die weduwee se antwoord?

  Ouderling Holland het gesê dat die weduwee se antwoord toe Elia vir kos gevra het, 'n "uitdrukking van geloof was—so groot, onder hierdie omstandighed, as enige ander wat ek van weet in die geskrifte. . . . Dalk onseker van wat die koste van haar geloof sal wees . . ., het sy haar klein broodjie na Elia geneem, met die vertroue dat indien daar nie genoeg brood sou oor wees nie, dat sy en haar seun sou sterf in 'n daad van ware vrygewigheid" (in Konferensie Raport, Apr. 1996, 39; of *Ensign,* Mei 1996, 29).

- Hoekom dink jy het God die weduwee beveel om Elia te voed, wanneer sy reeds so min gehad het? Watter seëninge het die weduwee ontvang vir haar gehoorsaamheid? (Sien 1 Konings 17:16.) Wat is sommige dinge wat God van ons vra, wat dalk moeilik mag wees? Op watter manier word ons geseën wanneer ons God eerste stel en doen wat hy vra, selfs wanneer dit moeilik is?

  President Ezra Taft Benson het geleer :

  "Wanneer ons God eerste stel, sal alle ander dinge in hul regte plek inval of uit ons lewens uit val. Ons liefde vir die Here sal ons eise op ons gevoelentheid oorheers, asook die eise op ons tyd en die belange wat ons najaag, en ons ander prioriteite. . . .

  "Mag God ons seën om [Hom] eerste te stel en, as 'n resultaat sal julle vrede in hierdie lewe ontvang en ewige lewe, met 'n volheid van vreugde, in die lewe hierna" (in Konferensie Raport, Apr. 1988, 3, 6; of *Ensign,* Mei 1988, 4, 6).

- Wat het Elia gedoen toe die weduwee se seun siek geword en gesterf het? (Sien 1 Konings 17:17–22.) Deur watter krag kon Elia die weduwee se seun opwek? Hoe is jou lewe al deur die krag van die priesterskap, geseën?

**2. Elia daag die priesters van baal uit, en open die hemele vir reën.**

Leer en bespreek discuss 1 Konings 18.

- In die derde jaar van die hongersnood, het die Here Elia bevel, "Gaan heen [vertoon] jou aan Agab; dan sal Ek reën gee op die aarde" (1 Konings 18:1). Hoe het Agab gereageer toe hy Elia gesien het? (Sien 1 Konings 18:17. Wys daarop dat Agab Elia geblameer het vir die hongersnood.) Wat was die werklike rede vir die hongersnood? (Sien 1 Konings 18:18.)
- Soos Elia versoek het, het Agab die hele Israel en 850 van die valse priesters by die Berg Karmel bymekaar gebring (1 Konings 18:19–20). Toe die mense bymekaar gekom het om Elia te hoor praat, het hy hulle gevra, "Hoe lank hink julle op twee gedagtes?" (1 Konings 18:21). Wat dink jy beteken dit om te hink tussen twee gedagtes? Hoe hink ons somtyds tussen twee gedagtes? (Sien Matthéüs 6:24. Wys daarop dat die woord *mammon* na wêreldsheid verwys.)

  Ouderling Neal A. Maxwell het gesê: "Die roerende woorde van vele profete . . . moedig ons aan om te kies, om te besluit, en om nie te hink nie. . . . Elia se boodskap is ontsaglik van toepassing vandag, want almal moet uiteindelik kies tussen die gode van hierdie wêreld en die God van ewigheid" (*Dat My Familie Mag Deel Hê* [1974], 22).

Laat die klas lid wat aangestel is, 'n kort opsomming gee van Elia se konfrontasie met die priesters van Baal (1 Konings 18:17–40).

- Wat was Elia se doel, deur die priesters van Baal uit te daag? (Sien 1 Konings 18:36–37.) Hoe het die mense gereageer op die Here se vertoning van krag? (Sien 1 Konings 18:38–39.) Hoe is hulle geseën, omdat hulle erkenning gegee het aan die Here en sy krag? (Sien 1 Konings 18:45.) Hoe kan ons die Here en sy krag meer volledige erkenning gee? (Sien 1 Thessaloníсense 5:16–18; Alma 34:38; Moroni 7:33–39.)

**3. Elia word deur die Heilige Gees vertroos en aangesê om aan te hou om God se werk te doen.**

Leer en bespreek 1 Konings 19.

Kwaad oor Elia se oorwinning oor die priesters van Baal, het Isébel probeer om hom dood te maak. Elia vlug in die wildernis in en roep tot die Here en sê, "Dit is genoeg; neem O Here, nou my siel weg," (1 Konings 19:4). Die Here seën Elia, deur 'n engel met kos en water te stuur. Jy mag dalk wil uitwys dat selfs profete mismoedig kan voel, en die vertroosting en leiding nodig het wat slegs God kan verskaf.

- Hoekom was Elia mismoedig? (Sien 1 Konings 19:10, 14. Ten spyte van die mense se reaksie op God se wonderlike vertoning van krag, het Elia gevoel dat hy die enigste Israeliet was, wat steeds die ware God aanbid het.) Wat het hy gedoen om vrede te kry? (Sien 1 Konings 19:4, 8. Hy het gebid en gevas.) Wat kan ons van Elia se ondervinding leer, wat ons kan help wanneer ons mismoedig, depresief of wanhoppig voel?
- Hoe het God Elia, op die Berg Horep vertroos? (Sien 1 Konings 19:9–13.) Wat kan ons hieruit leer oor hoe God met ons kommunikeer? Hoekom dink jy kommunikeer God meer gereeld deur die "stil sagte stem" van die Heilige

gees, as deur raaserige en skouspelagtige vertoonings van krag? Hoe kan ons die fluistering van die Heilige Gees erken?

Toe 'n nuus verslaggewer President Hinckley gevra het hoe hy met God kommunikeer, het die profeet geantwoord, "Ek dink die beste manier om die proses te beskryf, is om dit aan Elia se ondervinding in die eerste boek van Konings, te vergelyk. Elia het met die Here gepraat, en daar was 'n wind, 'n groot wind, en die Here was nie in die wind nie. En daar was 'n aardbewing, en die Here was nie in die aardbewing nie. En daar was 'n vuur, en die Here was nie in die vuur nie. En na die vuur, 'n stil sagte stem, wat ek as die fluistering van die Gees beskryf" (in Konferensie Raport, Okt. 1996, 71; of *Ensign*, Nov. 1996, 51).

President Ezra Taft Benson het geleer: "Neem jy die tyd om te luister na die aanmaanings van die gees? Antwoorde op gebed kom meeste van die tyd deur 'n stil stem en word deur ons diepste, innerlikste *gevoelens onderskei.* Ek sê aan jou dat jy die wil van God vir jou, kan ken, indien jy die tyd sal neem om te bid en te luister" (in Konferensie Raport, Okt. 1977, 46; of *Ensign*, Nov. 1977, 32).

- Buiten om 'n vertrooster te wees, is die Heilige Gees ook 'n onderwyser (Johannes 14:26; 2 Nefi 32:5). Wat het die Here— deur die Heilige gees — Elia beveel om te doen? (Sien 1 Konings 19:15–16.) Hoe kan om die Here te dien, ons help wanneer ons mismoedig voel?
- Een manier waarop die Here Elia vertroos het was, deur hom te vertel dat daar nogsteeds baie Israeliete was wat nie die aanbidding van Baal aangeneem het nie (1 Konings 19:18). Hoe kan samesyn met ander gelowige Heiliges van die Laaste Dae ons vertroos? Watter invloede het jy om jou wat jou help om te weet dat jy nie alleen is nie? Wat kan jy doen om andere te help wanneer hulle alleen voel?

Slotsom

Getuig dat ons vertroos en gelei sal word soos wat ons God eerste stel en ag gee aan die fluisteringe van die Heilige Gees.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dit dalk as deel van die les wil gebruik.

**Die Gees van Elia**

Heiliges van die Laaste Dae praat dikwels van die Gees van Elia. Hierdie frase verwys na die werk wat ons doen om "die harte van die vaders na die kinders te draai, en die kinders na die vaders" (L&V 110:15). Hierdie werk sluit in, die navorsing van familie geskiedenis en tempel werk vir die lewendes en die dooies. Ons noem dit die Gees van Elia omdat Elia die sleutels vir die verseëlings mag van die priesterskap aan Joseph Smith herstel het (L&V 110:13–16). Deur hierdie mag, kan die verseëlings ordinansie uitgevoer word, wat families verewig kan verenig.

Joseph Smith het gesê:

"Die gees, mag en roeping van Elia, is dat julle die mag het om die sleutels te hou vir openbaring, ordinansies, godspraak, krag en begiftiging van die volheid van die Melgisédekse Priesterskap en van die koninkryk van God op die aarde; en om al die ordinansies wat aan die koninkryk van God behoort, te ontvang, te

verkry en uit te voer, om die harte van die vaders aan die kinders, en die harte van die kinders aan die vaders te draai, selfs diegene wat in die hemel is. . . .

"My wens is vir julle om hierdie onderwerp te verstaan, omdat dit belangrik is; en indien julle dit ontvang, is dít die gees van Elia, sodat ons ons dooies kan verlos, en onsself met ons vaders wat in die hemel is kan verbind, en ons dooies te kan verseël om in die eerste opstanding voort te kom; en hier wil ons hê dat die krag van Elia diégene wat op die aarde is, aan diégene wat in die hemel is, sal verseël. Dit is die krag van Elia en die sleutels van die koninkryk van Jehova" (*Leringe van die Profeet Joseph Smith,* sel. Joseph Fielding Smith [1976], 337–38).

# "Hy het . . . die Mantel van Elia Opgetel"

Les
29

*2 Konings 2; 5–6*

**Doel**

Om klas lede te help om te verstaan hoe die gesag (mantel) van een profeet na die ander oorgegee word, om hulle aan te moedig om gehoorsaam te wees aan die woorde van die profete, en om hulle te verseker dat die krag van God groter is as enige ander krag.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:

   a. 2 Konings 2:1–18. Elia berei Elisa voor om die nuwe profeet te word (2:1–10). Elia word in die hemel opgeneem. Elisa tel Elia se mantel op en word die profeet (2:11–15). Vyftig manne soek vir drie dae lank na Elia ten spyte van Elisa se raad dat hulle dit nie moet doen nie (2:16–18).

   b. 2 Konings 5. Elisa genees Naäman van melaatsheid (5:1–14). Naäman prys God en offer Elisa 'n beloning, wat Elisa van die hand wys (5:15–19).

   c. 2 Konings 6:8–18. Elisa lei die koning van Israel in 'n oorlog met die Arameërs (6:8–10). Die koning van die Arameërs beveel sy manne om Elisa te vang, en die leër omsingel die stad van Dotan (6:11–14). Elisa het vreesloos, gebid en die Here openbaar aan hom 'n berg vol perde en waens van vuur, Hy straf toe die Arameërse leër met blindheid (6:15–18).

2. Indien jy die aandag aktiwiteit gebruik, bring 'n stuk lap om as 'n mantel te gebruik.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Drapeer die lap om jou skouers (of om die skouers van 'n klas lid). Verduidelik dat die profeet Elia 'n mantel gedra het. Ons weet nie presies hoe die mantel gelyk het nie, maar dit was blykbaar 'n mantel wat van materiaal gemaak is. Die oorgee van die mantel vanaf Elia na Elisa was simbolies van die oorgee van die profetiese gesag aan Elisa.

In moderne tye praat ons somtyds van die "mantel" van gesag wat 'n profeet ontvang wanneer hy verorden en toegewy word. Alhoewel die profeet vandag nie 'n mantel of 'n stuk lap dra nie, het God aan hom die sleutels van die priesterskap gegee. Hierdie sleutels gee aan hom die mag om in die naam van God, as die leier van die Kerk op aarde, op te tree. Wanneer 'n profeet sterf, word hierdie mantel van gesag aan die nuwe profeet gegee.

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes studeer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

**1. Elisa volg Elia op as die profeet.**

Leer en bespreek 2 Konings 2:1–18.

- Wat was die verhouding tussen Elia en Elisa? (Sien 2 Konings 2:2–10.) Hoekom dink jy was Elisa so vasbeslote om by Elia te bly? Wat het Elisa gedoen nadat Elia in die hemel opgeneem is? (Sien 2 Konings 2:11–13. Indien jy nie die aandag aktiwiteit gebruik het nie, verwys daarna en verduidelik wat Elia se mantel was en wat dit voorgestel het.)
- Wie het die mantel van die profeet vandag? (Die huidige President van die Kerk.) Hoe word hierdie mantel oorgedra wanneer die profeet sterf?

  President Joseph Fielding Smith het verduidelik:

  "Daar is geen geheim oor hoe die opvolger tot die Presidentskap van die Kerk gekies word nie. Die Here het dit 'n lang tyd gelede al uiteen gesit, en die *senior apostel word automaties die voorsitlike offisier van die Kerk,* en hy word as sulks, deur die Raad van die Twaalf ondersteun, wat dan die voorsitlike liggaam van die Kerk word, wanneer daar geen Eerste presidenskap is nie. Die president word *nie verkies nie,* maar hy moet deur sy broers van die Raad en deur die lede van die Kerk *gesteun word"* (*Leringe van Saligheid* saamgestel deur Bruce R. McConkie, volume 3. [1954–56], 3:156).

  President Gordon B. Hinckley het verduidelik hoe hierdie proses gevolg is toe hy as die profeet en President van die Kerk georden en toegewy is na die dood van President Howard W. Hunter.

  "Met President Hunter se afsterwe, is die Eerste Presidentskap ontbind. Broer Monson en ek, wie as sy raadgewers gedien het, het ons plekke in die Kworum van die Twaalf ingeneem, wat dan die voorsitlike gesag van die Kerk geword het.

  "['n Paar dae later] het al die lewende verordende Apostels, in 'n gees van vas en gebed, in die boonste kamer van die tempel, bymekaar gekom. Hier het ons 'n heilige gesang gesing en saam gebid. Ons het van die nagmaal van die Here se ete geneem, en ons het simbolies ons verbonde en ons verhouding met Hom, wie ons goddelike Verlosser is, hernu. Die Presidentskap is toe georganiseer, volgens die voorbeeld wat deur generasies van die verlede gevestig is [hierdie voorbeeld is in die vorige stelling deur President Joseph Fielding Smith, verduidelik]. Daar was geen veldtog, geen geskil, en geen ambisie vir die pos nie. Dit was stil, vreedsaam, eenvoudig en heilig. Dit is volgens die patroon wat die Here Homself uiteengesit het, gedoen" (in Konferensie Raport, Apr. 1995, 92; of *Ensign,* Mei 1995, 69).

  Jy mag dalk daarop wil wys dat die Verlosser die sleutels van die priesterskap aan elke Apostel van die Laaste dae gegee het, net soos wat hy in die dae van ouds gedoen het. Alhoewel slegs die President van die Kerk, wie die oudste in rang is van die lewende Apostels, mag hierdie sleutels gebruik (of aan andere die gesag gee om hulle te gebruik) namens die hele Kerk (sien L&V 132:7).
- Hoe het die mense gereageer toe hulle sien dat Elisa, Elia se wonderwerk van die skeiding van die waters van die Jordaan, herhaal het? (Sien 2 Konings 2:14–15.) Hoekom is dit belangrik dat ons onmiddelik die ordinasie van 'n nuwe President van die Kerk aanvaar en ondersteun? (Sien L&V 43:2–3, 7.)
- Kort nadat Elia in die hemel opgeneem is, het die mense 50 sterk manne gestuur om vir hom te soek. Wat het Elisa aan die mense gesê? (Sien 2 Konings

2:16.) Hoe het die mense gereageer op Elisa se antwoord? (Sien 2 Konings 2:17. Hulle het met Elisa gepleit totdat hy toegelaat het dat die mans mag gaan.)

- Wat het Elisa aan die mense gesê, toe die 50 manne terug gekeer het sonder om Elia te vind? (Sien 2 Konings 2:18.) Wat kan ons leer uit die ondervinding van die 50 manne? (Ons moet die raad van die profeet die eerste keer wat ons dit hoor, volg.) Hoekom wag ons somtyds vir die profeet om sy raad te herhaal, voordat ons dit volg? Watter raad het Kerk leiers in onlangse jare aan ons gegee? Hoe is jy al geseën soos wat jy hierdie raad gevolg het?

**2. Elisa genees Naäman van sy melaatsheid.**

Leer en bespreek 2 Konings 5.

- Wie was Naäman, en wat was fout met hom? (Sien 2 Konings 5:1.) Hoekom het hy na Elisa gegaan? (Sien 2 Konings 5:2–9.) Wat het Elisa se dienskneg aan Naäman gesê moet hy doen om genees te word? (Sien 2 Konings 5:10.) Hoekom het Naäman eers geweier om Elisa se instruksies te volg? (Sien 2 Konings 5:11–12.)
- Hoe het Naäman se diensknegte hom oorreed om te doen wat Elisa gesê het hy moet doen? (Sien 2 Konings 5:13.) Wat het gebeur nadat Naäman homself sewe keer in die Jordaan Rivier gewas het? (Sien 2 Konings 5:14.)
- Wat kan Naäman se storie ons leer, van hoe om die profeet se raad te volg—selfs wanneer ons nie daarvan mag hou of verstaan nie of wanneer dit oor klein en eenvoudig dinge mag handel? Wat is van die klein, eenvoudige dinge wat ons deur die profeet of ander Kerk leiers gevra word om te doen? Hoekom is hierdie dinge soms moeilik om te doen? Hoe kan ons ons gewilligheid om die raad van Kerk leiers te volg, vermeerder?

  Ouderling Rex D. Pinegar het gevra, "Is ons nie soms soos Naäman nie, opsoek na groot of belangrike dinge om te doen, tog vermy ons die eenvoudige dinge wat ons lewens kan verander en ons van ons verdrukkinge kan genees?" (in Konferensie Raport, Okt. 1994, 106; of *Ensign,* Nov. 1994, 80).

  Nadat hy die storie van Naäman vertel het, het Ouderling Gordon B. Hinckley gesê: "Die weg van die evangelie is 'n eenvoudige weg. Sommige van die vereistes mag lyk of hulle basies of onnodig is. Moet hulle nie verwerp nie. Verootmoedig jouself en wandel in gehoorsaamheid. Ek belowe dat die resultate wat volg, wonderbaarlik sal wees om te aanskou en 'n bevredigende ondervinding sal wees" (in Konferensie Raport, Okt. 1976, 143; of *Ensign,* Nov. 1976, 96).
- Wat het Naäman geleer van sy geneesing? (Sien 2 Konings 5:15.) Hoe het gehoorsaamheid in eenvoudige dinge, jou getuienis versterk?
- Wat het Naäman probeer om aan Elisa te gee, nadat hy genees is? (Sien 2 Konings 5:15.) Hoekom dink jy het Elisa Naäman se offer geweier? Hoekom is dit belangrik om te dien, sonder om enige aardse belonings te verwag nie?

**3. Elisa lei Israel in 'n oorlog teen die Arameërs.**

Leer en bespreek 2 Konings 6:8–18.

- Hoe het Elisa die koning van Israel in die oorlog teen die Arameërs, gehelp? (Sien 2 Konings 6:8–10.) Wat het die koning van die Arameërs gedoen toe hy uitvind wat Elisa besig was om te doen? (Sien 2 Konings 6:11–14.)
- Hoe het Elisa se dienskneg gereageer toe hy sien dat die Arameërs se perde en krygswaens die stad omsingel? (Sien 2 Konings 6:15.) Hoe het Elisa gereageer? (Sien 2 Konings 6:16.) Wat het Elisa bedoel toe hy aan sy dienskneg sê, "Die wat by ons is, is meer as die wat by hulle is"? (2 Konings 6:16). Hoe het jy al gesien dat Elisa se stelling nogsteeds vandag waar is?
- Watter moderne omstandighede mag sommige van ons daartoe lei, om te glo dat ons hulpeloos is teen die boosheid van die wêreld? Hoe kan die vertroue dat "hulle wat by ons is, is meer as die wat by hulle is" ons help in ons stryd teen hierdie booshede?

  Ouderling Dallin H. Oaks het gesê: "Toe ek hierdie wonderlike storie as 'n seun gelees het, het ek altyd geïdentifiseer met die jong dienskneg van Elisa. Ek het gedink, as ek ooit deur bose magte omsingel word, terwyl ek in die Here se diens is, hoop ek dat die Here my oë sal oopmaak en aan my die geloof sal gee om te verstaan dat wanneer ons doenig is met die werk van die Here, die wat saam met ons is, altyd kragtiger is as die wat ons mag teenstaan" (in Konferensie Raport, Okt. 1992, 54; of *Ensign,* Nov. 1992, 39).
- Hoe kan die vertroue dat "hulle wat by ons is, is meer as die wat by hulle is" ons help, soos wat ons die evangelie aan alle mense neem? (Sien L&V 84:87–88.)

  President Gordon B.Hinckley het gesê: "Ons het nog nie die evangelie na elke nasies, verwante, tale en mense geneem nie. Maar ons het al baie vermag. Ons het oral gegaan waar ons toegelaat is. God is aan die stuur, en deure sal deur Sy mag en volgens sy goddelike wil geopen word. Hierin het ek vertroue. Hiervan is ek seker" (in Konferensie Raport, Okt. 1995, 93; of *Ensign,* Nov. 1995, 70–71).
- Waarvoor het Elisa, namens sy dienskneg, gebid? (Sien 2 Konings 6:17.) Hoekom het die dienskneg nie onmiddelik die berg vol perde en krygswaens van vuur, wat God gestuur het, gesien nie? Wat kan ons doen om ons oë meer oop te maak sodat ons die krag van God in ons lewens en in die wêreld om ons, mag sien?

---

Slotsom

Getuig dat die President van die Kerk 'n profeet van God is. Moedig klas lede aan om nuwe Kerk leiers te ondersteun en om die raad van die profete te volg. Getuig dat die krag van God groter is as enige ander krag.

---

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Elisa se wonderwerke.**

Elisa het vele groot wonderwerke gedoen, hy het homself ontferm teenoor die mense en so ook gewys dat hy wel Elia se opvolger was. Hy het die waters van die Jordaan verdeel, die waters van Jerígo genees, die weduwee se olie vermeerder, 'n seun van die dood verwek, mense wat vergiftig is, gesond gemaak, die honger gevoer, Naäman se melaatsheid genees, 'n byl laat dryf, en konings deur oorloë gely. Jy mag dalk van hierdie wonderwerke in 2 Konings 2–6 wil hersien.

- Dink jy dat wonderwerke vandag op dieselfde manier voorkom as in Elisa se dag? Wat is die gevaar om net vir die skouspelagtige wonderwerke te soek? Watter skynbare klein wonderwerke vind in ons lewens plaas?

**2. ʻn Jong Israelietiese meisie vertel Naäman van Elisa**

- Hoe het Naäman van Elisa se geneesings krag gehoor? (Sien 2 Konings 5:2–4. ʻn Jong Israelietiese meisie wat deur die Arameërs gevangene geneem is, het Naäman se vrou vertel dat daar ʻn profeet in Israel was wat Naäman kon genees. Hoe is hierdie jong Israelietiese meisie ʻn voorbeeld vir ons? (Ongeag ons ouderdom, omstandighede of Kerk roeping, kan ons steeds baie goeie dinge vermag wanneer ons mense na die profeet—en na die Here, lei.)

Les
# 30 "Kom Na die Huis van die Here"

*2 Kronieke 29–30; 32; 34*

**Doel**

Om klas lede aan te moedig om die beloofde seëninge te ontvang wat kom van tempel werk en van die studie van die geskrifte.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:

   a. 2 Kronieke 29–30. Hiskia, koning van Juda, maak die tempel deure oop en beveel die priesters en Leviete om dit te reinig en te heilig vir aanbidding (29:1–19). Nadat die tempel gereinig is, aanbid en prys Hiskia en sy mense die Here (29:20–36). Hiskia nooi die hele Israel uit, om na die huis van die Here in Jerusalem te kom (30:1–9). Sommige lag en spot oor die uitnodiging, maar die gelowiges van Israel aanbid die Here in Jerusalem (30:10–27).

   b. 2 Kronieke 32:1–23. Sánherib, koning van Assirië, val Juda in en beledig die Here (32:1–19). Jesaja en Hiskia bid vir hulp, en 'n engel van die Here vernietig meeste van die Assiriërs se leer (32:20–23).

   c. 2 Kronieke 34. Na Hiskia, heers sy seun en kleinseun in ongeregtigheid, Hiskia se agter kleinseun Josia word koning van Juda. Josia vernietig die afgode in die koninkryk en herstel die tempel (34:1–13). Die book van die wet word in die tempel gekry en aan Josia gelees, wie huil toe hy agterkom hoe ver die mense van die wet af weggedwaal het (34:14–21). Hulda die profetes voorspel die vervalling van Juda, maar profeteer dat Josia dit nie sal aanskou nie (34:22–28). Josia en sy mense maak 'n verbond om die Here te dien (34:29–33).

2. Addisionele leeswerk: 2 Kronieke 31; 33; 2 Konings 18–19; 22–23; Jesaja 37:10–20, 33–38.

3. Indien die volgende prente beskikbaar is, mag jy hulle dalk gedurende die les wil gebruik: Tempel Wat In Antieke Tye Gebruik Is (62300) en 'n prent van 'n hedendaagse tempel.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Verduidelik dat in orde om te help om Jerusalem te verdedig teen die aanvalle van die Assiriërs, het Koning Jehiskia die waters van die spruit van Gihon herlei na die poel van Siloam, binne die stads mure (2 Kronieke 32:2–4, 30; Bybelse Woordeboek, "Jehiskia se Tonnel," 702). Dit is gedoen deur 'n leipyp (tonnel) vir die water te grawe, deur omtrent 1770 voet kalksteen rots. Jehiskia het toe beveel dat die fontein buite die stad verseël moet word om te verhoed dat die Assiriërs die water maklik kon kry. Sonder hierdie water binne die mure van die stad, sou die mense van Jerusalem nooit die besetting van die Assiriërs kon weerstaan het nie.

Wys daarop dat net soos wat die water van die spruit van Gihon noodsaaklik was vir die fisiese oorlewing van Jehiskia se mense tydens hul stryd met die

Assiriërs, is lewende waters noodsaaklik vir ons geestelike oorlewing tydens ons stryd met Satan.

- Wat is lewende waters? (Sien Johannes 4:10–14.)

  Ouderling Bruce R. McConkie het verduidelik dat lewende water die "woorde van die ewige lewe, die boodskap van saligheid, en die waarhede oor God en sy koninkryk is; dit is die leringe van die evangelie" (*Leringe van die Nuwe Testament, Kommentaar,* volume 3. [1966–73], 1:151).

- Hoe kan ons 'n leipyp na die Here open sodat die lewende water in ons lewe kan invloei?

Verduidelik dat een manier om lewende water te ontvang, is om tempel toe te gaan, die huis van die Here, waar ons met krag en insig begif word, instruksie van die Here ontvang, en vrede en vreugde kan voel.

Wys daarop dat aanbidding in die tempel 'n belangrike beskerming vir die Israeliete in Jehiskia se tyd was, en dat dit ook vandag 'n belangrike beskerming vir ons is.

---

## Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

**1. Hiskia beveel dat die huis van die Here gereinig moet word.**

Leer en bespreek 2 Kronieke 29–30.

- Hiskia se vader, Agas was 'n baie bose koning, wie die tempel van die Here ontheilig het en "die deure [daarvan] toegesluit het" (2 Chronicles 28:24). Toe Jehiskia koning van Juda (die Suidelike Koninkryk) geword het in 715 V.C., was een van die eerste dinge wat hy gedoen het, om die deure van die temple oop te maak en om die priesters en die Leviete te beveel om dit te reinig en te heilig (2 Kroniek 29:3–5). Volgens Jehiskia, hoekom was dit nodig om die tempel te heilig? (Sien 2 Kronieke 29:6–7.) Op watter manier kan ons ook skuldig wees daarvan dat ons "[ons] aangesig weggedraai het van die tabernakel van die Here af"? Wat het met die mense van Juda gebeur as gevolg van hulle verontagsaming van die tempel? (Sien 2 Kronieke 29:8–9.)
- Wat wou Jehiskia bereik deur die tempel te reinig en voor te berei om weer in te aanbid? (Sien 2 Kronieke 29:10.) Hoekom is dit belangrik om onreiene dinge uit die tempel te hou? (Sien L&V 97:15–17.) Wat is ons verantwoordelikheid, om seker te maak dat geen onreine ding die tempel binne gaan nie? (Sien L&V 109:20–21. Ons moet seker maak dat ons skoon is wanneer ons na die tempel gaan.)
- Wat het Jehiskia en die mense van Jerusalem gedoen, nadat die tempel gereinig is? (Sien 2 Kronieke 29:20–21, 29–31, 36.) Wie het Jehiskia genooi om na die huis van die Here te kom vir die viering van die paasfees? (Sien 2 Kronieke 30:1, 6.) Hoe is hierdie uitnodiging ontvang? (Sien 2 Kronieke 30:10–11.)
- Watter seëninge het die mense van Israel verwerp, deur te weier om na die tempel te kom? (Sien 2 Kronieke 30:6–9. Verduidelik dat in die tyd van Jehiskia se heerskappy, is meeste van die koninkryk van Israel [die Noordelike Koninkryk] reeds deur die Assiriërs in gevangenskap, weggedra. Jehiskia het aan die

oorblywende Israeliete belowe dat, indien hulle" weer na die Here sou draai"- dat die gevangenes vrygelaat sou word. In plaas hiervan, het meeste van die mense Jehiskia se uitnodiging verwerp. As gevolg van die goddeloosheid van die mense, is die oorblywende deel van die koninkryk van Israel 'n paar jaar later ook gevangene geneem [2 Konings 18:10–12]. Die gevange Israeliete het die tien verlore stamme geword.)

**2. Die Assiriërs val die koninkryk van Juda binne. Jesaja en Jehiskia bid vir hulp, en 'n engel van die Here vernietig meeste van die Assiriëse krygsmag.**

Leer en bespreek 2 Kronieke 32:1–23.

- Nadat die koninkryk van Israel in gevangenskap weggedra is, het die Assiriërs begin om die koninkryk van Juda aan te val (2 Kronieke 32:1). Wat het Jehiskia gedoen, toe hy sien dat Sanherib se krygsmag van plan was om Jerusalem aan te val? (Sien 2 Kronieke 32:2–5.) Nadat Jehiskia voorbereidings gemaak het vir oorlog, wat het hy aan sy mense gesê, oor die dreigende oorlog? (Sien 2 Kronieke 32:6–8.) Wat kan ons van Jehiskia leer, oor die regte verhouding tussen, om op ons eie pogings te vertrou en om op die Here te vertrou?
- Sanherib het sy diensknegte gestuur om met die mense van Jerusalem te praat. Wat het sy diensknegte gesê? (Sien 2 Kronieke 32:9–17.) Hoekom het hulle hierdie dinge gesê? (Sien 2 Kronieke 32:18.) Op watter manier probeer Satan ons oorreed dat God ons nie kan of nie wil help nie?
- Hoe het Jehiskia en die profeet Jesaja op die woorde van Sanherib se diensknegte, gereageer? (Sien 2 Kronieke 32:20; Jesaja 37:14–20.) Hoe het die Here Jehiskia en Jesaja se gebede beantwoord? (Sien 2 Kronieke 32:21–22; Jesaja 37:33–38.)
- Jehiskia en sy mense het die Here se beskerming ontvang as gevolg van hulle geregtigheid, wat hulle gedemonstreer het deur hulle aanbidding in die tempel. Hoe kan tempel bywoning, 'n beskerming wees vir ons? (Sien L&V 109:24–28.) Wat kan ons doen om tempel waardigheid en bywoning, 'n prioriteit in ons lewens te maak?

  President Howard W. Hunter het aangemoedig :

  "Laat ons 'n tempel- bywonende mense wees. Woon die tempel so gereëld by, soos wat persoonlike omstandighede sal toelaat. Hou 'n prent van 'n tempel in jou huis, sodat jou kinders dit mag sien. Leer hulle wat die doel van die huis van die Here is. Laat hulle van 'n jong ouderdom af beplan om daarheen te gaan en om vir hierdie seëning waardig te bly.

  "Indien daar nie 'n tempel naby is wat gereëlde tempel bywoning moontlik maak nie, maak jou familie se geskiedenis bymekaar en berei die name voor, vir die heilige ordinansies wat slegs in die tempel gedoen kan word. Hierdie familie navorsing is noodsaaklik vir die werk van die tempels, en seëninge sal sekerlik aan diegene kom wat hierdie werk doen" (in Konferensie Raport, Okt. 1994, 8; of *Ensign*, Nov. 1994, 8).

**3. Josia en sy mense maak 'n verbond om die Here te dien.**

Leer en bespreek 2 Kronieke 34.

Jehiskia is deur sy seun Manasse en sy kleinseun Amon opgevolg. (2 Kronieke 33). Manasse het Juda in boosheid geheers, deur afgode in die tempel te plaas en die mense te lei om te sondig. Manasse het uiteindelik, voor sy dood, homself verootmoedig en bekeer. Manasse se seun Amon het ook in boosheid geheers, deur die afgode te aanbid wat sy vader laat maak het. Amon het nie bekeer nie, en is deur sy eie diensknegte dood gemaak. Amon se seun, Josia is koning van Juda gemaak toe hy agt jaar oud was. Hy het 'n regverdige koning geword wat die bose weë van sy vader en oupa verwerp het.

- Watter soort persoon was Koning Josia? (Sien 2 Kronieke 34:1–2; 2 Konings 23:25. Let wel dat die Dawid wat in 2 Kronieke 34:2 genoem word, is Koning Dawid, wat Josia se voorvader was, nie sy letterlike vader nie.)
- Watter goeie dinge het Josia vroeg in sy heerskappy as koning, gedoen? (Sien 2 Kronieke 34:3–8. Hy het die ware God uitgesoek, die afgode in die koninkryk vernietig, en het mense gestuur om die tempel reg te maak. Wys daarop dat Josia slegs 15 of 16 jaar oud was toe hy begin het om hierdie belangrike veranderinge te maak.)
- Watter betekenisvolle ontdekking het Hilkia die hoë priester gemaak, gedurende die herstel van die tempel? (Sien 2 Kronieke 34:14. Hy het 'n boek van die wet van die Here, of die geskrifte, ontdek. Let daarop dat by hierdie tyd, die geskrewe geskiedenis van Juda blykbaar verlore was, en amper heeltemal onbekend was.) Hoe het Josia gereageer toe die boek van die wet aan hom gelees is? (Sien 2 Kronieke 34:19. Let daarop dat dit 'n tradisie was in antieke Israel, om jou klere te skeur, as 'n teken van rou of groot smart.) Hoekom was Josia so ontsteld om te hoor wat die boek van die wet, bevat het? (Sien 2 Kronieke 34:21.)
- Wat het die profetes, Hulda gesê sou met Juda gebeur, omdat die mense nie aan die woord van die Here gehoorsaam was nie en nie dit gedoen het wat in die geskrifte geleer is nie? (Sien 2 Kronieke 34:22–25.) Wat sal met ons gebeur, indien ons nie die geskrifte lees en hulle leringe toepas nie?

  President Ezra Taft Benson het die gevare beskryf wat kom indien ons een van ons boeke van geskrifte, naamlik die Boek van Mormon, nalaat:

  "In 1829, het die Here die Heiliges gewaarsku dat hulle nie met heilige dinge moet peuter nie (sien L&V 6:12). Die Boek van Mormon is sekerlik 'n heilige ding, en tog peuter baie met dit, of in ander woorde, hulle neem dit ligtelik op, asof dit van min belang is.

  "In 1832, soos wat van die vroeë sendelinge van hul sending areas teruggekeer het, het die Here hulle aangetree omdat hulle die Boek van Mormon ligtelik geag het. As gevolg van hierdie houding, het hy gesê, is hulle verstand verduister. Nie net het hulle helderheid verloor nie, maar dit het die hele Kerk onder veroordeeling gebring, selfs al die kinders van Sion, omdat hulle hierdie heilige boek ligtelik opgeneem het. En die Here het aan hulle gesê, 'En hulle sal onder hierdie veroordeling bly totdat hulle hul bekeer en die nuwe verbond onthou, naamlik die Boek van Mormon' (L&V 84:54–57). . . .

  "Indien die vroë Heiliges aangetree is omdat hulle die Boek van Mormon ligtelik opgeneem het, is ons nie ook onder dieselfde veroordeling, indien ons dit ook doen nie? (in Konferensie Raport, Okt. 1986, 3–4; of *Ensign,* Nov. 1986, 4–5).

- Wat het Hulda gesê sou met Josia gebeur? (See 2 Kronieke 34:26, 28. Die vervulling van hierdie belofte word in 2 Kronieke 35:20–24 beskryf.) Hoekom het die Here hierdie belofte aan Josia gemaak? (Sien 2 Kronieke 34:27.)
- Nadat Josia uitgevind het dat sy mense veroordeel sal word omdat hulle nie die dinge wat in die geskrifte beveel is, gedoen het nie, het hy al sy mense na die temple geroep en die geskrifte aan hulle gelees (2 Kronieke 34:29–30). Hoekom dink jy het hy dit gedoen? (Die mense kon nie God se wette volg, as hulle nie geweet het wat hulle is nie.) Hoe kan ouers, Josia se voorbeeld volg, en hulle kinders die wette van die evangelie leer? (Sien L&V 68:25, 28.)
- Hoe kan ons wys, watter waarde ons aan die geskrifte heg? Wys daarop dat ons meer skrifture beskikbaar het as wat die Israeliete gehad het, en dat die skrifture meer bekombaar is. Watter verantwoordelikhede het ons as gevolg van hierdie seëninge?

  President Spencer W. Kimball het gesê: "Die Here peuter nie met ons, wanneer hy hierdie dinge aan ons gee nie, want ' aan wie veel gegee is, van hom sal veel gevorder word.' (Lukas 12:48.) Toegang tot hierdie dinge, beteken verantwoording vir hulle. Ons moet die skrifture, volgens die Here se bevel, studeer (sien 3 Nefi 23:1–5); en ons moet toelaat dat hulle ons lewens regeer" ("Hoe Seldsaam'n Besitting— die Skrifture!" *Ensign,* Sept. 1976, 5).
- Terwyl Josia en sy mense by die tempel was, het hulle 'n verbond met die Here gemaak. Wat sou hulle volgens die verbond doen? (Sien 2 Kronieke 34:31–33.) Verduidelik dat in die tempel maak ons heilige verbonde met die Here, die vervulling van hierdie verbonde sal aan ons aardse seëninge en ewiglike verheerliking bring. Hoe kan ons voorberei om hierdie heilige tempel verbonde te maak? Wanneer ons hierdie verbonde gemaak het, hoekom is dit belangrik dat ons so gereëld as moontlik na die tempel terug gaan?

Slotsom

Verduidelik dat die mense in die koninkryk van Juda uiteindelik so boos geword het, dat die Here toegelaat het dat hulle in gevangenskap weggelei is (2 Kronieke 36:14–21). Gedurende hulle heerskappy, het Jehiskia en Josia probeer om die mense te versterk deur hulle aandag op die tempel en die skrifture te vestig. Getuig daarvan dat wanneer ons daarop fokus om gehoorsaam te wees aan die Here se gebooie en om waardig te wees om in die tempel in te gaan, sal ons met geestelike krag en vreugde geseën word. Moedig klas lede aan om die seëninge van die tempel te geniet, deur waardig te lewe en om dit so gereëld as moontlik by te woon.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. "'n Krediet kaart by die Here"**

'n Week voor hierdie les gegee moet word, vra 'n klas lid om bekend te raak met die volgende uittreksel van 'n praatjie wat President Gordon B. Hinckley gegee het, en om voor te berei om dit met die klas te deel:

"Ek hou voor julle twee krediet kaarte. Meeste van julle is gewoont aan kaarte soos dié.

"Die eerste is 'n bank krediet kaart. Dit laat my toe om handelsware op terme te bekom, en om dan vir my inkopies op 'n ander tyd te betaal. Dit is 'n waar-

devolle ding om te hê en iets om te beskerm. Indien dit gesteel of oneerlik gebruik word, kan dit vir my tot 'n groot verlies ly en dalk heelwat vernedering veroorsaak. Wanneer ek dit van my bank af aanvaar, sluit ek 'n kontrak met hulle, waarvolgens ek deur verpligtinge en ooreenkomste verbind word. Deur die kaart te aanvaar, stem ek in om die vereistes na te kom, waaronder dit uitgereik is.

"Dit word slegs vir een jaar uitgereik en moet elke jaar weer uitgereik word, indien ek die voorreg daarvan wil behou. Dit is nie eintlik myne nie. Die bank behou eienaarskap. Indien ek nie my vereistes nakom nie, kan die bank my krediet afsny en my kaart terug neem.

"Die ander kaart wat ek het, is wat ons 'n tempel aanbeveling noem. Dit verteenwoordig 'n krediet kaart by die Here, wat aan my baie van sy grootste gawes, beskikbaar maak. Die bank kaart is behep met die dinge van die wêreld, die aanbeveling met dinge van God.

"Om 'n tempel aanbeveling te verseker, moet die ontvanger sy geskiktheid demonstreer, en sy geskiktheid word op persoonlike waardigheid gebaseer. Wanneer toegeken, is dit nie vir ewig in plek nie, maar moet elke jaar weer uitgereik word. Verder, is dit moontlik om dit te verloor, indien die houer enige iets doen wat hom sou diskwalifiseer vir die voorregte daarvan.

"Geskiktheid vir 'n tempel aanbeveling word nie op finasiële waarde gebaseer nie. Dit het absoluut niks daarmee te doen nie. Dit word gebaseer op konstante persoonlike gedrag, op die goedheid van 'n persoon se lewe. Dit is nie behep met geld sake nie, maar eerder met dinge van die ewigheid.

"Die bank kaart maak die deure na finansiële krediet oop. Die tempel aanbeveling open die deure van die Huis van die Here. Dit is behep met ingang na heilige ruimtes om heilige en godelike werk te doen. . . .

". . . Hierdie aanbeveling wat ek het en wat so baie van julle het, is 'n kosbare en wonderlike ding. Dit maak jou geskik vir 'n eksklusiewe en besonderse voorreg— die voorreg om die Huis in te gaan, waarop se muur geskryf is, 'Heiligheid aan die Here —die Huis van die Here.'Leef waardig om in daardie huis te dien. Hou dit heilig. Doen jou deel om enige onreine of vuil invloede of persone,van die huis van die Here af weg te hou. Geniet sy skoonheid. Geniet die wonder van die dinge wat daar gespreek word, die skoonheid en die seëninge van die ordinansies wat daar toegeken word.

"Aan [diegene] wat nog nie by die tempel was nie, mag ek voorstel dat julle die geleentheid gebruik om dope, namens die wat oorlede is, te doen. En laat dan daardie heilige ondervinding 'n anker in jul lewens word, dat jy jouself ten alle tye en in alle omstandighede, so sal handhaaf dat jy op die geskikte tyd 'n spesiale en beperkte krediet kaart by die Here mag ontvang, selfs 'n aanbeveling tot Sy heilige huis, om daar al die seëninge en voorregte te geniet" (in Konferensie Raport, Apr. 1990, 65, 69; of *Ensign,* Mei 1990, 49, 52).

**2. Doel van tempels**

Bring prente van verskeie hedendaagse tempels (in verskeie argitektoniese style, indien moontlik). Wys daarop dat alhoewel hierdie tempels aan die buitekant verskil, is die ordinansies wat daarin verrig word en die verbonde wat in hierdie tempels gemaak word, almal dieselfde.

Verduidelik dat alhoewel van die praktyke in die tempels van antieke Israel anders was as wat ons in hedendaagse tempels doen, (byvoorbeeld, ons maak nie offerandes van diere nie en brand nie kerse en wierook in heedendaagse tempels nie) is die doel van antieke tempels en heedendaagse tempels dieselfde: om ons voor te berei om in die teenwoordigheid van die Here te kan kom en om meer soos hy te word.

Jy mag dalk "Antieke Tempels," 'n nege – minuut gedeelte van uit die *Ou Testament Video Aanbiedinge* (53224), wat Moses se tabernakel en sommige van die aktiwiteite wat daarin plaas gevind het, beskryf.

**3. Studeer die skrifture**

- Hoekom is dit soms moeilik vir ons om die skrifture te studeer?

Lys klas lede se antwoorde in 'n kolom op die swartbord. Bespreek dan maniere waarop ons hierdie probleme kan oorkom. By voorbeeld, indien ons nie verstaan wat ons lees nie, kan ons vir insig bid, en dit wat die profete en apostels gesê het, oor die geskrifte wat ons besig is om te lees, studeer; indien ons te moeg is om die geskrifte in die aand te lees, kan ons eerder 'n ander tyd in die dag kies om te lees. Lys die oplossings in 'n ander kolom op die swartbord.

Daag klas lede uit om meer toegewyd te wees in hul studies van die geskrifte.

# "Gelukkig Is die Man Wat Wysheid Vind"

Les
# 31

*Spreuke and Prediker*

**Doel**

Om klas lede aan te moedig om meer Christelik te wees, deur die wyse raad wat in die boeke van Spreuke en Prediker voorkom, toe te pas.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die geskrifte wat in die les omlyning bespreek word, en soveel van die boeke van Spreuke en Prediker as wat jy kan.
2. Indien jy die eerste aandag aktiwiteit gebruik, skryf die volgende sinne op 'n plakaat of op die swartbord, voor die klas begin:

   a. ________________ gaan voor vernietiging
   b. Leer 'n ________________ in die weë wat hy moet gaan.
   c. Vir elke ding is daar 'n ________________, en 'n ________________ tot elke doel onder die hemel.
   d. ________________ in die Here met jou hele hart.
   e. 'n ________________ ________________ draai woede weg.
   f. Soos wat hy ________________ in sy hart is, so is hy.

   Indien jy die tweede aandag aktiwiteit gebruik, vra een of twee klas lede om voor te berei om 'n gunsteling gedeelte uit Spreuke of Prediker te deel, en te sê hoekom dit vir hulle belangrik is.
3. Indien die *Ou Testament Video Aanbiedinge* (53224) beskikbaar is, mag jy dalk "Vertrou in die Here" 'n vyf – minute gedeelte, as deel van die les wil wys.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk een van die volgende aktiwiteite (of een van jou eie ) wil gebruik om die les mee te begin. Kies die aktiwiteit wat die mees geskikste sal wees vir die klas.

Aandag Aktiwiteit

1. Verwys klas lede na die sinne wat jy op die plakaat of op die swartbord geskryf het (sien "Voorbereiding" hierbo). Verduidelik dat hierdie bekende gesegdes is vanuit die boeke van Spreuke en Prediker, en vra klas lede om die leë spasies in te vul. Indien nodig, gee die volgende verwysings sodat die klas lede die geskrifte kan opsoek om die woorde te kry wat hulle nie ken nie.

   a. Spreuke 16:18 (Trots)
   b. Spreuke 22:6 (kind)
   c. Prediker 3:1 (seisoene, tyd)
   d. Spreuke 3:5 (Vertrou)
   e. Spreuke 15:1 (sagte antwoord)
   f. Spreuke 23:7 (denke)
2. Vra een of twee klas lede om hul gunsteling gedeeltes van uit Spreuke of Prediker te deel, en te vertel hoekom dit vir hulle belangrik is.

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe. Omdat dit moeilik sou wees om elke vraag te vra of om elke punt in hierdie les te dek, kies deur gebed die dele wat

klas lede se behoeftes die beste sal bevredig. Jy mag dalk van die vrae moet aanpas om by klas lede se omstandighede in te pas.

Spreuke is kort gesegdes wat oor die algemeen raad gee oor hoe om regverdig te lewe. Die Ou Testament noem dat Salomo "drieduisend spreuke uitgespreek het" (1 Konings 4:32). Sommige van hierdie wyse gesegdes is in die boek van Spreuke ingesluit. Alhoewel Salomo en die ander skrywers van hierdie boek nie profete was nie, is baie van wat hulle geskryf het deur die Here geinspireer. Hulle woorde weerspieël 'n geloof, dat ware wysheid van God af kom.

Die boek van Prediker bevat ook wyse gesegdes, en sommige mense glo dat Salomo dit geskryf het. Die boodskap van Prediker is dat die lewe slegs deur God, betekenis het.

Hierdie les is in sewe gedeeltes verdeel, wat op belangrike onderwerpe in Spreuke en Prediker fokus. In jou persoonlike studie, mag jy dalk ander onderwerpe vind wat jy graag in die klas wil bespreek.

**1. Wysheid**

Leer en bespreek die volgende gedeeltes van Spreuke en Prediker.

- Die boeke van Spreuke en Prediker beklemtoon die belangrikheid van wysheid. Wat is die verskil tussen, om geleerd te wees en om wys te wees? (Sien Spreuke 1:7; 9:9–10; 2 Nefi 9:28–29. Wys daarop dat in bybelse taal, beteken om die Here te vrees, om hom te gehoorsaam en te eerbiedig. Verduidelik dat wysheid is meer as net kennis; dit is die korrekte toepassing van kennis. Vir die Israeliete het wysheid beteken,om gehoorsaam te wees aan God se wette.
- Wat kan ons leer uit Spreuke 2:2–6 oor hoe om die kennis van God te bekom? Hoekom dink jy verg dit ywerigheid, om hierdie kennis te bekom?
- Hoe vergelyk die waarde van wysheid, met die waarde van aardse skatte? (Sien Spreuke 3:13–18; Prediker 7:12. Let daarop dat die woorde *sy* en *haar* in Spreuke 3:15–18 na wysheid verwys.) Hoe kan wysheid, geluk en vrede bring?
- Spreuke 3:18 sê dat wysheid "is 'n boom van lewe" aan die wat dit het. Wat kan hierdie simbool ons leer oor die waarde van wysheid? (Sien 1 Nefi 11:8–11, 21–25, let daarop dat die boom van die lewe, 'n simbool van God se liefde is.
- Watter eienskappe van wyse mense word in Spreuke 9:9–10 en Spreuke 15:31–33 gelys? Hoekom is hierdie eienskappe nodig om wysheid te bekom?

**2. Vertrou op die Here**

Leer en bespreek Spreuke 3:5–7.

- Watter raad word in Spreuke 3:5–7 gegee? Hoe dui die Here ons paaie aan? Watter ondervindinge het jou geleer om op die Here te vertrou?
- Wat beteken dit om aan die Here erkenning te gee? (Sien Spreuke 3:6; Alma 34:38; L&V 59:21.) Hoe word ons geseën, soos wat ons aan Hom erkenning gee?

**3. Die woorde wat ons spreek**

Leer en bespreek die volgende gedeeltes van Spreuke.

- Spreuke 6:16–19 lys sewe dinge wat die Here haat. Drie van hierdie dinge— om te lieg, valse getuienis te lewer, en om onmin te saai — het betrekking op die woorde wat ons spreek. Hoekom is die Here so besorg oor die woorde wat ons spreek? (Sien Spreuke 16:27–28; 18:8; 25:18; Matthéüs 12:36–37.) Hoe kan ons die probleme van lieg, skinder, of negatiewe dinge oor andere te sê, oorkom?
- Spreuke 16:24 sê dat "vriendelike woorde is soos 'n heuningkoek: soet vir die siel." Hoe is dit waar? Wat is die resultate van mooi praat? (Sien Spreuke 12:25; 15:1; 16:24.) Hoe het die vriendelike woorde van andere jou al gehelp?
- Wat is die voordele van saggies praat, wanneer daar onenigheid is? (Sien Spreuke 15:1.)

  Ouderling Gordon B. Hinckley het gesê: "Ons vind onsself selde in die moeilikheid, wanneer ons saggies praat. Dit is slegs wanneer ons ons stemme rys, wat die vonke begin spat en klein molshope groot berge van onmin word" (in Konferensie Raport, Apr. 1971, 82; of *Ensign,* Junie 1971, 72).

Om die belangrikheid om vriendelike woorde te spreek, te beklemtoon, mag jy dalk wil hê dat klas lede "Laat Ons Gereeld Vriendelike Woorde Spreek" (*Gesang,* no. 232, sing).

**4. Trots**

Leer en bespreek Spreuke 8:13; 13:10; 16:18–19.

- Spreuke 8:13 sê dat die Here hoogmoed en trotsheid haat. Hoekom is hoogmoed so 'n ernstige sonde?

  President Ezra Taft Benson het gesê:

  "Die sentrale kenmerk van hoogmoed is vyandigheid— vyandigheid teenoor God en vyandigheid teenoor ons medemens. *Vyandigheid* beteken 'haat teenoor, of kwaadaardigheid, of 'n toestand van teenstrydigheid.' Dit is volgens hierdie krag, wat Satan oor ons wil heers.

  "Hoogmoedigheid is basies van nature, kompeterend. Ons span ons wil teenoor God se wil in. Wanneer ons ons hoogmoed na God rig, is dit die gees van 'my wil en nie U wil wat gedoen moet word nie. 'Soos Paulus gesê het, hulle 'soek hulle eie, nie die dinge wat Jesus Christus sin is nie' (Filippense 2:21).

  "Ons wil in kompetisie met God se wil, laat begeertes, verlange en passies ongebreideld voortgaan (sien Alma 38:12; 3 Nefi 12:30).

  "Die hoegmoediges wil nie God se gesag aanvaar, om leiding in hulle lewens te gee nie (sien Helaman 12:6). Hulle span hulle begrip van waarhede teen God se groter kennis, hulle vermoë teen God se priesterskap krag, hulle kundigheid teen Sy magtige werke.

  "Ons vyandigheid teenoor God het baie vorme, soos rebelsheid, hard-hartigheid, hardnekkigheid, onbekeerbaarheid, verwaandheid, neem maklik aanstoot, en soek na tekens. Die hoegmoedige wens dat God met hom sou saamstem. Hulle stel nie belang om hulle opinie te verander, sodat dit met God sin sou saamstem nie. . . .

  Hoogmoedigheid is 'n verdoemende sonde en die ware sin van die woord. Dit beperk of stop enige vordering (sien Alma 12:10–11). Die hoogmoedige

word nie maklik geleer nie (sien 1 Nefi 15:3, 7–11). Hulle sal nie hulle opinie verander, om waarhede te aanvaar nie, want om dit te doen sou aandui dat hulle verkeerd was" (in Konferensie Raport, Apr. 1989, 3–5; of *Ensign,* Mei 1989, 4, 6).

- Spreuke 13:10 en 16:18 leer dat hoogmoed tot teenstrydigheid en verwoesting lei. Hoe kan hoogmoed dit doen? Hoe affekteer hoogmoed ons families?

  President Ezra Taft Benson het gesê:

  "Nog 'n gesig van hoogmoed, is twis. Argumente, bakleiery, ongeregtige heerskappy, generasie skeiding, egskeiding, eggenoot mishandeling, oproer en steuringe, val almal in die kategorie van hoegmoedigheid.

  "Twis in ons families, dryf die Gees van die Here weg. Dit dryf ook baie van ons familie lede weg. . . .

  "Hoogmoedigheid het 'n negatiewe uitwerking op al ons verhoudinge — ons verhouding met God en Sy diensknegte, tussen man en vrou, tussen ouer en kind" (in Konferensie Raport, Apr. 1989, 5; of *Ensign,* Mei 1989, 6).

- Hoe kan ons hoogmoed oorkom? (Sien Spreuke 16:19.) Wat kan ons doen om meer ootmoedig te wees in ons verhoudinge met familie lede en met God?

**5. Vriendskap**

Leer en bespreek die volgende gedeeltes van Spreuke en Prediker.

- Hoekom word ons teen ongeregtige vriende gewaarsku? (Sien Spreuke 13:20; 22:24–25.)
- Wat is sommige van die karakter eienskappe van goeie vriende? (Sien Spreuke 17:17; 27:9.) Hoe het goeie vriende jou al deur moeilike tye gehelp?
- Wat kan ons doen om ware vriendskappe te ontwikkel? (Sien Spreuke 18:24. Wys daarop dat om goeie vriende te hê, moet ons 'n goeie vriend wees.)
- Hoe reageer ware vriende, wanneer ons onwyse besluite neem? (Sien Prediker 4:9–10.)

  Ouderling Marvin J. Ashton het gesê:

  "Iemand het gesê, "n Vriend is 'n persoon wat gewillig is om my te neem soos wat ek is.' Aanvaar hierdie as een definisie van die woord, maar mag ek gou voorstel dat ons iets minder as 'n ware vriend is, indien ons 'n persoon laat, soos wat ons hom gevind het. . . .

  "Geen groter beloning kan na enige van ons kom wat andere dien, as 'n opregte 'Dankie dat jy my vriend is nie.' Wanneer diegene wat bystand nodig het, hulle pad deur en saam met ons, terug vind, is dit vrienskap in aksie. Wanneer die swakkeling versterk word en die sterkes selfs sterker word, as gevolg van ons lewe, is dit 'n werklike vriendskap. Indien 'n man aan sy vriende geoordeel kan word, kan hy ook aan hulle hoogtes gemeet word. . . .

  "Ja, 'n vriend is 'n persoon wat gewillig is om my te neem soos wat ek is, maar wat ook gewillig en in staat is, om my better te laat as wat hy my gevind het" (in Konferensie Raport, Okt. 1972, 32, 35; of *Ensign,* Jan. 1973, 41, 43).

- Hoe kan ons vrienskappe, tussen familie lede, versterk?

- Jesus Christus het gereëld sy volgelinge, sy vriende genoem (L&V 88:62; 93:45). Hoe het hy gewys dat hy ons vriend is? (Sien Johannes 15:13.) Hoe wys ons dat ons sy vriend is? (Sien Johannes 15:14.) Hoe het jy al sy vrienskap gevoel?

**6. Kinders groot maak**

Leer en bespreek die volgende gedeeltes van Spreuke.

- Spreuke 22:6 sê "lei'n kind op in die weë waarin hy moet gaan." Wat moet ouers doen om hierdie raad te volg? (Sien L&V 68:25–28.) Hoe kan ons die prinsiepe van die evangelie, meer effektief aan ons kinders leer, en hul getuienise aanmoedig?

  Ouderling Richard G. Scott het gesê: "Jy moet gewillig wees om persoonlike plesiere en self-belange op te gee vir familie-gesentreerde aktiwiteite, en om nie die hoofsaaklike verantwoordelikheid van 'n kind se goed-gebalanseerde ontwikkeling, aan die kerk, skool, of samelewing oor te laat nie. Dit verg tyd, baie moeite en aansienlike persoonlike opoffering om ''n kind op te lei in die weë waarin hy moet gaan.' Maar waar kan jy meer bevrediging kry, vir 'n taak wat goed verrig is? (in Konferensie Raport, Apr. 1993, 43; of *Ensign,* Mei 1993, 34).

- Hoekom het kinders reëls, beperkinge en liefdevolle regstelling nodig? (Sien Spreuke 19:18; 29:17.) Hoe behoort kinders te reageer op die regverdige raad van hul ouers? (Sien Spreuke 6:20–23.) Hoe behoort ouers hulle kinders reg te stel? (Sien L&V 121:41–44.)

**7. Geluk en goeie humor**

Leer en bespreek Spreuke 15:13 en Spreuke 17:22.

- Hoekom is dit belangrik om 'n gelukkige houding en 'n goeie sin vir humor te ontwikkel? (Sien Spreuke 15:13; 17:22.)

  President Hugh B. Brown het gesê: "Ek sal graag wil hê dat julle moet glimlag, want ons moet tog 'n goeie sin van humor behou, maak nie saak wat gebeur nie. Ek dink, dat van al die mense in die wêreld, behoort ons die gelukkigste te wees. Ons het die beste en mees vreugdevolle boodskap in die wêreld. Ek dink wanneer ons aan die anderkant kom, sal iemand ons met 'n glimlag ontmoet (tensy ons na die verkeerde plek gaan, dan sal iemand grinnik), so laat ons gelukkig wees. Maar laat ons geluk opreg wees— laat dit van binne af kom" (*'n Lewe van Oorvloed* [1965], 83).

- Wat kan ons doen om opbouende humor in ons families aantemoedig? (Jy mag dalk klas lede wil vra om te vertel van 'n tyd, toe humor hulle familie gehelp het om probleme op te los en om in liefde vir mekaar, te groei.)

---

Slotsom

Deel jou gevoelens oor die onderwerpe wat julle bespreek het. Moedig klas lede aan om die raad te onthou en te volg wat ons in Spreuke en in Predikervind. Jy mag hulle ook wil aanmoedig om 'n gunsteling gedeelte uit een van hierdie boeke te memoriseer.

---

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Spreuke aktiwiteit**

Skryf verskeie verwysings vanuit die boek van Spreuke op aparte stukkies papier neer, en sit hulle in 'n bak. Laat klas lede beurte neem om stukkies papier uit die bak te kies, lees die skrif gedeelte op die stukkie papier, en verduidelik hoe daardie gedeelte in ons lewe toegepas kan word.

**2. Skriftelike toepassing**

Teken 'n figuur van 'n liggaam op die swartbord. Laat klas lede die volgende verse vind en skryf dan die verwysing langs elke ooreenstemmende deel van die liggaam. Lees die verse saam en bespreek hoe hulle van toepassing kan wees in ons lewens.

a. Spreuke 2:2 (oor en hart)
b. Spreuke 3:5 (hart)
c. Spreuke 3:7 (oë)
d. Spreuke 3:27 (hand)
e. Spreuke 4:26–27 (voet)
f. Spreuke 8:7 (mond)
g. Spreuke 10:4 (hand)
h. Spreuke 12:15 (oë)

**3. "'n Deugsame vrou" (Spreuke 31:10)**

Laat klas lede Spreuke 31:10–31 hersien en 'n lys maak van die eienskappe van 'n deugsame vrou. Wys daarop dat hierdie eienskappe is wat almal van ons, mans en vrouens, kan nastreef om te ontwikkel. Jy mag dalk klas lede se antwoorde op die swartbord wil skryf. Antwoorde mag die volgende insluit:

| verse | Eienskappe |
|---|---|
| 11 | Kan vertrou word |
| 13 | Werk gewilliglik |
| 20 | Is barmhartig |
| 25 | Is sterk en eerbaar |
| 26 | Praat met wysheid en sagmoedigheid |
| 28 | Is 'n toegewyde vrou en moeder |
| 30 | Gehoorsaam die Here |

Nooi 'n paar klas lede uit, om te praat oor mense wat hulle ken, wat hierdie eienskappe het.

# “Ek Weet Dat My Verlosser Leef”

Les
32

*Job 1–2; 13; 19; 27; 42*

**Doel**

Om klas lede te help om die krag te ontwikkel om beproewinge te oorkom, deur op die Here te vertrou, hulle getuienis van Hom op te bou, en hul persoonlike integriteit te behou.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture (jy mag dalk ook die hoofstuk opskrifte in die boek van Job, wil studeer, sodat jy ‘n oorsig van die storie kan gee):
   a. Job 1–2. Job, ‘n regverdige en gelowige man, ondervind sware beproewinge. Hy bly getrou aan die Here, ten spyte daarvan dat hy al sy besittings, kinders en gesondheid verloor.
   b. Job 13:13–16; 19:23–27. Job vind krag deur in die Here te vertrou en in sy getuienis van die Verlosser.
   c. Job 27:2–6. Job vind krag in sy persoonlike geregtigheid en integriteit.
   d. Job 42:10–17. Nadat Job sy beproewinge getrou verduur het, het die Here hom geseën.
2. Addisionele leeswerk: Ander hoofstukke in Job; Leer en Verbonde 121:1–10.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Deel die volgende vergelykking met klas lede(of vra ‘n klas lid om voorteberei om dit te deel):

Ouderling Joseph B. Wirthlin het eenkeer vertel van boere wat in die woestynagtige noordwestelike deel van Mexiko woon en wat ‘n “verskeidenheid van mielies en bone groei wat besonders taai en droogtebestand is. Hierdie verskeidenheid plante oorleef en floreer in ‘n harde klimaat waar ander plante sou uitdroog en sterf. Een van hierdie plante is die wit teparie boon. Sy saad sal ontkiem en die plant sal groei selfs wanneer baie min reën geval het. Dit stuur sy wortels tot op ‘n diepte van ses voet, in die rotsagtige sanderige aarde in, om die vogtigheid wat dit nodig het, te kry. Dit kan blom en vrugte dra in 115-grade (Fahrenheit) woestyn temprature met slegs een jaarlikse reënval. Sy blare bly opmerklik groen, met min besproeiing, selfs in die hitte van die middel van Julie.”

- Wat kan ons uit hierdie vergelykking leer, wat ons kan help om beproewinge te verduur?

Ouderling Wirthlin stel voor: “Miskien kan lede van die Kerk die voorbeeld van hierdie taai, en standvastige plante naboots. Ons moet ons wortels diep in die grond van die evangelie instuur. Ons moet groei, floreer, blom, en goeie vrugte dra in oorvloed, ten spyte van die boosheid, temptasies, of kritiek wat ons mag ondervind. Ons moet leer om voorspoedig te wees selfs in die hitte van teenstrydigheid” (in Konferensie Raport, Apr. 1989, 7; of *Ensign,* Mei 1989, 7).

Verduidelik dat hierdie les oor Job gaan, 'n man wie se geloof en geregtigheid, hom gehelp het om verskriklike beproewinge te verduur.

---

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

**1. Job word ten seerste beproef.**

Leer en bespreek Job 1–2.

- Watter soort man was Job? Jy mag dalk van die volgende karaktereienskappe op die swartbord wil lys. Baie van die ooreenkomstige verwysings is nie in die leeswerk nie, so jy mag dalk 'n individuele klas lid wil vra om hulle op te soek en te vertel watter karaktereienskappe hulle beskryf.

  a. Hy was 'n goeie man wat God gevrees het en weggedraai het van alle boosheid (Job 1:1).
  b. Hy was ryk, maar nie behep met rykdom nie (Job 1:3, 21).
  c. Hy het integriteit gehad (Job 2:3).
  d. Hy het die wat swak was, versterk (Job 4:3–4).
  e. Hy het in die Here se paaie gewandel en het nie van die woord van die Here, afgewyk nie (Job 23:10–12).
  f. Hy was barmhartig teenoor die weduwee, die armes, en die wat blind was (Job 29:12–16).
  g. Hy was besorg oor sy vyande en het hulle vergewe (Job 31:29–30).

- Watter beproewinge het Job ondervind? Jy mag dalk sommige van hierdie beproewinge op die swartbord wil lys. Baie van die ooreenkomstige verwysings is nie in die leeswerk nie, so jy mag dalk 'n individuele klas lid wil vra om hulle op te soek en te vertel watter beproewing, hulle beskryf.

  a. Verlies van diensknegte, eiendom, en inkomste (Job 1:13–17).
  b. Verlies van kinders (Job 1:18–19).
  c. Fisiese siekte en pyn (Job 2:7; 7:5; 16:16).
  d. Rustelose slaap, gevul met nagmerries (Job 7:4, 13–14).
  e. Wrede beskuldigings en die verlies van die ondersteuning van vriende en familie (Job 2:9; 4:1, 7–8; 11:1–6; 19:13–22).
  f. Onseker oor hoekom hy gevra is om deur hierdie beproewinge te gaan (Job 10:15).
  g. Hy is bespot deur diegene wat verheug was oor sy ondergang (Job 16:10–11; 30:1, 8–10).
  h. Die gevoel dat God hom vergeet het of nie na hom luister nie (Job 19:6–8; 23:3–4; let daarop dat die woord *hom* in Job 23:3–4 na God verwys).

- Hoe vergelyk Job se beproewinge met die beproewinge wat mense vandag ondervind? (Die beproewinge is soortgelyk: verlies van eiendom, verlies van kinders, verlies van gesondheid, en die verlies van die liefde en geselskap van vriende en familie.)

- Wat het Satan beweer is die rede vir Job se geregtigheid? (Sien Job 1:9–10.) Hoe het Satan voorspel dat Job sou reageer, wanneer sy rykdom en ander seëninge, van hom af weggeneem sou word? (Sien Job 1:11; 2:4–5.) Hoe het Job gereageer toe dit gebeur het? (Sien Job 1:20–22; 2:10.) Wat kan ons uit hierdie reaksies leer?

- Ten spyte van sy beproewinge het Job "nie gesondig, of aan God enige iets ongerymds toegeskryf nie" (Job 1:22). Hoe kla sommige mense God verkeerdelik aan, wanneer smart, ongeluk, of tragedie hulle tref? (Hulle blammeer God of bevraagteken sy wysheid of sorgsaamheid, en voel dat Hy hulle nie verstaan of lief het nie. Sommige mag selfs sy bestaan bevraagteken.)

**2. Job vind krag in die Here.**

Leer en bespreek Job 13:13–16; 19:23–27.

- Job se vertroue in die Here was 'n groot bron van geestelike krag vir hom (Job 13:13–16). Wat beteken dit om op die Here te vertrou? Hoe kan ons vertroue in die Here ontwikkel, wat ons deur beproewinge sal onderhou? (Sien Romeine 8:28; 2 Nefi 2:2, 11, 24; L&V 58:2–4; 122:5–9.) Getuig dat omrede die Here ons lief het, het hy ons verseker dat soos wat ons getrou is, sal alle dinge tot ons voordeel wees, en ons help om te groei.
- In Job 19, beskryf Job die beproewinge wat hom beval het, en getuig dan van die Verlosser. Hoe het Job se getuienis van die Verlosser hom gehelp om sy beproewinge te verduur? (Sien Job 19:25–27.) Hoe kan 'n getuienis van die Verlosser ons gedurende beproewinge versterk?

  Jy mag dalk wil hê dat klas lede "Ek Weet Dat My Verlosser Leef" (*Gesang*, no. 136), sing of jy kan 'n opname van hierdie gesang speel.

**3. Job vind krag in sy persoonlike geregtigheid en integriteit.**

Leer en bespreek Job 27:2–6.

- Job se integriteit was nog 'n bron van geestelike krag, gedurende sy verdrukkinge (Job 27:2–6). Wat is integriteit? Hoe het persoonlike integriteit Job gedurende sy beproewinge, versterk? Hoe kan persoonlike integriteit ons gedurende ons beproewinge help? (Soos wat ons ons integriteit behou, kan ons krag vind in die kennis dat die rigting van ons lewe vir die Here aanvaarbaar is.)

  Ouderling Joseph B. Wirthlin het *integriteit* gedefinieër as, "om altyd dit te doen wat goed en reg is, maak nie saak wat die onmiddelike gevolge sal wees nie. Dit beteken om van uit die diepte van ons siel, geregtelik te wees, in ons aksies, maar selfs meer belangrik, in ons gedagtes en in ons harte. Persoonlike integriteit omhels sulke betroubaarheid en onbederflikheid dat dit vir ons onmoontlik sal wees om vals te wees teenoor 'n vertroue of verbond.

**4. Nadat Job getrou sy beproewinge verduur het, het die Here hom geseën.**

Leer en bespreek Job 42:10–17.

- Nadat Job getrou sy beproewinge verduur het, hoe het die Here hom geseën? (Sien Job 42:10–15; Jakobus 5:11.) Hoe seën die Here ons, soos wat ons ons beproewinge getrou verduur? (Sien Job 23:10; 3 Nefi 15:9. Moedig klas lede aan om persoonlike ondervindinge te deel.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Job se vriende**

- See Job 4:7–8; 8:6.
- Wat kan die foute van Job se vriende ons leer oor hoe om mense wat deur beproewinge gaan, te help?

**2. Vrae om gedurende beproewinge te vra**

Ouderling Richard G. Scott het gesê: "Wanneer jy beproewing ondervind, kan jy gelei word om baie vrae te vra. Sommige is nuttig; andere is nie. Om te vra, Hoekom moet dit met my gebeur? Hoekom moet ek nou so ly? Wat het ek gedoen om dit te veroorsaak? sal jou net in doodloop paaie lei. Dit doen regtig niks goed om vrae te vra,wat opposisie teen die wil van God, weerspieël nie. Vra eerder, Wat moet ek doen? Wat kan ek uit hierdie ondervinding leer? Wat kan ek verander? Wie kan ek help? Hoe kan ek my baie seëninge onthou, in tye van beproewing? (in Konferensie Raport, Okt. 1995, 18; of *Ensign,* Nov. 1995, 17).

**3. Behou perspektief gedurende beproewinge**

President Spencer W. Kimball het gesê:

"Indien ons na sterflikheid kyk as die algehele bestaan, dan is pyn en smart, mislukking en 'n kort lewe, waarlik 'n ramp. Maar indien ons die lewe sien as 'n ewige ding wat ver in die vooraardse verlede instrek en voortgaan tot in die ewiglike na-doodse toekoms, dan kan alle gebeure in hul regte perspektief gestel word.

. . . Word ons nie aan temptasies blootgestel om ons krag te toets nie, siektes sodat ons geduld mag leer nie, die dood sodat ons onsterflik en verheerlik mag word nie?

"Indien alle siekes vir wie ons bid, gesond word, indien alle geregtiges beskerm is en die goddeloses vernietig is, sou die hele program van die Vader tot niet gaan en die basiese beginsel van die evangelie, vrye agentskap, sou tot 'n einde kom. Geen mens sou nodig hê om volgens geloof te leef nie" (*Geloof Gaan Voor Die Wonderwerk* [1975], 97).

**4. Die voorspoedigheid van die goddelose is van korte duur.**

- Somtyds lyk dit asof die goddelose floreer terwyl die regverdiges ly. Wat leer die boek van Job oor die klaarblyklike voorspoedigheid van die goddelose? (Sien Job 21; 24.)

# Deel die Evangelie met die Wêreld

Les
33

*Jona 1–4; Miga 2; 4–7*

**Doel**

Om klas lede aantemoedig om hul verantwoordelikhede as heedendaagse Israel te vervul, om al die mense van die wêreld lief te hê en om die seëninge van die evangelie met hulle te deel.

**Voorbereiding**

Met gebed, studeer die volgende skrifture:

a. Jonas 1–2 Die Here roep Jona om die mense van Ninevé tot bekering te roep. Jona probeer om op 'n skip, van die Here af te vlug, hy word deur 'n groot vis ingesluk, bid, en word vanuit die maag van die vis, uitgelewer.
b. Jona 3–4. Jona profeteer die ondergang van Ninevé en is kwaad toe die mense van Ninevé bekeer en die Here die stad spaar (die Joseph Smith Vertaling van Jona 3:9–10 verduidelik dat die mense bekeer het, nie God nie.) Die Here gebruik 'n kalbasplant en 'n wurm om Jona te leer dat hy alle mense moet lief hê.
c. Miga 2:12–13; 4:1–7, 11–13; 5:2–4, 7–8; 6:6–8; 7:18–20. Miga profeteer van die missie van Israel in die laaste dae.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

- Hoeveel jong manne in die Kerk wil die Here hê, om 'n voltydse sending te dien? (Alle waardige, bekwame jong manne.) Hoekom is dit belangrik dat elkeen van hierdie jong manne op hierdie roeping reageer? Wie anders is ook geskik om 'n voltydse sending te dien? (Waardige enkel sisters, 21 jaar of ouer en paartjies wat ouer is, indien hulle omstandighede dit toelaat.)

In 1979, het President Spencer W. Kimball van die nood vir meer sendelinge gepraat, wat die evangelie aan mense in alle dele van die wêreld kan preek. Hy het gesê:

"Ek glo dat die Here enige iets kan verrig wat hy wil. Maar, ek kan geen goeie rede sien, waarom die Here deure sal oop maak, waardeur ons nie bereid is om te gaan nie" ("Die Uiterlikste Dele van die Aarde," *Ensign,* Julie 1979, 9).

Hierdie les sal bespreek hoe die lewe en woorde van Jona en Miga ons kan help, om ons verantwoordelikhede te verstaan, om alle mense lief te hê, en om die seëninge van die evangelie met hulle te deel.

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

**1. Jona word geroep om in Ninevé te preek, maar hy hardloop weg.**

Leer en bespreek Jona 1–2.

- Hoekom wou die Here gehad het dat Jona na Ninevé moes gaan? (Sien Jona 1:2.) Hoekom was Jona huiwerig om 'n sending roeping na Ninevé te aan-

vaar? (Sien Nahum 3:1–5, waar die verskriklike goddeloosheid en geweld van Ninevé, beskryf word. Die mense van Ninevé, die hoofstad van Assirië, was vyande van Israel.)

- Hoekom het Jona na Tarsis gegaan? (Sien Jona 1:3.) Op watter wyse probeer ons soms, om van die Here se nabyheid of van 'n roeping wat aan ons deur een van sy teenwoordigers, gegee is,af weg te vlug? Wat is die resultate van sulke pogings?
- Hoe het die Here genade betoon en vir Jona gehelp om te bekeer? (Sien Jona 1:4–2:10.) Wat het Jona geleer, terwyl hy aan die binnekant van die groot vis was? (Sien Jona 2:1–9.) Hoe help die Here ons om te bekeer en na sy weë terug te keer?
- Gedurende sy aardse bediening, het die Verlosser gepraat oor die "teken van die profeet Jona" (Matthéüs 12:39). Wat het hierdie teken beteken? (Sien Matthéüs 12:39–41. Jona het drie dae en drie nagte in die maag van die groot vis gespandeer en is toe lewend uitgebring. Die Verlosser sou drie dae en drie nagte in die aarde begrawe wees en sou dan opstaan en voortgaan.)
- Deur sy profete, het die Here herhaaldelik beveel, dat elke waardige, bekwame jong man 'n voltydse sending moet dien. Hy het ook aangemoedig dat ouerige paartjies 'n voltydse sending dien, as hulle kan. (Sien die addisionele onderrig ideës.) Wat is sommige van die redes, waarom bekwame jong manne en ouerige paartjies kies om nie 'n sending te dien nie. (Tekort aan toevertroue en geloof, onwaardigheid, ongewilligheid om die gemak van huis en familie te verlaat, vrees van wat van hulle verwag mag word.) Wat kan ons uit die storie van Jona leer, wat ons kan help om meer moedig te wees in ons gehoorsaamheid aan die Here en om die evangelie te deel?

**2. Die mense van Ninevé reageer op Jona se boodskap en bekeer.**

Leer en bespreek Jona 3–4.

- Nadat Jona bekeer het, het die Here hom weer geroep om bekering aan die mense van Ninevé, te preek. Hoe het die mense van Ninevé op Jona se boodskap gereageer? (Sien Jona 3:5–9 en voetnota 9*a.* In antieke tye, het mense hulself in growwe materiaal geklee, naamlik saklinne, en in as gesit om hul ootmoedigheid en bekering te wys.) Hoe het God op die verandering in die mense gereaggeer? (Sien Jona 3:10 en voetnota 10*c.*)
- Jona het die ondergang van Ninevé geprofeteer (Jona 3:4). Hoe het Jona gereageer, toe die Here die mense van Ninevé vergewe het? (Sien Jona 4:1–3. Hy was kwaad omdat die Here genade getoon het aan die mense.)
- Wat het die Here vir Jona geleer, deur die groei van die kalbasplant wat skadu en vertroosting geoffer het, en toe dood gegaan het? (Sien Jona 4:4–11. God is lief vir al sy kinders. Net soos wat hy genade getoon het aan Jona, wou Hy genade betoon aan die bekeerde mense van Ninevé.) Wat kan Jona se ondervinding ons leer, oor hoe om ander mense lief te hê?

**3. Miga het geprofeteer oor die missie van Israel van die laaste dae.**

Leer en bespreek die volgende gedeeltes van Miga.

Die profeet Miga het die mense van Israel aangeroep om van hulle goddeloosheid te bekeer, en om na die Here terug te keer. Hy het oor die vernietiging van Jakob (Israel) en Juda, geprofeteer. Hy het ook geprofeteer dat Israel van die laaste dae (Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae) die doele van die Here met groot krag tot stand sou bring.

- Watter beloftes het die Here in Miga 2:12–13 gegee? (Hy het belowe dat hy die oorblyfsels van Israel bymekaar sou maak, dat hulle ʻn groot menigte sou word, en dat hy hulle sou lei.) Hoe is hierdie beloftes vandag besig om vervul te word?
- Sommige van Miga se groot profisieë oor die laaste dae kan in Miga 4:1–7 gevind word. Hoekom he Miga oor die tempel van die laaste dae geprofeteer? (Sien verse 1–2.) Wat het hy aangaande die Millennium geprofeteer? (Sien verse 3–7.) Hoekom is hierdie profesieë vir ons belangrik?
- Wat kan ons van Miga 4:11–13 leer, oor die lot van Israel van die laaste dae? (In die antieke wêreld, is osse gebruik om die graan uit te kaf. Hulle het oor die graan geloop, en die kaf van die kern geskei. Die kaf is weg gewaai en die kern is behou. Die nasies wat Sion teenstaan sal as gerwe op verbind word, en dan deur Israel op gekaf word.) Hoe kan hierdie skeiding van die kaf en die kern, vergelyk word met Israel van die laaste dae, se verantwoordelikheid om sending werk dwarsdeur die wêreld te doen? (Sien L&V 29:7; 33:5–7.)
- Van wie het Miga geprofeteer in Miga 5:2–4? (Vergelyk hierdie profesie met die rekord van sy vervulling in Matthéüs 2:4–6.)
- Waaraan word die Here se mense in Miga 5:7 vergelyk? Hoe kan die beeld van dou of reënbuie op die gras,vergelyk word met, die effek van die lede van die Kerk op die mense van die wêreld? Wat dink jy het Miga bedoel, deur te sê dat hierdie reënbuie "vir geen mens sal wag nie"? (Net soos wat mense nie die dou kan stop nie of kan keer dat die reënbuie val nie, so ook kan niks die vordering van die Here se werk deur die wêreld, keer nie.)
- Waarmee word die Here se mense vergelyk in Miga 5:8? Wat word deur hierdie beeld voorgestel, oor die sterkte en krag van die Here se werk? (Net soos wat ʻn trop skape geen krag het om ʻn jong leeu te stop nie, kan geen krag op aarde die werk van die Here keer nie.)

  In 1842 het die Profeet Joseph Smith verklaar, "Geen onheilige hand kan keer dat die werk voortgaan nie; vervolginge mag woed, menigtes mag saamstroom, weermagte mag byeenkom, skinderpraatjies mag skend, maar die waarhede van God sal met vrymoedigheid, edelikheid en onafhanklikheid voortgaan, totdat dit elke kontinent ingedring het, elke styging besoek het, oor elke land gesweep het, en in elke oor geklink het, totdat die doele van God bereik is, en die Groot Jehova sal sê, die werk is gedoen" (*Geskiedenis van die Kerk*, 4:540).
- Hoe kan Miga 6:6–8 ons help, wanneer ons oorweldig voel, oor alles wat van ons verwag word?
- Nadat hy geprofeteer het oor die Here se werk in die laaste dae, tot watter gevolgtrekking het Miga, oor die natuur van God, gekom? (Sien Miga 7:18–20.) Watter frases in hierdie verse, kan toegepas word aan die Here se handelinge

met die mense van Ninevé? Watter van hierdie frases kan aan die Here se handelinge met ons, toegepas word?

Slotsom

Getuig daarvan dat die Here al sy kinders lief het en dat ons, as Israel van die laaste dae, 'n groot verantwoordelikheid het om sy liefde en die waarhede van die evangelie, met alle mense te deel. Vra klas lede om dit wat hulle van Jona en Miga geleer het, te deel.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Elke waardige, bekwame jong man behoort homself voorteberei om 'n sending te dien**

Bespreek die volgende stelling van President Spencer W. Kimball:

"Wanneer ek vir meer sendelinge vra, vra ek nie vir meer getuielose of onwaardige sendelinge nie. Ek vra dat ons vroeër begin om ons sendelinge in elke tak, en elke wyk in die wêreld, beter op te lei. Dit is nog 'n uitdaging — dat die jong mense sal verstaan dat dit 'n groot voorreg is om op 'n sending te gaan en dat hulle fisies, verstandelik, en geestelik gesond moet wees, en dat 'die Here nie na enige sonde kan kyk, met die geringste toelating nie.'. . .

"Die vraag word gereëld gevra: Behoort elke jong man op sending te gaan? En die antwoord is deur die Here gegee. Dit is 'Ja.' Elke jong man behoort op sending te gaan" ("Wanneer die Wêreld Bekeer Sal Word," *Ensign,* Okt. 1974, 7–8).

**2. Die nood vir paartjie sendelinge**

Bespreek die volgende stelling van Ouderling David B. Haight:

"Namens die Broeders, is hierdie 'n roeping vir alle afgetreede paartjies, om dit ernstig te oorweeg om 'n sending te dien. Ons het desperaat meer paartjies nodig om te help om aan ons benodighede te voldoen. . . . Minder as 50 persent van die aansoeke vir sending paartjies van [ons] sending presidente af, word gevul. . . .

"Die Broeders hoop dat baie, baie meer paartjies hulself sal beskikbaar maak vir voltydse diens aan die Kerk. Die nood is groot! Honderde duisende nuwe lede sluit elke jaar by die Kerk aan, en hulle het nodig om 'n vriendelike stem, van ervare lede te hoor, wat hulle ondersteun en bemoedig.

"Die refrein, 'Ek sal gaan waar U wil hê ek moet gaan, liewe Heer' (*Gesang*, 1985, no. 270), behoort meer as net 'n gesang te wees wat ons op 'n Sondag sing. Dit behoort ons eie gebed van geloof te wees, soos wat ons dien, waar ook al die Here ons nodig het" ("Sending Paartjies: ''n Wonderlike Hulpmiddel,'" *Ensign,* Feb. 1996, 7, 12).

# "Ek Sal Jou Aan My In Geregtigheid Verbind"

Les
34

*Hoséa 1–3; 11; 13–14*

**Doel**

Om klas lede te help verstaan dat die Here liefdevol en genadiglik is, en dat hy ons sal vergewe wanneer ons bekeer en na hom terug keer.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:
   a. Hosea 1–3. Hosea gebruik die vergelyking van 'n getroue man en 'n owerspelige vrou, om die verhouding tussen die Here en Israel, te beskryf.
   b. Hoséa 11; 13–14. As gevolg van sy liefde vir sy mense, nooi die Here Israel voordurend uit om te bekeer en na hom toe terug te keer.
2. Addisionele leeswerk: Die res van Hoséa.
3. Indien jy die aandag aktiwiteit gebruik, skryf elk van die volgende frases, voor af, op 'n aparte stukkie papier. Indien jou klas klein is, berei slegs een stukkie papier vir elke klas lid voor.

"Die kinders van Israel sal soos die sand van die see wees" (Hoséa 1:10)
"Ek sal my woede, soos water op hulle uitgiet" (Hoséa 5:10)
"Die Here . . . sal tot ons kom soos die reën" (Hoséa 6:3)
"Hy sal soos 'n arend kom" (Hoséa 8:1)
"Israel is 'n leë wynstok" (Hoséa 10:1)
"En soos 'n gifplant, spruit die oordeel uit in die vore van die landerye" (Hoséa 10:4)
"Hulle sal . . . soos die rook uit die skoorsteen wees" (Hoséa 13:3)
"Ek val hulle aan soos 'n beer wat van haar kleintjies beroof is" (Hoséa 13:8)
"Ek is soos 'n groen denneboom" (Hoséa 14:8)

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Deel die papiere wat jy voorberei het, tussen klas lede uit (sien "Voorbereiding" hierbo). Verduidelik dat elk van hierdie frases, 'n vergelyking is uit die boek van Hoséa. Laat elke klas lid wat 'n papier gekry het, die frase hardop lees, en dan een moontlike betekenis vir die vergelyking, voorstel. Byvoorbeeld, om te sê dat iemand soos" 'n leeu "is, mag 'n aanduiding wees van krag en woede.

- Hoekom dink jy het Hoséa en ander profete vergelykings gebruik? (Om 'n gekompliseerde of onbekende ideë met 'n eenvoudiger of meer bekende een te vergelyk, maak dit makliker vir die mense wat geleer word, om dit te verstaan. Vergelykings help ook om baie besonderhede in net 'n paar woorde te verskaf.)

Verduidelik dat buiten hierdie kleiner vergelykings, het Hoséa ook veelvoudige vergelykings gebruik, wat metafore of gelykenisse genoem word (*gelykenis* is die woord wat in die geskrifte gebruik word). Die boek van Hoséa bevat baie vergelykings wat ons kan help om die verhouding tussen Jesus Christus en sy mense, beter te verstaan.

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daalikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

**1. Deur die vergelyking van 'n getroue man en 'n owerspelige vrou te gebruik, het Hoséa die verhouding tussen die Here en Israel beskryf.**

Leer en bespreek Hoséa 1–3. Indien jy nie die aandag aktiwiteit gebruik het nie, verduidelik wat 'n gelykenis is, voor jy met die bespreking begin.

Een van die mees gebruikte gelykenisse in die geskrifte, beskryf die Here as 'n bruidegom (of man) en sy verbonds volk as die bruid (of vrou). Hoséa 1 en3 gebruik hierdie gelykenis op 'n kragtige manier, deur Israel se afgodery met owerspel te vergelyk. In hierdie hoofstukke verteenwoordig die profeet Hoséa, die Here as die man, en Gomer verteenwoordig Israel as die vrou.

- In die boek van Hoséa, word die Here se verhouding met Israel (en met die Kerk vandag) met die verhouding tussen 'n man en vrou vergelyk. Wat kan hierdie vergelyking ons leer oor die tipe toevertroue en toewyding wat die Here van ons verwag?
- Op watter manier kan Israel met Gomer vergelyk word, wat as 'n "vrou van owerspel" beskryf is? (Sien Hoséa 1:2–3; 2:5, 13. Gomer het haar man vir haar minnaars verlaat; Israel het die Here vergeet en het goddeloos geword.)
- Wie of wat was Israel se "minnaars" —die dinge wat veroorsaak het dat die mense van die Here af weggedraai het? (Ander gode, materiele dinge, en die praktyke van die wêreld.) Watter dinge mag ons dalk van ons toewyding om die Verlosser te volg, weglei?
- Aan wie het die owerspelige vrou erkenning gegee vir haar kos en klere? (Sien Hoséa 2:5.) Aan wie het die Israeliete erkenning gegee vir die vrugbare land, waarin hulle gebly het? (Sien Hoséa 2:5, 12; aan hulle valse gode of afgode.) Hoe gee mense vandag, erkenning aan valse gode, vir die seëninge wat hulle ontvang?
- Hoe het die man sy vrou daaraan herinner dat hy— nie haar minnaars—haar kos, water en ander besittings voorsien het? (Sien Hoséa 2:8–9.) Op watter manier het die Here vir jou materiale en geestelike seëninge voorsien? Hoe kan ons aan die Here wys dat ons dankbaar is vir die seëninge wat hy ons gee ?
- Wat was die houding van die getroue man teenoor sy ontroue vrou in Hoséa 2:6–13? Hoe was hierdie houding anders in vere 14–23? (Wys daarop dat al was die vrou ongetrou, was die man nogsteeds lief vir haar en wou nogsteeds gehad het dat sy na hom toe sou terug kom. Soortgelyk, is die Here nogsteeds lief vir sy mense wat afgewandel het, en hy wil hê dat hulle na hom toe moet terug keer.)

  Ouderling Henry B. Eyring verduidelik: "Hierdie was 'n ware liefdes verhaal. Hierdie was 'n storie van 'n huweliks verbond wat deur liefde gebind was, deur standvastige liefde. . . . Die Here, met wie ek geseënd is om 'n verbond te hê, is lief vir my, en vir jou, . . . met 'n standvastigheid waaroor ek aanhoudend wonder en wat ek met my hele hart wil navolg" (*Verbonde en Opoffering* [toespraak gelewer aan die Kerk Onderrig Stelsel Simposium, 15 Aug. 1995], 2).

- Wat het die man aan sy vrou belowe, indien sy na hom toe sou terug keer? (Sien Hoséa 2:19.) Wat het die Here aan sy mense belowe, indien hulle bekeer en na hom toe terug keer? (Sien Hoséa 2:20, 23.) Hoekom is hierdie belofte belangrik?
- In Hoséa 3:1–2, het die man sy vrou van haar minnaar af gekoop (jy mag dalk wil verduidelik dat in Ou Testament kultuur, is vrouens dikwels as eiendom aanskou en kon dus gekoop of verkoop word.) Wat het die man van sy vrou vereis, nadat hy haar gekoop het? (Sien Hoséa 3:3.) Wat het hy haar belowe? Op watter manier het Jesus Christus elkeen van ons "gekoop"? (Sien 1 Petrus 1:18–19.) Wat vereis Christus van ons ?

**2. As gevolg van sy liefde vir sy mense, nooi die Here nogsteeds vir Israel uit om te bekeer en na hom terug te keer?**

Leer en bespreek Hoséa 11; 13–14.

Dwarsdeur die boek van Hoséa, tugtig die Here die Israeliete vir hul groot sonde. Nadat die Here, deur Hoséa, die gevangenskap en verwoesting wat as gevolg van Israel se goddeloosheid sal kom, beskryf het, het hy weer die mense genooi om te bekeer na hom terug te keer.

- Nog 'n vergelyking wat gereëld in die geskrifte gebruik word om die verhouding tussen die Here en sy mense te beskryf, is die meester-dier verhouding. Hierdie vergelyking word kortliks in Hoséa 11:4 gebruik. Wat kan ons leer, oor die Here se gevoel vir sy mense, deur hierdie vergelyking? (Sien ook Hoséa 11:7–9. Let daarop dat die Joseph Smith Vertaling van vers 8 sê "my hart is na U gedraai" in plaas van "my hart is in my omgedraai.")
- Die Here het die Israeliete meer as een keer herinner, hoe hulle voorvaders van Egiptiese bondskap verlos is (Hoséa 11:1; 12:9, 13; 13:4–5). Wat mag hierdie gebeure, 'n vergelyking van wees? (Sien Hoséa 13:14. Net soos wat die Here die kinders van Israel van Egiptiese bondskap verlos het, sal hy hulle ook — en alle mense wat na hom kom— van sonde en dood, verlos.)
- Wat moes die Israeliete doen, om na die Here terug te keer en verlossing te ontvang? (Sien Hoséa 12:6; 14:2–3. Hulle moet van hulle sondes bekeer,en die ander gode wat hulle gedien het, opgee.) Wat het die Here belowe om te doen, indien hulle bekeer? (Sien Hoséa 14:4–7.) Wat belowe die Here sal hy doen, indien ons van ons sondes bekeer?
- Hoe kan die vergelykinge in die boek van Hoséa jou help om beter te verstaan, hoe die Verlosser oor jou voel?

---

Slotsom

Getuig dat alhoewel die Here se seëninge bestem is vir diegene wat sy gebooie onderhou, is sy liefde voordurend en aan almal beskikbaar. Selfs wanneer ons van hom af wegdraai deur sonde, het die Here ons nogsteeds lief en wil hy nogsteeds hê dat ons moet bekeer en na hom terug keer. Moedig klas lede aan om getrou te wees aan die Here.

---

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. "Ek het 'n behae in liefde, nie in offerande nie" (Hoséa 6:6)**

In Hoséa 6:6 het die Here aan Israel gesê, "Ek het 'n behae in liefde, nie in offerande nie; en in kennis van God meer as in brandoffers." Gedurende sy aardse bediening, het Christus twee keer na hierdie vers verwys, in antwoord op kritiek van die Fariseërs (Matthéüs 9:13; 12:7). Nadat jy na die konteks van hierdie twee verwysings gekyk het, (Matthéüs 9:10–13; 12:1–8), bespreek wat hierdie vers beteken.

**2. "O Israel dit is jou verderf" (Hoséa 13:9)**

Gedurende Hoséa se bediening, is die Noordelike Koninkryk (Israel) deur die Assirieërs aangeval, wie uiteindelik die koninkryk vernietig het en die mense gevangene geneem het. Die Assirieërs is letterlik verantwoordelik gewees vir die vernietiging van Israel. Maar die Here het gesê, "O Israel, dit is jou verderf" (Hoséa 13:9).

- Op watter manier het Israel hulself vernietig? Wat was Israel se enigste hoop vir saligheid, na die vernietiging van hul nasie? (Sien Hoséa 13:9–10; 14:1.)

Indien ons Jesus Christus volg, hoe kan dit ons teen aardse en geestelike verwoesting beskerm?

**3. Bekering**

Indien dit beskikbaar is, mag jy dalk "Bekering: Dit is Nooit te Laat nie," 'n sesminute gedeelte wil wys, van die *Familie Tuis Aand Video Aanvulling 2* (53277).

# God Maak Sy Geheime Aan Sy Profete Bekend

Les **35**

*Amos 3; 7–9; Joël 2–3*

**Doel**

Om klas lede te leer dat die Here, in die laaste dae, sy geheime aan sy profete bekend maak en sy Gees oor alle mense uitstort.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:
   a. Amos 3:6–7. Amos leer ons dat die Here sy geheime aan sy diensknegte, die profete, bekend maak.
   b. Amos 7:10–17; 8:11–13; 9:8–15. Amos word deur God as 'n profeet geroep (7:10–15). Hy profeteer van die bondskap en verspreiding van Israel (7:16–17; 9:8–10). Hy profeteer dat daar 'n hongersnood, van luister na die woord van God, sal wees (8:11–13). Hy profeteer dat Israel, in die laaste dae, weer as 'n groot en voorspoedige nasie gevestig sal word. (9:11–15).
   c. Joël 2; 3:16–17. Joël profeteer van die oorloë en rampe van die laaste dae (2:1–11). Hy beroep die mense om te bekeer (2:12–14; let wel dat die Joseph Smith Vertaling van verse 13 en 14 verduidelik dat die mense, nie die Here, moes bekeer.) Joël profeteer dat God sy mense in die laaste dae sal seën, en sy Gees oor hulle sal uitstort (2:15–32; 3:16–17).
2. Addisionele leeswerk: Joseph Smith—Geskiedenis 1:41; Leer en Verbonde 1:14–28, 37–38.
3. Indien jy die tweede aandag aktiwiteit gebruik, mag jy dalk wil reël vir 'n musikale begeleiding vir die gesang. Jy mag ook 'n klas lid wil vra om kortliks die onlangse raad van die profeet, te deel.
4. Indien moontlik, kry 'n prent van die huidige profeet.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk een van die volgende aktiwiteite (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin. Kies die aktiwiteit wat die beste by jou klas sal pas.

Aandag Aktiwiteit

1. Deel die volgende storie met klas lede:

   "Toe ek 'n jong vrou en ma was, het my man twee jaar in die lugmag gedien. Ons het in militêre behuising in Long Island, New York, gebly. Terwyl ek ons jong kinders versorg het, het ek gereeld by bure, wat van regoor die wêreld afkomstig was, gekuier. Eendag, terwyl ek en 'n buurvrou besig was om te praat oor waarin ons glo, het sy nuuskierig geword oor wat Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, so anders maak.

   "Ek het haar kortliks vertel van die Restourasie, en ek het verduidelik dat die gerestoureerde Kerk van Jesus Christus, vandag 'n lewende profeet het. Dit het haar belangstelling rerig geprikkel, en sy wou geweet het, wat die profeet gesê het. Ek het haar begin vertel van die Leer en Verbonde en modern openbaringe, toe sy vra, 'Maar wat het hy onlangs gesê?' Ek het haar vertel dat daar 'n algemene konferensie is en dat die Kerk 'n maandelikse publikasie het, met 'n boodskap van die profeet. Toe het sy nog meer belangstelling getoon. Ek was so skaam om te erken dat ek nog nie die huidige boodskap

gelees het nie. Sy het ons gesprek beëindig deur te sê. 'Jy bedoel julle het 'n lewende profeet en jy weet nie wat hy gesê het nie?' " (Janette Hales Beckham, "Ondersteun die Lewende Profeet," *Ensign,* Mei 1996, 84).

- Indien iemand jou moes vra, wat die lewende profeet onlangs gesê het, sou jy die vraag kon antwoord?

Verduidelik dat hierdie les beklemtoon hoe belangrik dit is om na die lewende profeet te luister en hom te volg.

2. Vra klas lede om gesang "Ons Dank U, O God, vir 'n Profeet" (*Gesang,* no. 19), te sing. Verduidelik dat dit belangrik is vir ons om die raad van ons lewende profeet te studeer. Nooi klas lede uit, om sommige van die raad wat hy onlangs gegee het, te deel. Of nooi 'n klas lid uit om kortliks, van die raad wat die profeet onlangs gegee het, op te som.

---

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel, wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

Amos was 'n skaap herder van Tekoa, 'n klein dorpie suid van Jerusalem. Hy het die mense in die koninkryk van Israel bedien, vanaf omtrent 800 tot 750 V.C. Meeste van hierdie mense was afvallig. Hulle was lief vir rykdom en om die armes te verdruk, en hulle was so gehard dat nie eens hongersnood of plae, hulle tot nederigheid kon bring nie. Soos wat Amos die mense met hulle sondes gekonfronteer het, het hy selfs meer aaklige strawwe geprofeteer. Tog het hy beklemtoon dat God ywerig is om enige een wat sal bekeer, te vergewe en skoon te maak, en het gepleit, "Soek die Here, dan sal julle lewe" (Amos 5:6). Amos het ook oor die laaste dae geprofeteer.

Die profeet Joël het die mense in die koninkryk van Juda bedien. Ons weet nie presies wanneer hy gelewe het nie, maar sy profesieë is van spesifieke belang aan ons, omdat baie van hulle te doen het met die laaste dae. Joël het die kragtige beeld van 'n swerm sprinkane wat besig is om alles te verslint gebruik, om die verwoesting van weermagte en God se oordeel in die laaste dae, te simboliseer. Joël het ook groot seëninge in die laaste dae, geprofeteer, siende dat die Here [Sy] "gees oor alle vlees sal uitstort " (Joël 2:28).

**1. Amos leer dat die Here sy geheime aan sy diensknegte, die profete, openbaar.**

Leer en bespreek Amos 3:6–7.

- Hoe hoor ons vandag, die woord van die Here? Wat het die profeet Amos, geleer oor die belangrikheid van profete? (Sien Amos 3:7.) Watter twee woorde is in die Joseph Smith Vertaling van Amos 3:6 en 7, verander? (Sien voetnota 6*b* en 7*a*; in vers 6 die woord *weet* in plaas van *doen* gebruik en in vers 7 die woord *tot* in plaas van *maar.*) Hoe maak hierdie veranderinge die betekenis van hierdie gedeelte, duideliker? Wys daarop dat die Joseph Smith Vertaling self, 'n voorbeeld is van hoe die Here sy geheime aan 'n profeet bekend gemaak het, sodat ons daarby mag baat.
- Wat leer Leer en Verbonde 1:37–38 ons oor die respek wat ons moet hê, vir die boodskappe van die profete af? (Vertoon 'n prent van die lewende profeet.) Soos wat in Leer en Verbonde 21:4–5, geskryf staan, watter raad en gebod het

die Here aan die Heiliges gegee, op die dag wat die Kerk georganiseer was? Watter seëninge het hy belowe, indien die Heiliges, did sou doen? (Sien L&V 21:6.) Hoe het jy al gesien hoe hierdie beloftes in jou lewe vervul is, soos wat jy gehoorsaam was aan die raad van die profete?

**2. Amos profeteer van antieke Israel asook Israel van die laaste dae.**

Leer en bespreek Amos 7:10–17; 8:11–13; 9:8–15.

- Hoekom het Amásia, 'n priester in die koninkryk van Israel, vir Amos gevra om die land te verlaat? (Sien Amos 7:10–17. Amos het geprofeteer dat onheil oor die mense en hul koning sou kom. Amásia en sy mense wou nie die waarheid, oor hulle bose dade, hoor nie.) Wat kan ons in verse 14 tot 17 leer oor die profeet Amos? (Hy het integriteit en moed gehad. Hy wou nie, dit wat die Here aan hom gesê het,verander nie, maar het aangehou om te profeteer dat onheil oor die mense sou kom, indien hulle nie bekeer nie.)
- Hoekom het so baie mense, in alle tye, die boodskappe van die profete verwerp, of geignoreer? Wat het Amos geprofeteer, sou die eind resultaat wees, indien Israel die raad van die profete sou verwerp? (Sien Amos 8:11–13. Geestelike hongersnood, of afvalling, sou die resultaat wees.) Wat is die resultate, vir ons persoonlik, indien ons die raad van die profete, verwerp?

  Amos se profesieë van 'n geestelike hongersnood onder die kinders van Israel, is na die tyd van Maleági, die laaste Ou Testament profeet, vervul. Hierdie periode het ongeveer 400 jaar later geëindig, toe Johannes die Doper geroep is om die weg vir Jesus Christus, voor te berei. Amos se profesieë het ook betrekking gehad op die Groot Wegvalling, die eeue van geestelike duisternis na die dood van die Verlosser se Apostels, en deur die restourasie van die evangelie, deur die Profeet Joseph Smith, beëindig is.
- Op watter manier kan die afwesigheid van die woord van die Here, aan 'n hongersnood vergelyk word? Watter getuienis kan ons vandag sien, van mense wat "van see tot see" wandel, opsoek na die woord van God? Hoe kan die seëninge van die gerestoureerde evangelie, aan 'n feesmaal vergelyk word?
- Watter boodskap van hoop, word die boek van Amos mee afgesluit? (Sien Amos 9:8–15. Die kinders van Israel sou nie heeltemal vernietig word nie, hulle sou versprei word onder alle nasies, en sal in die laaste dae weer as 'n groot en voorspoedige nasie, gevestig word. Let daarop, dat die Here aan die einde van vers 9 duidelik stel dat Hy besorgd is oor elke lid van die huis van Israel.)

**3. Joël profeteer dat God sy mense in die laaste dae sal seën en sy Gees oor hulle sal uitstort.**

Leer en bespreek Joël 2; 3:16–17.

Joël het van die gebeure van die laaste dae wat voor die Verlosser se Tweede Koms sal plaas vind, beskryf. Hy het die optrek van 'n groot leër beskryf, wat verskriklike verwoesting sou meebring as gevolg van die goddeloosheid van die mense (Joël 2:1–11). Hy het op Israel aanspraak gemaak om te bekeer en na die Here terug te draai, en belowe dat God in hulle midde sou wees, en het die uiteindelike triomf en verlossing van Israel, beskryf Joël 2:12–32).

- Skryf *Joël 2:12–32* en *Joël 3:16–17* op die swartbord. Vra klas lede om hierdie gedeeltes te hersien en om te kyk vir antwoord op die volgende vraag: Watter uitnodiging het die Here aan diegene wat in die laaste dae leef, gegee?

  Skryf die woord *Uitnodigings* op die swartbord. Soos wat klas lede frases noem, skryf sleutelwoorde van elke uitnodiging op die swartbord. Moedig klas lede aan om hierdie frases in hulle geskrifte te merk. Die volgende is sommige van die uitnodigings wat genoem kan word:

  *Uitnodigings*

  a. "Bekeer julle tot My met julle hele hart" (Joël 2:12).
  b. "Skeur julle harte" (Joël 2:13, wat beteken om jou hart te breek, of om nederig te word).
  c. "Bekeer julle tot julle Here julle God" (Joël 2:13).
  d. "Heilig die gemeente" (Joël 2:16).
  e. "Wees nie bevrees nie; Juig en wees bly" (Joël 2:21).

- Wat stel hierdie uitnodigings voor, oor hoe belangrik dit is om na die Here te draai, met ons hele hart? Wat kan ons doen om onsself te heilig, sodat ons waardig mag wees om die Here se beloofde seëninge te ontvang?

- Vra klas lede om Joël 2:12–32 en Joël 3:16–17 weer te hersien, en soek vir antwoorde op die volgende vraag: Watter seëninge het die Here aan diegene belowe wat hom in die laaste dae sou volg?

  Skryf die woord word *Seëninge* op die swartbord. Soos wat klas lede frases noem, skryf die sleutel woorde van elke seëning op die swartbord. Klas lede mag dalk ook hierdie frases in hul geskrifte wil merk. Die volgende is sommige van die seëninge wat genoem kan word:

  *Seëninge*

  a. "Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en is goedhartigheid, en sal die onheil van jou af wegdraai" (Joseph Smith Vertaling, Joël 2:13; sien voetnota 13*b*).
  b. Die Here sal"sy mense genadig wees" (Joël 2:18).
  c. Die Here sal die noordelike leër (wat in vers 1 en 11 beskryf word) na 'n onvrugbare plek lei. (Joël 2:20).
  d. "Dan sal julle oorvloedig eet, en versadig wees" (Joël 2:26).
  e. "Ek is in die midde van Israel. . . en my volk sal ewiglik nie beskaamd staan nie" (Joël 2:27).
  f. "Ek sal my gees op alle vlees uitgiet" (Joël 2:28; sien ook vers 29).
  g. Jonk en oud sal profeteer, drome droom en visioene sien (Joël 2:28).
  h. "Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word" (Joël 2:32).
  i. "Die Here brul uit Sion, en uit Jerusalem verhef Hy sy stem" (Joël 3:16).
  j. "Die Here sal die hoop van sy mense wees" (Joël 3:16).
  k. "Die Here sal . . .'n skuilplek vir die kinders van Israel wees" (Joël 3:16).
  1. "Dan sal julle weet dat Ek die Here julle God is, wat in Sion woon" (Joël 3:17).

- Wat leer hierdie seëninge ons, oor die Here se verpligting teenoor sy verbonds volk? oor sy krag, vir sy Heiliges se onthalwe? oor sy genade en liefde? oor ons geleenthede in die laaste dae?

- Joël se verklaring dat die Here sy Gees oor alle mense, in die laaste dae, sal uitstort (Joël 2:28–29) is 'n sterk kontras, met die hongersnood wat Amos beskryf het (Amos 8:11–12). Die engel Moroni het Joël se profesie aan Joseph Smith aangehaal, toe hy hom vertel het dat die tyd nog nie vervul is nie, maar dat dit naby was (Joseph Smith—Geskiedenis 1:41). Watter voorbeelde het jy al gesien, van hierdie uitstorting, in die lewens van jeug en volwassenes, vandag?

Slotsom

Beklemtoon dat dit 'n groot voorreg is om in die laaste dae te leef, wanneer baie profesieë besig is om vervul te word en wanneer ons die leiding van 'n lewende profeet het. Moedig klas lede aan om met gebed, die woorde van die lewende profeet te studeer en sy raad in hul lewens toe te pas.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Om gerus te wees in Sion**

- Amos waarsku die mense om nie "gerus te wees in Sion nie" (Amos 6:1). Wat beteken dit om gerus te wees in Sion? (Sien 2 Nefi 28:19–24, 27, 29–30.)

Op watter manier mag ons dalk vandag, gerus wees in Sion? Hoe kan ons hier teen beskerm?

**2. "Ek sal My gees oor alle vlees uitstort" (Joël 2:28)**

- Al die moderne uitvindsels in reis en in kommunikasie, het sedert die restourasie van die evangelie, plaas gevind. Hoe help hierdie ontwikkelinge om Joël se profesieë in Joël 2:28–29 te vervul? Hoe help hierdie ontwikkelinge om die werk van die Here in ons dag, te bevorder?

  Jy mag dalk die volgende stelling van Ouderling Joseph Fielding Smith wil lees, om klas lede te help om die groot voordele wat hierdie uitvindsels vir die werk van die Here inhou, te verstaan:

  "Ek glo dat indien daar geen restourasie van die evangelie was nie, en geen organisasie van die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste dae was nie, dat daar geen radio; geen vliegtuie, en geen wonderlike ontdekkinge in medisyne, chemie, elektrisiteit, en vele ander dinge waarby die wêreld gebaat het,sou gewees het nie. Onder sulke omstandighede, sou hierdie seëninge weerhou geword het, want hulle behoort aan die Bedeling van die Volheid van Tye, waarvan die restourasie van die evangelie en die organisasie van die Kerk die sentrale punt is,waardeur die Gees van die Here, dwarsdeur die hele wêreld, uitgestraal word. Die inspirasie van die Here het uitgegaan en die verstand van die mens aangegryp, alhoewel hulle dit nie weet nie, en hulle word deur die Here gelei. Op hierdie manier bring hy hulle in Sy diens, sodat sy doele en sy geregtigheid, op die regte tyd,oppermagtig, op die aarde mag wees.

  " . . . Ek glo nie vir een oomblik dat hierdie ontdekkinge net gebeur het nie, of dat hulle vanweë 'n hoër intelligensie mee gebring is nie, wat mense vandag besit, meer as diegene wat in die verlede geleef het nie. Hulle het gekom en is nogsteeds besig om te kom, omdat die tyd ryp is, omdat die Here dit gewil het, en omdat hy sy Gees oor alle vlees uitgestort het" (in Konferensie Raport, Okt. 1926, 117).

Les
# 36 Die Glorie van Sion Sal 'n Beskerming Wees

*Jesaja 1–6*

**Doel**

Om klas lede aan te moedig om die bose dinge van die wêreld te vermy deur in heilige plekke te staan en om krag te ontvang, uit Jesaja se gewilligheid om te dien.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die gedeeltes van Jesaja 1–6 wat in hierdie les bespreek word.
2. Addisionele leeswerk: 2 Nefi 11.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk een van die volgende aktiwiteite (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiweit

Verduidelik dat die Here dikwels dieselfde idee, baie kere dwarsdeur die geskrifte, herhaal. Skryf die volgende verwysings op die swartbord en vra klas lede om te ontdek watter raad die Here gegee het, om ons te help om beproewinge in die laaste dae te verduur.

Leer en Verbonde 45:32
Leer en Verbonde 87:8
Leer en Verbonde 101:22

Skryf op die swartbord *"Staan julle in heilige plekke, en moenie wankel nie."*

- Wat dink jy beteken hierdie frase? (Antwoorde mag insluit, om ten alle tye waardig te wees, 'n begeerte te hê om gereëld in heilige plekke te wees, om te besluit om nie in onheilige plekke in te gaan nie, om vertroue te hê dat God jou sal lei, en om op te staan vir waarheid en heiligheid.)

Verduidelik dat in hierdie les, sal klas lede ontdek hoekom die Here ons beveel het om in heilige plekke te staan, en wat hierdie heilige plekke is.

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

"Groot is die woorde van Jesaja," het die Verlosser aan die Nefiete verkondig, toe hy hulle beveel het om die profesieë van Jesaja te ondersoek (3 Nefi 23:1). Die profesieë van Jesaja word meer dikwels in die Nuwe Testament, Boek van Mormon, en in die Leer en Verbonde aangehaal, as enige ander profeet. Hy het baie dinge aangaande die aardse bediening van die Verlosser geprofeteer, oor die verwoesting wat Israel se goddeloosheid sou volg, en oor die missie en voorbestemming van Israel in die laaste dae.

**1. Jesaja beskryf die toestand van die wêreld, in die laaste dae.**

- Baie van Jesaja se waarskuwings en profesieë is van toepassing op beide sy tyd, wat 'n tyd van verskriklike goddeloosheid was, asook ons tyd. Hoe is die omstandighede wat in die volgende skrifte beskryf word, sigbaar in die wê-

reld vandag? (Jy mag dalk die verwysings op die swartbord wil skryf, en klas lede dan vra om hulle te vind.)

a. Jesaja 1:3–5 (In opstand teen die Here)
b. Jesaja 1:11–15 (Godsdienstige seremonies sonder enige betekenis of geloof)
c. Jesaja 2:7–8 (Die aanbidding van wêreldse dinge en militêre sekuriteit, in plaas van die Here; let daarop dat perde en strydwaens as instrumente van oorlogvoering gebruik was, in antieke tye)
d. Jesaja 2:11–12 (Hoogmoed)
e. Jesaja 3:5 (Verdrukking van ander mense en geen respek vir ouer mense nie)
f. Jesaja 3:9 (Geen skaamte vir sonde nie)
g. Jesaja 3:14–15 (Om voordeel te trek uit die armes en om nie vir hulle om te gee nie)
h. Jesaja3:16–24 (Beklemtoon die uitwaardse fisiese skoonheid ten koste van geregtigheid en goeie karakter)
i. Jesaja 5:8 (Gulsige begeertes om altyd meer en meer materiale dinge te besit)
j. Jesaja 5:11–12 (Om voortduurend wêreldse plesier te soek, in plaas daarvan om die Here en sy werk te soek)
k. Jesaja 5:20 (Om te sê dat bose dinge goed is en goeie dinge boos is)
l. Jesaja 5:21 (Vertrou op jouself in plaas van in God)
m. Jesaja 5:24 (Verag die gebooie en die woord van God)

- Hoe is hierdie profesieë besig om vandag vervul te word? (Sien die addisionele onderrig ideë vir verdere bespreking van sommige van hierdie profesieë.)

**2. Jesaja raai die gelowiges aan om in heilige plekke te staan.**

- Watter plekke offer beskerming teen die wêreldse omstandighede wat in Jesaja genoem word? Wat is die drie heilige plekke wat inJesaja 4:5–6 genoem word?

a. Elke woonplek van die berg Sion (huise)
b. Plekke van samekoms (ringe, wyke en takke; sien ook L&V 115:5–6)
c. Tabernakel (tempels)

- Hoe kan ‘n huis ‘n heilige plek wees, wat ‘n heenkome teen die goddeloosheid van die wêreld, kan offer? Hoe kan ringe, wyke, en takke heilige plekke en ‘n heenkome wees? Hoe kan ‘n tempel‘n heilige plek en ‘n heenkome wees? Hoe het hierdie drie plekke gehelp om aan jou‘n beskerming teen die booshede van die wêreld, te bied?

  Jy mag dalk *Staan in Heilige Plekke* op die swartbord wil skryf en dan onder dit *1. Huise; 2 Ringe, Wyke, en Takke;* and *3. Tempels.* Lys klas lede se aanmerkings onder elke opskrif.

- Watter uitdrukkinge word in Jesaja 4:5–6 gebruik om hierdie heilige plekke wat ons sal beskerm, te beskryf?

a. "‘n Skadu bedags teen die hitte "
b. "‘n Skuilplek en toevlug"
c. "‘n Afdak [‘n skuilplek of bedekking] teen die stortbui en reën"

- Baie van Jesaja se woorde is ook in die Boek van Mormon ingesluit. Laat ‘n klas lid 2 Nefi 14:5 lees, om te sien watter woorde by Isaiah 4:5 toegevoeg is. (Die woorde *van Sion* is bygevoeg.) Hoe verander die toevoeging van hierdie woorde, hoe ons hierdie vers verstaan?

- Watter profesie oor tempels in die laaste dae, is in Jesaja 2:2–3 ingesluit? (Baie mense sal na die huis van God kom, wat die tempel is, met 'n begeerte om die gebooie van God te leer en in sy weë te wandel.) Hoekom dink jy het Jesaja die tempel as 'n "Berg van die Here" beskryf? (Antieke profete het dikwels na berge gegaan om met die Here te kommunikeer en om raad van hom af te ontvang. Hy het daar, dinge aan hulle geopenbaar. Ons kan vandag soortgelyke ondervindinge, in die tempel hê.)

**3. Jesaja beskryf die insameling van Israel in die laaste dae.**

In Jesaja 5:26–29, beskryf Jesaja die insameling van Israel in die laaste dae. Die vaandel wat opgehou sal word, is Die Kerk van Jesus Christus van die Laaste Dae. Om te fluit of om nader te roep, stel die uitnodiging aan die nasies van die aarde voor, om tot die Kerk ingesamel te word. Hierdie insameling sal vinnig en met krag plaas vind.

- Hoe is die profesie, dat alle nasies tot die Kerk ingevorder sal word, besig om vandag vervul te word? (Sendelinge is besig om dwarsdeur die wêreld te gaan om die evangelie te leer en mense na die waarheid te lei.) Wat kan elkeen van ons doen om te help om hierdie profesie te vervul?

**4. Jesaja het gewilliglik geantwoord op sy roeping as 'n profeet.**

Die Here het Jesaja deur 'n visioen geroep om 'n profeet te word, waarin Jesaja die Here in sy glorie gesien het. Hierdie visioen is inJesaja 6 aangeteken.

- Hoe het Jesaja die glorie van die Here beskryf? (Sien Jesaja 6:1–4.) Wat het Jesaja gesê, toe hy die Here sien? (Sien Jesaja 6:5. Jesaja het gevoel dat hy nie waardig was, om in die Here se teenwoordigheid te wees nie.) Hoe het die Here simbolies gewys dat Jesaja nou, voor hom, skoon was? (Sien Jesaja 6:6–7.) Hoe het Jesaja geantwoord, toe die Here hom as 'n profeet geroep het? (Sien Jesaja 6:8.)
- Jesaja het dieselfde woorde gebruik toe hy sy roeping aanvaar het, as wat die Verlosser gebruik het toe Hy die verantwoordelikheid aanvaar het, om die plan van ons Hemelse Vader vir die saligheid van sy kinders, mee te bring (Abraham 3:27). Wat is sommige van die situasies waarin ons dalk, die Here met soortgelyke woorde moet antwoord? (Antwoorde mag insluit, wanneer ons geroep word om 'n sending te dien, wanneer ons gevra word om in die Kerk te dien, en wanneer ons gevra word om moeilike beproewinge te verduur.)
- Baie van die hoofstukke in Jesaja, is ook in die Boek van Mormon aangehaal, insluitende hoofstukke 2 tot 6. Wat was die rede wat die profeet Nefi gegee het, vir hoekom hy Jesaja se woorde in sy rekord, ingesluit het? (Sien 2 Nefi 11:8.)
- Watter van die boodskappe in hierdie hoofstukke van Jesaja, laat jou voel jy wil juig? Watter van die boodskappe in hierdie hoofstukke, voel jy is die belangrikste om op jouself toe te pas?

---

Slotsom

In die woorde van Jesaja, leer ons oor baie dinge oor die laaste dae. Deur die woorde van Jesaja te studeer, kan ons leer hoe om in heilige plekke te staan en hoe om die bose dinge van die wêreld, te vermy. Deur sy voorbeeld te volg, kan ons meer gewillige diensknegte van ons Hemelse Vader wees.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dit dalk as deel van die les wil gebruik.

**Verdere bespreking van Jesaja se profesieë in Jesaja 1–6**

*Hoe om ons godsdienstige waarneminge, aan die Here aanvaarbaar te maak*

- Volgens Jesaja 1:11, 16–17, hoekom was die Israeliete se offerandes, onaanvaarbaar vir die Here? (Alhoewel die Israeliete probeer het om uiterlik, godsdienstig te wees, was hulle harte ver van God af. Sien ook Matthéüs 5:23–24; Moroni 7:6–9.) Hoekom probeer sommige mense om uiterlik, godsdienstig te wees, maar tog is hulle harte ver van God af? Hoekom vind God hierdie tipe skynheiligheid, so aanstootlik?

*Die seëninge van vergifnis*

- Jesaja verskaf twee pragtige beelde, wat ons kan help om te verstaan, hoe volmaak die Here se vergifnis is, aan diegene wat bekeer. Hy het gesê, "Al was julle sonde soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol" (Jesaja 1:18). Hoe kan hierdie beelde ons help, wanneer ons gesondig het, en voel of ons ver verwyderd is, van die Here ? (Sien ook L&V 58:42.)

*Vermy wêreldsgesindheid in ons voorkoms*

- Ouderling Joseph Fielding Smith het aangaandie hierdie profesie, in Jesaja 3:16–24 gesê, dat dit betrekking op vandag se Kerk lede het "die mans, sowel as die vrouens" (*Antwoorde op Evangelie Vrae,* ss. Joseph Fielding Smith Jr., 5 vol. [1957–66], 5:174). Hoe kan wat ons aantrek, ons geestelike welsyn weerspieël, of beinvloed? Wat beteken dit om, beskeie te wees in ons kleredrag? Wat is die gevare van te behep raak, met ons klere en persoonlike voorkoms? (Sien Alma 31:27–28.) Hoe kan ons kinders leer om wêreldsgesindheid in hul voorkoms, te vermy?

*Noem kwaad goed en goed kwaad*

- Hoekom was Israel se vermoë om tussen goed en kwaad te onderskei, benadeel? (Sien Jesaja 5:20.) Op watter manier, noem mense vandag, kwaad goed en goed kwaad? Wat kan ons doen om seker te maak dat ons die verskil tussen goed en kwaad kan erken? (Sien 2 Nefi 32:5; L&V 45:57.)

*"Wys in hul eie oë"*

- Wat het Jesaja bedoel toe hy die mense gewaarsku het, om nie "wys in hul eie oë, en na hul eie oordeel verstandig" te wees nie? (Jesaja 5:21). Wat veroorsaak hierdie probleem? Hoekom is dit so gevaarlik? Hoe kan ons daarteen waak?

*"Sy hand is steeds uitgestrek"*

- Watter boodskap het Jesaja in Jesaja 5:25, 9:12, 17, 21, en 10:4 beklemtoon? Hoekom is hierdie boodskap belangrik? Hoe het jy tot 'n besef van die waarheid van hierdie boodskap gekom?

Les
# 37 "U Het Wonderlike Dinge Vermag"

*Jesaja 22; 24–26; 28–30*

**Doel**

Om klas lede te help om na Christus te kom, deur sommige van die wonderlike dinge wat hy gedoen het, te erken.

**Voorbereiding**

Met gebed, studeer die volgende skrifture:

a. Jesaja 22:22. Die Verlosser maak die deur na ons Hemelse Vader se teenwoordigheid, oop.
b. Jesaja 24:21–22. Die Verlosser is genadig teenoor diegene in geestelike gevangenskap.
c. Jesaja 25:1–4; 32:1–2. Die Verlosser is 'n sterkte en 'n heenkome.
d. Jesaja 25:6–9. Die Verlosser sal 'n feës voorberei en die "voorhangsel" vernietig"
e. Jesaja 25:8. Die Verlosser vee ons trane weg.
f. Jesaja 26:19. Die Verlosser sal die Opstanding moontlik maak.
g. Jesaja 28:16. Die Verlosser is ons onfeilbare fondasie.
h. Jesaja 29:4, 9–14, 18, 24. Die Verlosser sal die evangelie op die aarde restoureer.
i. Jesaja 30:19–21. Die Verlosser ken ons beproewinge en lei ons paaie.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Vertel klas lede van 'n familie lid of vriend, wat 'n wonderlike ding vir jou gedoen het. Nooi klas lede uit om te praat oor mense wat wonderlike dinge vir hulle gedoen het. Vra hulle om kortliks hulle gevoelens vir hierdie mense te beskryf. Verduidelik dat hierdie les van die wonderlike dinge wat ons Verlosser gedoen het, sal beklemtoon.

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

Verduidelik dat die profeet Jesaja simboliese taal gebruik in baie van sy leringe. Hierdie taal, leer nie direk nie, so ons moet Jesaja se woorde ondersoek en bepeins, om die waarhede wat hulle leer, te ontdek.

Sommige van Jesaja se mooiste en mees diepsinnige simboliese taal, word in verband met die Verlosser gebruik,wie die fokus van hierdie les is. Jy mag dalk *"Hy word genoem: Wonderbaar"* (Jesaja 9:5 op die swartbord wil skryf. Soos wat jy die volgende profesieë, oor die Verlosser bespreek, som elkeen op die swartbord op.

**1. Die Verlosser maak die deur na Hemelse Vader se teenwoordigheid oop.**

Bespreek Jesaja 22:22.

- Jesaja 22:22 sê dat die Messias "die sleutel van die huis van Dawid" het. Dit is 'n simboliese manier om te sê, dat die Verlosser die krag het, om enige persoon toe te laat of uit te sluit, van die teenwoordigheid van Hemelse Vader. (Sien ook Openbaring 3:7–8; 2 Nefi 9:41.) Wat het die Verlosser gedoen om hierdie

deur vir ons oop te maak? Wat moet ons doen om toegelaat te word om in te gaan? (Sien 2 Nefi 9:45.)

**2. Die Verlosser is genadig teenoor diegene in geestelike gevangenskap.**

Bespreek Jesaja 24:21–22.

- Watter gevangenskap word in Jesaja 24:21–22 na verwys? (Geestelike gevangenskap, die plek waar die geeste van sommige oorledenes gaan terwyl hulle vir die Opstanding wag.) Hoekom is die geeste van sommige oorledens in geestelike gevangenskap? (Sien L&V 138:32. Sommige het nie die evangelie op die aarde ontvang nie, en andere was nie onverskrokke in hul getuienis nie,)
- Wat het die Verlosser vir die geeste in gevangenskap gedoen? (Sien Jesaja 42:5–7; L&V 138:29–37. Hy het regverdige geeste georganiseer om hulle die evangelie te leer.) Hoe het dit die Verlosser se liefde en genade gedemonstreer? (Sien Jesaja 49:9–10.)

**3. Die Verlosser is ‘n sterkte en ‘n heenkome.**

Bespreek Jesaja 25:1–4; 32:1–2.

- Jesaja het geskryf dat die Verlosser ons versterk deur die storms, orkane, woestyne, en hitte van ons lewens. Wat leer die volgende beelde ons, oor hoe die Verlosser ons deur sulke uitdagings, help?

  a. Hy is ‘n heenkome teen die storm (Jesaja 25:4).
  b. Hy is ‘n skadu teen die hitte (Jesaja 25:4).
  c. Hy is ‘n skuilplek teen die wind (Jesaja 32:2).
  d. Hy is ‘n bedekking teen die storm (Jesaja 32:2).
  e. Hy is riviere water in ‘n droë plek (Jesaja 32:2).
  f. Hy is die skadu van ‘n groot rots in ‘n moë (dorstige) land (Jesaja 32:2).

**4. Die Verlosser sal ‘n fees voorberei en die “voorhangsel” vernietig.**

Bespreek Jesaja 25:6–9.

- Een interpretasie van Jesaja 25:6–7 is dat die berg ‘n simbool vir die temple is (sien ook Jesaja 2:2; L&V 58:8–9). Wat is die fees wat in Jesaja 25:6 genoem word? (‘n Fees van die woorde en leringe van Christus.) Hoe kan tempel bywoning soos ‘n fees, wees?
- ‘n Sluier of voorhangsel, is ‘n dun oortreksel of bedekking. Dit simboliseer dikwels die ongeloof wat mense verhoed, om waarlik tot Christus te kom (Moses 7:26). Hoe sal die ‘‘voorhangsel’’ wat oor die aarde is, vernietig word? (Sien Jesaja 25:7–9.)

**5. Die Verlosser vee ons trane weg.**

Bespreek Jesaja 25:8.

- Wat doen jy, wanneer iemand vir wie jy life is, huil? Hoe vee die Verlosser ‘‘[ons] trane weg’’? (Stel voor dat klas lede ‘n ouer wat die trane van‘n kind se gesig af vee, moet voorstel. Daar is ‘n gevoel van innigheid in hierdie daad. Dit is ‘n teergevoelige daad wat slegs deur mense gedeel word, wat mekaar inniglik vertrou en lief het.)

- Wat is die omstandighede wat in in Openbaring 21:4 genoem word, wat trane veroorsaak? Hoe sal die Verlosser die trane weg vee, wat deur hierdie omstandighede veroorsaak is?

**6. Die Verlosser sal die Opstanding mee bring.**

Bespreek Jesaja 26:19.

- Jesaja het geprofeteer dat die Messias sou kom, dat hy sou sterf en dat hy sou opstaan (Jesaja 25:8). Wie anders sal ook opstaan? (Sien Jesaja 26:19; 1 Korinthiërs 15:20–22; Alma 11:43–44. Al die kinders van God wat ooit op die aarde geleef het, sal opstaan.) Wat word in Jesaja 26:19 voorgestel, oor hoe ons sal voel wanneer ons opstaan? (Sien ook L&V 138:12–16, 50.)

  Die Profeet Joseph Smith het gesê: "Wanneer die stem na die dooies roep, om op te staan,. . . wat sal die eerste vreugde van my hart wees? Om my vader, my moeder, my broer, my sister te ontmoet; en wanneer hulle aan my sy is, sal ek hulle omhels en hulle my" (*Leringe van die Profeet Joseph Smith,* sel. Joseph Fielding Smith [1976], 295–96).

**7. Die Verlosser is ons onfeilbare fondasie.**

Bespreek Jesaja 28:16.

- Wat probeer Jesaja ons van die Verlosser vertel, deur na hom te verwys as "'n beproefde steen"? (Sien Mosia 3:17.) Hoe is Christus ons "onfeilbare fondasie"? (Sien Helaman 5:12.) Wat moet ons doen om op hierdie fondasie te bou? Wat belowe die Here, indien ons op hierdie fondasie bou? (Sien L&V 50:44.)

**8. Die Verlosser sal die evangelie op die aarde restoureer.**

Bespreek Jesaja 29:4, 9–14, 18, 24.

- Wat het Jesaja vooruitgesien, oor die restourasie van die evangelie in die laaste dae? (Sien Jesaja 29:4, 9–14. Hy het vooruitgesien dat dit in 'n tyd van geestelike verduistering, sal kom. Hy het ook die koms van die Boek van Mormon, gesien.)

  Vergelyk die volgende verse in Jesaja 29 met die ooreenstemmende gedeeltes in die Boek van Mormon, Baie Kosbare Pêrel,en Leer en Verbonde, om te sien hoe sommige van Jesaja se profesieë al vervul is:

| | |
|---|---|
| a. Jesaja 29:4 | Moroni 10:27 |
| b. Jesaja 29:9–10, 13 | Joseph Smith—Geskiedenis 1:18–19 |
| c. Jesaja 29:11–12 | Joseph Smith—Geskiedenis 1:63–65 |
| d. Jesaja 29:14 | Leer en Verbonde 4:1; 6:1 |

- Jesaja het vertel van mense wat met hul mond na die Here kom, terwyl hul harte ver van Hom af is (Isaiah 29:13). Hoe kan ons seker maak dat ons naby aan die Here is, in ons gedagtes en aksies asook in ons woorde?
- Jesaja het gesê dat die Boek van Mormon die wat geestelik doof en blind is, sal help om te hoor en te sien (Jesaja 29:18, 24). Hoe is hierdie profesie al reeds vervul? Hoe het die Boek van Mormon jou al gehelp om geestelik beter te sien en te hoor?

**9. Die Verlosser ken ons beproewinge en lei ons weë.**

Bespreek Jesaja 30:19–21.

- Wat leer Jesaja 30:19–21 ons oor beproewinge? Wat leer hierdie verse, oor wat die Verlosser vir ons sal doen, wanneer beproewinge kom? (Sien ook Alma 37:37.)

Slotsom

Deel jou getuienis van die Verlosser, en betuig jou dankbaarheid vir die wonderlike dinge wat hy vir ons gedoen het. Nooi klas lede uit om na die lys op die swartbord te kyk, en om te sê hoe hulle voel wanneer hulle aan hierdie dinge dink. Bespreek wat ons kan doen as terugbesorging. (Sien Jesaja 35:3–4 vir 'n paar voorstelle.) Jy mag dalk ook wil hê dat klas lede "Ek Staan Heel Verwonderd" (*Gesang,* no. 193), sing.

**Addisionel Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Voorwerpe wat sommige van Jesaja se beelde voorstel**

Terwyl jy hierdie beelde bespreek, vertoon verskeie voorwerpe of prente wat sommige van Jesaja se beelde voorstel, soos 'n sleutel, 'n steen, of 'n prent van skadu in die woestyn.

**2. Musiek van Handel se *Messias***

Speel 'n opname van "Vir Ons is 'n Kind Gebore," die musikale weergawe van Jesaja 9:6 van George Frideric Handel se *Messias.*

**3. "Die Aanraking van die Meester se Hand"**

Indien *Familie Tuiste Aand Video Aanvulling 2* (53277) beskikbaar is, mag jy dalk "Die Aanraking van die Meester se Hand" 'n 18-minuut gedeelte, as deel van die les wil wys.

Les

# 38

# "Buiten My Is Daar Geen Verlosser Nie"

*Jesaja 40–49*

**Doel**

Om klas lede te help om te verstaan dat Jesus Christus onvergelykbaar is in sy toegewydheid aan sy mense en dat hy 'n groot werk vir hulle het om te doen.

**Voorbereiding**

1. Met gebed studeer die gedeeltes van Jesaja 40–49 wat in hierdie les bespreek word.
2. Indien jy die aandag aktiwiteit gebruik, skryf die volgende kwotasies, voor die klas begin,op 'n plakaat of op die swartbord:
   a. "Wat dink julle van Christus?" (Matthéüs 22:42).
   b. "Watter soort manne behoort julle te wees?" (3 Nefi 27:27).
   c. "Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is? . . .Wie sê julle is Ek?" (Matthéüs 16:13, 15).
   d. "Wie is aan die Here se kant?" (Exodus 32:26).
   e. "Het julle sy beeld ontvang op julle aangesigte?" (Alma 5:14).
3. Indien *Familie Tuiste Aand Video Aanvulling 2* (53277) beskikbaar is, mag jy dalk die 5-minuut gedeelte "Wat Dink Julle van Christus?" as deel van die les wil wys.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Verwys klas lede na die vrae wat jy op die plakaat of op die swartbord geskryf het (sien "Voorbereiding" hierbo). Vra dan die volgende vrae:

- Wat het hierdie aanhalinge in gemeen? (Almal van hulle is vrae uit die geskrifte, wat ons kan help om ons getuienis van die Verlosser, asook ons toewyding om sy dissipels te wees, te evalueer.) Hoekom dink jy is daar so baie van hierdie tipe vrae in die geskrifte?

Verduidelik dat'n deel van hierdie les sal fokus op die skriftelike vrae wat die grootheid van die Verlosser, beklemtoon.

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om persoonlike ondervindinge wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe, te deel.

**1. Jesaja leer dat die Verlosser onvergelykbaar is.**

- Deur Jesaja, het die Here herhaaldelik 'n sekere vraag op verskillende maniere gevra. Watter vraag word in elk van die volgende verse, gevra?
  a. Jesaja 40:18 ("Aan wie wil julle God dan vergelyk?")
  b. Jesaja 44:8 ("Is daar 'n God buiten My?")
  c. Jesaja 46:5 ("By wie wil julle My vergelyk en My net so maak en My gelykstel, dat ons eenders kan wees?")

- Wat is dieselfde in die voorafgaande vrae? (Hulle leer almal dat die Verlosser groter is as enige ander persoon of ding wat ons Hom aan kan vergelyk.) Hoe sou jy hierdie vrae beantwoord? Hoe is hulle in die boek van Jesaja, beantwoord? (Sien die verse wat hier onder aan gelys word, let daarop dat in elke geval was die Here besig om met mense wat afgode aanbid het te praat, wie hulle eie valse gode uit silver of goud gemaak het.)

  a. Jesaja 43:11 ("Buiten my is daar geen Verlosser nie.")
  b. Jesaja 44:6 ("Buiten my is daar geen God nie.")
  c. Jesaja 45:5 ("Daar is geen God buiten my nie"; sien ook verse 6, 14, 18, 21–22.)
  d. Jesaja 46:9 ("Ek is God, en daar is geen ander nie.")

- Hoekom dink jy is hierdie vrae en antwoorde, soveel keer in die boek van Jesaja herhaal? Hoe is hierdie vrae en antwoorde toepaslik vir ons dae?

**2. Jesaja beskryf die Verlosser se onvergelykbare eienskappe.**

- Die profeet Joseph Smith het geleer dat, ons "'n *korrekte* ideë van [God se] karakter, perfeksies en eienskappe" moet hê, in orde om geloof in Hom te hê (*Lesse oor Geloof* [1985], 38). Jesaja gee baie pragtige beskrywings van die Verlosser se karakter en eienskappe. Laat klas lede sommige van die gedeeltes wat hier onder aan gelys word, lees en die volgende vrae bespreek: Watter eienskap van die Verlosser word in hierdie gedeelte genoem? Hoe kan die kennis dat hy hierdie eienskap het, ons help om meer geloof in die Verlosser te hê? Jy mag dalk hierdie eienskappe op die swartbord wil lys.

  a. Jesaja 40:13–14 (Niemand gee hom raad of instruksies nie.)
  b. Jesaja 40:28–31 (Hy is nooit moeg nie; hy versterk ons.)
  c. Jesaja 40:12, 21–22, 26; 45:12, 18 (Hy het die heelal beplan en geskep en ken elke deel daarvan.)
  d. Jesaja 41:17–18 (Hy hoor ons wanneer ons in die moeilikheid is en seën ons met oorvloed.)
  e. Jesaja 42:1, 4 (Hy sal nie misluk of mismoedig word, totdat sy doele vervul is nie.)
  f. Jesaja 42:16 (Hy belig en maak reguit die weë, vir sy mense wat verlore is.)
  g. Jesaja 43:1–4 (Hy sal sy mense deur hulle beproewinge help.)
  h. Jesaja 43:25–26; 44:21–23 (Hy neem ons sondes weg en onthou hulle nie.)
  i. Jesaja 44:2–4 (Hy giet sy Gees oor ons gesinne uit, soos water op droë grond.)
  j. Jesaja 46:3–4 (Hy dra sy mense van geboorte tot hul oud is.)
  k. Jesaja 49:14–16 (Hy sal ons nooit vergeet nie. Ons is op die palms van sy hande "gegrafeer".)

  Nooi klas lede uit, om van ondervindinge te vertel wat hulle getuienis van enige van hierdie eienskappe van die Verlosser, versterk het.

**3. Die wêreld (Babilon) kompeteer met die Verlosser, vir ons toewyding.**

- Aan wie is Jesaja 47 gerig? (Sien die hoofskrif van Jesaja 47 asook vers 1. Babilon was 'n magtige stad in die antieke wêreld, wat as gevolg van sy goddeloosheid, vernietig is. In die geskrifte, word Babilon dikwels as 'n simbool vir die goddeloosheid van die wêreld, gebruik.)

- In Jesaja 47, waarsku Jesaja dat Babilon verwoes sou word as gevolg van hulle goddeloosheid. Hierdie waarskuwinge kan ook tot die uiteindelike vernietiging van die wêreld, as gevolg van goddeloosheid, toegepas word. Wat kan ons uit die volgende gedeeltes leer, oor wat gebeur wanneer ons die boosheid van die wêreld uitsoek?

  a. Jesaja 47:1, 5 (Die wêreld sal tot in die stof gebring word en sal stil en donker word.)
  b. Jesaja 47:7–9 (Ten spyte van die wêreld se gedagte, dat dit onoorwinlik is, sal dit vernietig word en sal dit, die dinge van meeste waarde verloor,soos deur die verlies van man en kind gesimboliseer word.)
  c. Jesaja 47:10–11 (Omdat die wêreld verklaar dat dit groter as God is, sal dit verwoes word.)

- In Jesaja 47:8, 10, watter aanspraak maak Babilon (die wêreld) wat dieselfde is as die Verlosser se verklaring oor himself is. ("Ek is, en niemand anders [is] buiten my.") Wat kan die wêreld offer, in vergelykking met wat die Verlosser offer? Hoekom gee so baie mense hulle toewyding aan die wêreld, in plaas van aan die Verlosser? Hoe kan ons andere help om te sien wat die Verlosser offer?

- In Jesaja 48:17–18, belowe die Here groot seëninge aan diegene wat hom, eerder as die wêreld, uitsoek. Hoe laat hierdie beloftes jou voel oor, om die Verlosser met jou hele hart te volg?

**4. Jesaja beskryf die missie van Israel in die laaste dae.**

- Jesaja 49 bevat baie profesieë oor die missie van Israel in die laaste dae. Hierdie profesieë kan ons help om te verstaan dat die Here belangrike werk vir elkeen van ons het, om te doen. Laat klas lede sommige van die gedeeltes wat hier onder aan gelys word, lees en dan die volgende vrae bespreek: Wat kan ons uit hierdie gedeelte leer, oor ons verantwoordelikheid in hierdie laaste dae? (Let daarop dat baie van die profesieë toegepas kan word op die werk van die Verlosser asook op die werk van sy diensknegte, die huis van Israel [Jesaja 49:3].)

  a. Jesaja 49:1, 5. "Die Here het my geroep van die moederskoot af" (Ons is van geboorte af geroep om die Here se werk in die laaste dae te vervul; sien ook also Jeremia 1:5.)
  b. Jesaja 49:2. "Hy het my mond soos 'n skerp swaard gemaak" Hierdie beeld stel die spreek van baie magtige woorde van waarheid voor— die woorde van die Here; sien ook L&V 6:2.)
  c. Jesaja 49:2. "In die skadu van sy hand het hy my verberg" (Die Here het ons beskerm en voorberei vir ons groot verantwoordelikhede; sien ook L&V 86:9.)
  d. Jesaja 49:2. "Hy het my. . .'n skerp pyl gemaak." ('n Gepoleerde pyl vlieg reguit en waar. Ons is gepoleer en voorberei deur die Here, om reguit en waar te vlieg, waarook al hy ons stuur.)
  e. Jesaja 49:6. "Jy mag my saligheid wees, tot aan die einde van die aarde." (Die Here het sy diensknegte gevra om die oorblyfsels van Israel op te lig en te restoureer, en om 'n lig aan die nie-Jode te wees. Op hierdie manier kan ons help om saligheid tot aan die einde van die aarde te bring; sien ook L&V 86:8–11.)

Slotsom

Getuig dat Jesaja se woorde ons kan help om ‘n groter liefde vir die Verlosser te ontwikkel en ‘n groter begrip te hê vir die werk wat hy wil hê ons moet doen. Jy mag dalk klas lede of ‘n klein groepie wil uitnooi om "Hoe Groot Is U" (*Gesang,* no. 86) of "Hoe Ferm ‘n Fondasie" (*Gesang,* no. 85, te sing.)

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Simbole wat deur Jesaja gebruik is**

- Jesaja het herhaaldelik blindheid as ‘n simbool van goddeloosheid en geestelike onkunde, gebruik (Jesaja 29:10, 18; 32:3; 42:6–7, 16–18; 43:8; 44:9). Soos wat jy oor hierdie verse peins, onthou dat die Verlosser gereeld verklaar het dat hy die Lig van die Wêreld is (Johannes 8:12). Hoe kan ons ons geestelike oë meer tot die Lig van die Wêreld, oop maak?
- Jesaja het herhaaldelik beelde van water gebruik (Jesaja 12:3; 32:2; 41:17–18; 43:19–20; 44:3–4; 48:18, 21; 49:10). Hoe help dit jou om hierdie gedeeltes beter te verstaan, wanneer jy in ag neem dat die Verlosser geleer het dat hy die bron van lewende water is? (Sien Johannes 4:7–14.)

**2. Wag op die Here**

- Wat beteken dit om "op die Here te wag"? (Jesaja 40:31). Op watter manier hernu die Here die kragte van diegene wat op hom wag? (Sien Jesaja 41:10.) Nooi klas lede uit om ondervindinge te deel, waar die Here ‘n persoon geestelik of fisies versterk het?

**3. "Maar jy het my nie aangeroep nie"**

- Hoekom voel sommige van ons by tye dat die Here ons verlaat het? Wanneer ons voel asof die Here ons verlaat het, wat is gewoonlik die oorsaak? (Sien Jesaja 43:22–26; Mosia 5:13.) Wat kan ons doen om weer na aan hom te voel?

  President Spencer W. Kimball het gesê: "Ek vind dat wanneer ek gemaklik raak in my verhouding met goddelikheid en wanneer dit voel asof geen goddelike oor luister nie en geen goddelike stem met my praat nie, dat dit ek is wat ver, ver weg beweeg het. Wanneer ek myself dan in die geskrifte verloor, raak die afstand kleiner en die geestelikheid, keer terug" (*Die Leringe van Spencer W. Kimball,* ed. Edward L. Kimball [1982], 135).

Les
# 39 "Hoe Pragtig op die Berge"

*Jesaja 50–53*

**Doel**

Om elke klas lid se getuienis van die Versoening van Jesus Christus te versterk.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die gedeeltes van Jesaja 50–53 wat in hierdie les bespreek word. Hulle is op die Verlosser se versoenings offerande, gesentreer.
2. Addisionele leeswerk: Mosia 14–15.
3. Indien jy die aandag aktiwieit gebruik, vra twee of drie klas lede om 'n gunsteling gesang oor die Verlosser se liefde en opoffering te kies en om die boodskap van die gesang en hoe dit hulle beinvloed het,met die klas te deel. Jy mag dalk een van jou eie gunsteling gesange oor die Verlosser wil deel.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Verduidelik dat baie Kerk gesange ons help om die liefde te verstaan, wat ons Verlosser aan ons getoon het deur sy Versoenings offerande. Nooi elk van die verkose klas lede om hul gunsteling gesang oor die Verlosser se liefde en opoffering, te deel. Siende dat musiek kan help om die Gees van die Here in die klas te nooi, mag jy dalk klas lede wil vra om een van die gesange wat bespreek is, te sing.

Verduidelik dat hierdie les sommige van Jesaja se profesieë oor die lewe en missie van die Verlosser, sal bespreek.

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

**1. Jesaja praat van boodskappers wat 'n blye tyding bring.**

- In Jesaja 52:7, gee Jesaja 'n digterlike beskrywing van mense wat 'n groot boodskap bring. Hoekom dink jy het Jesaja na die boodskappers se voete verwys? (In die antieke wêreld, voor elektroniese kommunikasie beskikbaar was, is belangrike boodskappe dikwels deur hardlopers per voet gebring. Jesaja gebruik die boodskappers se voete om die boodskappers te simboliseer.) Hoe het Jesaja oor hierdie boodskappers gevoel?
- Hoe het Jesaja die boodskap wat gelewer word, beskryf? (Dit is 'n boodskap van goeie tyding, 'n boodskap van vrede en salligheid.) Die Boek van Mormon profeet Abinadi het verduidelik dat die boodskappers wat Jesaja beskryf het, die profete en die Here homself, insluit (Mosia 15:13–18). Watter groot boodskappe van vrede en salligheid het hierdie boodskappers gebring? (Sien 2 Nefi 2:6–8.)
- Wie anders bring ook die boodskap van die evangelie aan die wêreld? Jy mag dalk klas lede wil vra om te vertel van ondervindinge wat hulle gehad het, waar

hulle die evangelie boodskap gedeel het. Jy mag klas lede ook wil vra om te vertel, hoe hulle voel oor diegene wat die boodskap aan hulle gebring het.

**2. Jesaja profeteer oor die Verlosser se versoenings offerande.**

Bespreek die volgende profesieë oor die Verlosser se versoenings offerande en die seëninge wat dit aan ons verskaf.

- Jesaja 50:5–7. Wat leer hierdie gedeelte ons oor wat die Verlosser se houding was, ten opsigte van die groot opoffering wat hy namens ons sou maak? Wat leer Matthéüs 26:39 en Filippense 2:8 ons oor die Verlosser se houding, soos wat hy groot lyding moes verduur?
- Jesaja 51:6. Watter vergelykking word in hierdie vers gemaak? Hoe lank sal die gevolge van die Versoening duur? (Sien ook Mosia 16:9; Alma 34:10, 14.)
- Jesaja 51:22. Vir wie pleid die Verlosser? Hoe laat die Versoening Hom toe om ons Advokaat te wees? (Sien L&V 45:3–5.) Wat is die "beker van lyding" wat Jesus vir ons gedrink het? (Sien L&V 19:15–20.) Wat moet ons doen om die volle seëninge wat deur die Versoening geoffer word, te ontvang?
- Jesaja 52:3. Wat beteken dit om "sonder geld verlos" te word? (Sien 2 Nefi 26:27–28; Jesaja 55:1–3.)
- Jesaja 53:2–4. Wat vertel hierdie verse ons, oor die lewe van die Verlosser? Hoekom kan hy ons smart en verdriet verstaan? (Sien Alma 7:11–13; Hebreërs 2:16–18; 4:15.) Hoe het jy al aangevoel dat hy jou smart en verdriet verstaan?
- Jesaja 53:5. Hoekom was die Verlosser gewillig om die pyn van sy wonde, kneusing en teistering te verduur? (Sien 1 Nefi 19:9.)
- Jesaja 53:6–7. Watter karakter eienskappe het ons Verlosser getoon, toe hy verdruk en bedroef was en toe hy ons ongeregtigheid moes verduur? Hoe "draai [ons] soms na ons eie weg" eerder as om onsself tot ons Hemelse Vader se wil, te onderwerp? Hoe kan ons Verlosser se voorbeeld ons help om onsself tot die wil van ons Hemelse Vader te onderwerp?
- Jesaja 53:10. Wat het Jesaja bedoel toe hy gesê het dat dit "die Here behaag het om Hom te verbrysel" Wat leer ons in hierdie gedeelte oor Hemelse Vader se liefde vir ons? (Sien ook Johannes 3:16–17.)
- Jesaja 53:8–11. Verduidelik dat die Boek van Mormon profeet Abinadi 'n kragtige kommentaar oor hierdie verse gelewer het, toe hy met die goddelose priesters van Koning Noag gepraat het (Mosia15:10–13). Volgens Abinadi, wie sal die nasate van die Verlosser wees? (Sien ook Mosia 5:7–8.)
- Jesaja 53:12. Verduidelik dat aan die einde van 'n stryd, verdeel die leier van die oorwinaars die vrugte van hul oorwinning met sy volgelinge. Wat is die vrugte van Christus se oorwinning oor sonde en dood, wat hy gewillig is om met ons te deel? (Sien Romeine 8:16–17; 2 Timotheüs 4:7–8.)

**3. Jesaja beskryf sommige van ons verantwoordelikhede.**

- Soos wat in Jesaja 51 en Jesaja 52 beskryf is, wat is ons verantwoordelikhede as diegene wat die Verlosser se Versoening aanvaar het?

  a. Jesaja 51:1, 4, 7. Luister na en wees gehoorsaam aan die Here; moenie die uitskel van mense, vrees nie.

b. Jesaja 51:12–13. Onthou die Here, wie die Skepper is. Moenie Satan vrees nie.
c. Jesaja 52:1–2. Ontwaak en beklee jou in die krag van die priesterskap (sien L&V 113:7–8). Trek aan die pragtige kleed van geregtigheid (see Openbaring 19:7–8). "Maak los die bande van jou hals" (sien L&V 113:9–10).
d. Jesaja 52:11. Gaan weg van die goddeloosheid van die wêreld. Moenie onreine dinge aanraak nie; wees skoon.

- Hoe kan ons elk van hierdie verantwoordelikhede, beter nakom?

---

Slotsom

Hersien Mosia 15:18, waarin die profeet Abinadi die Verlosser as die boodskapper beskryf, wie se voete pragtig is op die berge. Verduidelik dat een van die redes hoekom sy voete so pragtig is, is omdat hulle die merke van die spykers dra, die tekens van sy versoenings liefde. Getuig hoe die leringe van Jesaja jou liefde vir die Verlosser versterk het, asook jou begeerte om waardig te wees van die seëninge van sy versoenings offerande. Vra klas lede om te deel hoe hulle getuienisse ook versterk is.

---

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Wandel in die lig**

Hersien Jesaja 50:10–11 en dui aan watter keuse Jesaja ons in hierdie verse gee. Indien ons kies om die Here te vrees, die stem van sy diensknegte te gehoorsaam, en hom te vertrou,sal ons sy lig hê om ons te lei sodat ons nie in duisternis hoef te wandel nie (Johannes 8:12; 12:46). Indien ons kies om in ons eie lig te wandel, wat aan die lig van vonke vergelyk word, waarsku die Here dat ons "in verdriet sal neerlê."

**2. Sending werk**

Indien *Familie Tuiste Aand Video Aanvulling 2* (53277) beskikbaar is, mag jy dalk "Sending Werk: Ons Grootste Plig," 'n vyf-minuut gedeelte, as deel van die les wil wys.

# "Vergroot die Plek van Jou Tent"

Les
**40**

*Jesaja 54–56; 63–65*

**Doel**

Om klas lede aantemoedig om die ringe van Sion te versterk en om vir die Tweede Koms en die Millenium, voor te berei.

**Voorbereiding**


1. Met gebed, studeer gedeeltes uit Jesaja 54–56 en 63–65 wat in hierdie les bespreek word.
2. Indien jy die aandag aktiwiteit gebruik, bring 'n tent pen.
3. Indien die prent Die Opgestaande Jesus Christus beskikbaar is, mag jy dit dalk gedurende die les wil gebruik (62187; Evangelie Kuns Prente Stel 239).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiweit

Teken 'n prent van 'n tent op die swartbord, soos die een wat hieronder aan gewys word. Vertoon dan 'n tent pen en vra die volgende vrae.



- Hoekom het hierdie tent, penne nodig? Wat sou gebeur as die tent nie deur penne ondersteun word nie?
- Wat verteenwoordig die tent waarna in Jesaja 54:2 verwys word? (Die Kerk van Jesus Christus.) Wat verteenwoordig die tent penne?

  President Ezra taft Benson het gesê:

  "Die term *ring* is'n simboliese uitdrukking. Dink in jou verstand aan 'n groot tent, wat deur toue wat stewig aan penne in die grond vasgebind is, regop gehou word.

  "Die profete het Sion van die laaste dae, aan'n tent wat die hele aarde insluit, vergelyk. Daardie tent is deur toue ondersteun, wat aan penne vas gebind is. Daardie penne, is natuurlik, verskeie geografiese organisasies wat oor die aarde versprei is. Huidiglik, is Israel besig om tot die verskeie ringe van Sion ingesammel te word" ("Versterk Jul Ringe," *Ensign*, Jan. 1991, 2).

Vertel klas lede dat die eerste ring van die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae in Kirtland, Ohio en in Clay County, Missouri georganiseer is in 1834. Soos wat die Kerk gegroei het, is meer ringe bygevoeg, soos deur die Here beveel is (L&V 101:20–21). Vandag is daar honderde ringe regoor die wêreld.

Verduidelik dat hierdie les sal bespreek hoe ons die ringe van Sion kan versterk. Dit sal ook Jesaja se kragtige leringe oor die Tweede Koms en die Millennium bespreek.

---

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

**1. "Maak jou lyne lank en slaan jou penne styf in" (Jesaja 54:2).**

- Wat dink jy beteken die frase, om "Die plek van jou tent wyd te maak"? (Jesaja 54:2). (Die Here wil hê dat Kerk lede die evangelie met baie mense moet deel, sodat dit die hele aarde sal bedek. Jesaja het geprofeteer dat in die laaste dae sal die Kerk baie vinnig groei en dat baie mense dwarsdeur die wêreld tot die waarheid sal kom [Jesaja 54:3]).
- Watter ander raad word ook in Jesaja 54:3 gegee, met betrekking tot die tent, of kerk? Hoe kan ons hierdie raad volg? Jy mag dalk die bespreking op die swartbord, soos hier onder aangedui, wil opsom.

| Jesaja se Raad | Wat Ons Kan Doen |
|---|---|
| Maak wyd die tent gordyne en maak die lyne lank. | Dien as vol-tydse sendelinge; deel die evangelie met vriende en bure. |
| Maak stewig die tent penne. | Versterk ons plaaslike ringe. |

- Wat kan ons doen om die ring waarin ons bly, te versterk? (Antwoorde mag die volgende insluit: Ontwikkel persoonlike geestelike krag, beinvloed ons familie en vriende om dieselfde te doen, dien ons lede en nie-lede bure, en aanvaar roepinge om in die Kerk te dien, wat deur priesterskap leiers aan jou gegee word.)
- Hoe kan ringe, mense se lewens seën? (Sien L&V 115:5–6.) Hoe is die ringe van Sion, aan ons, plekke van verdediging en toevlug?

**2. "Met groot ontferming sal Ek jou vergader" (Jesaja 54:7).**

- Alhoewel Israel vir baie jare versprei sou wees, het die Here belowe dat hy haar in die laaste dae tot die ware Kerk sal bring (Jesaja 54:4–10). Wat kan ons oor die Here leer in Jesaja 54:4–10? Watter spesifieke seëninge het die Here aan sy regverdige diensknegte, belowe? (Sien Jesaja 54:13–14, 17.) Hoekom is hierdie beloftes belangrik?

- Wie word uitgenooi om toevlug by die Heiliges te vind, deur saam met hulle te vergader? (Al Hemelse Vader se kinders.) Hersien die volgende gedeeltes van Jesaja, wat groepe mense beskryf, wat die Here wil hê moet na hom kom om veiligheid in die evangelie te vind:

  a. Jesaja 55:1–3. (Almal wat dors het.) Watter soort dors word in hierdie verse na verwys? Wat gebeur wanneer ons geestelike dors probeer bevredig, deur geld en moeite te spandeer op temporele dinge? Hoe kan ons geestelike dors, waarlik bevredig word? (Sien 2 Nefi 9:50–51; 3 Nefi 20:8.)
  b. Jesaja 55:6–7. (Die goddelose wat bekeer.) Watter belofte word aan diegene wat bekeer, geoffer?
  c. Jesaja 56:3, 5–8. (Vreemdelinge wat nie die Here ken nie.) Wat moet die vreemdeling doen om deur die Here aanvaar te word?

- Wat leer hierdie gedeeltes oor die Here se genade? Wat leer hulle oor hoe ons al Hemelse Vader se kinders moet sien?

- Jesaja het geskryf dat God se woord ons siel kan voed soos die reën en sneeu, sade voed (Jesaja 55:10–13). Hoe voed God se woord ons siele? (Sien Alma 32:28, 41.)

**3. Die Millennium sal 'n tyd van vrede en vreugde wees.**

- Deur alles wat hy geskrywe het, het Jesaja getuig dat alhoewel daar beproewinge, temptasies en lyding in hierdie wêreld sal wees, sal die goeie die bose in die einde oorkom, en vir die regverdiges, sal die toekoms vol vreugde wees. Jesaja het inniglik gebid vir die Tweede Koms van die Verlosser, wat vergelding vir die bose, en groot vreugde aan die geregtiges, sou bring (Jesaja 64). Watter boodskap van hoop en vreugde vind ons in Jesaja 64:1–4? Hoe help hierdie boodskap om jou begeerte te vermeerder om die Here te dien tot aan die einde?

- Die laaste hoofstukke van Jesaja se rekord, gee 'n pragtige beeld van die Millennium, die duisend-jaar periode van vrede wat deur die Verlosser se Tweede Koms ingelei sal word. Watter omstandighede sal volgens Jesaja 65:17–25, gedurende die Millennium bestaan? (Jy mag dalk hierdie omstandighede op die swartbord wil lys; sien ook Jesaja 11:6–9.)

  a. Die Here sal 'n nuwe hemel en aarde skep (Jesaja 65:17).
  b. Daar sal groot vreugde wees vir die Here se mense en nie meer trane nie (Jesaja 65:18–19).
  c. Mense sal nie jonk sterf nie; hulle sal leef tot dat hulle 100 jaar oud is (Jesaja 65:20).
  d. Mense sal die vrugte van hul eie arbeid geniet (Jesaja 65:21–23).
  e. Gebede sal onmiddelik beantwoord word (Jesaja 65:24).
  f. Daar sal geen vyandigheid wees tussen wilde diere nie (Jesaja 65:25).

- Wat leer Jesaja 63:7–9 oor die oneindige goedheid en liefde van die Here? (Vra klas lede om woorde en frases uit hierdie verse aan te haal, wat die Verlosser se liefde vir ons uitwys. Jy mag hierdie dalk op die swartbord wil skryf.) Op watter manier het die Verlosser sy "menigte liefde en goedhartigheid" vir jou gewys?

Slotsom

Getuig dat soos wat ons die ringe van Sion versterk en die evangelie met die wêreld deel, sal die rykdomme van die ewigheid vir ons wag. Ons kan uitsien na die Tweede Koms van die Verlosser en die vrede en vreugde wat gedurende die Millennium sal bestaan. Die profesieë van Jesaja moedig ons aan om te onthou dat dit ʻn voorreg is om die Here te dien en dat hy altyd Sy dissipels seën.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Die ware wet van die vas (Jesaja 58:3–12)**

- Wat kan ons van Jesaja 58 leer oor die vas? Wat is die elemente van ʻn ware vas? (Sien Jesaja 58:3–7.)

  Een element van ʻn ware vas, is om ʻn vrygewige vas offerande te gee. President Spencer W. Kimball het gesê, "Ek dink dat wanneer ons welgesteld is, soos wat baie van ons is, behoort ons baie, baie vrygewig te wees . . . en, in plaas van die bedrag wat ons deur twee maaltye te vas, sou spaar, eerder baie baie meer moet gee — tien keer meer, indien ons in ʻn posisie is om dit te doen" (in Konferensie Raport, Apr, 1974, 184).

- Watter seëninge word in Jesaja 58 belowe, indien ons die wet van die vas leef?

  a. Ons word sterker in ons vermoë om temptasies te weerstaan (Jesaja 58:6).
  b. Ons laste raak ligter (Jesaja 58:6).
  c. Ons geestelike en fisiese gesondheid verbeter (Jesaja 58:8).
  d. Ons word nederig en meer voorbereid om met die Here te kommunikeer (Jesaja 58:9).
  e. Ons gee bystand aan die armes en die in nood (Jesaja 58:10).
  f. Ons ontvang aanhoudende leiding van die Here af (Jesaja 58:11).
  g. Ons het ons siel versadig in droogte en word "soos ʻn fontein van water, wie se water nie opdroog nie" (Jesaja 58:11).

  Nooi klas lede uit om voorbeelde van die geskrifte, Kerk geskiedenis, of persoonlike ondervindinge, te deel wat die seëninge wys wat kom wanneer ons die wet van die vas leef. (Sien Onderwerp Gids, "Vas, Om te Vas.")

- Hoe kan ons meer toegewyd wees in die leef van die wet van die vas?

**2. Beskrywing van die Verlosser se bediening**

- Jesaja 61:1–3 is ʻn verklaring van die Verlosser se roeping en bediening. Vroeg in sy bediening in Násaret, het die Verlosser hierdie verse aangehaal en aan die mense gesê, "Vandag is hierdie Skrif in jul ore vervul" (Lukas 4:14–21). Wat leer hierdie verse oor die karakter en missie van Jesus Christus?

**3. Christus se Tweede Koms(Jesaja 63:1–6)**

- Die Tweede Koms van die Verlosser word in Jesaja 63:1–6 beskryf. Watter kleur sal die Verlosser se kleed wees wanneer hy in sy heerlikheid kom? (Sien Jesaja 63:2; Openbaring 19:11–13; L&V 133:46–48.) Wat simboliseer die rooi kleur? (Die bloed wat hy gestort het toe hy vir ons sondes gely het, in Getsémane en op die kruis.)

# “Ek Het Julle Hierdie Dag. . . soos ‘n Yster Pilaar Gemaak”

Les
41

*Jeremia 1–2; 15; 20; 26; 36–38*

**Doel**

Om klas lede aan te moedig om getrou te bly in tye van opposisie en teenspoed.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die gedeeltes uit Jeremia wat in hierdie les bespreek word. Hierdie les fokus op die moed en toevertroue wat Jeremia gewys het, terwyl hy teenstand van almal om hom, ondervind het.
2. Indien jy die aandag aktiwiteit gebruik, bring ‘n metaal staaf klas toe.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Vertoon ‘n metaal staaf en nooi klas lede uit om dit te probeer breek. Vra dan die volgende vrae:

- Indien hierdie voorwerp ‘n persoon se karakter eienskappe voorstel, wat sou dit oor hom of haar, sê?
- Vra ‘n klas lid om Jeremia 1:17–19 te lees. Watter frases het die Here in vers 18 gebruik om Jeremia te beskryf? Wat stel hierdie frases voor, oor die tipe persoon wat Jeremia was? Hoe sou jy voel, indien hierdie woorde gebruik is om jou te beskryf soos wat jy ‘n roeping of opdrag van die Here vervul?

Verduidelik dat konings, prinse, priesters, en al die mense van die land Jeremia in sy missie teengestaan het, maar hy het onverskrokke dit wat die Here beveel het, gedoen. Verwys na die metaal staaf en verduidelik dat Jeremia soos ‘n “yster pilaar” was, wat groot krag in tye van teenspoed gehad het, en wie nie gebuig of gebreek het nie.

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

Jeremia se bediening het oor die heerskappy van vyf konings gestrek, van Josia tot Sedekía (626 tot 586 B.C.). Met Josia het hy probeer om die mense van afgodery en onsedelikheid af weg te draai. Maar die konings na Josia het in goddeloosheid geheers, en die mense was in algehele wegvalligheid. Jeremia se missie was om ‘n woord van waarskuwing aan die mense te rig, en sy veroordeling van hul goddeloosheid, is van die sterkste in al die geskrifte. Hy was een van die laaste stemme van waarskuwing, voor Juda deur die Babilonieërs verower is.

Jeremia se lewe was vol hartseer, maar ons kan by hom leer hoe om op beproewinge te reageer, en hy kan aan ons ‘n inspirasie wees. Hy is geslaan en in die tronk gegooi omdat hy teen die koninkryk van Juda geprofeteer het. Sy lewe is aanhoudend gedreig. Maar deur al hierdie teenspoed en opposisie, was Jeremia soos ‘n “yster pilaar” (Jeremia 1:18). Die boek van Jeremia verskaf ‘n persoonlike, geloofwaardige rekord van hoe die profeet gereageer het op die verdriet en frustrasies van die lewe.

1. **Jeremia word deur God geroep om 'n profeet te wees.**

Hersien die verhaal van Jeremia se roeping as'n profeet wat in Jeremiah 1:4–10 te vind is.

- Wat leer Jeremia se roeping, oor die leerstelling van voorverordening? (Sien Jeremia 1:5.) Hoe dink jy het dit vir Jeremia gehelp om te weet dat hy in die vooraardse bestaan voorverorden is om 'n profeet te word?

  Die Profeet Joseph Smith het gesê, "Elke man wat geroep word tot die bediening van die inwoners van die wêreld, is tot daardie doel verorden in die Groot Raadsvergadering in die hemel, voor hierdie wêreld was" (*Geskiedenis van die Kerk,* 6:364).

- Wat het die Here gedoen toe Jeremia onvoldoende gevoel het om sy roeping te vervul? (Sien Jeremia 1:6–10.) Hoe is jy al deur die Here gerusgestel wanneer jy onvoldoende gevoel het?

2. **Baie mense staan teen Jeremia en probeer om hom te keer om sy missie te vervul.**

Gebruik die volgende geskrifte om die opposisie te bespreek, wat Jeremia ondervind het soos wat hy sy missie wat die Here aan hom gegee het, probeer vervul het:

a. Jeremia 20:1–6. Pashur, die hoof goewerneur was ongelukkig met Jeremia se profesieë van die tempel, hy laat Jeremia straf en gooi hom in die tronk. Jeremia het geprofeteer dat Pashur, sy familie, en sy vriende gevange geneem sal word deur die Babilonieërs en dat hulle in Babilon sou sterf.
b. Jeremia 26:7–15. Meeste van die mense in die land, insluitende die priesters, het Jeremia en sy boodskap teen gestaan (26:7–11). Maar, Jeremia het met moed die boodskap wat die Here hom beveel het, gelewer (26:12–15). Jeremia is selfs deur sy bure en familie lede gehaat en teen gestaan (11:19–21; 12:6; let daarop dat Jeremia van die stad van Anatot was).
c. Jeremia 36:1–6, 20–32. Die woorde van Jeremia se profesieë is neergeskryf en aan die mense gelees (36:1–6). Die koning het hierdie woorde gebrand, en die Here het Jeremia beveel om hulle weer neer te skryf (36:20–32).
d. Jeremia 37:12–15; 38:4–13. Jeremia is ongeregtelik aangekla en in die tronk gegooi (37:12–15). Hy is later in 'n ondergrondse kelder gegooi, waar hy in die modder ingesak het (38:4–6). Op bevel van Koning Sedekía, is Jeremia uit die ondergrondse kelder bevry en in die tronk terug geplaas (38:7–13).

- Wat leer ons in Jeremia 20:14–18 oor hoe Jeremia gevoel het, terwyl hy hierdie oorweldigende opposisie moes verduur? Wat kan ons van Jeremia leer, om ons te help wanneer ons teenspoed ondervind? (Antwoorde mag insluit dat Jeremia aangehou het om gehoorsaam te wees aan die Here en om sy roeping te vervul, selfs wanneer hy vervolg was en mismoedig was; sien Jeremia 26:12–15.)

- In Jeremia 2:13, watter twee booshede het die Here gesê, dat sy mense gepleeg het? (Hulle het hom, die fontein van lewende water, verlaat. En hulle het vir hulself 'n stukkende waterhouer gemaak wat nie die Here se lewende water kon hou nie, wat beteken dat hulle vervulling en sekuriteit in wêreldse dinge gesoek het.) Hoekom sou mense met hierdie karakter eienskappe dit moeilik

vind om die woorde van Jeremia te aanvaar? Hoekom sou hulle nie, soos Jeremia op teenspoed, kon reageer nie? Hoe skep ons somtyds "stukkende waterhouers" wat nie die Verlosser se lewende water kan hou nie?

Ouderling Marion D. Hanks het gesê:

"Materiële voorwerpe neem te veel van ons aandag op. Die stryd vir dit wat ons nodig het, of vir meer as wat ons nodig het, bemoei ons tyd en energie. Ons soek na plesier en vermaaklikheid, of word oor betrokke in assosiasies of munisipale sake. Natuurlik het mense wel ontspanning nodig, en moet hulle dinge bereik, hulle moet bydra; maar indien hierdie dinge, ten koste van vriendskap met Christus kom, is die prys te hoog.

"Want my volk het twee verkeerde dinge gedoen,' sê die Here aan Israel; 'hulle het my, die fontein van lewende water, verlaat, en vir hulself waterhouers, stukkende waterhouers, gemaak wat geen water kan hou nie.' (Jer. 2:13.)

"Die plaasvervangers wat ons maak om die plek van God in ons lewens op te neem, hou waarlik geen water nie. Tot 'n mate, weier ons die 'lewende water,' en mis ons die vreugde wat ons kon gehad het" (in Konferensie Raport, Apr. 1972, 127; of *Ensign,* Julie 1972, 105).

Jeremia se profesieë dat die Babiloniërs Jerusalem sou vernietig, is in Jeremia 39–40 vervul. Jeremia was in die tronk tydens die beleg, maar na die tyd het die Babiloniërs hom bevry en hom en 'n gedeelte van die Jode, toegelaat om in die land van Juda agter te bly. Jóhanan, die leier van diegene wat agter gelaat is, het Jeremia gevra om die Here se wil vir hulle uit te vind en belowe om dit te gehoorsaam (Jeremia 42:1–6). Deur Jeremia het die Here aan die mense gesê dat hulle in die land van Juda moet bly en belowe dat hulle geseën sal word indien hulle dit sou doen (Jeremia 42:9–22). Maar Jóhanan het die mense na Egipte gelei, waar meeste van hulle met hul goddeloosheid aangehou het (Jeremia 43–44).

**3. Jeremia word in sy teenspoed deur sy liefde vir die woord van God, versterk.**

Bespreek die volgende geskrifte, wat wys hoe die woord van God, Jeremia gehelp het om sterk te bly in tye van teenspoed.

- Soos in Jeremia 1:9 aangedui, wat het die Here in Jeremia se mond geplaas? Soos in Jeremiah 15:16 aangedui, wat het Jeremia met die woorde van die Here gemaak? (Hy het hulle geëet, wat in digters taal beteken dat die woord van God deel van hom geword het.) Hoe het Jeremia gevoel oor die woorde van die Here?
- Hoe kan ons die woorde van die Here "eet" soos wat Jeremia gedoen het? (Deur die geskrifte en die raad van die profete van die laaste dae te studeer.) Die Boek van Mormon profeet, Nefi het gesê "verlustig julle in die fees van die woorde van Christus" (2 Nefi 32:3). Hoe kan ons versterk word, deur ons te verlustig in die fees van die woorde van Christus?
- In Jeremia 20:9, hoe het Jeremia die woord van die Here, in hom, beskryf? Wat dink jy beteken dit om die woord van die Here as 'n brandende vuur in jou beendere te hê? Hoekom dink jy kon Jeremia homself nie van die leer van die woord van God, weerhou nie?

Slotsom

Deel jou gevoelens oor Jeremia se voorbeeld en dat dit noodsaaklik is om gelowig te bly in tye van teenspoed. Moedig klas lede aan om die woorde van die Here uit te soek en te peins, totdat hierdie woorde soos vuur in hulle beendere word, om hulle te versterk soos wat hulle die Here se werk doen. Indien jy die aandag aktiwiteit gebruik het, vertoon die metaal staaf en daag klas lede uit om soos Jeremia te word, 'n pilaar vir die Here.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. "Klei . . . in die pottebaker se hand" (Jeremia 18:6)**

- Hersien die verhaal van Jeremia se besoek aan die pottebaker, wat in Jeremia 18:1–4 gevind word. Wat het die Here sy mense geleer, deur Jeremia se ondervinding? (Sien Jeremia 18:5–10. Die Here het hulle gewys dat indien hulle sou bekeer, dat hy hulle in iets betters sou vorm, net soos wat die pottebaker die geskende potte hervorm het. Hy het hulle ook herinner dat hy die krag het om hulle te vernietig indien hulle nie bekeer nie.)
- Hoe kan hierdie vergelykking vandag op ons van toepassing wees? Hoe kan ons better klei in die Here se hande, word? (Deur nederig te wees— deur gehoorsaamheid, bekering, vertroue in die Here, en deur sy wil uit te soek. Nooi klas lede uit om ondervindinge te deel, wat wys hoe die Here mense gevorm en voorberei het om sy doele te vervul.) Wat gebeur wanneer ons die modellering van die Here, weerstaan?

  President Heber C. Kimball het die volgende insig in hierdie vergelykking in Jeremia 18:1–10 gegee:

  "Almal [wie] buigsaam is in die hande van God en gehoorsaam is aan Sy gebooie, is houers van eer, en God sal hulle ontvang" (*Geskiedenis van die Kerk,* 4:478).

  "Daar is baie houers wat vernietig word nadat hulle gemodelleer en gevorm is. Hoekom? Omdat hulle nie tevrede is met die vorm wat die pottebaker aan hulle gegee het nie, begin hulle onmiddelik om hulself te verander na 'n vorm wat hulle gelukkig maak; daarom kan hulle nie God se ontwerp verstaan nie, en hulle vernietig hulself deur die krag van hul eie agentskap. [Hierdie mense] moet deur 'n hele klomp modelleering en vorme gaan, dan . . . moet ons geglasuur word en gebak word; en selfs gedurende die bakproses kan sommige bakke kraak" (in Stanley B. Kimball, *Heber C. Kimball: Mormon Patriarg en Pionier* [1981], 270).

**2. Jeremia preek dieselfde tyd as die Boek van Mormon profeet Lehi**

Die profeet Jeremia was besig om die mense van Juda te leer en te waarsku, in dieselfde tyd as wat Lehi Jerusalem verlaat het. Albei Jeremia en Lehi het geprofeteer dat Jerusalem vernietig sou word.

- Waar was Jeremia toe Lehi en sy gesin Jerusalem verlaat het? (Sien Jeremia 37:15–16; 1 Nefi 7:14.)

- Jeremia het baie tyd gespandeer om met Sedekia, die koning van Juda, te beraadslaag, maar Sedekia het geweier om gehoorsaam te wees aan die woord van die Here, wat Jeremia gelewer het. Wat het as gevolg van Sedekia se ongehoorsaamheid met hom gebeur? (Sien Jeremia 39:4–7.)
- In die Boek van Mormon leer ons dat een van die seuns van Sedekia nie deur die Babilonieërs dood gemaak is nie. Wat was sy naam? (Sien Helaman 8:20–21.) Waar het hy gegaan? (Sien Omni 1:15.)

Les

# 42

# "Ek Sal Dit In Hul Harte Skryf"

*Jeremia 16; 23; 29; 31*

**Doel**

Om klas lede aantemoedig om deel te neem aan God se groot werk van die laaste dae en om sy wette in hul harte geskryf te hê.

**Voorbereiding**

1. Met gebed studeer Jeremia 16; 23; 29; en 31.
2. Addisionele leeswerk: Jeremia 3–9; 13; 30; 32:37–42; 33; 35.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

- Indien jy 'n getuie of deelnemer kon wees in enige Ou Testament storie of gebeurtenis, watter een sou jy kies? (Jy mag dalk klas lede se antwoorde op die swartbord wil skryf.)
- Hoekom sou jy graag wou deelneem of 'n getuie van hierdie gebeure wou wees?
- Wat is vandag besig om in die Kerk te gebeur, wat aan sommige van hierdie gebeure wat julle gekies het, vergelyk kan word?

Verduidelik dat alhoewel Jeremia nie veel boodskappe van hoop vir die mense van sy tyd gehad het nie, het hy 'n tyd van hoop gedurende die invordering van Israel in die laaste dae, gesien. Hierdie les sal Jeremia se profesieë van die groot invordering van die laaste dae, wat ons vandag in deelneem, bespreek.

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

**1. Jeremia sien die invordering van Israel in die laaste dae.**

Indien die storie van Israel se uittog uit Egipte nie in die aandag aktiwiteit genoem is nie, verduidelik dat dit een van die mees wonderbaarlikste gebeure in die Ou Testament is. Dit word na verwys in die boek van Jeremia en in ander boeke van die Ou Testament, asook in die Boek van Mormon.

- Hoe het Moses gevoel oor die belangrikheid van die Uittog? (Sien Deuteronómium 4:32–35.) Hoe dink jy sou dit gevoel het om deel te wees van Israel se uittog uit Egipte?
- Baie generasies later, het Jeremia visioene gesien van 'n gebeurtenis wat in die laaste dae sou plaasvind wat die Here gesê het, so groot soos die Uittog, sou wees (Jeremia 16:14–16; 23:3–8). Watter gebeurtenis word inJeremia 16:15 en 23:3 beskryf? (Die invordering van Israel en die groei van die Kerk.) Wie is die herders waarna in Jeremia 23:4 verwys word? (Priesterskap leiers en ander Kerk leiers.) Wie is die Koning waarna in Jeremia 23:5–6 verwys word? (Jesus Christus.) Hoekom dink jy is hierdie gebeure so groot soos die Uittog?

- Ouderling LeGrand Richards het gesê dat die vissermanne en jagters wat in Jeremia 16:16 beskryf word, die sendelinge van die Kerk is (in Konferensie Raport, Apr. 1971, 143; of *Ensign,* Junie 1971, 98–99). Wat het vissermanne en jagters in gemeen met sendelinge? (Sien Matthéüs 4:18–19.) Hoe kan ons meer effektiewe sendelinge wees?

**2. God sal sy wette in die harte van sy mense skryf.**

- Die kinders van Israel het op Moses vertrou om openbaring vir hulle te ontvang, gedurende hulle tog deur die wildernis. Watter groot verlange het Moses in Númeri 11:29 uitgespreek? (Hy wou gehad het dat die mense, God se wet moes leer en self na die Gees sou luister.)
- Wat het die Here in Jeremia 31:31–34 belowe, om in die laaste dae te doen? (Sien ook Eségiël 11:17–20; 36:24–28; 2 Korinthiërs 3:2–3.) Wat beteken dit om God se wet in ons harte geskryf te hê? Wat moet ons doen om God se wet in ons harte geskryf te hê?
- Hoe affekteer dit ons gedrag, wanneer ons God se wet in ons harte geskryf het? Jy mag dalk wil bespreek hoe dit ons help om spesifieke gebooie te onderhou, soos:

  a. Om ons bure lief te hê.
  b. Om ons ouers te eer.
  c. Om sedelik skoon te wees.
  d. Om die Sabbat dag te heilig.
  e. Om gepaste flieks, televisie programme, boeke en tydskrifte, te kies.
  f. Om beskeie klere te dra.
  g. Om gepaste musiek uit te soek.

- Joseph Smith is een keer gevra, hoe hy so baie mense, so suksesvol kon lei. Hy het gesê, "Ek leer die mense die korrekte beginsels en hulle regeer hulself" (soos deur John Taylor aangehaal, in *Journaal van Redevoeringe,* 10:57–58). Hoe kan hierdie stelling vergelyk word met, om God se wet in ons harte geskryf te hê?
- Jeremia profeteer dat 70 jaar nadat die mense van Juda na Babilon as gevangenes, geneem sou word, sal hulle na hul tuisland terug keer om weereens in harmonie met God te leef (Jeremia 29:10–14; die vervulling van hierdie profesie sal in les 47 bespreek word.) Volgens Jeremia 29:12–14, wat kan ons doen om nader aan God te kom? Wat dui die woorde *roep, bid, uitsoek,* en *soek na* aan oor die houding wat ons moet hê, soos wat ons strewe om nader aan God te kom? Nooi klas lede uit om ondervindinge te deel, wat hulle gehad het, soos wat hulle gestrewe het om nader aan God te kom.

---

Slotsom

Getuig dat ons in 'n tyd leef waarna Jeremia en baie ander profete met vreugde, uitgesien het. Moedig klas lede aan om deel te neem aan die invordering van Israel, en om God se wet in hul harte geskryf te hê.

---

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Nou is die tyd om te bekeer.**

Die Here se genade word altyd aan diegene wie bekeer, uitgehou. Maar diegene wat hul bekeering uitstel, mag vind dat dit al hoe moeiliker word om te bekeer.

President Joseph F. Smith het geleer dat: "Die man wat onbekeerde dade bymekaar ophoop, mag vind dat sy terugtog afgesny is en dat sy toestand in die wêreld, hopeloos is; en hy wat rukkeloos elke geleentheid vir 'n terugtog afsny, deur die nalating van booshede van die verlede, is baie rampspoedig. Die daaglikse oefening om godelike genade en vergifnis te soek, gee ons krag om booshede te ontsnap" (*Evangeliese Leer,* 5de uitgawe [1939], 374).

- Wat leer die volgende gedeeltes oor, hoe belangrik dit is om die woord van die Here te hoor en om onmiddelik te bekeer?

  Jeremia 5:1–5, 21–25
  Jeremia 6:10–17
  Jeremia 7:23–28
  Jeremia 8:6–12, 20
  Jeremia 13:11, 23
  Jeremia 17:23

**2. Luister na die woorde van die profete.**

- Jeremia het gereeld daarop gewys dat die mense nie na sy woorde geluister het nie (Jeremia 7:13; 25:3–4; 26:2–5; 32:33). Watter woorde van die profete van die laaste dae, moet ons met meer toewyding volg?

**3. Herhaaling van die sondes van vorige generasies**

- Jeremia het die Jode van sy dag gewaarsku, dat hulle dieselfde sondes pleeg waarvoor vorige generasies swaar gestraf is (Jeremia 11:1–12). Hoekom dink jy wou Jeremia se generasie nie uit die foute van hul voorouers leer nie, veral wanneer die straf vir daardie sondes, so duidelik gedokumenteer was? Hoe kan ons meer volledig baat vind by die lesse wat deur vorige generasies van God se verbonds volk, geleer is?

**4. Die belangrikheid om in God te vertrou**

- In Jeremia 17:5–8, watter vergelykking word gemaak tussen mense wat op mense vertrou en mense wat op God vertrou? Hoe het jy al gesien dat hierdie vergelykkinge akkuraat is? Hoe kan ons ons vertroue op God demonstreer?

**5. Valse profete**

- Sedekia was 'n koning wat wou gehad het dat profete vir hom dit wat hy wou hoor, moes vertel. Met die gevolg, dat baie valse profete belowe het dat Jerusalem nie sou val nie (Jeremia 28:1–4; 37:19). Vandag kom baie valse profete "in skaap klere" (Matthéüs 7:15). Watter bewyse is daar, dat valse profete vandag tussen ons voorkom? Wat is sommige van die boodskappe van vandag se valse profete? Hoe kan ons vermy om deur valse profete verkeerd gelei te word?

# Die Herders van Israel

Les
43

*Eségiël 18; 34; 37*

**Doel**

Om klas lede aan te moedig om hul verantwoordelikhede as "herders van Israel" na te kom (Eségiël 34:2).

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:
   a. Eségiël 34. Die Here vermaan daardie herders wat nie die kudde voed nie. Hy sal al die verlore skape uitsoek en sal hul Herder wees.
   b. Eségiël 18:21–32. Eségiël leer dat die goddeloses wat bekeer gered sal word en dat die geregtiges wat na goddeloosheid draai, uit gegooi sal word.
   c. Eségiël 37:1–14. Eségiël sien in 'n visioen waar baie droë bene weer lewe gegee word.
   d. Eségiël 37:15–28. Eségiël profeteer dat die stok van Juda en die stok van Joseph een sal word in die hand van die Here.
2. Addisionele leeswerk: Eségiël 2.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Jy mag dalk een van die volgende aktiwiteite (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Lees (of skryf op die swartbord) die volgende vrae:

- Hoe is 'n herder anders as 'n skaapwagter?

Vra klas lede om te luister vir die antwoord op hierdie vraag, in die volgende aanhaling van President Ezra Taft Benson (jy mag dalk wil hê dat 'n klas lid die aanhaling lees):

"In Jesus se tyd, was die Palestynse herders bekend vir hoe hulle hul skape beskerm het. Anders as moderne skaapwagters, het die herder altyd voor sy kudde geloop. Hy het hulle gelei. Die herder het elkeen van die skape geken, en het gewoonlik 'n naam vir elkeen gehad. Die skape het sy stem geken en hom vertrou en sou nie 'n vreemdeling volg nie. Dus, wanneer hy roep, het die skape na hom gekom. (Sien Johannes 10:14, 16.)

"Snags sou die herders hul skape in 'n kraal in bring, wat 'n skaapkraal genoem is. Hoë mure het die skaapkraal omring, en dorings is bo-op hierdie mure geplaas sodat wilde diere en diewe nie bo- oor kon klim nie.

"Somtyds, is 'n wilde dier deur hongerte gedryf,om oor die muur tussen die skape in te spring, wat hulle sou laat skrik het. So 'n situasie het die ware herder —een wie sy skape lief gehad het, — van die huurling — een wie net vir geld en plig gewerk het, geskei.

"Die ware herder was gewillig om sy lewe te gee vir die skape. Hy sou tussen die skape ingaan en vir hul welsyn veg. Die huurling, op die ander hand, het sy eie persoonlike veiligheid bo die van die skape geplaas en het gewoonlik van die gevaar af weg gevlug" (in Konferensie Raport, Apr. 1983, 61; of *Ensign,* Mei 1983, 43).

Nadat die aanhaling gelees is, vra klas lede om die verskille tussen 'n herder en 'n skaapwagter (of huurling) op te som. Gebruik die volgende vrae indien nodig, en lys die antwoorde op die swartbord:

- Waar loop die herder, in betrekking tot die skape? Waar loop die skaapwagter? (Die herder loop voor die skape en lei hulle; die aanhaling insinueer dat die skaapwagter agter die skape aanloop en hulle aanjaag.)
- Wat is die herder se verhouding met elk van die skape? Wat is die skaapwagter se verhouding met elk van die skape?
- Hoe reageer die herder wanneer die skape in gevaar is? Hoe reageer die skaapwagter?

Verduidelik dat as deel van hierdie les sal ons ons verantwoordelikhede as geestelike herders, bespreek.

---

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om persoonlike ondervindinge te deel, wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

In 597 V.C., het Koning Nebukadnesar van Babilon baie mense van die koninkryk van Juda, as gevangenes, weggedra. Een van hierdie gevangenes was Eségiël, wie die Here vyf jaar later, as 'n profeet sou roep. In 587 V.C. het die Babiloniërs Jerusalem vernietig en nog baie meer as gevangenes, geneem. Eségiël het sy uitgeweke volk bedien tot 570 V.C.

Eségiël se geskrewe werk sluit in streng teregwysing en glorieryke beloftes wat nie net van toepassing was op die antieke koninkryk van Juda nie, maar op die hele Israel, insluitende vandag se lede van die Kerk. Alhoewel Jerusalem vernietig was, het Eségiël 'n dag gesien waarin Israel ingevorder en gerestoureer sou word. Hierdie gebeure word in die visioen van die vallei van droë bene, asook in sy profesie oor die stok van Juda en Josef, gesimboliseer.

**1. Die herders van Israel**

Leer en bespreek Eségiël 34. In hierdie hoofstuk vermaan die Here die self-dienende herders van Israel wat nie die kudde gevoed het nie. Hy beskryf homself dan as die Goeie Herder wat sy kudde in die laaste dae sal invorder en hulle gedurende die Millennium sal lei.

- Wie is die "herders van Israel wat na verwys word in Eségiël 34? (Die godsdienstige leiers van Eségiël se dag.) Hoekom was die Here ontevrede met hulle? (Sien Eségiël 34:2–4.) Wat het met die skape gebeur toe die herders hulle verwaarloos het? (Sien Eségiël 34:5–6.)
- Op watter manier kan elkeen van ons as 'n herder van Israel, beskou word? (Ons moet oor mekaar waak en mekaar versterk, as familie lede, Kerk lede, bure, tuiste besoekers en vroue besoekers, en as lede van kworums en klasse.)

  Ouderling Bruce R. McConkie het gesê: "Enige persoon wat in enige kapasiteit in die Kerk dien, waarin hy verantwoordelik is vir die geestelike of tydelike welsyn van enige van die Here se kinders, is 'n herder aan daardie skape. Die Here hou sy herders verantwoordelik vir die veiligheid (saligheid) van sy skape" (*Mormon Leer,* 2de uitgawe [1966], 710).

- Die Here was ontevrede met sommige van die herders, omdat hulle hulself eerder as die kudde, gevoed het (Eségiël 34:2–3, 8). Hoe mag sommige van ons vandag dalk dieselfde fout maak?
- Volgens Eségiël 34:11–16, wat doen ware herders vir hul skape? (Let wel die werkwoorde *uitsoek, soek, oplewer, invorder, voed, verbind*, en *versterk.*) Hoe kan ons andere help om te keer dat hulle nie weg dwaal of verspreid raak nie? Hoe kan ons help om die wat weg gedwaal het weer terug te bring? Hoe kan ons die Here se kudde voed en versterk? Hoe is jy al geseën deur ware herders wat hierdie dinge gedoen het?

  President Ezra Taft Benson het gesê: "Ons oproep aan julle is om met hernúde toewyding, julself te vergroot. . . . Ons wil hê dat julle moet kyk, voed, omsien na en omgee vir die kudde en, in die geval waar sommige tydelik verlore mag raak, daag ons julle uit om hulle te vind" (in Konferensie Raport, Apr. 1983, 64; of *Ensign,* Mei 1983, 45).

- Hoe is die Verlosser, soos 'n herder aan ons? (Sien Eségiël 34:11–16; Psalm 23; Jesaja 40:11; Johannes 10:11–15.) Jy mag dalk wil bepreek hoe die Verlosser elkeen van die dinge gedoen het wat in hierdie geskrifte beskryf word. Getuig van die Verlosser soos jy deur die Gees aangespoor word.

**2. Bekeering en vergifnis**

Leer en bespreek Eségiël 18:21–32.

- Wat leer hierdie gedeelte oor bekeering en vergifnis? (Sien Eségiël 18:21–22, 27–28.) Wat beteken dit "om . . .'n nuwe hart en 'n nuwe gees, te maak"? (Eségiël 18:31). Hoekom is dit belangrik om te verstaan dat bekeering weg draai van sonde asook 'n verandering van hart, insluit? Hoe kan ons hierdie verandering van hart, ondervind? (Sien Alma 5:7–14.)
- Wat leer hierdie gedeelte, oor mense wie van geregtigheid af wegdraai en nie bekeer nie? (Sien Eségiël 18:24, 26.)
- Wat leer hierdie gedeelte oor die Here se gevoelens, wanneer hy die goddeloses straf? (Sien Eségiël 18:23, 32.)
- Wat leer hierdie gedeelte oor die Here se geregtigheid en genade? (Sien Eségiël 18:25, 29–32.) Hoekom is dit belangrik om te weet dat die Here geregtig en genadig is?

**3. Eségiël se visioen van die vallei van droë bene**

Leer en bespreek Eségiël 37:1–14. Verduidelik dat Eségiël se visioen van die vallei van droë bene simbolies is van beide die Opstanding en die restourasie van die kinders van Israel aan hul beloofde land.

- Hoe is die Opstanding in Eségiël se visioen gesimboliseer? (Die bene kom bymekaar, word met vlees en vel bedek, en word lewe gegee; sien Eségiël 37:1–10; sien ook Alma 11:42–44; 40:23.)
- Hoe is die restourasie van die kinders van Israel na hul beloofde land, in Eségiël se visioen gesimboliseer? (Sien Eségiël 37:11–14. Die Opstanding word gebruik om die restourasie te simboliseer.)
- Eségiël se visioen kan ook as 'n analogie gelees word wat die hernuwing van die "hoop" van Israel beskryf (Eségiël 37:11). Alhoewel Israel se hoop so dood

is soos die "groot leër" van bene wat Eségiël gesien het, kan die Verlosser dit na lewenskrag en lewe terug bring. Hoe het die Verlosser ons hoop hernu? (Jy mag dalk Moroni 7:41 wil lees wanneer jy hierdie vraag bespreek.)

- Die bene in Eségiël se visioen het begin lewe nadat Eségiël aan hulle gesê het "hoor die woord van die Here" (Eségiël 37:4). Hoe gee die woord van die Here aan ons lewe?

**4. Die stok van Juda en die stok van Josef**

Leer en bespreek Eségiël 37:15–28. Verduidelik dat Eségiël se profesië oor die stok van Juda en Josef 'n dubbele betekenis het. Dit verwys na die bymekaar voeg van die skriftelike rekord van Juda en Josef (Israel) in die laaste dae. Dit verwys ook na die hereniging van die koningkryk van Juda en Josef (Israel) in die laaste dae.

- Hoe is hierdie profesie in Eségiël 37:15–20 al vervul? (Sien 1 Nefi 5:14; 2 Nefi 3:12; L&V 27:5. Verduidelik dat die woord *stok* in hierdie verse, na 'n tipe hout skryf tablet wat algemeen in Eségiël se tyd gebruik is, verwys. Die stok van Juda simboliseer die Bybel, en die stok van Josef simboliseer die Boek van Mormon.)

  Ouderling Boyd K. Packer het gesê: "Die stok of rekord van Juda—die Ou Testament en die Nuwe Testament— en die stok van of rekord van Efraim — die Boek van Mormon, wat nog 'n testament van Jesus Christus is— is nou op so 'n manier saam geweef, dat wanneer jy in die een werk, dat jy na die ander een gelei word; soos wat jy uit die een leer, word jy deur die ander een verlig. Hulle is waarlik een in ons hande. Eségiël se profesie staan nou vervul" (in Konferensie Raport, Okt. 1982, 75; of *Ensign,* Nov. 1982, 53).

- Watter seëninge het gekom, omdat ons die Boek van Mormon saam met die Bybel het? (Sien 1 Nefi 13:39–40; 2 Nefi 3:12.) Hoe het die Boek van Mormon jou al gehelp om die Bybel beter te verstaan? Hoe het dit vir jou, die Bybel se getuienis van die Here Jesus Christus, herbevestig?

- Wat het Eségiël gesê sou gebeur, nadat die twee stokke bymekaar gebring sou word?

  a. Die kinders van Israel sal ingevorder word en as een koninkryk verenig word met die Verlosser as Koning (Eségiël 37:21–22).
  b. Die mense sal skoon en suiwer gemaak word (Eségiël 37:23).
  c. Die mense sal die Here se wette gehoorsaam (Eségiël 37:24).
  d. Die mense sal in die beloofde land woon (Eségiël 37:25).

- Watter ander seëninge het die Here in Eségiël 37:26–28 belowe? (Een belangrike seëning is die restourasie van die Here se heiligdom of tabernakel, wat beteken, die tempel. Die volgende les sal die seëninge van die tempel in meer diepte bespreek.)

---

Slotsom

Eségiël se leringe help ons om te verstaan hoe baie die Verlosser ons lief het en vir elkeen van ons omgee. Hy is ons Herder. Hy is ywerig om ons te vergewe. Hy het die opstanding vir ons moontlik gemaak. Hy is besig om die invordering van Israel in die laaste dae te oorsien. En hy het die Boek van Mormon, as nog 'n testament van hom, voort gebring. Nooi klas lede uit om hul getuienis oor hierdie waarhede te deel.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Leer hoe om 'n goeie herder te wees**

Terwyl jy ons verantwoordelikhede as herders bespreek, mag jy dalk die volgende storie van President James E. Faust, wil lees of vertel:

"Toe ek 'n baie klein seuntjie was, het my pa 'n lammetjie heeltemal alleen in die woestyn gevind. Die trop skape waaraan sy ma behoort het, het aan beweeg en op een of ander manier is die lammetjie van sy ma af geskei, en die herder moes nie geweet het dat dit verlore was nie. Omdat dit nie alleen in die woestyn kon oorleef nie, het my pa dit opgetel en huis toe gebring. Om die lammetjie daar te los, sou beslis sy dood beteken het, of deur roofdiere of deur hongerte, want hy was so jonk dat hy nog melk nodig gehad het. . . . My pa het die lammetjie aan my gegee, en ek het sy herder geword.

"Vir 'n paar weke moes ek koei melk warm maak en dit met'n bottel vir die lammetjie voer. Ons het vinnig vriende geword. . . . Hy het begin groei. My lammetjie en ek het op die gras gespeel. Soms het ons saam op die gras gelê, ek met my kop op sy sagte wollerige sy, so het ons gelê en na die blou lig en wit wolke gekyk. Ek het nie my lammetjie in die dag toegesluit nie. Hy sou nie weg hardloop nie. Hy het gou geleer om gras te eet. Ek kon my lammetjie van enige plek op die werf roep, deur net my beste blêr geluid, soos 'n skaap te maak. . . .

"Een nag was daar 'n verskriklike storm. Ek het vergeet om daardie nag my lammetjie in die skuur toe te maak soos wat ek elke aand moes doen. Ek het bed toe gegaan. My klein maatjie was bang in die storm, en ek kon hom hoor blêr. Ek het geweet ek moes my troeteldier gaan help, maar ek wou warm en veilig en droog in my bed bly. Ek het nie opgestaan soos ek moes nie. Die volgende oggend het ek uitgegaan en my lammetjie dood gevind. 'n Hond het ook sy geblêr gehoor en hom dood gemaak. My hart was gebroke. Ek was nie 'n goeie herder of toesighouer oor dit wat my pa aan my toevertrou het nie. My pa het aan my gesê, 'Seun, kon ek jou nie vertrou om agter net een lammetjie te kyk nie?' My pa se aanmerking het my seerder gemaak as die verlies van my wollerige maatjie. Ek het daardie dag, as 'n jong seun besluit, dat ek sal probeer om nooit weer my verantwoordelikheid as 'n herder te versuim nie, indien ek ooit weer in so 'n posisie geplaas word.

"Net 'n paar jaar later is ek as 'n junior metgesel geroep om tuis besoek te doen. Daar was tye toe dit so koud en stormagtig was en ek eerder in gemak by die huis wou bly, maar in my verstand kon ek my klein lammetjie hoor blêr, en ek het geweet dat ek 'n goeie herder moet wees en saam met my senior metgesel moet gaan. In al die baie jare sederdien, wanneer ek 'n begeerte het om my plig te versuim, onthou ek dan hoe jammer ek daardie nag so baie jare gelede was, toe ek nie 'n goeie herder was nie" (in Konferensie Raport, Apr. 1995, 62–63; of *Ensign,* Mei 1995, 46).

**2. Manne op die wagtoring moet waarskuwing gee**

- Toe Eségiël as 'n profeet geroep is, het die Here gesê, "Ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel" (Eségiël 3:17). Hoe was Eségiël se plig as 'n profeet, soos die van 'n wag? (Sien Eségiël 3:17–21; 33:1–9. In Eségiël se dag het 'n

wag op ‘n toring gestaan en die mense gewaarsku teen gevare van’n vyandige leër. Eségiël het sy mense gewaarsku teen vyande wat hulle geestelik in gevaar kon stel.)

- Wie is ons wagte in die laaste dae? Hoekom is dit belangrik om hierdie wagte te hê? Wat is ons verantwoordelikheid as ‘n wag? (Sien L&V 88:81. Deel van hierdie verantwoordelikheid is om die evangelie te leer, aan diegene wat dit nog nie ontvang het nie.)

Om te leer hoe belangrik dit is om te luister na die waarskuwings van die profete— en om ons bure te waarsku deur die evangelie aan hulle te leer— het Ouderling Boyd K. Packer van ‘n rampspoedige vloed vertel, wat deur die ineenstorting van die Teton Dam in Idaho veroorsaak is, in 1976. In die onmiddelike pad van die vinnig- bewegende vloedwaters, was 7800 mense. Soos wat die vloed deur die vallei gejaag het, het dit 790 huise vernietig en nog 800 huise, kerke, skole, en besighede, erg beskadig. As jy in ag neem, die hoeveelheid water, die spoed, en die populasie in die area, het een kenner bepaal dat ongeveer 5300 mense sou sterf. Maar slegs 6 mense het verdrink.

Ouderling Packer het gevra:

“Hoe kon daar so ‘n verskriklike verwoesting wees, met so min lewens verlies? . . . Omdat hulle gewaarsku was! Hulle het nie lank gehad nie, maar hulle is gewaarsku; en elke man wat gewaarsku is, het sy buurman gewaarsku. . . .

“Wat van die ses wat verdrink het? Een van hulle was reg onder die dam en het geen keuse gehad nie. Twee van hulle wou nie die waarskuwing glo totdat dit te laat was nie. Hulle is albei later in hul motors gevind, maar hulle het nie betyds op die waarskuwing gereageer nie. Drie van hulle het terug gegaan om een of ander materiale besitting te gaan haal, en het hul lewens verloor.

“Maar dit was ‘n wonderwerk van ontsaglike proporsie. As Heiliges van die Laaste dae moet ons leer om te luister na waarskuwinge. . . .

“Ek sien nou ‘n groot vergelykking met wat in die wêreld gebeur, ‘n groot vloedgolf van boosheid en goddeloosheid in die wêreld. Dit sypel om ons en raak dieper en dieper. Ons lewens is in gevaar. Ons eiendom is in gevaar. Ons vryhede is in gevaar, en tog gaan ons gemaklik voort met ons werk, sonder om te verstaan dat dit elke man wat gewaarsku is,se plig is om sy buurman te waarsku. . . .

“[Ons is deur] ‘n profeet gewaarsku. Sal [ons] ag gee aan die waarskuwing, of sal [ons] soos die ses in Idaho wees, wat gedink het die waarskuwing was nie vir hulle nie?” (*Sodat Almal Verhef Mag Word* [1982], 220–21, 223).

# "Elke Ding Sal Leef Waar die Rivier Vloei"

Les **44**

*Eségiël 43–44; 47*

**Doel**

Om klas lede aantemoedig om te deel in die lewe-gewende, geneësende krag wat in die tempel beskikbaar is.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:
   a. Eségiël 43:1–12; 44:6–9, 23. Eségiël word 'n visioen van die tempel in Jerusalem gewys.
   b. Eségiël 47:1, 6–12. Eségiël sien 'n rivier wat van die tempel af vloei en lewe aan die woestyn gee en die Dooie See gesond maak.
   c. Eségiël 47:2–5. Eségiël meet die rivier se diepte en ontdek dat dit dieper word elke keer wat hy daar in loop.
2. Teken die kaart op bladsy 209 op 'n plakkaat of op die swartbord, voor die klas begin.
3. Addisionele leeswerk: Eségiël 40–42; Joël 3:18; Sagaria 14:8; Openbaring 22:1–3; 1 Nefi 8:10–11; 11:25; Leer en Verbonde 97:8–20.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Vra klas lede vrae soortgelyk aan die volgende:

- Het jy al ooit baie opgewonde geraak, terwyl jy na 'n sport geleentheid of ander tipe vermaaklikheid gekyk het?
- Het jy ooit so opgewonde geraak by so 'n aangeleentheid, dat jy opgestaan het en gejuig of geskreeu het?
- Kan jy aan 'n heilige gebeurtenis dink, wat reeds gebeur het of sal gebeur, wat deur entusiastiese uitdrukkings van vreugde en dankbaarheid gepaart sal gaan. Sommige van hierdie gebeure, sluit in:
  a. Die skepping van die aarde (Job 38:4–7).
  b. Die triomfantlike intog van Jesus in Jerusalem (Johannes 12:12–16).
  c. Die Tweede Koms van Christus en die Opstanding (1 Thessalonícense 4:16).
- Hoe vergelyk die opwinding van 'n sport geleentheid of ander vermaaklikheid, met die vreugde van hierdie heilige gebeure? (Terwyl die opwinding van sport geleenthede of ander vermaaklikheid tydelik is, is die vreugde wat met heilige gebeure geassosieer word, ewiglik.)
- Wat is 'n heilige geleentheid in die Kerk, waar deelnemers hul dankbaarheid wys deur te staan, uitroep en te waai? (Gedurende die inwyding van 'n tempel, neem die gemeente deel in 'n groot uitdrukking van vreugde wat die Hosanna Skree, genoem word.)

  "Die Hosanna Skree word met die hele siel, tot die volle perke van jou vermoeë, gegee. Die gemeente staan en skree gelyk die woorde 'Hosanna,

Hosanna, Hosanna aan God en die Lam. Amen, Amen, en Amen,' herhaal dit drie keer. Dit gaan gewoonlik gepaard met die ritmiese waai van wit sakdoeke met gerysde hande. Die bynaam 'Lam' het betrekking op die neerbuiging en versoening van Jesus Christus" (in Daniel H. Ludlow, uitg., *Ensiklopedie van Mormonisme,* 5 vol. [1992], 2:659).

Verduidelik dat hierdie les, klas lede sal help om sommige van die baie maniere waarop die tempel vreugde bring, te verstaan.

---

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

**1. Esígiël word 'n visioen van die tempel in Jerusalem, gewys.**

Leer en bespreek Eségiël 43:1–12; 44:6–9, 23.

- Laat 'n klas lid Eségiël 43:1–12 en Eségiël 44:6–9, 23 lees. Wat kan hierdie verse ons van die tempel leer?


  Jy mag dalk klas lede se antwoorde op die swartbord wil lys en hul betekenisse wil bespreek. Antwoorde mag dalk die volgende insluit:

  a. Die glorie van die Here vul die tempel (Eségiël 43:2, 4–5).
  b. Die tempel is "die plek van [die Here] se troon" op aarde (Eségiël 43:7).
  c. Die Here wandel in die tempel en noem dit "die plek van die sole van my voete" (Eségiël 43:7).
  d. Die tempel is 'n plek waar die Here "in die midde" van sy mense mag woon (Eségiël 43:7).
  e. Ons leer aangaande die wette van die Here in die tempel (Eségiël 43:11).
  f. Daar is ordinansies wat die Here wil hê dat ons in die tempel moet verrig (Eségiël 43:11).
  g. Selfs die gronde om die tempel "sal hoog heilig wees" (Eségiël 43:12).
  h. Slegs die wat waardig is, behoort by die tempel in te gaan (Eségiël 44:6–9).
  i. In die tempel leer ons die verskil tussen heilig en heidens en tussen rein en onrein (Eségiël 44:23).

**2. Eségiël sien 'n rivier wat van die tempel af uitvloei en lewe aan die woestyn gee en die Dooie See gesond maak.**

Leer en bespreek Eségiël 47:1, 6–12.

- Wat het Eségiël gesien uit die oostelike deure van die tempel in Jerusalem, kom? (Sien Eségiël 47:1.) Waar het die water gegaan? (Sien Eségiël 47:8. Wys op die kaart dat die wildernis in Judea en die Dooie See oos van Jerusalem lê.)




- Die wildernis van Judea is 'n droë woestyn, en die Dooie See is te sout om enige diere lewe te onderhou. Volgens Eségiël se visioen, watter veranderinge sal plaas vind in die wildernis van Judea en die Dooie See, as gevolg van die rivier wat van die tempel af vloei? (Sien Eségiël 47:6–12.)
- In 'n visioen soortgelyk aan Eségiël se visioen van die tempel, is Johannes die troon van God gewys (Openbaring 22:1–3; let daarop dat in Ezekiel 43:7,noem die Here die tempel "die plek van my troon"). Wat het in Johannes se visioen van die troon van God af gevloei? (Sien Openbaring 22:1.) Wat is die "water van die lewe"? (Die leringe van die evangelie; sien die aandag aktiwiteit in les 30.) Hoe is ons soos die wildernis van Judea en die Dooie See, indien ons nie van die lewende water wil neem nie?
- Hoe bring die water van die lewe wat in die tempel beskikbaar is, geneesing en lewe aan huwelike? families? ons voorouers? die Kerk? Wat anders vloei ook van die tempel af, wat geestelike lewe en geneesing bring? (Antwoorde mag insluit, waarheid, wysheid, openbaring, en verbonde.)
- Eségiël 47:12 beskryf die bome wat langs die oewer van die rivier in Eségiël te visioen, groei. Wat het die bome ingemeen gehad met die water van die rivier? (Hulle het die krag van geneesing en lewe gehad.)
- Wat het langs die oewer in Johannes se visoen, gegroei? (Sien Openbaring 22:2.) Waar anders in die geskrifte is profete die boom van die lewe gewys? (Sien 1 Nefi 8:10–11; 11:25.) In die droom wat aan Lehi en Nefi gegee is, wat het die boom van die lewe, voorgestel? (Sien 1 Nefi 11:25.)
- Hoe bring die liefde van God geneesing en lewe? Watter geestelike en fisiese wonde sal God se liefde, genees?

**3. Eségiël meet die diepte van die rivier.**

Leer en bespreek Eségiël 47:2–5.

- Hoe diep was die rivier die eerste keer wat Eségiël daardeur geloop het? (Sien Eségiël 47:2–3.) Hoe diep was dit die tweede, derde, en vierde keer wat hy deurgeloop het? (Sien Eségiël 47:4–5.) Watter waarhede stel hierdie verse voor, oor die tempel? (Die krag van die tempel vermeerder in ons lewe, hoe meer dikwels ons dit bywoon.)
- Wonderlike waarhede word in die temple geleer, baie deur simbole. Indien ons eerste insig van hierdie waarhede, of van die tempel ordinansies slegs "enkel

diep" is, wat moet ons doen? (Sien Eségiël 47:2–5. Ons moet weer en weer deur die "rivier" loop, of in ander woorde, die tempel so dikwels as moontlik, bywoon.)

Slotsom

Vertel klas lede dat die Here na die tempel verwys het as "'n plek van danksegging" (L&V 97:13). Vertel hoe dankbaar jy is vir die seëninge wat kom as gevolg van die tempel en nooi klas lede uit om hul gevoelens van dankbaarheid vir die tempel, te deel. Getuig dat net soos wat die waters van die tempel die wildernis van Judea en die Dooie See in Eségiël se visioen genees het, so ook sal die evangelie van Jesus Christus ons genees en skoon maak, indien ons daarin sal deel.

**Additionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. "Ek het lief die woning van u huis" (Psalm 26:8)**

Baie van die psalms noem die seëninge wat ons van gereelde tempel bywoning ontvang en gee uitdrukking aan pragtige gevoelens van liefde en dankbaarheid vir die tempel. Jy mag dalk sommige van die klas lede wil vra om hul gevoelens van dankbaarheid vir die tempel, te deel, soos wat jy die volgende psalms bespreek:

Psalm 24:3–4
Psalm 26:6–8
Psalm 27:1, 4–6
Psalm 65:4
Psalm 84
Psalm 122
Psalm 134

**2. "Die Groot Simbool van [Ons] Lidmaatskap"**

President Howard W. Hunter het gesê: "Ek nooi die Heiliges van die Laaste dae uit om die tempel van die Here te sien as die groot simbool van jul lidmaatskap. Dit is die diepste begeerte van my hart, om elke lid van die Kerk waardig te hê om die tempel binne te gaan. Dit sou die Here gelukkig maak, indien elke volwasse lid sou waardig wees om 'n waardige tempel aanbeveeling te hê— en saam met hulle te dra. Die dinge wat ons moet doen, of nie moet doen om waardig te wees van 'n tempel aanbeveling, is die presiese dinge wat sal verseker dat ons as individue en as families, gelukkig sal wees" (in Konferensie Raport, Okt. 1994, 8; of *Ensign,* Nov. 1994, 8).

- Hoe kan ons die tempel die "groot simbool van [ons] lidmaatskap" in die Kerk, maak? Hoe sou dit ons uitkyk op die lewe en ons toewyding tot die Here se werk affekteer, indien ons op hierdie manier na die tempel sou kyk?

# “Indien Ek Sterf, Dan Sterf Ek”

Les
45

*Daniël 1; 3; 6; Ester 3–5; 7–8*

**Doel**

Om klas lede te help om die moed te hê om volgens die standaarde van die evangelie, te leef.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:
   a. Daniël 1. Daniël en sy vriende weier om hulself te vervuil, deur Koning Nebukadnésar se kos te eet (1:1–16; let daarop dat peulvrugte, kos was wat van graan en eetbare sade gemaak is). Die Here seën Daniël en sy vriende met goeie gesondheid en wysheid (1:17–21).
   b. Daniël 3. Sadrag, Mesag en Abednégo het geweier om Koning Nebukadnésar se standbeeld te aanbid (3:1–12). Koning Nebukadnésar gooi hulle in die brandende vuuroond, en hulle word deur die Here gered (3:13–30).
   c. Daniël 6. Koning Darius se manne oorreed die koning om ʻn bevel te teken waarvolgens alle petisies vir die volgende 30 dae aan hom gerig moet word, eerder as aan enige ander man of aan God (6:1–9). Ten spyte van die koning se bevel, bid Daniël aan God (6:10–13). As straf vir ongehoorsaamheid aan die bevel, word Daniël in ʻn leeu kuil gegooi (6:14–17). Die Here stuur ʻn engel om Daniël te beskerm (6:18–23).
   d. Ester 3–5; 7–8. Mordegai weier om voor Haman te buig (3:1–4). Haman oorreed Koning Ahasvéros om ʻn bevel voorteberei waarin al die Jode in die koninkryk dood gemaak sou word (3:5–14). Ester vind uit van Haman se plan om haar mense dood te maak en stel haar eie lewe in gevaar deur na die koning te gaan vir hulp (4:1–17). Die koning ontvang Ester en gee in tot haar versoek om saam met Haman na ʻn feesmaal te kom (5:1–8). By die feesmaal onthul Ester, Haman se plan om die Jode dood te maak (7:1–6). Die koning laat Haman hang (7:7–10). Die koning eer Mordégai en gun Ester se versoek om Haman se bevel nietig te verklaar (8:1–17).
2. Addisionele leeswerk: Daniël 5; Ester 1–2; 6; 9–10.
3. Indien jy die aandag aktiwiteit gebruik, vra twee klas lede om voorteberei om kortliks te vertel van ʻn tyd toe hulle of iemand wat hulle ken, moedig moes wees om die Here te gehoorsaam.
4. Indien die volgende prente beskikbaar is, mag jy dalk sommige van hulle gedurende die les wil gebruik: Daniël Weier die Koning se Vleis en Wyn (62094; Evangelie Kuns Prente Stel 114); Drie Manne in die Brandende Vuuroond (62093; Evangelie Kuns Prente Stel 116); en Daniël in die Leeukuil (62096; Evangelie Kuns Prente Stel 117).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Laat die klas lede wat vooraf gevra is, om kortliks te vertel van ʻn tyd toe hulle of iemand wat hulle ken, moedig moes wees om die Here te gehoorsaam.

Nadat klas lede hulle ondervindinge gedeel het, verduidelik dat hierdie les oor ses mense in die Ou Testament gaan wat baie moedig was, sodat hulle die Here kon gehoorsaam.

---

**Skriftelike Bespreking en Toepassing**

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

**1. Daniël en sy vriende weier om Koning Nebukadnésar se kos te eet; hulle word geseën met gesondheid en wysheid.**

Leer en bespreek Daniël 1.

As ‘n jong seun, is Daniël as ‘n gevangene van Jerusalem na Babilon geneem. Hy en ander belowende Hebreërse jeug — insluitende sy vriende Sadrag Mesag en Abednego — is in die hof van Koning Nebukadnésar geleer.

- Wat het Daniël en sy vriende voorgestel, toe hulle die koning se vleis en wyn gebring is? (Sien Daniël 1:8–14.) Watter seëninge het hulle ontvang omdat hulle gehoorsaam was aan die Here se wet van gesondheid? (Sien Daniël 1:15, 17, 20.) Hoe is die seëninge wat hulle ontvang het, soortgelyk aan dit wat die Here ons belowe, indien ons gehoorsaam is aan die Woord van Wysheid? (Sien L&V 89:18–20.)

  Ouderling Boyd K. Packer het geleer: "Ek het tot die besef gekom. . . dat die fundamentele doel van die Woord van Wysheid, het te doen met openbaring. Van kleins af, leer ons julle om tee, koffie, alkohol, tabak, dwelms en enige iets wat jou gesongheid kan ontstel, te vermy. . . . Indien iemand ‘onder die invloed’ skaars na eenvoudige praatjies kan luister, hoe kan hulle dan op geestelike aanhitsing, wat hul mees verfynste gevoelens aanraak, reaggeer? So waardevol as wat die Woord van Wysheid, as ‘n wet van gesondheid is, mag dit selfs meer waardevol wees vir jou gees, as wat dit is vir jou liggaam" (in Konferensie Raport, Okt. 1979, 28–29; of *Ensign,* Nov. 1979, 20).

- Wat kan ons uit hierdie storie leer, oor hoe om te reaggeer wanneer ons onder druk is om iets te doen wat ons nie moet doen nie? (Sien Daniël 1:5, 8.) Watter situasies vandag, verg moed, vir ons om die Here se gebooie te gehoorsaam? Hoe kan ons die moed ontwikkel wat nodig is om gehoorsaam te wees in sulke situasies?

**2. Die Here red Sadrag Mesag en Abednégo van ‘n vuur dood in die vuuroond.**

Leer en bespreek discuss Daniël 3.

- Koning Nebukadnésar beveel dat enige persoon wat nie sy standbeeld aanbid nie, in die vuuroond gegooi sal word (Daniël 3:1–6). Hoe het Sadrag Mesag en Abednégo op die bevel gereaggeer? (Sien Daniël 3:12.) Wat het Nebukadnésar gedoen toe hy uitvind dat hulle nie sy standbeeld wou aanbid nie? (Sien Daniël 3:13–15, 19–20.)

- Wat het Sadrag, Mesag en Abednégo gesê toe die koning gedreig het om hulle in die vuuroond te gooi? (Sien Daniël 3:16–18.)

  Ouderling Neal A. Maxwell het gesê: "Ons sal [nie] altyd van onmiddelike probleme gered word nie, maar ons sal van ewige dood gered word! In die tussentyd, maak uiterste hoop dit moontlik om dieselfde drie woorde te sê

wat eeue gelede deur drie dapper manne gebruik is. Hulle het geweet dat God hulle van die brandende vuuroond kon red, indien Hy so besluit. 'Maar indien nie' het hulle gesê, sou hulle nieteenstaande, Hom nogsteeds dien!" (in Konferensie Raport, Okt. 1994, 45; of *Ensign,* Nov. 1994, 35).

- Wat kan ons uit Sadrag, Mesag en Abednego se antwoord leer,oor gehoorsaamheid aan God se gebooie? (Sadrag, Mesag en Abednégo was gewillig om aan die Here gehoorsaam te wees, of hy hulle beskerm of nie. Ons gehoorsaamheid moet nie afhanglik wees van verwagte seëninge wat die Here ons op 'n verwagte tyd mee mag beloon nie.) Watter gevare is daar, om slegs gehoorsaam te wees aan die Here, omdat ons verwag dat hy sekere seëninge aan ons sal gee?
- Wat het gebeur toe Sadrag, Mesag en Abednégo in die vuuroond gegooi is? (Sien Daniël 3:21–27.) Wie was saam met hulle in die vuuroond? (Sien Daniël 3:25.) Hoe help die Verlosser ons, wanneer ons gedurende ons beproewinge na hom toe draai?
- Watter uitwerking het die moed van Sadrag, Mesag en Abednégo, op Nebukadnésar gehad? (Sien Daniël 3:28–30.) Hoe affekteer ons aksies ons bure se houding teenoor die Kerk?

**3. Daniël bid, ten spyte van die koning se bevel, en word in die leeukuil gegooi. Die Here stuur 'n engel om Daniël te beskerm.**

Leer en bespreek Daniël 6.

Koning Nebukadnésar is deur sy seun Bélsasar opgevolg. Toe Bélsasar dood gemaak is, het "Darius die Medianiet die koninkryk geneem" (Daniël 5:31),en Daniël het tot 'n baie belangrike posisie gerys. (Let wel: Darius die Medianiet is nie dieselfde Koning Darius wat die Persiese Ryk na Sirus geheers het nie en aan wie die Jode geappéleer het terwyl hulle die tempel herbou het nie. Sien Esra 4–6; les 47; en Bybelse Woordeboek, "Darius," bladsy 653.)

- Hoekom wou die koning se presidente en prinse met Daniël fout vind? (Sien Daniël 6:1–5. Hulle was jaloers omdat die koning Daniël verkies het, en hulle was bang dat die koning hom nog meer mag sal gee.) Watter bevel het hierdie manne die koning oorreed om te teken? (Sien Daniël 6:6–9. Hulle het geweet dat Daniël gereeld bid, so hulle het Koning Darius oorreed om 'n bevel te teken waarvolgens alle petisies vir 30 dae lank, direk aan hom gerig moes word eerder as aan enige ander man of God nie. Diegene wat ongehoorsaam was aan die bevel, sou in die leeukuil gegooi word.)
- Hoe het Daniël op die koning se bevel gereaggeer? (Sien Daniël 6:10.) Wat kan ons by Daniël leer, oor die belangrikheid van gebed? (Gebed was so belangrik vir Daniël dat hy aangehou bid het, selfs al het dit sy lewe in gevaar gestel.) Nooi klas lede uit, om te peins oor die waarde wat ons aan die voorreg, om tot ons Hemelse Vader te bid, heg.
- Hoe het Koning Darius gevoel toe sy manne aan hom gerapporteer het dat hulle Daniël, gesien bid het? (Sien Daniël 6:12–15.) Hoe het die Koning sy geloof in God, gedemonstreer? (Sien Daniël 6:16, 18.)
- Hoe het die Here Daniël in die leeukuil geseën? (Sien Daniël 6:19–23.) Watter effek het Daniël se geloof en moed op Koning Darius en die mense van die koninkryk gehad? (Sien Daniël 6:24–28.)

Ouderling L. Tom Perry het gesê: "Daniël se diens het nie net die koning gebaat nie, maar as gevolg van die geloof wat Daniël in die Here gehad het, het dit die hele land geaffekteer. Die koning het 'n aankondiging gestuur, waarvolgens al die mense in die koninkryk die ware en lewende God moet aanbid, die God wat Daniël aanbid het. Hoe magtig was die diens van een geregtige man, wat so baie mense beinvloed het, terwyl hy 'in die wêreld' waarin hy geleef het, gedien het! Hoe effektief sal die resultate van ons diens wees, indien ons aanhou om in ons eie persoonlike manier te dien, 'in die wêreld' waarin *ons* leef!" (in Konferensie Raport, Apr. 1988, 16; of *Ensign*, Mei 1988, 15).

**4. Ester waag haar lewe om haar mense te red.**

Leer en bespreek Ester 3–5; 7–8.

Ester was 'n Joodse vrou wat in die tyd net na Daniël, geleef het. Nadat haar ouers gesterf het, is sy deur haar neef Mórdegai groot gemaak. Ester was baie mooi, en Ahasvéros, die koning van Persië en Media, was so ingenome met haar skoonheid dat hy haar sy koningin gemaak het.

- Koning Ahasvéros het Haman tot die posisie van sy hoogste prins bevorder (Ester 3:1). Hoe het Mórdegai moed gewys, toe die koning hom en ander diensknegte beveel het om voor Haman te buig? (Sien Ester 3:2–4.) Wat was Haman se reaksie? (Sien Ester 3:5–14. Hy was kwaad en het die koning oortuig om die vernietiging van "'n sekere nasie" — al die Jode in die koninkryk, te beveel.)
- Toe Ester van die droefheid onder die Jode hoor, het sy 'n boodskap aan Mórdegai gestuur om uit te vind wat fout was (Ester 4:1–6). Wat het Mórdegai van Ester gevra? (Sien Ester 4:7–9.) Hoekom was dit gevaarlik vir Ester om na die koning te gaan en met hom te praat? (Sien Ester 4:10–11. Die wet het toegelaat dat die koning enige een kon dood maak wat hom, ongenooid genader het.)
- Watter boodskap het Mórdegai aan Ester gestuur, toe hy van haar besorgdheid om die koning te nader, gehoor het? (Sien Ester 4:13–14.) Hoe dink jy het Ester gevoel, toe sy die moontlikheid oorweeg het dat sy" na die koninkryk gekom het, vir so 'n tyd soos hierdie"? (Ester 4:14). Hoe kan ons die versekering ontvang, dat ons lewe 'n doel het? Hoe kan hierdie versekering ons help?
- Wat het Ester haar diensmeisies en die plaaslike Jode gevra om te doen, terwyl sy haar voorberei om die koning te nader? (Sien Ester 4:16.) Hoe kan ons gehelp word, wanneer baie mense saam vas en bid ?
- Toe sy haar plan om die koning te nader, bekend maak het Ester gesê, "Indien ek sterf, dan sterf ek" (Ester 4:16). Hoe vergelyk hierdie verklaring, met die stelling wat Sadrag, Mesag en Abednégo gemaak het, voor hulle in die vuuroond gegooi is? (Sien Daniël 3:17–18.) Hoe het hierdie verklaring Ester se toewyding aan haar mense en aan God, gewys?
- Toe Ester die koning nader, het hy haar ontvang en gesê dat hy haar enige iets wat sy sal vra, sou gun (Ester 5:1–3). Sy het gevra dat die koning en Haman na 'n feesmaal sou kom (Ester 5:4–8). Wat het Ester van die koning gevra, op die tweede dag van die feesmaal? (Sien Ester 7:3–4.) Wat het die koning gedoen toe hy uitvind dat die mense wie Haman beplan het om te vernietig, die Jode was? (Sien Ester 7:5–10.)

- Haman is gehang, maar die bevel om alle Jode dood te maak is reeds deur die hele koninkryk gestuur. Wat het Ester die koning gevra om te doen? (Sien Ester 8:5–6.) Watter seëninge het die Jode ontvang, as gevolg van Ester se moed en geloof? (Sien Ester 8:16–17.) Watter seëninge het jy al ontvang, as gevolg van die moed en geloof van andere?
- Watter uitdagings het ons vandag, wat moed soos Ester sin, verg? Watter seëninge sal ons ontvang, indien ons daarna strewe om te doen wat reg is, selfs wanneer ons moeilike gevolge in die gesig staar?

Slotsom

Getuig dat die Here ons sal seën, soos wat ons die moed het om op te staan vir dit wat reg is. Moedig klas lede aan om die voorbeelde van Daniël, Sadrag, Mesag, Abednégo, Ester en Mórdegai te volg.

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Die hoogste seëninge van dappere gehoorsaamheid**

- Wat het Daniël, Sadrag, Mesag, Abednégo, Ester, en Mórdegai, in gemeen gehad? (Hulle het almal die moed gehad om te doen wat reg was, selfs wanneer dit hul lewens in gevaar gestel het.) Watter situasies het jy al ondervind, waar jy moes besluit of jy sou opstaan vir dit wat jy geweet het, reg is?

Getuig daarvan dat die Here ons sal seën, soos wat ons strewe om die gebooie te onderhou. Alhoewel die seëninge wat ons ontvang, nie altyd onmiddelik sigbaar is nie. Om dit te illustreer, mag jy dalk die beproewinge wat die volgende mense moes verduur het, wil bespreek:

a. Sarai het nie kinders gebaar totdat sy 90 jaar oud was nie (Genesis 17:15–17; 21:1–2).
b. Josef is deur sy broers verkoop en is later in die tronk gegooi vir ʻn misdaad wat hy nie gepleeg het nie (Genesis 37:27–28; 39:7–20).
c. Die Verlosser is deur ʻn vriend verraai, onwettiglik verhoor, en gekruisig (Johannes 18–19).
d. Nefi is deur sy broers geslaan en later met toue vasgebind (1 Nefi 3:28; 18:10–11).
e. Alma en Amulek is gedwing om toe te kyk, terwyl vrouens en kinders verbrand is vir dit waarin hulle geglo het (Alma 14:8–11).
f. Joseph Smith is in die tronk gegooi en gemartel (L&V 135).

- Hoekom dink jy het die Here toegelaat dat hierdie mense sulke beproewinge moes verduur? Hoekom dink jy was dit vir hulle moontlik om sulke beproewinge te verduur? Wat kan ons uit hierdie voorbeelde leer?

**2. Staan vir die waarheid**

Laat klas lede verskillende situasies uit vertolk, waarin hulle sou moes opstaan vir dit wat hulle weet reg is. Dink aan omstandighede wat op klas lede van toepassing sou wees. Die volgende voorstelle mag help:

a. ʻn Vriend verkleineer iemand en moedig jou aan om dieselfde te doen.
b. Iemand stel voor dat jy na sekere musiek luister wat jy weet onvanpas is.
c. Iemand vra jou om op ʻn Sondag na kerk, na ʻn restourant te gaan.
d. Iemand offer jou alkohol of iets anders wat teenstrydig is met die Woord van Wysheid.

Les
# 46
# "'n Koninkryk Wat Nooit Vernietig Sal Word Nie"

*Daniël 2*

**Doel**

Om klas lede se getuienis van die gerestoureerde Kerk van Jesus Christus te versterk en om hulle aan te moedig om te help om die koninkryk van God hier op die aarde op te bou.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:
   a. Daniël 2:1–23. Koning Nebukadnésar het 'n droom en beveel sy raadgewers om dit te beskryf en te vertolk (2:1–13). Daniël bid saam met sy vriende, en God openbaar die droom en die betekenis daarvan aan hom (2:14–23).
   b. Daniël 2:24–49. Daniël verklaar dat Koning Nebukadnésar se droom die opkoms en val van die groot koninkryke van die aarde voorspel en dat die koninkryk van God in die laaste dae, triomfantlik sal wees oor al die ander koninkryke.
2. Addisionele leeswerk: Leer en Verbonde 65.
3. Nooi twee of drie klas lede uit om kortliks hul getuienis oor die waarheid van die Kerk te deel.
4. Indien jy die aandag aktiwiteit gebruik, teken die kaart onderaan hierdie bladsy, op 'n plakkaat of op die swartbord, voor die klas begin.
5. Indien jy die "Nebukadnésar se Droom" diagram (sien bladsy 224) gebruik, teken dit vooraf op 'n plakkaat of op die swartbord. Moenie die name van die individuele koninkryke neerskryf, totdat jy die diagram in die klas bespreek nie.
6. Indien die prent Daniël Vertolk Nebukadnésar se Droom beskikbaar is, mag jy dit dalk gedurende die les wil gebruik (62531; Evangelie Kuns Prente Stel 115).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Wys klas lede die kaart wat jy op die plakkaat of op die swartbord geteken het:

| | 6 April 1830 | 1880 | 1930 | 1980 | 1995 | 2000 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 6 | 133,628 | 670,017 | 4,639,822 | 9,340,898 | Meer as 11,000.000 |
| | 1 | 10 | 16 | 44 | 88 | 100 |
| | 0 | 23 | 104 | 1,218 | 2,150 | 2,581 |
| | 0 | 10 | 30 | 188 | 307 | 334 |
| | 0 | 1 | 7 | 19 | 47 | 102 |

- Wat dink jy word deur hierdie nommers voorgestel?

Gee klas lede 'n paar minute om antwoorde op hierdie vraag voor te stel? Voltooi dan die kaart soos hier onder aangewys is:

| | 6 April 1830 | 1880 | 1930 | 1980 | 1995 | 2000 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Lede van die Kerk | 6 | 133,628 | 670,017 | 4,639,822 | 9,340,898 | Meer as 11,000,000 |
| Tale met gepubliseerde uitgawes van die Boek van Mormon | 1 | 10 | 16 | 44 | 88 (39 volle en 49 gedeeltelike vertalings) | 100 (61 volle en 39 gedeeltelike vertalings) |
| Ringe | 0 | 23 | 104 | 1,218 | 2,150 | 2,581 |
| Sending Streke | 0 | 10 | 30 | 188 | 307 | 334 |
| Tempels in gebruik | 0 | 1 | 7 | 19 | 47 | 102 |

(Huidige statistieke kan in onlangse uitgawes van Kerk publikasies gevind word. Jy mag dalk 'n kolom op die kaart wil byvoeg, om hierdie statistieke in te sluit.)

Nooi klas lede om kommentaar te lewer oor die spoedige groei van die Kerk. Verduidelik dat hierdie les Daniël sal bespreek, 'n antieke profeet wat gesien het dat die koninkryk van God—Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, triomfantlik sou wees.

---

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

**1. Daniël ontvang 'n openbaring, waarin Koning Nebukadnésar se droom aan hom gewys is, asook die uitlegging daarvan.**

Leer en bespreek Daniël 2:1–23.

Koning Nebukadnésar het een nag 'n ontstellende droom gehad. Hy het sy raadgewers getoets, deur aan hulle te sê dat hy die droom vergeet het, en hulle beveel het om dit aan hom te openbaar en te vertolk (Daniël 2:2–5; sien voetnota 5*a*). Toe hulle sê dat hulle nie die droom kon beskryf nie, het Nebukadnésar beveel dat al die wyse manne in Babilon dood gemaak moet word, insluitende Daniël en sy vriende (Daniël 2:10–13). Toe die koning se kaptein gekom het om Daniël te neem om dood gemaak te word, het Daniël na die koning gegaan en gevra vir tyd om die droom te vertolk (Daniël 2:14–16).

- Hoe het Daniël voorberei om die koning se droom te vertolk? (Sien Daniël 2:17–18. Hy het sy vriende gevra om saam met hom te bid.) Hoe het die gebede van familie lede en vriende jou al gehelp?
- Hoe is die gebede van Daniël en sy vriende geantwoord? (Sien Daniël 2:19, 27–28.) Wat het Daniël onmiddelik gedoen nadat hy die visoen van die koning se droom ontvang het? (Sien Daniël 2:20–23.) Wat het sy woorde, oor sy gevoelens teenoor God, geopenbaar? Hoekom is dit belangrik om dankbaarheid aan die Here te betoon? Hoe kan ons, ons dankbaarheid aan hom toon?
- Vergelyk die bronne waarna Daniël en Nebukadnésar hulle gerig het, toe hulle antwoorde op vrae gesoek het: (Sien Daniël 2:2, 19–23, 28.) Na watter twyfelagtigebronne draai mense vandag wanneer hulle hulp nodig het met moeilike


vrae of besluite ? Wat verhoed baie mense daarvan om God se leiding in sulke situasies uit te soek?

**2. Daniël beskryf en vertolk Nebukadnésar se droom.**

Leer en bespreek Daniël 2:24–49.

- Hoe het Daniël die groot beeld wat die koning gesien het, beskryf? (Sien Daniël 2:31–33. Verwys na die prent Daniël Vertolk Nebukadnésar se Droom of na jou tekening van die diagram wat hier onder aan gewys word.)

**Nebukadnésar se Droom** (Daniël 2:31–45)




- Wat word deur die verskillende dele van die beeld, voorgestel? (Sien Daniël 2:36–43. Die dele het die verskillende koninkryke voorgestel, wat mekaar sou opvolg as wêreld magte.)

  Skryf die name van die koninkryk op die diagram, soos wat jy die volgende interpretasie van President Spencer W. Kimball, hersien:

  a. Die kop van goud stel Nebukadnésar en sy koninkryk van Babilon voor.
  b. Die bors en arms van silver stel Cyrus en sy koninkryk van Mede en Perse voor.
  c. Die maag en bo-bene van koper stel Philuppes en Alexander en die Griekse en Macedoniese koninkryke voor.
  d. Die bene van yster stel die Romeinse Ryk voor.
  e. Die voete van yster en klei stel 'n groep Europese nasies voor. (In Konferensie Raport, Apr. 1976, 10; of *Ensign,* Mei 1976, 8.)

- In Nebukadnésar se droom, is die beeld wat die aardse koninkryke voorgestel het, deur wat vernietig? (Sien Daniël 2:34–35.) Wat het die "klip. . . wat sonder mensehande uitgesny is" voorgestel? (Sien Daniël 2:44–45; L&V 65:2.)

  President Kimball het gesê: "Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae is in 1830 gerestoureer. . . . Dit is die koninkryk wat deur die

God van die Hemel opgestel is, wat nooit vernietig of vervang sal word nie, en die klip wat sonder mensehande uit die berg gesny is, wat 'n groot berg sal word en die hele aarde sal vul" (in Konferensie Raport, Apr. 1976, 10; of *Ensign*, Mei 1976, 8–9).

- Wat het Daniël, met betrekking tot die Kerk in die laaste dae, geprofeteer? (Sien Daniël 2:34–35, 44.)

  Jy mag dalk die volgende profesië op die swartbord wil lys. Daniël het geprofeteer dat die Kerk :

  a. Sonder "mensehande gesny sal word" (Daniel 2:34).
  b. Soos "n groot berg sal wees en die hele aarde sal [vul]" (Daniel 2:35).
  c. "Nooit vernietig sal word nie" (Daniel 2:44).
  d. "Nie aan ander mense gelaat [gegee] sal word nie" (Daniël 2:44).
  e. "Alle [ander] koninkryke sal verorber" (Daniël 2:44).
  f. "Verewig sal bestaan" (Daniël 2:44).

- Wat beteken dit, dat die klip "sonder mensehande uit gesny sal word"? (Sien Daniël 2:34. Dit sal nie mens gemaak wees nie.) Hoe is die Kerk van Jesus Christus, soos 'n klip wat sonder mensehande uit gesny is?

  Ouderling Joseph B. Wirthlin het gesê: "Ons Here en Verlosser staan aan die hoof van hierdie kerk en lei dit deur sy diensknegte. Dit is die Here se kerk; dit is nie 'n mensekerk nie" (in Konferensie Report, Okt. 1993, 4; of *Ensign*, Nov. 1993, 5).

- Hoe is Daniël se profesie, dat die Kerk die "hele aarde sal vul" en dat "dit nooit vernietig sal word nie" besig om vandag vervul te word? (Jy mag dalk na die tweede kaart in die aandag aktiwiteit wil verwys.)

  President Gordon B. Hinckley het getuig: "Hierdie kerk is waar. Dit sal elke storm wat teen hom opkom, oorleef. Dit sal uithou teen elke kritikus wat daarmee spot dryf. Dit is deur God ons Ewiglike Vader gevestig, vir die seën van Sy seuns en dogters van alle generasies. Dit dra die naam van Hom wie aan die hoof staan, selfs Jesus Christus, die Verlosser van die wêreld. Dit word regeer en voortbeweeg deur die krag van die priesterskap. Dit stuur aan die wêreld nog 'n testament van die goddelikheid van die Here. Wees gelowig, my vriende. Wees getrou. Wees lojaal aan die groot dinge van God wat in hierdie dispensasie geopenbaar is" ("Hou vas aan die Geloof," *Ensign,* Sept. 1985, 6).

- Wat kan ons doen om deel te wees van die bou van die koninkryk van God in ons huise, in ons gemeenskap, en dwarsdeur die wêreld?

Nooi die klas lede uit wat gevra is om kortliks hul getuienis oor die waarhede van die Kerk, te deel.

---

Slotsom

Getuig dat Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae die koninkryk van God op die aarde is en dat Jesus Christus dit lei. Moedig klas lede aan om deel te neem aan die opbou van God se koninkryk op die aarde.

Les

# 47 "Laat Ons Op Staan en Bou"

*Esra 1–8; Nehemia 1–2; 4; 6; 8*

**Doel**

Om klaslede aan te moedig om te help om Sion op te bou, en om Christelike liefde te wys aan diegene wat die werk van die Here teenstaan.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die volgende skrifture:

   a. Esra 1–6. Koning Cyrus lees sy naam in Jesaja se profesië en is gevul met 'n begeerte om die Here se wil te doen. Hy bevry die Jode wie in gevangenskap in Babilon gehou is en nooi hulle om na Jerusalem terug te keer en die tempel te herbou (Esra 1). Serubbábel en Jésua lei ongeveer 50,000 mense terug na Jerusalem, en hulle begin om die tempel te herbou (Esra 2–3). Die Samaritane offer om te help werk aan die tempel, maar hul offer word afgekeer en hulle probeer om die werk te stop; die herbouing stop (Esra 4). 'n Paar jaar later, het die profete Haggai en Sagaria die Jode aangehits om die tempel klaar te maak; die Samaritane hou aan om dit teen te staan (Esra 5; sien ook Haggai 1). Koning Darius hernu die bevel van Cyrus, om die tempel te herbou, en dit word voltooi en ingewy in ongeveer 515 V.C. (Esra 6).

   b. Esra 7–8. Meer as 50 jaar nadat die tempel ingewy is, het Esra toestemming van Koning Artasásta van Persië ontvang, om nog 'n groep Jode na Jerusalem terug te lei. Esra en sy mense vas en bid, en die Here beskerm hulle op hul reis.

   c. Nehemia 1–2; 4; 6. Toe hulle hoor dat die Jode wat na Jerusalem terug gekeer het "onder groot beproewing en verwyte ly" het Nehemia toestemming van Koning Artasásia gekry om na Jerusalem te gaan en die stads mure te herbou (Nehemia 1–2). Die vyande van die Jode probeer om hulle te verhoed om die mure te herbou. Nehemia bewapen die werkers en maak seker dat die werk voortgaan totdat die mure klaar gebou is (Nehemia 4; 6).

   d. Nehemia 8. Nadat die mure rondom Jerusalem herbou is, het Esra die geskrifte aan die mense voor gelees. Toe hulle die woorde van die wet hoor, het die mense gehuil en 'n begeerte gehad om hulle te gehoorsaam.

2. Addisionele leeswerk: Haggai 1; "Esra," Bybelse Woordeboek bladsy 669; "Nehemia," Bybelse Woordeboek, bladsy 738.

3. Jy mag dalk'n klas lid wil vra om 'n kort opsomming van die historiese agtergrond voorteberei, en dit aan die begin van die eerste skrif verhaal te deel.

4. Indien die prent Tempel Wat In Antieke Tye Gebruik Is beskikbaar is, mag jy dit gedurende die les wil gebruik (62300; Evangelie Kuns Prente Stel 118).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Aandag Aktiwiteit

Vra 'n klas lid om die volgende aanhaling van Ouderling Dallin H. Oaks te lees:

"Ons mag. . . vind dat 'n spesifieke vers van die skrifture wat vir 'n heel ander rede en in 'n heel ander tyd gespreek is, deur die verklarende invloed van die Heilige Gees, 'n baie persoonlike boodskap kan gee, wat vir ons persoonlike

behoeftes vandag, aangepas is. . . . Indien ons probeer om die geskrifte tot ons eie omstandighede toe te pas,'sodat dit tot ons voordeel en lering mag wees' (1 Nefi 19:23), kan 'n liefdevolle Vader in die hemel, hulle gebruik om ons op hoogs individuele maniere, te seën" (*Studeer die Skrifture* [toewyding wat in die Salt Lake Tabernagel gegee is, 24 Nov. 1985]).

- Het jy al ooit die geskrifte gelees, en gevoel dat 'n spesifieke gedeelte direk tot jou spreek? (Nooi klas lede uit om hul ondervindinge te deel.) Hoe het die geskrifte al gehelp om spesifieke rigting vir jou lewe, te gee?

Verduidelik dat die gebeure wat in hierdie les bespreek sal word, teweeg gebring is deur 'n man wat 'n skrif gedeelte gevind het wat 150 jaar voor sy geboorte geskryf is, wat persoonlik aan hom gespreek het — dit het, in werklikheid, sy naam genoem.

---

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

**1. Koning Cyrus het toegelaat dat die Jode na Jerusalem terug keer om die tempel te herbou.**

Leer en bespreek Esra 1–6.

Gee (of vra 'n klas lid om dit te doen) 'n kort opsomming van die volgende Historiese informasie:

In 721 V.C.,toe die koninkryk van Israel (die Noordelike Koninkryk, of tien stamme) deur Assirië gevange geneem is, was die Assiriese ryk die grootste ter wêreld. Maar teen 612 V.C., is die Assiriese ryk reeds deur die Babiloniërs, vernietig. Onder leiding van Koning Nebukadnésar, het Babilon meeste van die lande wat deur die Assiriërs verower is, geregeer. Die Babiloniese verowering van die koninkryk van Juda (die Suidelike Koninkryk) het gestrek vanaf omtrent 605 V.C., toe hulle baie Jode in gevangenskap weg gelei het, tot 587 V.C., toe hulle Jerusalem vernietig het.

Na Nebukadnésar se dood in 562 V.C.,het Babilon se mag vinnig verminder. In 539 V.C., val Babilon aan die Mede en Perse, wat onder die leierskap van Cyrus verenig is. Anders as Nebukadnésar, wat diegene wat hy verower het, wreed behandel het, was Cyrus 'n welwillende leier. Deur verowerde nasies met goedhartigheid en respek vir hul geloof, te behandel, het Cyrus die lojaliteit van diegene oor wie hy geregeer het, gewen.

Kort nadat hy Babilon verower het, het Cyrus beveel dat die tempel in Jerusalem herbou moet word. Hy het die Jode in sy ryk, uitgenooi om na Jerusalem terug te keer en die tempel te herbou, en hy het die bakke van goud en silver wat Nebukadnésar se troepe uit die tempel gesteel het, terug gegee. (Sien 2 Kronieke 36:22–23; Esra 1:1–3, 7. Die profesie van Jeremia waarna in hierdie verse verwys word, is dat die Jode na 70 jaar van Babiloniese gevangenskap, na Jerusalem sal terug keer; sien Jeremia 25:11–12; 29:10.)

- Hoekom het Cyrus beveel dat 'n tempel weer in Jerusalem gebou moet word? (Sien Esra 1:1–2.) Hoe het Cyrus geweet dat dit is wat die Here wil hê hy moet doen? Die woorde van Cyrus wat in Esra 1:2 voorkom, verwys na 'n profesie in Jesaja 44:28 wat Cyrus by naam noem (sien ook Jesaja 45:1–5; verduidelik

dat alhoewel die storie van Cyrus voor die boek van Jesaja in die Ou Testament voorkom, het Jesaja omtrent 'n 150 jaar voor Cyrus se geboorte, geleef.) Die antieke Joodse Historikus Flavius Josephus het geskryf dat Cyrus sy naam in Jesaja se profesië gelees het, deur die Gees van die Here aangeraak is, en 'n begeerte gehad om dit wat geskryf was te vervul (*Die Werke van Flavius Josephus, Oudhede van die Jode,* vertaal deur William Whiston [g.d.], bk. 11, hfst. 1, par. 1–2).

- Hoe sou jy voel, indien jy die geskrifte lees en 'n profesie lees wat jou naam gee en spesifieke dinge wat jy sal doen beskryf?

Toe Serubbábel en Jésua die eerste groep Jode na Jerusalem terug gelei het, het hulle die Samaritane daar gevind. Jy mag dalk wil verduidelik dat die Samaritane, afstammelinge van die Israeliete was, wat in die tyd van hul gevangenskap, ontsnap het en later met die Assiriese en Babiloniese koloniste wat die koning gestuur het om in die land te kom bly, ondertrou het.

- Wat het die Samaritane van die Jode wat terug gekeer het, gevra? (Sien Esra 4:1–2.) Hoe het die Jode op die Samaritane se versoek gereageer? (Sien Esra 4:3. Die Jode het geweier om die Samaritane toe te laat om te help om die tempel te herbou, omdat hulle gevoel het dat die Samaritane nie ware Israeliete was nie.) Wat het die Samaritane gedoen toe die Jode hul hulp geweier het? (Sien Esra 4:4–7, 11–24. Hulle het die herbou van die tempel probeer stop, deur aan die konings wat Cyrus opgevolg het, te kla.)
- Werk aan die tempel het uiteindelik tot 'n stilstand gekom. Wat het die Jode aangehits om weer 'n paar jaar later met die werk voort te gaan? (Sien Esra 5:1–2; Haggai 1. Die profete Haggai en Sagaria het inspirerende leiding verskaf.) Wat het die Here, deur Haggai, aan die Jode in Jerusalem gesê, aangaande die tempel? (Sien Haggai 1:3–4, 7–8.) Watter houding, onder die Jode was 'n struikelblok tot die herbouing van die tempel? (Sien Haggai 1:2.) Watter houdinge verhoed ons, om gereeld in die tempel te dien en te aanbid?
- Die Samaritane het weer probeer om die herbou van die tempel, stop te sit, nadat konstruksie weer begin het. Maar die Jode het verduidelik dat die bevel van Koning Cyrus, en Koning Darius toegelaat het dat die werk voortgaan (Esra 5–6). Wat het die Jode gedoen, toe die tempel voltooi is? (Sien Esra 6:15–22.)

**2. Esra lei nog 'n groep Jode terug na Jerusalem.**

Leer en bespreek Esra 7–8.

- Net soos wat die Here voorheen die hart van Koning Cyrus verander het, sodat hy die Jode sou vrylaat, so ook het Hy die hart van Koning Artasásia verander, sodat Esra se groep Jode toegelaat is om na Jerusalem terug te keer (Esra 7:27–28; sien ook verse 11–26). Wat is sommige van die voorbeelde, waar die Here die harte van regering leiers sag gemaak het,teenoor die Kerk in die laaste dae? (Sien, by voorbeeld, Thomas S. Monson, in Konferensie Raport, Apr. 1989, 65–69; of *Ensign,* Mei 1989, 50–53.) Wat kan ons doen om regering leiers aan te moedig om hul harte teenoor die Kerk te versag? (Antwoorde kan insluit, om gehoorsaam te wees aan die wette van die land, om goed te doen, om voor te berei om die evangelie aan die hele wêreld te leer, en om te bid en die Here te vra om die harte van leiers sag te maak. Sien L&V 58:21, 27; 98:4–6.)

- Wat het Esra gedoen om te verseker dat die groep Jode wat hy na Jerusalem terug sou neem, beskerm sou wees? (Sien Esra 8:21–23, 31.) Hoe is jy, jou familie, of andere wat jy ken, al geseën deur te vas?

**3. Nehemia gaan na Jerusalem en lei die mense in die herbouing van die stadsmure, om die stad te beskerm,**

Leer en bespreek Nehemia 1–2; 4; 6. Jy mag dalk wil uitwys dat Nehemia die skinker vir Koning Artasásta van Perse was. Dit was 'n posisie van groot verantwoordelikheid en vertroue, waarvolgens Nehemia moes verseker dat die koning se kos en alles wat hy drink, veilig was. Alhoewel Nehemia 'n belangrike posisie in Perse beklee het, was hy besorgd oor sy mense in Jerusalem en het hy 'n manier gesoek, waarop hy hulle kon help.

- Wat het Nehemia gedoen toe hy van die probleme van sy mense in Jerusalem, gehoor het? (Sien Nehemia 1:4–11; 2:1–5.) Hoe het Koning Artasásia, op Nehemia se versoek, gereageer? (Sien Nehemia 2:6–8. Die Koning het aan Nehemia toestemming gegee om te gaan, hom met wagte en 'n begeleiding vir veiligheid voorsien, en hom toegelaat om hout van die woud te gebruik om die stads mure te herbou.) Wat kan ons van Nehemia leer, wat ons kan lei wanneer ons bekommerd is oor die leiding van andere?
- Hoe het Nehemia die mense aangemoedig om die mure om die stad, te herbou? (Sien Nehemia 2:17–18.) Hoekom dink jy is die getuienis van waarheid, en die deel van geestelike ondervindinge, so kragtig,in die aanmoediging van goeie dade, in andere? Hoe het die getuienisse en geestelike ondervindinge van andere, jou al geinspireer?
- Sanbállat was die goewerneur van Samaria, en hy en sy mense was die vyande van die Jode wat saam met Serubbábel terug gekeer het. Hoe het Sanbállat gereageer op die planne om die stadsmure te herbou? (Sien Nehemia 2:10, 19; 4:1–3, 7–8, 11.) Hoe het die Jode gereageer op hierdie pogings om die konstruksie van die muur, te stop? (Sien Nehemia 4:9, 13–15.)
- Wat het Nehemia gedoen, toe Sanbállat hom gevra het om op te hou werk en hom te ontmoet? (Sien Nehemia 6:1–4.) Hoe probeer sommige mense vandag, om Kerk lede se aandag, van die Here se werk af weg te lei? Hoe behoort ons op sulke afleidings te reageer?

  Ouderling Marvin J. Ashton gee hierdie raad: "Sekere mense en organisasies probeer om ons tot konfrontasies aan te hits, deur lastering, insinuasies, en onvanpaste klassifiseering. Hoe onwys is ons in vandag se samelewing, wanneer ons onsself toelaat om geirriteerd of ongelukkig te word of om aanstoot te neem, omdat andere dit geniet om ons posisie of betrokkenheid, verkeerdelik te stel. Ons beginsels of standaarde sal nie minder wees as wat hulle is, as gevolg van die verklaringe van strydwekkendes nie. Ons moet ons posisie deur rede, vriendelike oortuiging en akkurate feite, verduidelik. Ons moet standvastig en onwrikbaar wees op die morele kwessies van die dag en die ewige prinsiepe van die evangelie, maar nie om met enige man of organisasie te stry nie. . . . Ons moet leer en gehoor word. Ons moet nie net argumente vermy nie, maar ook sien dat sulke dinge mee weg gedoen word" (in Konferensie Raport, Apr. 1978, 10; of *Ensign*, Mei 1978, 8).

**4. Die mense is verheug toe Esra die geskrifte aan hulle lees.**

Leer en bespreek Nehemia 8.

- Wat het die mense van Esra gevra, nadat hulle die stads mure klaar herbou het? (Sien Nehemia 8:1–2. Let daarop dat meeste van die Jode so lank in gevangenskap was dat hulle nog nooit die geskrifte gehoor of gelees het nie.)
- Hoe lank het Esra vir die mense gelees? (Sien Nehemia 8:3, 17–18.) Hoe het die mense gereageer? (Sien Nehemia 8:3, 6, 9, 12.) Hoe kan ons meer oplettend wees wanneer ons die geskrifte lees? (Bespreek hoe om meer oplettend te wees aan die geskrifte self, asook aan die fluisteringe van die Gees, wat kom wanneer ons die geskrifte lees.) Hoe kan ons die tipe opwinding vir die geskrifte ontwikkel, wat hierdie mense gehad het?
- Wat het Esra gedoen om sy mense te help om die geskrifte te verstaan? (Sien Nehemia 8:8.) Wat het jou al gehelp in jou pogings om die geskrifte te verstaan en om jou familie te help om hulle better te verstaan? (Jy mag dalk klas lede wil uitnooi om spesifieke dinge te deel wat hulle gedoen het om hulle persoonlike en familie studie van die geskrifte, te verbeter.)
- Wat het Esra en die ander leiers gesê toe die mense begin huil het, soos wat hulle na die geskrifte geluister het? (Sien Nehemia 8:9–11.) Hoe het die geskrifte jou al verheug laat voel?

---

Slotsom

"Nehemia se energie, bekwaamheid, onselfsugtige patriotisme, en persoonlike integriteit het 'n nuwe lewenslustige Juda, weereens in bestaan gebring. Die restourasie van Jerusalem, wat vir 'n eeu en 'n half in puin gelê het, is begin. Esra, 'n regverdige, toegewyde priester het hom by Nehemia se werk aangesluit en saam het hulle dit reg gekry om weereens 'n Joodse gemeenskap in Jerusalem te vestig" (*Ou Testament Studente Handleiding: 1 Konings–Maleági* [1982], 314).

Verduidelik dat net soos wat die Jode die verantwoordelikheid gehad het om Jerusalem te herbou, het Heiliges van die Laaste Dae die verantwoordelikheid om Sion, dwarsdeur die wêreld te bou. Om ons te help om dit te doen, moet ons die leringe van die geskrifte volg en aan tempel werk deelneem. Getuig van die werklikheid van die geskrifte en die belangrikheid van tempel werk.

Herinner klas lede dat sommige mense sal probeer om die werk van die Here te stop. Ons moet aan hulle Christelike liefde betoon, maar nie toelaat dat hulle ons aandag van ons pogings om die koninkryk van God op te bou, aftrek nie.

---

**Addisionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. "Die werk is groot en uitgestrek, en ons is uitmekaar" (Nehemia 4:19)**

Terwyl hulle die muur rondom Jerusalem herbou het, het die Jode van mekaar geskei sodat hulle gelyktydig aan verskillende dele van die muur kon werk (Nehemia 3; 4:19). By tye was hulle ver van mekaar af, maar hulle was almal besig om na dieselfde doel te werk, en deur saam te werk kon hulle die muur voltooi. Herinner klas lede dat die Kerk dwarsoor die wêreld in verskillende eenhede verdeel is (soos families, wyke, takke, ringe, distrikte, en kworums). Soms mag 'n eenheid voel asof dit baie ver van ander eenhede af is. Maar al die

Heiliges werk na dieselfde doel, en indien elke individu en elke eenheid ywerig werk, sal die hele Kerk aanhou om te groei.

**2. "Tempels Is Vir Ewige Verbonde"**

Indien *Familie Tuiste Aand Video Aanvulling 2* (53277) beskikbaar is, mag jy dalk "Tempels Is Vir Ewige Verbonde", 'n ses-minute gedeelte, as deel van die bespreking oor die belangrikheid van tempels, wil wys.

Les
# 48 "Die Groot en Vreeslike Dag van die Here"

*Sagaria 10–14; Maleágii*

**Doel**

Om klas lede aantemoedig om (1) voor te berei vir die Tweede Koms van die Here Jesus Christus, (2) om 'n eerlike tiende en vrygewige offerande te betaal, en (3) om die seëninge te ervaar wat as gevolg van die verseëlings krag van die priesterskap beskikbaar is.

**Voorbereiding**

1. Met gebed, studeer die gedeeltes van Sagaria 10–14 en Maleági wat in hierdie les bespreek word.
2. Addisionele leeswerk: Leer en Verbonde 45.
3. Jy mag dalk sommige van die skriftelike verwysings, van die eerste deel van die les, op aparte stukkies papier wil skryf, om aan klas lede uit te deel.
4. Indien jy die aandag aktiwiteit gebruik, verkry die prent Die Tweede Koms (62562; Evangelie Kuns Prente Stel 238).
5. Verkry 'n afskrif van die *Nuwe Testament Klas Lid Studie Gids* (31392) vir elke persoon in jou klas. (Die wyk behoort hierdie studie gidse as deel van die jaarlikse kurrikulum bestel het; 'n lid van die bisdom behoort hulle aan die Sondag Skool Presidentskap te gee.)

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Jy mag dalk die volgende aktiwiteit (of een van jou eie) wil gebruik om die les mee te begin.

Wys die prent Die Tweede Koms Vra dan die volgende vrae:

- Hoe laat dit jou voel wanneer jy woorde soos *Tweede Koms*, *laaste dae*, of *tekens van die tye* hoor? Die geskrifte verwys na die Tweede Koms as 'n "groot en vreeslike dag" (Maleági 4:5). Hoe kan dit albei wees?

  President Ezra Taft Benson het gesê, "[Die Verlosser] se koms sal beide glorieryk en verskriklik wees, afhangende van die geestelike toestand van diegene wat agterbly" ("Berei Jouself Voor vir die Groot Dag van die Here," *New Era*, Mei 1982, 49).

Verduidelik dat hierdie les besprekinge insluit oor (1) die profesië wat Sagaria en Maleági aangaande die laaste dae gemaak het en (2) ons voorbereiding vir die Tweede Koms.

Skriftelike Bespreking en Toepassing

Soos wat jy die volgende skrif gedeeltes leer, bespreek hoe hulle in die daaglikse lewe toegepas kan word. Moedig klas lede aan om ondervindinge te deel wat betrekking het op die skriftelike prinsiepe.

**1. Sagaria en Maleági profeteer aangaande baie dinge wat in die laaste dae sal plaas vind.**

Bespreek sommige van die volgende profesië van Sagaria en Maleági, wat gebeure van die laaste dae beskryf. Indien jy stukkies papier met die skriftelike verwysings op voorberei het, deel hulle aan die klas uit. Laat klas lede elke gedeelte

lees en vertel wat dit hulle leer. Indien die gedeeltes informasie gee wat ons kan help om vir die Tweede Koms voor te berei, bespreek hoe ons dit kan toepas.

*Profesië wat reeds vervul is, ter voorbereiding vir die Tweede Koms*

a. Maleági 3:1. Maleági het geprofeteer dat 'n boodskapper die weg vir die koms van die Here sou voorberei. Johannes die Doper het die weg voorberei vir die Here se aardse bediening, en Joseph Smith is die boodskapper wie die weg vir die Tweede Koms voorberei het (sien Matthéüs 11:10; Joseph Fielding Smith, *Leringe van Saligheid*, comp. Bruce R. McConkie, 3 vol. [1954–56], 1:193–95, 3:10–14).
b. Maleági 4:5–6. Maleági het geprofeteer dat die profeet Elia voor die Tweede Koms sou terug keer om die harte van die vaders na die kinders te draai en die harte van die kinders na hul vaders te draai. Hierdie profesie is vervul toe Elia aan Joseph Smith in die Kirtland Tempel verskyn het, en die sleutels van die verseëlings krag gerestoureer het (L&V 110:13–16). *Moontlike toepassing:* Ons moet die name van ons voorouers uitsoek en die ordinansies vir hulle in die tempel voltooi (dit sal later in die les in meer detail bespreek word.)

- Hoe is dit helpvol om te weet dat sommige van die profesië aangaande die Tweede Koms al reeds vervul is?

*Profesië wat nog vervul moet word, voor die Verlosser kom*

a. Sagaria 10:6–8. Die mense van Juda en Josef sal ingevorder word, en die mense van Efraim sal magtig word. Die Here sal vir sy mense "fluit", of roep, en hulle invorder. *Moontlike toepassing:* Ons kan deel hê aan hierdie invordering deur die evangelie met andere te deel.
b. Sagaria 12:2–3, 8–9. 'n Groot oorlog sal in en om Jerusalem geveg word, maar die Here sal intree en die inwoners van Jerusalem, van verwoesting red. *Moontlike toepassing:* Ons moet op God vertrou, dat hy sy mense gedurende die moeilike tye van die laaste dae, sal verdedig.
c. Sagaria 14:8. Lewende waters sal vanaf die tempel in Jerusalem vloei en die Dooie See genees asook die wildernis van Judea (sien ook Eségiël 47:1, 8–9).

- Baie van die profesië van die laaste dae, sluit tragedies soos oorloë, natuurlike rampe, en wyd verspreide goddeloosheid, in. Hoe kan ons hoopvol bly, wanneer ons van hierdie profesië hoor en hul vervulling aanskou? (Sien L&V 38:28–30.)

*Profesië wat vervul sal word wanneer die Verlosser kom*

a. Sagaria 14:3–4. Die Verlosser sal op die Olyfberg staan en die berg sal in twee verdeel word (sien ook L&V 45:48).
b. Sagaria 12:10; 13:6. Die Jode wat in die tyd van Jerusalem se uitlewering daar woon, sal Jesus Christus sien en treur omdat hulle as 'n nasie hom as die Messia verwerp het (sien ook L&V 45:51–53).
c. Sagaria 13:2. Valse afgode, onreine geeste, en valse profete sal vernietig word.
d. Sagaria 14:5. Die geregtiges wat op die aarde lewe, sal opgeraap word om die Verlosser te gemoet te gaan. Die geregtiges wat reeds gesterf het, sal opstaan en ook opgeraap word om hom te ontmoet (sien ook L&V 88:96–98).
e. Sagaria 14:9. Die Here sal koning oor die hele aarde wees en sal gedurende die Millennium regeer.
f. Sagaria 14:12–13; Maleági 3:13–18; 4:1–3. Die goddelose sal vernietig word, en die geregtiges sal gespaar word (sien ook 1 Nefi 22:15–17, 19).

- Hoekom dink jy het die Here hierdie profesië oor die laaste dae, die Tweede Koms en die Millennium, geopenbaar? (Sien L&V 45:34–44.) Hoe kan ons vir die Tweede Koms van die Verlosser voorberei? (Sien L&V 45:56–57.)

  President Ezra Taft Benson het gesê: "Soos wat ons die gebooie van God leef, kan ons met vreugde uitsien na die tweede koms van die Here Jesus Christus en kan ons weet dat ons deur ons pogings waardig is, om saam met ons geliefdes, vir alle ewigheid in Sy teenwoordigheid te woon. Daar is sekerlik niks wat so moeilik is dat ons nie hierdie groot doel kan bereik nie. Ons kan nie vir 'n oomblik laat rus nie. Ons moet elke dag van ons lewens, wys dat ons gewillig is om die wil van die Here te doen — om die gerestoureerde evangelie te versprei, om aan die wêreld te getuig, en om die evangelie met andere te deel" (*Die Leringe van Ezra Taft Benson* [1988], 341).

- Hoe help dit jou om te weet dat geregtigheid uiteindelik oor goddeloosheid sal triomfeer?

**2. Maleági leer oor die seëninge wat aan diegene kom wat hul tiendes en offerandes betaal.**

Leer en bespreek Maleági 3:8–12.

- Hoe "beroof mense God" deur nie hulle tiendes en offerandes te betaal nie?
- Wat beteken dit om 'n volle tiende te betaal?

  Die Eerste Presidenskap het verklaar: "Die eenvoudigste stelling wat ons van weet is die stelling van die Here homself, naamlik dat die lede van die Kerk 'een-tiende van alle jaarlikse rente', wat inkomste beteken, behoort te betaal. Niemand anders is geregverdig om enige ander stelling te maak nie" (Eerste Presidenskap brief, 19 Maart 1970; sien ook L&V 119:1–4).

- Watter seëninge het die Here aan ons belowe indien ons 'n tiende betaal? (Sien Maleági 3:10–12.) Hoe het die Here jou al geseën, soos wat jy jou tiende en offerandes betaal het?
- Wat behoort ons motivering te wees, om ons tiendes en offerandes te betaal?

  Nadat hy van die seëninge bespreek het wat die Here aan diegene gee wie hulle tiende betaal, het President Gordon B. Hinckley gesê:

  "Nou, moet my nie verkeerd verstaan nie. Ek is nie hier om te sê dat as jy 'n eerlike tiende betaal, dat jou droom van 'n mooi huis, 'n Rolls Royce, en 'n vakansie huis in Hawaii, 'n werklikheid sal word nie., *Die Here sal die vensters van die hemel volgens dit wat ons nodig het, oop maak, en nie volgens ons gulsigheid nie.* Indien ons 'n tiende betaal, sodat ons kan ryk word, is ons besig om dit vir die verkeerde rede te doen. Die basiese doel van die tiende is om aan die Kerk te voorsien, dít wat nodig is om Sy werk doen." (in Konferensie Raport, Apr. 1982, 60; of *Ensign*, Mei 1982, 40).

- Hoekom is dit soms 'n uitdaging om gehoorsaam te wees aan die wet van die tiende? Wat kan gedoen word om hierdie uitdaging te oorkom?

**3. Maleági profeteer dat Elia na die aarde sou terug keer om die sleutels van die verseëlings krag te restoureer.**

Leer en bespreek Maleági 4:5–6.

- Maleági het geprofeteer dat die profeet Elia na die aarde sou kom, voor die Here se Tweede Koms (Maleági 4:6). Hoe is hierdie profesie vervul? (Sien L&V 110:13–16. Elia het in die Kirtland Tempel verskyn en die sleutels van die verseëlings krag aan Joseph Smith gerestoureer.) Wat beteken dit om die "harte van die vaders na die kinders, en die harte van die kinders na hul vaders te draai"? (Dit beteken om aan al ons voorouers verewig verseël te word — ons "vaders" — en aan al ons nagslagte — ons "kinders" —. As gevolg van die verseëlings krag van die priesterskap en die tempel ordinansies vir beide die wat leef en die wat dood is, kan families verewig saam verbind word.)
- Hoe het jy al gevoel, dat jou hart na jou voorouers draai, soos wat jy familie geskiedenis en tempel werk vir hulle doen? Hoe draai die beloftes van tempel verbonde jou hart na jou ouers, eggenoot, en kinders?
- Hierdie boodskap in Maleági 4:5–6 word in elkeen van die standaard werke geleer (Lukas 1:17; 3 Nefi 25:5–6; L&V 2:1–3; Joseph Smith—Geskiedenis 1:37–39). Hoekom dink jy is hierdie boodskap so dikwels herhaal?

Slotsom

Getuig oor die dinge wat jy gekies het om in die les te bespreek. Ter afsluiting van die jaar se kursus van studie, mag jy dalk ook jou dankbaarheid vir die leringe in die Ou Testament wil deel.

Gee aan elke klas lid 'n afskrif van die *Nuwe Testament Klas Lid Studie Gids* (31392; sien "Voorbereiding," bladsy 225). Verduidelik dat volgende jaar se kursus van studie, die Nuwe Testament sal wees. Moedig klas lede aan om te begin om die studie gids te gebruik, ter voorbereiding vir volgende week se les, en om die Nuwe Testament saam met hul families te studeer.

**Additionele Onderrig Ideës**

Die volgende materiaal is aanvullend tot die voorgestelde les omlyning. Jy mag dalk een of meer van hierdie ideës as deel van die les wil gebruik.

**1. Geprofeteerde verskynings van die Verlosser**

- Ten minste sewe verskynings van die Verlosser in die laaste dae, is in die geskrifte geprofeteer. Hoeveel van hulle kan jy identifiseer?

Die volgende informasie sal help om hierdie vraag te beantwoord:

a. Aan die Profeet Joseph Smith in die Eerste Visioen (Handelinge 3:19–21; Joseph Smith—Geskiedenis 1:15–17).
b. In sy tempels van die laaste dae (Maleági 3:1; L&V 133:1–2).
c. In die vallei van Adam-ondi-Ahman (L&V 116; Daniël 7:13–14, 22; sien ook L&V 107:53–56, wat 'n vorige vergadering by Adam-ondi-Ahman beskryf wat soortgelyk was aan die een wat daar sal plaas vind.)
d. In Jerusalem gedurende 'n wêreld wye konflik wat as die stryd van Armageddon bekend sal staan (Eségiël 38–39; Sagaria 12–14; Openbaring 11; L&V 45:47–53).
e. In die stad van die Nuwe Jerusalem, in Independence, Missouri (3 Nefi 21:24–26).
f. Aan die geregtiges in die tyd van sy Tweede Koms (Sagaria 14:5; 1 Thessalonicense 4:16–17; L&V 88:96–98).
g. Aan die goddelose (L&V 133:42–51).

**2. Wanneer sal die Tweede Koms plaas vind?**

Die Here het dit duidelik gestel dat hy beslis weer sal kom, maar geeneen ken die presiese tyd nie (L&V 39:20–21; 49:7).

Ouderling Richard L. Evans het gesê: "Sommige van die broeders het . . . [President Wilford Woodruff] genader en . . . wou van hom weet wanneer hy voel die einde sou kom — wanneer sal die Meester kom? Hierdie, dink ek is nie sy presiese woorde nie, maar hulle dra die gees van sy antwoord oor: 'Ek sou leef asof dit môre kan wees— maar ek is nogsteeds besig om kersie bome te plant!' Ek dink ons mag almal dit as 'n bladsy vir ons eie boek neem, en leef asof dit more kan wees— maar steeds voortgaan om kersie bome te plant! Deur bekommerd te wees oor dinge wat buite ons beheer is, moet ons nie ons geleenthede om saam met ons eie families en vriende te wees verby laat gaan nie; deur bekommerd te wees oor moontlike dinge wat mag gebeur, moet ons nie die dinge wat ons hier en nou, moet doen en wat binne ons beheer is, nalaat nie" (in Konferensie Raport, Apr. 1950, 105 –6).